# SAMPI

Stryd om outonomie en spesialisasie in die Mieliebedryf

1966 - 1980

AH Marais

Die publikasie van hierdie boek is
moontlik gemaak deur 'n skenking van
NAMPO

Geen gedeelte van hierdie boek mag sonder
skriftelike verlof van die uitgewer
gereproduseer of in enige vorm of deur
enige elektroniese of meganiese middel
weergegee word nie, hetsy deur fotokopiëring,
plaat- of bandopname, vermikrofilming of
enige ander stelsel vir inligtingsbewaring

# DIE STRYD OM OUTONOMIE EN SPESIALISASIE IN DIE MIELIEBEDRYF 1966-1980

Redakteur:
Prof. A.H. Marais

Medewerker:
J.H. Theron

# VOORWOORD

Op sy ontbindingskongres op 26 September 1980, te Klerksdorp, is besluit dat die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Mielieprodusente Instituut (SAMPI) nagevors en te boek gestel moet word. Die opdrag is in 1985 aan die Instituut vir Eietydse Geskiedenis aan die UOVS gegee. Die navorsing is deur skrywer en JH Theron onderneem, en 'n verhandeling deur JH Theron onder die titel *Die groot mieliestryd. Die breuk in die mieliebedryf in Suid-Afrika, 1966-1980*, het die lig gesien. Hierdie boek is 'n bygewerkte uitvloeisel daarvan.

Uit die studie het dit duidelik geblyk dat die begrippe "spesialisasie" en "outonomie" deurgaans sentraal gestaan het: Spesialisasie, wat beteken dat die mieliebedryf die verantwoordelikheid gehad het om deur die doelgerigte en kragtige aanwending van alle beskikbare mannekrag, middele en metodes, na homself om te sien. Dit is 'n oogmerk wat in die teken van die moderne eeu staan en wat vereis dat diegene wat die moeilike stryd om voortbestaan suksesvol wil stry, net deur spesialisasie sal slaag.

Die spesialisasiegesindes het geglo die enigste wyse waarop spesialisasie bewerkstellig kon word, was die toekenning van volle outonome status aan die mieliebedryf. Dit het die algehele ontworsteling van die bedryf aan die gevestigde organisatoriese strukture van die Georganiseerde Landbou beteken. Hieruit het 'n onaangename stryd gespruit: eers binne die Georganiseerde Landbou en vanaf 1966, onder die vaandel van SAMPI, buite om. Vanweë die aard en omvang daarvan, het dit 'n dramatiese twis in die Suid-Afrikaanse gemeenskapslewe veroorsaak. Dit kon nie anders nie, want al die belanghebbende persone en instansies is betrek. Binne die landbousektor was dit die volgende, te wete, die mielieprodusente, die Georganiseerde Landbou met sy vertakkinge, die Mielieraad, die Nasionale Bemarkingsraad, die Minister van Landbou en die Kabinet. Buite die landbou was dit die verbruikers van mielies en verwante mielieprodukte, asook die perswese, wat die stryd as van baie groot nuuswaardigheid beskou het.

Die stryd was in die eerste plek landbou-ekonomies van aard, maar as gevolg van die betrokkenheid van dié verskeidenheid van belangegroepe, het dit ook 'n sterk politieke klank gehad. Dit is direk toe te skryf aan politieke en persoonlike belange wat deurgaans 'n deurslaggewende rol gespeel het.

Dit is destyds algemeen aanvaar dat die Georganiseerde Landbou meer as voldoende slaankrag gehad het om namens die mieliebedryf te kon handel. Daarby was die Georganiseerde Landbou baie deeglik bewus van die feit dat die Owerheid weliswaar die finale seggenskap oor landbousake gehad het. Om dus hierdie instansie te beskerm, was dit nodig om SAMPI te beveg, al het dit beteken dat die Staatsliggame daarvoor ingespan moes word. Sou SAMPI die finale nekslag toegedien word, was dit dan weer moontlik om ongehinderd en sonder die felle kritiek, onder andere die produsenteprys van mielies, ooreenkomstig die bestaande beleid, vas te stel.

Die SAMPI-leiers se oortuiging van hul saak en hul verbete verset, het gehelp om die goed beplande aanslag telkens af te weer. Hierdie oorlewingstryd het gepaard gegaan met die daarstelling van eiesoortige projekte om die mielieboere direk te bevoordeel. Dit het die intensiteit van die stryd bevorder. Daar was 'n meedoënloosheid onder die strydende partye wat eers in die veertiende jaar, ten spyte van verskeie voorafgaande versoeningspogings, gestuit kon word. In 1980 is dus daarin geslaag om die breuk in die mieliebedryf op die organisatoriese- en landbou-ekonomiese vlak te beëindig.

Dit is van belang om aan te toon dat daar deurgaans en doelbewus gepoog is om op die breë trekke van die stryd te konsentreer; gevolglik is die "kleiner" gebeure op boerevereniging- en persoonlike vlak nie op die voorgrond geplaas nie. Hierdie gedetailleerde besonderhede is agterweë gelaat, sodat die oorhoofse gang van die gebeure tussen SAMPI en die ander betrokkenes, omvattender behandel kon word.

Dank aan prof. MCE van Schoor en dr. I Hattingh vir advies insake die manuskrip en aan NAMPO wat die navorsingskoste gedra het.

A.H. Marais
November 1991

# INHOUDSOPGAWE


**HOOFSTUK 1**
DIE STIGTING VAN DIE SUID-AFRIKAANSE MIELIE-PRODUSENTE-INSTITUUT .......... 1

**HOOFSTUK 2**
SAMPI SOEK SAMEWERKING EN ERKENNING .......... 35

**HOOFSTUK 3**
SAMPI SE STRYD OM DIE MIELIEBOERE SE EKONOMIESE VOORTBESTAAN .......... 53

**HOOFSTUK 4**
VERSOENINGSPOGINGS DEUR MINISTER HENDRIK SCHOEMAN .......... 77

**HOOFSTUK 5**
SAMPI IN DIE SMELTKROES .......... 107

**HOOFSTUK 6**
DIE SKEIDING VAN DIE WEë .......... 135

**HOOFSTUK 7**
SAMPI SE MEGANISASIEPROJEKTE .......... 161

**HOOFSTUK 8**
VERDERE VERSOENINGSPOGINGS EN MIELIE-EENHEID .......... 177

**HOOFSTUK 9**
BESLUIT .......... 211

**BRONNELYS** .......... 221

# HOOFSTUK 1

## DIE STIGTING VAN DIE SUID-AFRIKAANSE MIELIEPRODUSENTE-INSTITUUT

Op 3 Maart 1966 is die slagordes vir die mieliestryd in die geledere van die Suid-Afrikaanse landboubedryf finaal opgestel. Onder die vaandel van die Suid-Afrikaanse Mielieprodusente-Instituut (SAMPI), het 'n groep mielieprodusente 'n veldtog op tou gesit, om 'n outonome spesialiteitsorganisasie vir hul bedryf daargestel te kry. Dit was die begin van 'n onverkwiklike rusie in landbougeledere wat veertien jaar sou duur.

In die proses het die mielieprodusente die gevestigde strukture, belange en leiersfigure van die Georganiseerde Landbou, die Mielieraad en die Nasionale Bemarkingsraad aangedurf. Veral ook die Departement van Landbou, die onderskeie Ministers van Landbou, en uiteindelik die Kabinet, is in die stryd betrek, sodat dit uiteindelik ver buite die landboukringe rimpelings veroorsaak het.

Ten einde hierdie uiters onaangename stryd te begryp, is dit nodig om die organisatoriese en veral die ekonomiese omstandighede waarbinne die ontevrede mielieboere hulself bevind het van naderby te beskou.

Die Georganiseerde Landbou[1] het bestaan uit die Suid-Afrikaanse Landbou-unie (SALU), met onder andere sy geaffilieerde Provinsiale Landbou-unies en die Koöperatiewe beweging as sy onlosmaaklike handelsarm.

As basis van die SALU se mielie-hiërargie het die groot aantal boereverenigings gedien wat deur die boere daargestel is. Vir daardie boereverenigings wat 'n belang by die mieliebedryf gehad het, is 'n plaaslike mieliekomitee, bestaande uit mielieboere, aangewys om aan die mielie-aangeleenthede op boerevlak aandag te gee en selfs verder te voer. Die voorsitters van die Mieliekomitees is op hul beurt weer in 'n distriksboere-unie- (in die Vrystaat, Natal en Kaapland) of 'n distrikslandbou-unie-mieliekomitee (in die Transvaal), saamgevoeg. Uit hierdie Komitees is die mielieboere benoem wat in die Provinsiale Mieliekomitees moes dien.[2]

---

1 PV 752: *Vrystaatse Landbou-unie-versameling* (ongeorden). SALU/SAAU-21, p. 39; *Die Landman*, Desember 1971, p. 14.

2 *Ferreira*. Vrystaatse Landbou-unie-inligtingstuk.

Uit die Provinsiale Mieliekomitees is weer verteenwoordigers benoem om op die Nasionale Mieliekomitee van die SALU te dien. Die vernaamste taak van die Komitee was die jaarlikse formulering van die produsenteprys van mielies namens die mielieboere met die oog op die onderhandelinge met die Mielieraad.[3]

Uit die geledere van die Nasionale Mieliekomitee is die Raad van Beheer oor die Mielienywerheid, of soos in die volksmond, die Mielieraad, ooreenkomstig die bepalings van die Bemarkingswet, nommer 26 van 1937, saamgestel.[4] Hiervolgens het die Raad vir die grootste deel van die mieliestryd uit 21 lede bestaan waarvan 12 produsentelede was. Hierdie produsentelede is by wyse van benoeming aangewys: 2 lede elk deur die TLU-Mieliekomitee en die Vrystaatse Landbou-unie se Mieliekomitee; een lid deur die Natalse- en Kaaplandse Landbou-unie-Mieliekomitee onderskeidelik en 3 lede elk deur die Transvaalse en Vrystaatse koöperasies.[5] Laasgenoemde benoemings is deur Unie Graan Koöperatiewe Maatskappy, of kortweg Unie Graan, die "moederliggaam" van die koöperasies, wat onder andere mielies hanteer het, namens die Koöperatiewe beweging as geheel gedoen.

Die Mielieraad se vernaamste verantwoordelikheid was om die mielie-oes deur middel van 'n sentraal beheerde een kanaal vaste prysskema te bewerk. Sodoende is daar nie net gesamentlike bedingingsmag aan die mielieprodusente gegee nie, maar is die Raad die verantwoordelikheid opgelê om die vervoer van die mielies vanaf die leweringspunte, veral die Landbou-Koöperasies, na die verskillende verkoopspunte te reël.

Die Nasionale Bemarkingsraad, waarvan die voorsitter of die onder-voorsitter 'n amptenaar van die Departement van Landbou moes wees, was die volgende skakel in die bemarkingsketting.

---

3 *Die Primêre Produsent*, 22.1.54, p. 7.

4 Mielie-Reëlings Wysigingswet (No. 59 van 1935): artikel 1.

5 *Ibid.*, artikel 2(1); *INEG*, IG, 4/38. Mieliegeskiedenis - verdere inligting soos verskaf deur AS Beyers, snr., 8.5.85, p. 1. Hiervolgens het die Raad tot einde Junie 1979 uit 21 lede bestaan, waarvan die oorblywende lede uit die volgende belangegroepe bestaan het: 2 verteenwoordigers elk van die mieliehandelaars, -meulenaars en -verbruikers, 1 lid elk van die mielie-uitvoerders en -veevoerders, asook 1 departementele verteenwoordiger wat deur die Minister van Landbou aangestel is. Op 1 Julie 1979 is die Mielieraad na 13 lede verklein: 8 produsentelede, 2 verteenwoordigers van die meulenaars en 1 verteenwoordiger elk van die verbruikers, mieliehandelaars en uitvoerders.

Hierdie liggaam, met nog 3 bykomende lede, het die omvangryke taak gehad om die stelsel van beheerde bemarking, insluitend die Landbourade, waaronder die Mielieraad, te administreer; hy moes beleid en werksaamhede van die Rade, waaronder prysvoorstelle, koördineer en die doeltreffende funksionering van die Rade verseker deur onder andere die Mielieraad se vergaderings in 'n adviserende hoedanigheid by te woon en daaroor aan die Minister van Landbou verslag te doen.[6]

Die mees senior amptenaar ten opsigte van die boerdery aangeleenthede was die Minister van Landbou, met sy betrokke Departement. Die Departement van Landbou was met 'n breë werksterrein belas, naamlik: navorsing, voorligting aan boere, produksiekoste-opnames en oesskattings. Die Minister is die taak opgelê om die landbouwetgewing te formuleer, asook om 'n produsenteprys van mielies, op grond van die vertoë van die Mielieraad, die Bemarkingsraad en sy Departement, by die Kabinet aan te beveel.[7]

Dit is belangrik om uit te wys dat, indien die Kabinet of die Minister, nie bereid was om weens een of ander rede die prys van die Mielieraad te aanvaar nie, was die Minister verplig om wéér met die Raad oorleg te pleeg. Dit het dus in die praktyk beteken dat 'n prys nie aangekondig kon word, indien die Minister en die Mielieraad nie tot 'n finale ooreenkoms gekom het nie.[8]

Die toepassing van die Bemarkingswet het in die praktyk probleme veroorsaak. Oor die breë beginsel dat die Owerheid 'n besliste beheerfunksie gehad het, en dat die eenkanaal-bemarkingskema die voordeligste stelsel vir die bemarking van mielies was, was daar volkome eenstemmigheid. Die mielieboere het egter die wyse waarop beheer moes geskied, asook die ekonomiese beleid wat gevolg is om 'n aanvaarbare produsenteprys te verseker, bevraagteken. Die spreekwoord, soveel hoofde, soveel sinne, was hier ter sprake, want die politici en die mielieprodusente het groter klem op bepaalde aspekte van die mielie-ekonomie en die politiek van die dag gelê, as wat na die oordeel van die ander groep nodig was.

---

6 Verslag van die Kommissie van Ondersoek na die Bemarkingswet (No. 59 van 1968) (hierna "Verslag van Bemarkingset, 1968" genoem), pp. 8-10.

7 *SAMPI*, Lêer K 2/1/1. Verslag van werksaamhede van die Uitvoerende Raad van SAMSO vir die tydperk Januarie 1978 tot Julie 1978 vir insae aan SAMSO-takbestuurslede tydens streekverslagvergaderings, 22.7.78, p. 8.

8 Verslag van Bemarkingswet, 1968, p. 9.

Die ekonomiese beleid wat die Regering byna deurgaans gehandhaaf het, het die mielieboere verder benadeel, deurdat alles moontlik gedoen is om die verbruikersprys van mielies so laag as moontlik te hou. Die prysmeganisme wat hiervoor aangewend is, was die van produksiekoste plus ondernemersloon. In hierdie geval is die produsente vir hul produksiekoste, waaronder grondwaardes, grondrente, kunsmistoedienings en arbeid, vergoed. Bykomend hiertoe is 'n bedrag, die sogenaamde bestuurs- en ondernemersloon, gevoeg. Dit was daarop gemik om die mielieboere vir hul arbeid, bestuursvernuf en die risiko's aan die boerdery verbonde te vergoed.[9]

Aangesien dit uiters moeilik was om hierdie faktore ooreenkomstig 'n vaste formule in geldwaarde te omskep, was dit baie maklik vir die prysvasstellingsowerhede om dit na willekeur te verander; gevolglik was dit moontlik om die prys kunsmatig laag te hou. Met dieselfde meganisme was dit ook moontlik om produksie te manipuleer, want sou meer mielies benodig word, is die winsgrens van die produsente bloot verhoog. Sou minder mielies benodig word, is daardie grens dienooreenkomstig verlaag.

Gedurende die oorlogsjare en daarna was die mielieboere om 4 redes nie ongeneë om van hulle swaar verdiende winste af te staan nie. Eerstens, was dit van nasionale belang dat die kostestruktuur van 'n geteisterde oorlogsekonomie op die laagste kerf moontlik gehou word. Tweedens, het die Regering, sowel as die Nasionale Opposisie, onder die leiding van dr. DF Malan, as gevolg van die (naïewe) geloof dat wêreldwye voedseloorskotte nooit weer sou bestaan nie, die versekering aan die mielieboere gegee, dat die koste plus basis na die oorlog steeds vir die prysvasstelling van mielies gebruik sou word. Derdens, is die versekering gegee dat daardie miljoene rande wat deur die produsente opgeoffer is, nie ongesiens verby sou gaan nie en dat die volkshuishouding die boere van hulp sou wees. Vierdens, was daar nie die geweldige styging in produksiekoste nie. Dit het beteken dat, alhoewel probleme met die metode en die resultate van die produksiekoste-opnames ondervind is, het dit nie 'n té nadelinge uitwerking op die mielieboere se inkomste gehad nie; gevolglik was hulle in die algemeen tevrede met die vlak waarop dit vasgestel is.[10]

---

9 *Georganiseerde Landbou*, 12.4.57, p. 7.
10 *Ibid.*, 1956-1962.

Die SALU, onder die Presidentskap van Gawie Rossouw,[11] het egter die versiendheid gehad om te weet dat die sporadiese oorskotte mettertyd 'n permanente, plaaslike en internasionale verskynsel kon word. Dit sou beteken dat die mielieboere se sakke weer eens geraak word, want die kostes om die oorskotte uit te voer, sou van iewers verhaal moes word. Dit sou veral wees in die geval waar die wêreldprys aansienlik laer as die binnelandse prys was. In die lig van hierdie gevaar het die SALU by die Regering aanbeveel dat die verbruikersprys van mielies verhoog moes word, en dat die uitvoerwinste in 'n Stabilisasiefonds gestort word, waartoe die Staat, die verbruikers en die produsente jaarliks 'n bydrae sou lewer om enige toekomstige uitvoerverliese te finansier. Die Regering het egter die SALU se voorstelle verwerp en sy verklaarde gang gegaan.[12]

Dit het nie baie lank geneem voordat die profetiese woorde van die SALU bewaarheid is nie. 'n Wye reeks faktore, insluitende die verminderde verbruik van mielies deur die swart bevolking, meganisasie, verbeterde boerderymetodes, nuwe bastersaadvariëteite en gunstige weersomstandighede, het 'n permanente oorskot aan mielies in Suid-Afrika veroorsaak. Dit het daartoe gelei dat die Owerheid gedurende die 1953/54-seisoen genoodsaak was om die Stabilisasiefonds in die lewe te roep om die uitvoerverliese te finansier, maar slegs die produsente sou tot die fonds bydra.

Die SALU was beslis met hierdie verwikkeling tevrede, maar soos die reeds finansiële geteisterde mielieboere, het by hom ook groot ongelukkigheid geheers met die aankondiging dat die produsente alleen die las opgelê sou word om die uitvoerverliese te dra.

Die onverwagse oorskotte het die Owerheid ook gedwing om 'n nuwe prysbeleid, wat nie meer op die produksiekoste plus basis gegrond sou wees nie, te implimenteer. Hierdie nuwe beleid was primêr daarop gemik om die oorskotte hok te slaan. Dit kon op 2 maniere bewerkstellig word. Enersyds, deur die verbruik van mielies deur 'n lae verbruikersprys aan te moedig, en andersyds, kon produksie deur middel van 'n lae produsenteprys ontmoedig word, totdat alle oorskotte uitgeskakel sou wees. Dit het, anders gestel, beteken dat die beginsel van vraag en aanbod die bemarking van mielies moes beheer. Dit

11 Rossouw was vanaf 1943 tot 1955 die President van die SALU.

12 *Georganiseerde Landbou*, 25.5.56, p. 13.

was ook aan 'n baie belangrike voorwaarde gekoppel, naamlik, dat die mielieprys met die res van die nasionale volkshuishouding rekening moes hou.[13]

Om aan hierdie beleidsdoelwit uitvoering te kon gee, moes 'n hele reeks nuwe faktore by die prysformule ingebou word. Dit het die volgende ingesluit: die grootte van die verwagte oes; die verwagte hoeveelhede mielies wat plaaslik en oorsee bemark kon word, asook die verdienste daarop; die hoeveelheid mielies wat ingevolge die sogenaamde Josefsbeleid as 'n buffervoorraad van die een seisoen na die ander oorgedra kon word, insluitend die koste daaraan verbonde; die pryspeil wat in die verlede gegeld het, asook die invloed daarvan op die produksie en verbruik van mielies; die veranderinge in die produksekoste; die stand van die stabilisasiefonds; en die mate waartoe die Staat bereid was om die bedryf te ondersteun.[14] Hieruit het dit dus duidelik geblyk, tot kommer van die produsente, dat die vasstelling van die mielieprys nie meer op 'n suiwer kostebasis gegrond was nie.

In aansluiting by die Owerheid se beleidsrigting om oorskotte te bekamp, het die Mielieraad onder die voorsitterskap van Hennie Keyter,[15] 'n drieledige bemarkingsbeleid geformuleer, wat nie anders kon as om veral die *bona fide*-mielieprodusente te verarm nie. Eerstens, is verklaar dat die produsenteprys nie op 'n vlak vasgestel behoort te word, wat enige faktore vir mielieproduksie sou trek of behou nie. Tweedens, behoort die binnelandse pryse, in soverre dit moontlik was, in 'n rigting gestuur te word wat die gebruik van mielies vir veevoer moes aanmoedig. Derdens, indien die voorgestelde produsentepryse tot gevolg sou hê dat die produsente nie 'n genoegsame inkomste ontvang nie, maatreëls getref word om die boere se ongunstige ekonomiese omstandighede as 'n sosio-ekonomiese probleem te behandel.[16]

Met die aankondiging van die beleid was die spreekwoordelike rooi doek voor die bul, want dit kon vir die ontevrede mielieboere niks anders as die volgende beteken nie: Eerstens, sou dit die produksie van mielies ontmoedig en moes die bestaande produksiepeil verder verlaag word. Vir die mielieprodusente was die vraag of dié uitgangspunt hulle sou help om die skulde wat

---

13 *Ibid.*, Julie 1962, p. 5.
14 *SAMPI*, Lêer 2/1/12/2b/1. Verslag van eerste landwye konferensie, 15-16 Februarie 1967, vir voorlegging aan die Jaarkongres van 1968, 14-15.2.68, p. 2.
15 *Mielienuus*, November 1969, p. 9. Keyter was vanaf 1954 tot 1969 die voorsitter van die Raad.
16 *SAMPI*, Lêer 2/1/15/10/1. Memorandum aan Kommissie, Oktober 1966, p. 15.

aangegaan is, terug te betaal. Tweedens, het dit beteken dat die lae pryse goedkoop veevoer tot gevolg moes hê. Op sy beurt het dit weer die produsente se inkomsteposisie nog verder verswak. Derdens, kon dit meebring dat die mielieboere eers met lae pryse geruïneer moes word om in die proses die verbruikers van mielies te bevoordeel. Hierna moes die vernietigde boere as 'n sosio-ekonomiese probleem of te wel as 'n groep bankrotboere beskou word, wat 'n diepte ondersoek geregverdig het. Volgens die mielieboere was die ironie van die nuwe beleidstelling daarin geleë dat dit die oorsaak van daardie sosio-ekonomiese probleme sou wees.

Van meet af het hierdie nuwe beleid die inkomsteposisie van die mielieboere nadelig geraak. Die situasie is verder vererger deurdat dit ook daartoe bygedra het dat die stygende produksiekoste sodanig verdwerg is dat die boere dit al hoe moeiliker gevind het om die finansiële mas op te kom.

Om sake te vererger, is 'n nuwe kosteberekeningsmetode vanaf 1953 toegepas – die sogenaamde 5-jaar skuiwende gemiddelde. Dit het beteken dat die gemiddelde produksiekoste van die voorafgaande 5 jaar, met die nodige aanpassings deur middel van koste-indekse, bereken is. Dit het dus beteken dat enige groot toename in koste, byvoorbeeld die toenemende gebruik van trekkers en groter kunsmistoedienings nie in berekening gebring is nie. Gevolglik is die mielieboere nooit vir hul werklike produksiekoste van die produksiejaar vergoed nie. Die gemiddelde syfer wat die koste weerspieël het, was vir die boere totaal onaanvaarbaar, want dit het nie net van streek tot streek nie, maar ook van plaas tot plaas verskil.[17]

Die ignorering van die koste-aspek, wat deurentyd die mielieboere se vernaamste vyand was, het in die teken van die Owerheid se oorhoofse doelstelling gestaan om die verbruiker te bevoordeel, en die produsente se inkomstestabiliteit te verontagsaam. Die troospryse deur middel van subsidies en ander kredietfasiliteite, het die trots van die mielieboere aangetas. Die mielieboere het openlik verklaar dat hulle nie bereid was om tot bedelaars deur middel van die Boerderybystandswet verlaag te word nie. Hulle wou ekonomies onafhanklik wees. Dit kon net gedoen word deur 'n verhoging van die produsenteprys, wat

17 *NAMPO*, K 792. Onderhoud Marais en Theron met Von Abo, Bothaville, 4.12.84. Von Abo was vanaf 1966-1980 hoofbestuurslid van SAMPI.

aan die werklike produksiekoste gekoppel was, na 'n winsgewende vlak vir die produsente.

Daar was ook groot ontevredenheid oor die tenderstelsel om mielies uit te voer. Dit is as 'n klug en onaanvaarbaar afgemaak, aangesien dit die ontwikkeling van 'n permanente mark verhinder het en tot onbevredigende pryse gelei het. Die stelsel was ondoeltreffend, omdat dit net groothandelaars in mielies in staat gestel het om daarvan gebruik te maak. Die gevolg was dat die pryse wat behaal is, nie 'n weerspieëling van die kwaliteit van Suid-Afrika se mielies was nie. Die oorsese fabrikante kon moeilik direk by die plaaslike produsente koop, wat beteken het dat die noodsaaklike direkte kontak tussen dié produsente en die internasionale verbruikers, verlore gegaan het.[18]

Die tenderstelsel is ook verwerp omdat die mielieboere van mening was dat, as die tenderaars uitgeskakel kon word, daardie winste na die mielieboere gekanaliseer sou word. Dit sou die moontlikheid van misbruike, soos byvoorbeeld, die groepvorming van tenderaars om mielies teen 'n laer prys te koop en teen 'n heelwat hoër prys te verkoop, uitskakel. Volgens die mielieboere was die tenderstelsel nie die winsgewendste bemarkingsmetode nie, maar net die maklikste manier om van die oorskot mielies ontslae te raak.

Die mielieboere was ook gekant teen die sendings van die Mielieraad om oorsese markte te soek, want die resultate was glad nie na wense nie. Benewens die feit dat die produsente die sendings gefinansier het, is die room daarvan deur die tenderaars afgeskep.

Die Mielieraad se geheimsinnigheid oor die inligting van sy werksaamhede, was 'n groot bron van ontevredenheid; gevolglik was die mielieprodusente aangaande die administrasie van sy bedryf, mielieprysformulerings en kontraktuele inligting, asook uitvoertenders, onkundig. Fanie Ferreira[19] het hom hieroor baie skerp uitgelaat: "As ons wil besigheid doen, moet ons weet wat in die wêreldmark aangaan, ons moet pryse van dag tot dag dophou. Ons kan dit nie oorlaat aan buitemense wat met die winste heengaan nie."[20]

---

18 PV 591: *AC van Wyk-versameling* (ongeorden). Naudé, SP, *Die Mieliekrisis*, 1963, p. 3; SAMPI, Lêer 2/1/20/31/1. SAMPI-beleid ten opsigte van bemarking en prysvasstelling, 11.2.70, p. 10.

19 *Die Landbouweekblad*, 19.5.70. Berig. Ferreira was vanaf 1966 tot 1980 die voorsitter van SAMPI.

20 *Die Landman*, September 1973, p. 35.

Bo en behalwe die ontwikkeling van 'n ongunstige ekonomiese situasie vir die mielieboere sedert die Tweede Wêreldoorlog, is die toestand as gevolg van organisatoriese gebreke vererger. Dit het begin by die mielieboere se groeiende gevoel dat die Nasionale Mieliekomitee geen doel meer gedien het nie, want jaar na jaar is toegekyk hoedat dié liggaam druipstert die aftog teen die Mielieraad moes blaas. Die Komitee het die indruk geskep dat hy magteloos was en dat sy prysvoorstelle hoegenaamd geen indruk op die Raad gemaak het nie. Daarby het hierdie herhaaldelike ignorering van die Mieliekomitee deur die Raad, die mielieboere daarvan oortuig dat die Komitee nie na hulle stem wou luister nie; wat nog daarvan om hulle saak by die Owerheid te bevorder. Die mielieboere het die indruk gekry dat beide liggame, die enigste spreekbuise van die mieliebedryf, die produsente se belange verwaarloos het.

Die kern van die probleem was dat diegene wat op die Mielieraad en in die Mieliekomitee gedien het, en wie namens die produsente moes beding, nie mielieboere in die ware sin van die woord was nie. Hulle was eerder verbruikers van mielies. Die sogenaamde "hoenderboere", wat deurgaans by die lae produsenteprys gebaat het. Dit was tot hierdie persone se voordeel dat hulle namens die produsente moes praat, anders het hulle ook die skerp punt van die ekonomiese knyptang in al sy felheid gevoel.[21]

Dit is duidelik dat die mielieprodusente in 'n uiters ongelukkige posisie verkeer het. Die vraag is nou hoe hierdie onhoudbare situasie in die mieliebedryf ontstaan het. By nadere ondersoek blyk dit baie duidelik dat die oorsprong van hierdie vraagstuk te vinde is by die wyse waarop die Vrystaatse Landbou-unie se jaarlikse Mieliekongresse saamgestel was. Uiteindelik het dit bepaal wie in die Provinsiale- en Nasionale Mieliekomitees, asook in die Mielieraad, aangestel sou word. Die kern van die probleem was dat van die destydse 324 boereverenigings in die Vrystaat net 100 daarop kon aanspraak maak dat hulle lede hoofsaaklik kommersiële mielieboere was. Die res van die boereverenigings het net verbruikersbelange by mielies gehad en was nie van mielies, as 'n hoofbron van inkomste, afhanklik nie. Aangesien elkeen van hierdie 324 boereverenigings een stemgeregtigde na die Mieliekongres kon stuur, het dit beteken dat die ware mielieprodusente, jaar na jaar op sy eie kongres oorstem is.

---

21 *NAMPO*, K 792. Onderhoud Marais en Theron met Von Abo, Bothaville, 4.12.84.

Dit blyk verder dat die Noordwes-Vrystaat, wat 65 persent van die Vrystaat se mielie-opbrengs gelewer het, in 1966 84 afgevaardigdes na die Mieliekongres kon stuur. Die Noordoos-Vrystaat, wat 26 persent opbrengs gelewer het kon 114 stuur. Die Suidoos-Vrystaat wat die oorblywende 9 persent bydrae gelewer het, kon 135 afgevaardigdes stuur.[22] Laasgenoemde streek, veral in die Suid-Vrystaat, se getalle-oorwig is moontlik gemaak deurdat 'n groot aantal boereverenigings, bestaande uit die vereiste minimum van 10 lede, daar gevorm is.

Hierdie toedrag van sake het veroorsaak dat die kongres, wat as kieskollege vir die verkiesing van die Vrystaatse Mieliekomitee gedien het, persone verkies het wat oorwegend ander boerderybelange, as mielies, gehad het. Dit het 'n sneeubal-effek gehad deurdat sodanige persone op die Nasionale Mieliekomitee en die Mielieraad aangewys kon word. Statisties gesproke het die Noordwes-Vrystaat 2, Noordoos-Vrystaat 4 en die Suidoos-Vrystaat 5 lede op die Vrystaatse Mieliekomitee van 11 lede gehad. Ten opsigte van die Mielieraad het die Noordwes-Vrystaat 0, Noordoos-Vrystaat 3 en Suidoos-Vrystaat 1 verteenwoordiger(s) gehad.[23]

Die ander belangrike knelpunt rakende verteenwoordiging, was die benoeming van die koöperatiewe verteenwoordigers in die Mielieliggame. Aangesien hulle uit die direksies aangewys is, het dit meegebring dat die mielieprodusente nie direkte seggenskap hieroor gehad het nie en dat 'n persoon, wat nie noodwendig 'n mielieboer was nie, in so 'n posisie benoem kon word.[24]

'n Ander ongelukkigheid was dat, hoewel die aanstellings in die Mielieraad gewoonlik uit die geledere van die Mieliekomitees en direksies van koöperasies gedoen is, die Vrystaatse Landbou-unie, die SALU en die Minister van Landbou die reg gehad het om die aanbevole persone van die Mieliekomitee te veto; selfs iemand van buite die Komitee, kon in die Mielieraad benoem word.[25]

Die grondliggende rede vir hierdie verkeerde toedrag van sake moet gesoek word in die betekeniswaarde van die begrip "mielieboer". Vir die Georganiseerde Landbou het dit beteken 'n persoon wat met mielies geboer het, hetsy voltyds of deeltyds, en of sy grootste inkomste uit boerdery is, al dan nie.

---

22 *Von Abo. SAMPI. Waarom?*, 1967, p. 7.
23 *Ibid.*, p. 5.
24 *Ibid.*
25 *Ibid., SAMPI*, Lêer 2/1/33/2/2. CJP Cilliers aan WD Kotzé, 25.9.68, p. 2. Die produsente kon selfs deur prokureurs verteenwoordig word, sou die Minister van Landbou toestem.

Die ontevredenes het die term *bona fide*-mielieboer geskep, wat beteken dat 'n mielieboer 'n persoon is wat uit die verbouing van mielies sy hoofbron van inkomste verkry het. Indien hierdie definisie van wat 'n "ware"-mielieboer is, toegepas is, sou dit meebring dat van die toe bestaande stelsel na 'n stelsel van verteenwoordiging op 'n produksiebasis, gekoppel aan 'n bepaalde streek, oorgeskakel word. Dit sou die situasie, waar die Noordwes-Vrystaat in 1966 geen verteenwoordiging in die Mielieraad gehad het nie, verander, sodat die res van die Vrystaat, op grond van die kleiner produksie, 1 lid en die Noordwes-Vrystaat 3 lede sou hê.[26]

Die Georganiseerde Landbou se vertolking van die begrip "mielieboer" het dus 'n nie-*bona fide*-mielieboer die geleentheid gebied om oor mieliesake te besluit. Dit het dan ook in die praktyk daartoe gelei dat 'n kersieboer, Hennie Keyter en daarna Gawie Bothma, 'n beesboer, die voorsitter van die Mielieraad geword het.[27] Met hierdie ongehoorde toedrag van sake kon die ware mielieprodusente nie verlief neem nie.

'n Ander ongelukkigheid rondom die kwessie van verteenwoordiging, is veroorsaak deurdat produsentelede op die Mielieraad onder geen verpligting gestaan het om aan die Mieliekongresse oor hul werksaamhede verslag te doen nie. Die toedrag van sake het gespruit uit die Bemarkingswet, wat nie so 'n verpligting op hulle gelê het nie. Dit was gevolglik vir die Mielieraadslid, Schalk Meintjies, tydens die Mieliekongres te Bethlehem moontlik om te sê dat hy geen verantwoordelikheid teenoor die mielieboere het nie, want hy is nie deur hulle verkies nie.[28]

Die magtelose gevoel wat onder die mielieboere geheers het, word in die woorde van Crawford von Abo weerspieël: "Jy kan self begryp watter situasie ontstaan wanneer 'n klein groepie produsente op 'n kongres saam met ander boere sit wat net verbruikersbelange het – en dan word laasgenoemde gekies om produsentebelange op die Mielieraad te verteenwoordig."[29]

Die mielieboere se ontevredenheid oor hulle verteenwoordigers, het ook 'n politieke kleur gehad. Die boere was ontevrede dat daardie landbouleiers, wat

---

26 *Von Abo. SAMPI. Waarom?*, 1967, p. 1

27 *Mielienuus*, November 1969, p. 9. Bothma was vanaf 1969 tot 1975 die voorsitter van die Mielieraad; *NAMPO*, K 792. Onderhoud Marais en Theron met Von Abo, Bothaville, 4.12.84.

28 *NAMPO*, K 792. Onderhoud Marais en Theron met Von Abo, Bothaville, 4.12.84.

29 *Ibid.*

hulle ook in die praktiese politiek bevind het, 'n probleem gehad het om reg aan beide posisies te laat geskied. 'n Voorbeeld hiervan was Hennie Keyter wat ook volksraadslid was. Gewoonlik het politieke oorwegings die deurslag gegee. Dit het beteken dat die boere en die landbou se saak in die algemeen tweede viool moes speel. In noue verband hiermee het die produsente gevoel dat daardie landbouleiers wat politieke aspirasies gehad het, op die Georganiseerde Landbou se "rug gery het om raakgesien te word", en nie erns gehad het om die boere se belange te bevorder nie.[30]

'n Groot oorsaak van die produsente se ontevredenheid was die stabilisasiefonds. Gedurende die 1962/63-seisoen het die Fonds op die rekordbedrag van R27 miljoen te staan gekom. Dit het 'n oorskot van R16,2 miljoen beteken. Die 1963/64-seisoen is deur 'n ongekende droogte gekenmerk, en die uitweg wat die geteisterde mielieboere gekies het, was om die Mielieraad te versoek om die bedrag deur middel van 25c per sak, gelewer, aan die produsente terug te betaal. Vanweë die samestelling en werkswyse van die Georganiseerde Landbou, het die Mielieboere op die Vrystaatse, sowel as die Transvaalse Mieliekongresse, sodanige voorstelle ingedien.[31]

Op 10 Maart 1964 het die Nasionale Mieliekomitee onder voorsitterskap van AP Swart die versoeke oorweeg, maar besluit om nie daaraan te voldoen nie. Die rede was die volgende: "Die Stabilisasiefonds is uitsluitlik vir die doel geskep om die verliese op oorsese mielieverkope te absorbeer, ten einde prysstabiliteit binnelands te behou."[32] Vanweë die natuurtoestande kon die daaropvolgende jaar se produsente, wat ook deur droogte of hael getref mag word, net soveel aanspraak op 'n agterskot hê, en as die Fonds uitgeput is, is die vraag waar die fondse vandaan sou kom. Die boere wat die meeste sou baat, is die groot produsente, wat so 'n betaling waarskynlik die minste nodig het. Aangesien alle produsente tot die fonds bygedra het, sou uitbetalings ook aan die produsente, waar daar geen droogte geheers het nie, gemaak moes word – dit sou die hele doel mis. Die moontlikheid het verder bestaan dat, sou die boere 'n uitbetaling ontvang, die Staat en die verbruikers daarop kon aandring dat hulle

30 *Ibid.*
31 *The Friend*, 15.6.64. Berig.
32 *Van Wyk*. Vertoë vir die uitbetaling van 'n agterskot van 25 sent per sak op die 1962/63 mielie-oes, (hierna "Vertoë" genoem), 1964, p. 6.

bydraes ook terugbetaal moes word en dit sou die fonds verder verswak,[33] aldus die mieliekomitee.[34]

Die mielieboere het egter nie tou opgegooi nie. Nadat die mielieprys vir die 1964/65-seisoen aangekondig is, en geen melding van enige uitbetaling uit die stabilisasiefonds gemaak is nie, asook die algemene ontevredenheid met die nuwe prys, het boere van Bothaville, waaronder Ferreira, Von Abo, Giep Nel[35] en andere die inisiatief geneem om massa-protesvergaderings in die Noordwes-Vrystaat en die Wes-Transvaal te belê. Die doel was om die noodsaaklikheid van die uitbetaling te beklemtoon, om verdere optrede te beplan en om steun daarvoor te werf.

Op 13 Junie 1964 te Bothaville, tydens so 'n vergadering, waar meer as 350 boere opgedaag het, is 'n afvaardiging, bestaande uit Ferreira, Von Abo, JH Griesel en Pikkie Maree, verkies, om die Vrystaatse Mieliekomitee te ontmoet. Die doel was om gesamentlike stappe te beplan om die geld uitbetaal te kry. Op 24 Junie 1964 het die ontmoeting plaasgevind. AC van Wyk, toe die voorsitter, het weer die redes genoem waarom die Nasionale Mieliekomitee dit geweier het. Hy het nogtans ingewillig om 'n onderhoud tussen die Nasionale Mieliekomitee en die afvaardiging te reël.

Intussen het die Vrystaters die steun van die Wes-Transvaalse mielieboere gekry, deurdat hulle te Wolmaranstad 'n afvaardiging, bestaande uit AJP van Zyl, Jas Odendaal, DJL Ferreira, B Meyer, AG Purchase en P Grobler, met 'n soortgelyke opdrag, verkies het.[36]

Op 14 Julie 1964 het die Nasionale Mieliekomitee die gesamentlike afvaardiging te woord gestaan. Weer eens is die versoek om dieselfde redes geweier. Hoewel die Komitee onder die indruk gekom het van die benarde toestand van die boere, en onderneem het om die Minister van Landbou, DCH (Dirk) Uys,[37] dadelik te nader, sodat hulp ooreenkomstig die Boereby-

---

33 *Ibid.*
34 *Ibid.*, p. 2.
35 *NAMPO*, K 864/14. Onderhoud Theron met G Nel, Bothaville-distrik, 20.8.85. Nel was vanaf 1966 tot 1967 die eerste sekretaris van SAMPI. Sien ook *Die Volksblad*, 15.6.64; *The Friend*, 15.6.64. Berigte.
36 *Van Wyk*, Vertoë, 1964, p. 2.
37 *Parlementêre Register*, 1910-1982, p. 88. Uys was vanaf 1958 tot 1972 Minister van Landbou.

standswet verkry kon word, het Ferreira dit geweier met die woorde: "Die mielieboere wil geen staatshulp hê nie. Hulle vra net wat hulle toekom."[38]

Hierna het die ontevrede mielieboere, onder die vaandel van die Mielieprodusente-komitee, 'n advertensieveldtog in die pers geloods om verslag aan die mielieboere te doen, maar ook om nog steun te werf. In dié verband is die boere gevra dat, indien hulle die saak goedgesind was, hulle van hulle moes laat hoor. Die boere is ook daarop gewys dat hulle nie moes toelaat dat hulle kragte verbrokkel nie, want die Komitee was júís besig om die aangeleentheid tot in die fynste besonderhede uit te pluis. Verder is die versekering gegee dat die agterskot nie al was waarvoor geveg is nie; gevolglik was die Komitee geensins van plan om te gaan lê nie.

Waar hierdie aksie van die Mielieprodusente-komitee in die gees van "veg vir 'n beter bestaan, selfs voortbestaan", gestaan het, het Van Wyk die gewaarwording van die Georganiseerde Landbou so saamgevat: "Na die ontmoeting van die afvaardiging en verdere weiering van die uitbetaling van die agterskot, het 'n groeiende ontevredenheid onder die mielieboere ontstaan. Die emosies het opgelaai en 'n gevoel van verbittering het geheers. Verwyte is geslinger, veral na verteenwoordigers op die Mieliekomitees, sowel as die Mielieraad. 'n Veldtog is geloods (gesteun deur advertensies in die pers), om mielieboere te mobiliseer, en die grootste moontlike ondersteuning te werf. Die organiseerders sê onder andere in 'n advertensie: '... en kan u verseker dat die agterskot nie al is waarvoor geveg word nie.'[39]

Die Mielieprodusente-komitee het inderdaad nie gaan lê nie, en het weer op 19 Augustus 1964 die Mielieraad ontmoet. Behalwe dat die boere met dieselfde argument met leë hande huis toe gestuur is, is ook gesê dat, aangesien die SALU as die amptelike mondstuk van die Georganiseerde Landbou, ook nie ten gunste van die uitbetaling is nie, aanvaar word dat die boere wat daarop aangedring het, as die minderheidsgroep beskou moes word.

Die stof rondom die aangeleentheid het egter nie gaan lê nie, en die saak is weer op die Jaarkongres van die Vrystaatse Landbou-unie, gedurende September 1964, te berde gebring. Hier is besluit dat die Uitvoerende Bestuur van die Landbou-unie, saam met die Vrystaatse Mieliekomitee, 'n afvaardiging van die

---

38 *Van Wyk*. Vertoë, pp. 3-4.
39 *Ibid*., p. 4.

ontevrede mielieboere sou ontmoet, om die saak op te klaar. Hierdie ontmoeting het op 12 November 1964 plaasgevind. Hier het baie harde woorde geval, nie net rondom die weiering van die agterskotuitbetaling nie, maar ook oor die wyse waarop Van Wyk en Danie Serfontein die saak namens die boere hanteer het. Die mielieboere was glad nie tevrede dat hulle op die Nasionale Mieliekomitee teen die uitbetaling gestem het nie. Volgens hulle moes beide here, vanweë hulle posisie, lojaal teenoor die Vrystaatse mielieboere gebly het. As gevolg van hulle optrede het hulle nie meer die steun van die mielieboere gehad nie.[40]

Die Vrystaatse lede van die Mielieraad, Meintjies en JJJ Hamman, het ook onder skoot gekom, omdat hulle weiering om vir die uitbetaling te stem nie die goedkeuring van die ontevrede mielieboere kon wegdra nie. Hulle is versoek om te bedank, omdat hulle ooreenkomstig die konstitusie onwettig op die Raad was. Sou hulle dit nie doen nie, dan sou die mielieboere verplig wees om verdere stappe te doen, wat miskien baie onaangenaam kon wees. Die aantyging van die boere is verwerp deur daarop te wys dat, hoewel beide persone van buite aangestel is, die Minister volgens die Bemarkingswet, dit regtens kon doen.[41]

Hierdie openlike mosie van wantroue in die bestaande leiers van die Vrystaatse Landbou-unie, het die wig nog verder tussen die ontevrede mielieboere en die Georganiseerde Landbou ingedryf. Die 25c-uitbetaling het nou gelei tot 'n noodgedwonge veldtog, wat geloods sou word om van daardie, en al die ander ongewenste leiers, ontslae te raak. Die produsente sou hulle voortaan beywer vir die wysiging van die grondwet, sodat slegs die *bona fide*-mielieboere tot die leiersposisies verkies kon word.

Hierdie optrede het noodsaaklik geword, want die onderhandelinge met die topstruktuur van die SALU, in die verband, was vrugteloos. Die Mielieprodusente-komitee se versoek dat die saak by die leierstruktuur reggestel moes word, sodat die ware mielieprodusente hulle eie verteenwoordigers kon verkies, is in die wind geslaan. De Villiers, president van die SALU, het by geleentheid van die onderhandelinge gesê daar moes 'n ewolusionêre, en nie 'n rewolusionêre verandering nie, plaasvind.[42]

---

40 *NAMPO*, K 792. Onderhoud Marais en Theron met Von Abo, Bothaville, 4.12.84.
41 *Van Wyk*. Vertoë, 1964, p. 6.
42 *NAMPO*, K 792. Onderhoud Marais en Theron met Von Abo, Bothaville, 4.12.84.

Dit is belangrik om te noem dat daar weliswaar in die geledere van die SALU se binnekring aangevoel is dat, indien die aangeleentheid nie reggestel word nie, daar 'n skeuring aan die kom was. Die persoon wat die standpunt gehuldig het, was dr. Fred du Plessis, die ekonoom van die SALU. In private onderhandelinge met die ontevredenes, aan huis van Von Abo, het hy vir 'n jaar uitstel gevra, sodat die saak van "binne" en van "bo" reggestel kon word. Daardie geleende tyd het uitgeloop en niks is aan die *status quo* verander nie. Die mielieboere het om aksie gevra; niks het gebeur nie en nou het hulle self tot handeling oorgegaan. Die oplossing het klaarblyklik in 'n konstitusionele wysiging gelê.

Die Mielieprodusente-komitee het dus tydens die vergadering op 12 November 1964 daartoe oorgegaan om die weg te baan om self die konstitusie van die Mieliekomitee gewysig te kry. Weer eens is beklemtoon dat die enigste uitweg vir die oplossing van die probleem 'n gewysigde samestelling van die Kongres sou wees. Dit moes gedoen word deur te bepaal dat die Vrystaat in streke, op 'n produksiebasis gebaseer, verdeel word, en dat aan elke streek op 'n *pro rata*-basis, 'n aantal afgevaardigdes vir die Kongres toegeken word. Dit sou beteken dat aan die grootste produserende mieliegebied, die Noordwes-Vrystaat, sy regmatige verteenwoordiging toegeken word. Na langdurige bespreking is daar besluit dat die Mieliekomitee 'n *ad hoc*-komitee sou aanstel om die aangeleentheid te ondersoek en aanbevelings te doen.[43]

Daar is na ondersoek besluit om by die Uitvoerende Bestuur van die Vrystaatse Landbou-unie en die Mieliekomitee aan te beveel, dat die Vrystaat in 6 streke, naamlik, Suid-; Suidoos-; Oos-; Wes-; Middel- en Noord-Vrystaat, verdeel moes word.[44]

Tydens die Mieliekongres op 5 Maart 1965 het die vonke oor hierdie aanbevelings gespat. De Villiers, in sy hoedanigheid as president van die Vrystaatse Landbou-unie, het ten aanvang beklemtoon dat die *ad hoc*-Komitee se voorstel nie op die Kongres 'n konstitusie-wysiging kon meebring nie, maar dat die beginsels daarvan net getoets sou word. Die reaksie van die kongresgangers sou bepaal of die gevraagde wysiging op die 1966-Kongres aangebring moes word.[45]

---

43 *Van Wyk.* Vertoë, 1964, pp. 8-9.
44 *Die Volksblad*, 4.3.66. Berig.
45 *Van Wyk.* Vertoë, 1966, pp. 10-11.

Maree en Von Abo was hoegenaamd nie ten gunste van die 6-streek-verdeling nie, en het 'n 4-streek-verdeling voorgestel: Suid-; Oos-; Noordoos- en Noordwes-Vrystaat. Elke streek sou 'n streekskongres hou, waar 'n aantal afgevaardigdes op 'n *pro rata*-basis verkies sou word om die streek op die Hoofkongres te verteenwoordig. In die verband was die verdeling as volg: Suid- en Oos-Vrystaat elk 2 lede, Noordoos-Vrystaat 6 en die Noordwes-Vrystaat 13 lede.[46]

Ontevredenheid is ook uitgespreek omdat daar eers op die volgende Mieliekongres uitsluitsel gegee sou word; daarom is voorgestel dat 'n spesiale kongres gehou word om die gevraagde wysigings aan te bring. Maree het so sterk oor die voorstel gevoel, dat hy aangedui het, dat indien dit nie aanvaar sou word nie, hy, en desnoods Von Abo ook, genoodsaak sou wees om die Kongres te verlaat. Dit het dan ook gebeur, want die afgevaardigdes het hulle voorstelle met 'n oorweldigende meerderheid verwerp.

Ten spyte van hierdie terugslag, het die Mielieprodusente-komitee nie teruggedeins nie, maar met daadkrag en oortuiging voortgegaan om hulle saak aan die boere te stel. Vir die doel is 'n hele reeks vergaderings in die mieliegebied belê. Hier het Ferreira, wat intussen as 'n uitmuntende spreker na vore gekom het, die mielieprodusente vir die saak probeer wen. Hy het ook die Georganiseerde Landbou gewaarsku om sy "mieliehuis" in orde te kry, anders sou 'n skok hom tref., wat moontlik sy fondamente onder hom kon uitruk.[47] Dit het ook nie by dreigemente gebly nie. Die skok was aanstons voorhande.

Dit was op 3 Maart 1966, die dag waarop die Vrystaatse Mieliekongres te Kroonstad finaal oor die wysiging van die konstitusie, insake die streeksindeling, moes besluit, dat die kruitvat ontplof het. Voortspruitend uit die vorige kongresbesluit, het die voorstelle insake die streeksindeling, tot stemming gekom. Org du Plessis, 'n lid van die Mieliekomitee, het namens die Komitee aanbeveel dat die 6-streek-verdeling as grondslag moes dien. Hennie Delport, van die Bothaville-distriksboere-unie, daarenteen, het die 4-streek-verdeling voorgestel.[48]

---

46 *Ibid.*, p. 11.

47 *NAMPO*, K 792. Onderhoud Marais en Theron met Von Abo, Bothaville, 4.12.86.

48 *Ibid.*, K 864/11. Stigtingsvergadering, 20.4.66; *SAMPI*, Lêer 2/1/27/5/1. WA Landman aan lede, 28.5.70. Delport was vanaf 1966 tot 1970 die voorsitter van SAMPI.

In die daaropvolgende stemming is die laasgenoemde voorstel, wat aan die *bona fide*-mielieprodusente groter seggenskap in die Mieliekomitee sou gee, verwerp. Te midde van 'n uiters gelaaide atmosfeer, het Ferreira, gevolg deur sowat 200 ander mielieboere, opgestaan en die Kongres verlaat.

De Villiers het nie gras onder sy voete laat groei om die uitstappers te veroordeel nie. Hy het gesê dat die SALU altyd bestaan het om vir die boere se belange te veg, en vir geen ander doel nie. Die verbrokkeling wat veroorsaak is, sou net die Unie se werksaamhede skade berokken.[49]

Sy beroep was egter tevergeefs. Deeglik daarvan bewus dat die skeiding van weë nou aangebreek het, het die mielieboere wat hulself nou buite die Georganiseerde Landbou bevind het, begin om hul eie heil uit te werk. Dit is gedoen deurdat daar direk ná die uitstappery, op aandrang van Delport, in die Hotel Toristo vergader is, om besluite insake die pad vorentoe te neem. Daar is onder meer besluit dat 'n mielievereniging, wat al die ontevrede mielieboere in Suid-Afrika sou verteenwoordig, gestig word, en daarna sou om affiliasie by die SALU aansoek gedoen word. Om hierdie omvangryke poging te loods, is 'n Aksiekomitee, verteenwoordigend van elke aanwesige distrik, met Delport as voorsitter, Ferreira as onder-voorsitter en Giep Nel as sekretaris, verkies.[50]

Die Aksiekomitee het verdere momentum aan die saak gegee, deur op 18 Maart 1966 'n massavergadering te Bothaville te belê. Hier het 4 000 mielieboere aan die Aksiekomitee opdrag gegee om 'n konsep-grondwet vir die beoogde organisasie op te stel.

Hierna het die Komitee met entoesiasme en onvermoeide ywer sy taak uitgevoer. Daar is selfs so ver gegaan as om inligtingsvergaderings te belê. Die doel was nie net om die mielieboere se reaksie op die voorlopige voorstelle te toets nie, maar ook om hulle vir die stigtingsvergadering sielkundig voor te berei.

Op dié dag, 22 April 1966, het afgevaardigdes vanuit 62 distrikte, onder die bekwame voorsitterskap van Delport, in die direksiesaal van die Sentraal-Westelike Koöperasie (SWK), te Klerksdorp, na intensiewe bespreking hulle finale seën en seël op die stigting van SAMPI geplaas.

49 *Die Volksblad*, 4.3.66. Berig.
50 *Ibid.*



*Fanie Ferreira, voorvegter van SAMPI, het in die stryd as 'n boeiende spreker ontpop.*

Die finalisering van die konsep-konstitusie het die meeste van die tyd in beslag geneem. Danksy die kundige bystand van adv. Piet Aucamp is die afhandeling daarvan grootliks vergemaklik.

Om die organisasie te doop, was betreklik maklik, want Delport se breinkind, "SAMPI", wat "lekker van die tong afgerol het",[51] is eenparig aanvaar. Ewe maklik – en logies – was die keuse van die geel mieliepit as die amptelike embleem.

'n Tussentydse hoofbestuur, onder die leiding van Delport, is ook verkies om waar te neem, totdat daar genoeg lede ingeskryf en takke gestig is om die eerste jaarkongres byeen te roep, waar die permanente hoofbestuur gekies kon word.

Om Delport as 'n kandidaat gestel te kry, was nie 'n maklike taak nie, want hy het aanvanklik volstrek geweier om genomineer te word. Sy redes was tweërlei van aard. Eerstens, het hy gesê dat die Aksiekomitee se werksaamhede afgehandel is; daarom kon hy met gerustheid terugstaan. Tweedens, het Delport aangedui dat hy inherent nie 'n mielieboer nie, maar 'n beesboer was. Hy het maar toevallig op 'n plaas gekom waar die inkomste hoofsaaklik uit mielies was. Volgens hom was dit beter dat 'n nog meer "volbloed" mielieboer aan die roer van sake moes staan.[52]

Soos te wagte, het sy pleidooi op dowe ore geval, want hy was 'n knap leier en dit was onmoontlik dat iemand anders die leiding moes neem. Verder is Delport daarop gewys dat sy uittrede op so 'n vroeë stadium 'n ernstige vertrouenskrisis in eie geledere sou veroorsaak. Dit kon glad nie toegelaat word nie. Delport is gevolglik versoek om die verantwoordelikheid te aanvaar en SAMPI op die pad vorentoe te lei. Hy het ingewillig, maar op die voorwaarde dat dit net vir 'n jaar sou wees.[53]

As oplossing vir die knelpunte in die bedryf en die Georganiseerde Landbou in die algemeen, het SAMPI 'n totale reorganisasie van die mieliebedryf bepleit. Dit het beteken dat die SALU se Mieliekomitee-stelsel uitgefaseer moes word. In die plek daarvan moes 'n outonome, nasionaal-georganiseerde

---

51 *NAMPO*, K 864/15. Onderhoud Theron met HL Delport, Odendaalsrus-distrik, 12.7.85.
52 *Ibid.*
53 *Die Landman*, Julie 1970, p. 8.

mieliespesialiteitsorganisasie, wat by die SALU sou affilieer, as die enigste erkende mielieliggaam, daargestel word.[54]

SAMPI het dus gepleit vir 'n onafhanklike organisasie, wat hom net op die mieliebedryf sou toespits; 'n organisasie wat al die *bona fide*-mielieboere van Suid-Afrika onder een sambreel sou byeenbring, maar ook 'n organisasie, wat deur middel van affiliasie by die SALU, deel van die Georganiseerde Landbou-gemeenskap wou wees, sodat sake van gemeenskaplike belang behartig kon word. Die motivering agter die pleitrede was dat "die mielieprodusente nie meer bereid was om net te staan en toekyk dat hulle bedryf as 'algemene boerderybelange' deur 'n koördinerende sentrale organisasie (die SALU) behartig word nie. Die behoefte was duidelik aan 'n gespesialiseerde organisasie."


SAMPI het verder verwys na die bestaan van ander spesialiteitsorganisasies, byvoorbeeld die Nasionale Wolkwekersvereniging (NWKV) en die Koöperatiewe Wijnbouwers-Vereniging (KWV), wat deur die konstitusie van die SALU moontlik gemaak is. Die artikels wat betrekking het, was artikel 2(2) wat die doelstelling van die SALU omskryf het: "Om 'n sentrale liggaam, verteenwoordigend van alle landboubelange in die RSA in stand te hou, waarin alle landbouprodusente, insluitende landboukoöperasies en spesiale landbou-organisasies, 'n tuiste kan vind,"[55] asook artikel 11(2)(b) wat oor bedryfsbeheer gehandel het, en wat gelees het: "Indien 'n bedryf sentraal, koöperatief of in 'n spesiale vereniging georganiseer is, op so 'n wyse dat daar geen verdere behoefte aan 'n aparte bedryfskomitee bestaan nie, kan die betrokke direksie of bestuur 'n bedryfskomitee saamstel, wat as die bedryfskomitee van die Unie erken kan word ..."[56]

Die debat binne die geledere van die Georganiseerde Landbou, insake die voor- en nadele, van spesialiteitsverenigings, het nou in alle erns begin, en is aangehelp deur SAMPI se voorneme om die gedagte van spesialisasie tot sy volle konsekwensies deurgevoer te sien: 'n SALU wat net die algemene belange behartig, met 'n reeks spesialiteitsverenigings wat geaffilieer is.

As oplossing vir die uiters knellende vraagstuk van verteenwoordiging van die mielieprodusente, het SAMPI 'n organisatoriese struktuur, bestaande uit plaaslike takbesture, distriksbesture, streekkomitees, die Hoofbestuur, die Dag

54 *Ibid.*, pp. 1-3.
55 *Von Abo. SAMPI. Waarom?*, 1967, p. 1. Sien ook *Konstitusie van die SALU*, 1962.
56 *Ibid.*; *Von Abo. SAMPI. Waarom?*, 1967, p. 1.

**SAMPI SE EERSTE HOOFBESTUUR**
**1966-1967**



*Voor: v.l.n.r. Mnre. GN Dannhauser, SES Ferreira (Vise-Voorsitter), Hennie Delport (Voorsitter), Dr. WD Kotze (Direkteur), Mnr. CL von Abo*

*Agter: v.l.n.r. Mnre. PE Grobler, JJM de Jager, JL Venter, HPJ de Jager, G Nel, JP du Preez, WA Landman (Sekretaris)*

*Inlas: Mnre. Mick Carroll, MJP Nel*

bestuur en die Jaarkongres voorgestel. Al hierdie elemente sou op 'n nasionale grondslag georganiseerd wees.

Die plaaslike takbesture sou uit minstens 15 ingeskrewe *bona fide*-mielieprodusente bestaan. Die distriksbesture sou uit minstens een verteenwoordiger uit elke tak bestaan, en die getal is verhoudingsgewys, ooreenkomstig elke tak se produksie-volume, bereken op 'n skuiwende gemiddelde van die voorafgaande 5 jaar, vergroot. Die besture is ná die jaarlikse reorganisasie van die takke saamgestel.

As basis vir die samestelling van die streekkomitees is die distrikte met dieselfde produksiebelange in streke, waarvan daar aanvanklik 12 landswyd sou wees, gegroepeer. Die distriksverteenwoordigers binne die streek het die streekkomitee gevorm, waarop elke distrik minstens een verteenwoordiger sou hê, terwyl addisionele lede op 'n produksiegrondslag uit die distrikte verkies sou word. Dit het beteken dat distrikte met 'n groter produksie as ander, meer verteenwoordigers op die streekkomitee sou hê as daardie distrikte met 'n kleiner produksie.

Die hoofbestuur is soos volg saamgestel: die voorsitter, onder-voorsitter, 12 hoofbestuurslede en 6 koöperatiewe lede, indien die koöperasies by SAMPI sou aansluit. Hierdie koöperatiewe lede moes as *bona-fide*-mielieboere kwalifiseer.

Uit die hoofbestuur is 'n dagbestuur, bestaande uit die voorsitter, ondervoorsitter en 2 addisionele lede aangewys, om tussen die sittings van die hoofbestuur al die bevoegdhede van die hoofbestuur te behartig, en na afhandeling daarvan, terug te rapporteer.

Omdat SAMPI die demokratiese beginsels wou laat seëvier, is bepaal dat die Jaarkongres die hoogste gesag sou wees. Die getal afgevaardigdes is vasgestel op minstens een afgevaardigde uit elke distrik, waar SAMPI takke gehad het, asook een bykomende afgevaardigde vir elke voltooide kwart miljoen sak mielies van 90 kilogram, wat deur sy lede bemark is. Die streekkomitees het die verantwoordelikheid gehad om die afgevaardigdes na die Kongres aan te wys.

Die Kongres het oor wye magte beskik: die hoofbestuur moes híér skriftelik oor die jaarlikse werksaamhede en finansiële uitgawes, daaraan verbonde, verslag doen; die afgevaardigdes kon hier, namens hul medeboere, beskrywingspunte indien, om sodoende knelpunte uit te lig, of om voorstelle te for-

muleer, om die bedryf in die algemeen te bevorder; die lede van die Kongres het later as kieskollege gedien om die voorsitter en onder-voorsitter aan te wys.

Ten einde die vraagstuk van verteenwoordiging in die Mielieraad op te los, het SAMPI die volgende in die vooruitsig gestel: die koöperatiewe beweging sou 6 lede op die hoofbestuur benoem, en diegene se name sou outomaties aan die Minister van Landbou, vir bekragtiging voorgelê word. Die oorblywende 6 produsenteverteenwoordigers, vir aanstelling in die Mielieraad, sou deur die Kongres uit die hoofbestuurslede verkies word, waarop die name ook aan die Minister van Landbou voorgelê sou word. Die verteenwoordigers in die Mielieraad, moes aan die hoofbestuur oor die werksaamhede van die Raad rapporteer.

Behalwe die feit dat SAMPI deur middel van hierdie organisatoriese opset die probleme rondom verteenwoordiging en terugrapportering wou uitskakel, kon die vraagstuk rondom die gebrek aan eenvormige optrede opgelos word deurdat al die mielieboere gekoördineerd, en uit een mond na buite oor hulle sake kon gesels en optree.


SAMPI het ook interessante oplossings vir knelpunte voorgestel. Ten einde die politieke kleur uit die landbou, en spesifiek die mieliebedryf, te haal, het SAMPI gesê dat alle sake net op meriete behandel moes word. Dit het beteken dat daar onder géén omstandighede partypolitieke gesigspunte of voorkeure in berekening gebring mag word nie. SAMPI het die uitsluitlike strewe gehad om die belange van die mielieboere te bevorder. Om dit te kan doen, moes 'n gees van samewerking en samehorigheid onder die produsente bevorder word. Deur hierdie gesamentlike optrede kon die heil van die mielieboere, in sy totale omvang, bevorder word.

SAMPI het groter openheid van die Mielieraad se sake bepleit. "Laat ons streng vertroulike sake in die landbou minder maak. Al hierdie notules wat 'streng vertroulik' gemerk word, is 'n onding. Laat 'n man weet wat aangaan, sodat hy dit vanaand met sy vrou kan uitpraat," het Fanie Ferreira gesê.[57]

As alternatief vir die tenderstelsel het SAMPI voorgestel dat die Mielieraad, in samewerking met 'n konsortium van mielie-koöperasies, die uitvoere behartig en die winste direk na die boere gaan. Die gebruik om groot sendings oorsee te stuur, moes deur kleiner en meer sendings vervang word. Oorweging

57 *Die Landman*, September 1973, p. 36.

**DIE EERSTE DAGBESTUURSLEDE VAN SAMPI**



*V.l.n.r. Hennie Delport, Giep Nel, Fanie Ferreira en Crawford von Abo. Die foto is op 6 Junie 1987 geneem.*

moes daaraan geskenk word om mielies op 'n permanente basis op die Chicago-graanbeurs in die VSA te verkoop. Daardeur sou nie net langtermyn-kontrakte verseker word nie, maar kon daar direk aan die nagenoeg 1 400 lede – almal potensiële kopers – verkoop word, en indien nodig, van hulle gekoop word. Aangesien almal op een plek byeen is, vind die transaksies met baie min moeite en onkoste plaas – voordele wat deeglik benut kon word.[58]

SAMPI se doelstellings, wense en strewes, is deur Ferreira betekenisvol saamgevat: "Juis op hierdie gebied lê dan ook waarskynlik die grootste bydrae wat 'n spesialiteitsorganisasie in die mieliebedryf kan maak. Nie om 'n hoër prys te beding nie, maar veel eerder om elke knelpunt in dié bedryf, waarvan daar vele (is) ..., aanhoudend en op 'n positiewe wyse uit te lig, en onder die Owerhede se aandag te bring. Nieteenstaande die feit dat so 'n organisasie hom daardeur die gramskap ... op die hals mag haal."[59]

Om sy rol te vervul deur onbeskaamd sy boodskap in duidelike taal uit te dra, het SAMPI onverwyld daartoe oorgegaan om 'n behoorlike administratiewe en organisatoriese infrastruktuur op die been te bring. Te Bothaville, waar die hoofkantoor gesetel was, het Nel steeds die bal aan die rol gehou deur belangrike administratiewe opvolgwerk, insluitend die druk van 15 000 konstitusies, verkryging van 'n telefoon en 'n posbus, opening van 'n bankrekening, asook registrasie van die naam "SAMPI", af te handel. Nel het hiermee die skamele begin gemaak van wat onder die bekwame leiding van Willie Kotzé, aanvanklik as die organiserende sekretaris en later as die Direkteur, bygestaan deur die eerste sekretaris, Willie Landman, in 'n uiters omvattende en doeltreffende administratiewe stelsel omskep is. Die vordering was só na wense dat SAMPI op 1 Julie 1966 sy kantoor, wat gratis en ten volle gemeubileerd deur Von Abo beskikbaar gestel is, vir sy lede amptelik kon oopstel.

Intussen het die werwing van lede geensins agterweë gebly nie. Die uitgangspunt hier was om daardie gevalle waar SAMPI nie die besture van die Provinsiale Landbou-unies se boereverengings beheer het nie, met sy lede te vervang. Dit het baie groot voordele ingehou, want nie net is 'n gevestigde organisatoriese struktuur geërf nie, maar het SAMPI ook die beheer oor die boerevereniging se fondse en ander bates, insluitend die vergadersale, verkry.

58 *Ibid.*, Junie 1971, pp. 35, 43, 47.
59 *Ibid.*, Maart 1978, p. 15.

Ten opsigte van die vergaderprosedure is beslis dat die boerevereniging die gewone vergadering vir die bespreking van algemene sake, byvoorbeeld, arbeidsaangeleenthede en elektrifisering, afsonderlik van dié van SAMPI moes hou. Behalwe dat die reëling konstitusioneel korrek was, het dit meegebring dat die nie-SAMPI-lede steeds hulle mening kon lug oor daardie sake wat hulle direk geraak het.

In weerwil van dié toegewing, het SAMPI hom in 'n uiters netelige situasie bevind, want dit was ooglopend dat hy as "'n organisasie binne 'n organisasie", hoofsaaklik daarop uit was om die SALU met die oog op affiliasie, van binne te rysmier. Sou SAMPI die alternatiewe werkswyse volg deur 'n paralelle mielie-organisasie langs dié van die SALU te vestig, het die gevaar bestaan dat hy as 'n splintergroep gebrandmerk sou word. SAMPI het weliswaar die verweer gehad dat sy affiliasie by die SALU een van sy vernaamste doelstellings was, maar dit sou moeilik gaan om die leierskorps van die Georganiseerde Landbou daarvan te oortuig.

Aanvanklik was die werwing van lede die uitsluitlike verantwoordelikheid van die distriksverteenwoordigers, wat gedurende die Stigtingsvergadering, vir dié doel in Aksiekomitees omskep is. Die werkswyse wat in die onderskeie distrikte gevolg is, kan hoofsaaklik in 2 kategorieë geplaas word. Eerstens, is die potensiële lede van plaas tot plaas besoek om ingeskryf te word. Sodra genoeg lede gewerf is om dit te regverdig , is 'n vergadering belê, waartydens takke gestig en 'n distriksbestuur verkies is. Tweedens, is die potensiële lede genader om 'n inligtingsvergadering by te woon, waartydens lede gewerf, takke gestig en 'n distriksbestuur verkies is.

Daardie distrikte wat nie by die Stigtingsvergadering verteenwoordig was nie, is glad nie vergeet nie. Die prosedure in dié geval was dat die kantoor diegene wat SAMPI goedgesind was, versoek het om 'n aksiekomitee te stig. Hierna het die Komitee besluit op watter wyse die lede gewerf, en wanneer die vergadering belê sou word.

Die belangrikheid van die vergaderings is terdeë besef; gevolglik het onder andere, Ferreira en Kotzé, sonder om enige moeite, koste en afstand te ontsien, die vele uitnodigings daarheen onverwyld aanvaar. In die tydperk vanaf 1 Julie 1966 tot 30 September 1966 is 40 vergaderings bygewoon en toegespreek.

Aan entoesiasme het dit geensins by sommige lede ontbreek nie. 'n Sprekende voorbeeld wat dié van Joos du Plessis en die Oos-Transvaalse organi-

seerder, WAA Roos, wat vanuit die eerste streekkantoor op Delmas, die saak van SAMPI uitgedra het. Die ywer waarmee dit gedoen is, was sekerlik goed bedoel, maar ongelukkig het dit geskied sonder dat die hoofbestuur enigsins in enige van die sake geken is, met die gevolg, dat dit net 9 weke later gelei het tot die sluiting van die kantoor. Hoewel as amptelike rede aangegee is dat die kantoor nie op daardie vroeë stadium geregverdig was nie, was die ware rede dat die gevaar bestaan het dat hierdie té onafhanklike optrede op die lange duur vir SAMPI onberekenbare skade sou aandoen.

Omdat SAMPI besef het dat sy lede nie onbepaald op hulle eie onkoste nuwe lede kon werf nie, is 'n voltydse organiseerder, DT Swart, aangestel. Hy is spoedig deur andere gevolg naamlik HJP Lubbe, BM van Zyl, LL Mostert, NP Koen, JD Theron, AT Fullard, Jas Crous, SJ Nel, APJ Dreyer en GJJ van Rensburg. Oor die taak van die organiseerders het Delport hom as volg uitgelaat: "Dit is ... die organiseerders wat ons soldate in die voorste linie is. Dit is hulle wat soms vernedering en aanstoot moet verduur; nogtans word van hulle verwag om die slagveld te wen. Dit is hulle wat die klagtes aanhoor, wat Salomo se wysheid benodig om ander se foute uit te wis, om verkeerde opvattings reg te stel en dan moet hulle nog altyd 'n aantreklike, positiewe SAMPI-beeld voorhou. In die lig van hierdie probleme het Hannes van Wyk die wese van die werwingsproses treffend saamgevat: "Dit was voorwaar 'n groot gesukkel om die SAMPI-lede bymekaar te kry, want soos perskes een vir een afgepluk en in 'n mandjie gesit word, is die lede van SAMPI bymekaar gemaak."[60]

In weerwil van soms knellende organisatoriese probleme, waaronder die gebrek aan voldoende tyd om genoeg lede in te skryf, die tanende entoesiasme by die lede om werwing te doen en die versuim om ledegeld betyds te vereffen, ten einde afgevaardigdes te kon kies, het SAMPI dit goedgedink om op 15 en 16 Februarie 1967 sy eerste nasionale byeenkoms van *bona fide*-mielieprodusente byeen te roep. Dit het die vorm van 'n konferensie, nie 'n kongres nie, aangeneem. Die rede hiervoor was dat SAMPI soveel as moontlik van sy lede, en nie ooreenkomstig die konstitusionele bepaling van 'n kwart miljoen sakke mielies nie, tot die besprekings wou toelaat. Hoewel die opkoms nie bekend is nie, het SAMPI dit as 'n genoegsame mandaat beskou om belangrike administratiewe

60 *NAMPO*, K 864/9. Onderhoud Marais en Theron met M Haddad, HG Stegmann en Van Wyk, Bloemfontein, 13.6.85.

besluite, insluitend die goedkeuring van die konsep-konstitusie en die finale aanvaarding van die embleem, te neem.

'n Laaste, dog baie belangrike organisatoriese aangeleentheid, was die insameling van die toetredingsfooi van R10, asook die ledegeld, wat op 'n ½c per 90 kilogram sak vasgestel is. Daardeur was SAMPI totaal afhanklik van sy byna 15 000 lede se vrywillige bydraes, wat deur die grootte van die onderskeie lede se oeste bepaal is. Nieteenstaande die wisselende opbrengs en die versuim van die lede om hulle ledegelde te betaal, het SAMPI deurgaans voldoende fondse gehad om sy saak te kon stel: 'n prestasie wat SAMPI sonder om ooit enigsins te skroom, aan die groot klok gehang het.

Onlosmaaklik verbonde aan die vestiging van die kantoor, was die omvattende aksie wat geloods is om SAMPI se boodskap so vinnig en so effektief as moontlik na al die belanghebbendes uit te dra. Hoewel SAMPI baie groot waarde aan die gesproke woord geheg het – vandaar die vele vergaderings – was SAMPI genoodsaak om 'n nog groter premie op die geskrewe woord te plaas.

Dit was nie alleen 'n makliker en goedkoper metode nie, maar SAMPI het geensins toegang tot die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie (SAUK) se radio en latere TV-programme gehad nie. Veral was die program, "Landbouradio", wat onder direkte beheer van die Departement van Landbou gestaan het hier ter sprake.

SAMPI het dus nie geskroom om soveel as moontlik publikasies vir sy doeleindes in te span nie. Onder die bekende landboutydskrifte, is *Die Landbouweekblad* en die *Farmer's Weekly*, en ook die nasionale koerante, veral dié van Transvaal en die Vrystaat. SAMPI het selfs die dorps- en streekskoerante nie oorgeslaan nie. Daar het omtrent nie 'n dag verbygegaan nie waar gepoog is om òf 'n persverklaring òf 'n brief in die pers te laat verskyn. SAMPI het weliswaar op hierdie wyse sy stem laat hoor, maar hy was nie altyd ingenome met die wyse waarop sy boodskap, veral deur die nasionale koerante, oorgedra is nie; gevolglik het SAMPI ook hier 'n stryd te stry gehad.

SAMPI het daarom des te meer besef dat hy sy eie publikasies die lig moes laat sien; nie net vir sy unieke boodskap nie, maar ook om verkeerde berigge-wing reg te stel.

Omdat SAMPI ingesien het dat 'n eenmalige beroep op die boeregemeenskap nie die gewenste resultaat sou hê nie, is daar vanaf Oktober 1966 met 'n

maandelikse nuusbrief, bekend as die *SAMPI-Nuusbrief*, begin. Kotzé, en later JD Theron, was die opstellers daarvan, en dit het 'n oplaag van 6 000 gehad. Vanweë die goeie ontvangs daarvan, is dit in Junie 1969 in 'n maandblad, *Die Landman*, met Theron as die redakteur, omskep.[61] Die oplaag het deurentyd gegroei en was in 1976 nagenoeg 12 000 eksemplare.

Ondersteunend tot die *Nuusbrief*, is 'n inligtingsbrosjure, *SAMPI. Waarom?*, deur Von Abo en Hennie de Jager, saamgestel. Hierdie brosjure, waarin die griewe van die ontevrede mielieboere uiters deeglik en inhoudelik goed gesistematiseerd uiteengesit is, is op 'n groot skaal in die vernaamste mielieproduserende distrikte versprei. Daar kan dus sonder die vrees vir enige teenspraak aanvaar word dat hierdie pamflet in die vroeë bestaan van SAMPI 'n onmisbare plek ingeneem het.

Ten einde kontak met sy lede te behou, het SAMPI se kantoor 'n onophoudelike stroom omsendbriewe aan, òf die takke òf die individuele lede, gestuur.

Volkome daarvan oortuig dat die meerderheid *bona fide*-mielieprodusente hulle agter SAMPI sou skaar, en òòk gerusgestel deur die wete dat hy oor die organisatoriese infrastruktuur, sowel as die middele en metodes beskik om die potensiële lede en nie-lede te bereik, het SAMPI homself op die pad geplaas om sy selfopgelegde taak met al die nodige erns uit te voer.

Die stigting van SAMPI was 'n moedige stap deur versiende mielieprodusente. Vir hulle het die heil in 'n spesialiteitsorganisasie gelê, sodat die produsente oor hulle eie toekoms kon beslis. Vir SAMPI het 'n vurige stryd voorgelê, wat soms onverkwiklike afmetings aangeneem het. Sy leiers sou egter nie 'n duim wyk nie.

---

61 *Die Landman*, Junie 1969, p. 1. Die laaste uitgawe daarvan het in Oktober 1980 verskyn; *SAMPI*, Lêer 3/1/8/1. Op 12.9.72 het SAMPI gepoog om die naam na *Landman* te verander. Dit het egter misluk. Vgl. die voorblaaie van *Die Landman*.

# HOOFSTUK 2

# SAMPI SOEK SAMEWERKING EN ERKENNING

SAMPI wou nooit 'n organisasie losstaande van die Georganiseerde Landbou wees nie. Hy wou graag deel van die georganiseerde landboustruktuur wees, en het as prioriteit daarna gestreef om by die SALU te affilieer. SAMPI het hom gevolglik onvermoeid vir affiliasie beywer. Met die oog daarop is gestreef na die daarstelling van 'n gees van samewerking en versoening met die SALU.

As eerste tree op hierdie pad, ná die Uitstapkongres van Maart 1966, het 'n afvaardiging, onder die leiding van Hennie Delport, samesprekings met die SALU se topbestuur, onder aanvoering van die voorsitter, De la Harpe de Villiers, gevoer. Hoewel die SALU ernstig gemaan het dat die beginsel van spesialisasie nie té oorhaastig toegepas moes word nie – die boere moes éérs hiervoor ryp gemaak word – was die afvaardiging tevrede met die tegemoetkomendheid wat die Unie geopenbaar het. Die SALU se standpunt was dat die probleme van die mieliebedryf begryp word, en dat daar weliswaar 'n behoefte bestaan om die organisatoriese samestelling daarvan te verander. Boonop het die SALU voorgestel dat die afvaardiging die te stigte organisasie se konsepkonstitusie aan Chris Cilliers, sy Direkteur, vir kommentaar en aanbevelings voorlê. Dit sou meebring dat, indien hulle in die toekoms om affiliasie aansoek wou doen, dit nie as gevolg van konstitusionele redes geweier kon word nie. Uiters in sy skik hiermee het die afvaardiging onverwyld die dokument voorgelê, en daarna Cilliers se aanbevelings daarin opgeneem.

Steeds onder die indruk dat die SALU later sy deur vir SAMPI kon open, is besluit om De Villiers na die massavergadering op 18 Maart 1966 uit te nooi, waar die mielieboere die voorneme om 'n spesialiteitsorganisasie te stig herbevestig het. Daardeur is De Villiers die geleentheid gebied om eerstehands die polsslag van die toekomstige organisasie te ervaar. Hy is selfs genooi om die aanwesiges toe te spreek. Onder andere het hy gesê: "(Ek) stem saam met die beginsel dat 'n groot nasionale vereniging van mielieprodusente gestig word. (Ek) het geen twyfel nie dat die boere, en dus ook die mielieboere, net een doel voor oë het, naamlik, om 'n regmatige aandeel in die vooruitgang van die land te kry, en dit is heeltemal reg. (Ek) pleit nie vir die bestaan van die verskillende

Landbou-unies as hulle nie die boere dien nie. (Ek) kry die idee dat die boere gefrustreerd voel omdat die bestaande organisasies nie die nodige slaankrag het nie."[1] SAMPI het in die gees van die goeie gesindheid wat tussen hom en die SALU ná die Stigtingsvergadering op 22 April 1966, waar die konstitusie ook gefinaliseer is, geheers het, onmiddellik met Cilliers geskakel om sekere prosedures en formaliteite uit te klaar.

Helaas egter het dit in die lig van latere gebeure geblyk dat SAMPI die reaksie van die SALU se topbestuur verkeerd vertolk het. SAMPI het spoedig ondervind dat hy ernstige teenstand van die SALU sou kry.

Die eerste daadwerklike negatiewe reaksie teenoor SAMPI het uit die oord van die Vrystaatse Landbou-unie (VLU) gekom. Sonder omhaal van woorde het die Uitvoerende Bestuur beklemtoon dat SAMPI nie in dié Landbou-unie se midde welkom sou wees nie. Op 24 Mei 1966 is 'n verklaring uitgereik waarin gesê is dat, na deeglike oorweging, die Unie nie die ondemokratiese en ongrondwetlike optrede van SAMPI kon goedkeur nie; die Mieliekomitee is wettig verkose en behoorlik saamgestel, daarom sou die Bestuur ten alle koste die Komitee in sy werksaamhede onderskraag. Daarby was die Uitvoerende Bestuur daarvan oortuig dat die belange van die mielieboere die beste binne die breë raamwerk van die Georganiseerde Landbou behartig kon word.[2]

Hierdie standpunt van die VLU was die begin van 'n uiters weldeurdagte poging van die kant van die Provinsiale Landbou-unies en die SALU, om nie net SAMPI se pogings om te affilieer te kortwiek nie, maar om sy totale vernietiging te soek.

Desondanks het SAMPI voortgegaan om met die Vrystaatse Landbou-unie se Mieliekomitee oor die vraagstuk van affiliasie te onderhandel. Dit spruit uit die bepaling van die SALU se grondwet, wat gelui het dat 'n spesialiteitsorganisasie wat wou affilieer, eers by die Provinsiale-unie, waar sy hoofkantoor gesetel is, moes affilieer.[3]

Hoewel SAMPI as die party wat verleë was 'n goeie gesindheid moes behou, het hy glad nie met 'n hoed-in-die-hand-houding die vergadering op 23 Junie 1966 met die Mieliekomitee, onder die wakende oog van De Villiers,

---

1 *De Jager*. Inligtingsbrosjure, April 1970, p. 1. Vgl. *Die Volksblad*, 19.3.66. Berig.
2 *Ibid*., 25.5.66. Berig.
3 PV 729: *CL von Abo-versameling* (ongeorden). *SAMPI. Waarom?*, 1967, p. 1; Vgl. Konstitusie van die SALU, 1962, artikel 3(2)(K).

benader nie. Eers is die Komitee gedwing om die uitlating terug te trek wat lui dat SAMPI ongrondwetlik en ondemokraties sou wees.[4] Daarna het SAMPI die Mieliekomitee, onder die voorsitterskap van Org du Plessis, versoek om die nodige samewerking en steun te verleen wanneer SAMPI formeel by die Vrystaatse Landbou-unie om affiliasie aansoek sou doen. Die Mieliekomitee was glad nie hiertoe bereid nie, aangesien dit sy voortbestaan in die gevaar sou stel en dit sou beteken dat daar spreekbuise sou wees as dit by mieliesake kom. So 'n toestand sou nie net 'n verleentheid wees nie, maar ook onhoudbaar en onaanvaarbaar. As gevolg van dié dooiepunt het die vergadering verdaag.[5]

Om te beklemtoon hoe onwelkom SAMPI was, het die VLU hierna die SALU versoek om sy grondwet so te wysig, dat SAMPI nie vir affiliasie kon kwalifiseer nie.[6]

Hierdie ontoeganklike houding wat die VLU geopenbaar het, moes óók teen die agtergrond van die meer as 60 jaar van dienslewering aan die boerderygemeenskap van die Vrystaat gesien word. Dit was beslis 'n ongelukkige dag vir die Unie toe die ontevrede mielieboere hulle hoede gevat en geloop het. Die optrede kon die einde van die VLU in sy bestaande vorm beteken het, want SAMPI se optrede kon ander bedrywe beïnvloed om soortgelyk op hulle probleme te reageer. In die lig daarvan kom die oproep van die VLU: "Produsente bly getrou aan 'n organisasie wat elke dag oor u belange waak ... Ons het lank en swaar gebou; ons het groot hoogtepunte bereik; ons is steeds in hoofsaak daarop ingestel om die produsente daagliks te dien."[7]

Vanweë dieselfde bedreiging wat SAMPI vir die TLU ingehou het, het die weerstand teen SAMPI óók anderkant die Vaalrivier opgebou. Die TLU se gevoel teenoor SAMPI is duidelik weerspieël in eersgenoemde se reaksie op die stelling van Fanie Ferreira, wat hy tydens 'n vergadering op Ventersdorp gemaak het, deur te sê dat 'n vakbond van mielieboere gestig sou word, indien die SALU sou weier om affiliasie aan SAMPI te verleen.[8]

---

4 *Die Volksblad*, 24.6.66. Berig. Hier is ook gemeld dat, hoewel SAMPI en die Vrystaatse Landbou-unie ooreengekom het oor die strekking van die verklaring, het Delport later gesê dat die leiers van die Mieliekomitee later geweier het om dit te onderteken.

5 *Die Landbouweekblad*, 31.3.70. Brief.

6 *Ibid.*

7 *Die Volksblad*, 25.5.66. Berig.

8 *Ibid.*, 12.6.66. Berig.

Die sekretaris van die TLU, CJ Reinecke, het dit afgemaak deur te sê dat die blote gedagte van 'n mielievakbond, heeltemal misplaas is, want die Georganiseerde Landbou is té trots om sy aansien in 'n vakbond te laat ontaard. Dit is te betreur dat die ontevrede mielieboere vanuit 'n aangrensende provinsie die gemoedere onder mede-produsente opgesweep het, wat beteken dat die TLU as die verantwoordelike landbouliggaam, misken is.[9]

Hierna, op 9 Augustus 1966, het van die TLU-Mieliekomiteelede 'n onderhoud met SAMPI aangevra. SAMPI is gewaarsku om nie 'n onderhoud met die volle Mieliekomitee aan te vra nie, want dit sou beslis geweier word. Die TLU-afvaardiging het tog aangebied om beide partye om die konferensietafel byeen te bring, maar daarvan het niks tereg gekom nie. 'n Moontlike verklaring daarvoor was dat die TLU die deur betyds wou toeklap, eerder as om die vyand later uit die huis te verdryf.

Te midde van die teenkanting en gepaardgaande dreigemente uit alle oorde, het SAMPI op sy eerste landwye byeenkoms te Potchefstroom, opnuut beklemtoon dat affiliasie steeds voorgestaan word. Tydens sy voorsittersverslag het Delport gesê: "Die stigting van SAMPI was beslis nie 'n oorhaastige optrede nie, maar is die noodwendige gevolg van 'n jarelange stryd, wat in volle medewete van die president van die SALU op die Provinsiale Kongresse geheers het ... SAMPI (wil) nie vernietig nie; hy wil byvoeg, groter, beter en sterker maak; daarom soek hy samewerking en affiliasie."[10]

Tydens die daaropvolgende Mieliekongres van die Vrystaatse Landbou-unie is die verdelingslyne tussen die spesialisasiegesindes en diegene wat die bestaande stelsel ondersteun het, skerp gekontrasteer. Hierdie kenmerk sou óók by latere Mieliekongresse aanwesig wees, want SAMPI het besluit om óók deur die bestaande stelsel sy saak te bevorder. Hennie de Jager het hom só daaroor uitgelaat: "Nadat ons van die Vrystaatse Mieliekongres weggebreek het, het ons besluit dat ons in die (ou) bedeling teruggaan. Daar het ons 'n geweldige stryd gevoer. Daar is steeds 'n beroep gedoen op die sentiment van die verbruikers wat daar gesit het, en wat nie genoegsame (mielie-)belang gehad het nie, om die mielieboere die kans te gee om hulle eie bedryf te hanteer."[11] Hierdie beroep,

9 *Ibid.*, 14.6.66. Berig.
10 PV 727: *SAMPI-versameling*, Lêer 2/1/12/24/1. Voorsittersverslag, 16.2.67, p. 2.
11 PV 735: *NAMPO-versameling*, K 792. Onderhoud AH Marais en JH Theron met HPJ de Jager, Bothaville, 4.12.84.

asook SAMPI se oproep tot sy lede om SAMPI-gesindes na die Mieliekongresse te stuur, het op die 1967-Jaarkongres vrugte afgewerp, want Hennie Delport is as die onder-voorsitter en Jan Erasmus, Tienie Prinsloo, Piet Delport en Jannie van der Merwe, as lede van die Mieliekomitee verkies. Vyf van die 11 produsentelede was dus uit die SAMPI-stal afkomstig, wat 'n ongeëwenaarde prestasie was, maar seer sekerlik 'n baie groot verleentheid vir die Georganiseerde Landbou.

Op dié Kongres het MA Prinsloo en Hennie de Jager namens SAMPI opgetree, deur daarop te wys dat daar 'n dringende behoefte aan "'n eie mielievereniging" bestaan het. Hulle het daarom gepleit dat die Vrystaatse Landbou-unie moes meehelp om die verkryging daarvan te bespoedig. Namens die "tradisionaliste" het Luther Linde uitdruklik beklemtoon dat die mielieboere rééds oor "'n eie mielievereniging", verwysend na die Mieliekomitee, beskik het.[12]

In 'n poging om die verdeeldheid te besweer, omdat "die prentjie wat die mielieboere in die Vrystaat na buite vertoon, nie mooi (is) nie", het Linde 'n versoenende voorstel gemaak: "Laat ons uit hierdie Kongres ses lede kies, drie elk van die verskillende denkrigtings, onder die voorsitterskap van meneer De la Harpe de Villiers, die voorsitter van die SALU, wat op hierdie moontlikheid kan ingaan, en dit te bewerkstellig as dit moontlik is, want u sal met die TLU, die SALU en die Algemene Raad moet samesprekinge voer om 'n uniale organisasie onder die huidige bedeling tot stand te bring."[13]

Die voorstel is eenparig aanvaar, en die voorsitter, Du Plessis, het aangekondig dat 3 lede uit elke denkrigting genomineer moes word. Hy het toe buite die verloop van "normale" vergaderingsprosedure, toegelaat dat Ferreira 'n kwalifiserende verduideliking van dié besluit kon gee. Ferreira het gesê dat SAMPI en die Georganiseerde Landbou elk 3 lede moes kies. Hoewel dit algemeen aanvaar kon word dat die afgevaardigdes die voorstel van Linde sodanig verstaan het, het Ferreira se inset, tegnies gesproke, die oorspronklike besluit verander. Boonop het dit sonder 'n formele voorstel, òf by wyse van 'n amendement òf 'n hersieningsvoorstel, geskied. Die afwesigheid van enige beswaar het egter beteken dat al die afgevaardigdes ten gunste van die wysiging was; gevolglik is daar ook nie tot die verkiesing van die persone oorgegaan nie.

12 *De Jager*. Onderhandelinge tussen SAMPI en die Georganiseerde Landbou, Maart 1967, p. 2.
13 *Ibid.*, p. 3.

Die regverdiging vir hierdie tegniese relaas word gevind in die Vrystaatse Landbou-unie se optrede om 'n skuiwergat te vind om die oogmerk van die besluit te vernietig.

Aanvanklik het die sekretaris van die Vrystaatse Landbou-unie, Piet van Rooy, die gebeure en die Kongresbesluit, nie in die amptelike notule korrek weergegee nie. Sy weergawe het gelees: "Met die oog op die feit dat daar nou finaal 'n oplossing gevind moet word vir die moeilikhede, kies die Kongres 'n komitee van ses, drie uit elke gedagterigting, wat 'n komitee vorm onder voorsitterskap van die President van die SALU, met die opdrag dat die Komitee 'n studie maak van die behoeftes van die mielieboere om 'n vereniging te verkry, wat aan die behoeftes voldoen, en dan die nodige konstitusionele wysigings binne die bestaande raamwerk van Georganiseerde Landbou, aan die volgende Kongres vir goedkeuring voor te lê."[14]

Hierna het die Unie sy bevraagtekende optrede voortgesit deur aan Delport en Du Plessis uitnodigings te rig, om namens elke gedagterigting 3 persone te benoem. Hieruit blyk dit dat die Unie nie sy eie weergawe van die besluit verstaan het nie. Sou dit die geval wees, kon die uitnodigings nie gerig word nie, want volgens die Unie se weergawe, word daar duidelik gesê "... kies die Kongres 'n komitee van ses ...".[15] Die uitreiking van die uitnodigings staan eerder in die gees van die wyse waarop SAMPI die werklike besluit van die Kongres verstaan het.

Die versoek aan Delport en Du Plessis om namens elke gedagterigting, soos op die Kongres aanwesig, 3 persone te nomineer, is ook met die ware kongresbesluit in stryd. Dié moes in werklikheid gelui het dat SAMPI en die Mieliekomitee elk 3 persone moes nomineer.

Delport het ooreenkomstig die oorspronklike besluit gehandel, en die saak na SAMPI se hoofbestuur verwys. Die liggaam het Delport, Ferreira, Crawford von Abo, Willie Kotzé, die Direkteur en Org Dannhauser, as waarnemer namens die Transvaalse lede van SAMPI, aangewys om SAMPI te verteenwoordig. SAMPI het hiermee ook strydig met die kongresbesluit opgetree, want net 3 persone, en nie meer nie, moes aangewys word.

---

14 *SAMPI*, Lêer 2/1/33/2/1. PJ van Rooy aan Mieliekomitee en Uitvoerende Bestuur, 11.4.67.
15 *Ibid.*, Van Rooy aan Mielikomitee en Uitvoerende Bestuur, 11.4.67.

By voorlegging van die name het die VLU, SAMPI hierop gewys, maar dit was niks in vergelyking met dit wat die Unie nog gesê het nie. Hy het SAMPI op die bestaan van 'n misverstand gewys, want die Komitee wat aangestel moes word, moes uit die 2 gedagterigtings, en nie uit die Mieliekomitee en SAMPI nie kom. SAMPI, wat by sy vertolking van die besluit gehou het, het die mededeling van die Landbou-unie as 'n besliste teken gesien dat hy nie met SAMPI wou onderhandel nie; gevolglik het SAMPI die name teruggetrek. SAMPI het nog eens beklemtoon dat hy bereid was om te enige tyd te onderhandel, maar op die voorwaarde dat dit ooreenkomstig die ware weergawe van die kongresbesluit moes geskied.[16]

Na gesprekke tussen Delport en Van Rooy oor die "misverstand" het eersgenoemde wéér namens SAMPI die name voorgelê. Delport het Dannhauser se naam daarby ingesluit, nadat hy met Du Plessis sy (Dannhauser) se teenwoordigheid op die Komitee uitgeklaar het. Delport het ook voorgestel dat beide partye sy eie sekretaris saambring, sodat daar gesamentlik 'n notule opgestel kon word. In werklikheid wou Delport hiermee verhoed dat daar enige verdere misverstande oor die vertolking van gebeure op die komende vergadering kon ontstaan.

Die name van Delport, Ferreira en Von Abo is aanvaar, maar daar is volhard dat hulle deur Delport aangewys is. Dannhauser kon volgens 'n beslissing van De Villiers, wat met die kongresbesluit gestrook het, nie teenwoordig wees nie. De Villiers het SAMPI se voorstel insake 'n dubbele sekretariaat verwerp, en ingewillig om self die notule te hou.

Na al hierdie gesukkel het die Komitee, bestaande uit die SAMPI-genomineerdes en diegene wat Du Plessis, maar nie die Mieliekomitee nie, benoem het, te wete, Du Plessis, Linde en Pikkie Maree, op 11 Mei 1967 in Bloemfontein vergader.

Die vergadering was 'n totale mislukking. Eers is daar oor die bewoording van die kongresbesluit geredekawel: SAMPI het volgehou dat dit foutief was, terwyl die lede van die Mieliekomitee die teendeel onderskryf het. Laasge-

---

16 *Ibid.*, Kotzé aan Van Rooy, 10.4.67. Sien ook korrespondensie, Delport aan Van Rooy, 11.4.67.

noemde het selfs so ver gegaan as om te beweer dat die besluit van die Kongres bloot as 'n wenk beskou moes word.[17]

Hierna het SAMPI die hoedanigheid van De Villiers as voorsitter van die vergadering bevraagteken. Volgens die oorspronklike kongresbesluit en ooreenkomstig die weergawe van die Vrystaatse Landbou-unie, moes die Komitee onder die voorsitterskap van die President van die SALU vergader. De Villiers het egter aangedui dat hy in sy hoedanigheid as die voorsitter van die Vrystaatse Landbou-unie, optree. Sy motivering hiervoor was dat die Kongres, wat die besluit geneem het, uit Vrystaatse mielieboere bestaan het; gevolglik moes die Komitee eers as 'n Vrystaatse komitee onder die voorsitterskap van die President van die Vrystaatse Landbou-unie, byeen kom. Hangende die besluit van die Komitee, het die moontlikheid bestaan dat daar verder as die Vrystaat gegaan kon word, om deur middel van die normale kanale van onderhandelinge, met die ander Provinsiale Mieliekomitees skakeling te bewerkstellig. SAMPI het op grond van die kongresbesluit De Villiers se verduideliking geheel en al verwerp.[18]

Vanweë die onoorbrugbaarheid van die standpunte het De Villiers geen ander keuse gehad as om die vergadering te verdaag nie. Dit was die ongelukkige einde van 'n kongresbesluit, wat oorspronklik goeie bedoelings gehad het en goeie gevolge moes hê, maar tegelykertyd was dit 'n stimulus wat die verhouding tussen SAMPI en die anti-SAMPI-gesindes in die Vrystaat toenemend vertroebel het.

Onderwyl SAMPI en die Vrystaatse Landbou-unie die probleem moes oorbrug om by die onderhandelingstafel uit te kom, het die TLU, op inisiatief van sy Wes-Transvaalse streek, sy spiere stywer teen SAMPI gebult. Op Ottosdal, gedurende die laaste week van April 1967, het die voorsitters van die distriksboere-unies besluit om by die TLU aan te beveel dat die mielieboere van Transvaal moes besluit waar hulle lojaliteit lê: by die Georganiseerde Landbou of by SAMPI. Sou dit by SAMPI lê, moes diegene onvoorwaardelik uit die TLU bedank.[19]

---

17 PV 731: *SES Ferreira-versameling* (ongeorden). Kommentaar op die Vrystaatse Landbou-unie se publikasie: Kragverbrokkeling in die Mieliebedryf (hierna "Kommentaar op Kragverbrokkeling" genoem), Julie 1967, p. 4.

18 *SAMPI*, Lêer 2/1/33/2/1. Notule van vergadering, 11.5.67, p. 1. Sien ook *Ibid.*, Van Rooy aan Mieliekomitee en Uitvoerende Bestuur, 11.4.67.

19 *Sunday Times*, 30.4.67. Berig.

SAMPI het hierdie skokkende voorneme van die anti-SAMPI-gesindes nie gelate aanvaar nie. Benewens die feit dat dit as inkonsekwente optrede, in die lig van die ander bestaande spesialiteitsverenigings, bestempel is, het SAMPI gewaarsku dat 'n besluit, met so 'n strekking, nie die belange van die Georganiseerde Landbou kon dien nie; gevolglik sou die aanvaarding daarvan die bestaande verdeling net vererger.[20]

Hierdie veroordeling deur SAMPI, asook sy herhaaldelike oproepe tot samewerking en affiliasie, het nie verhinder dat die Uitvoerende Komitee van die SALU die Ottosdal-besluit enkele weke later bekragtig het nie. Om eenvormigheid te bewerkstellig, sou dit meebring dat die konstitusies van die Provinsiale Landbou-unies en dié van die SALU, tydens die Kongresse later daardie jaar, gewysig moes word.

Die SALU het, benewens hierdie voorneme, sy optrede teen SAMPI nog 'n stap verder gevoer. 'n Veldtogkomitee, in die omgangstaal as die "Oorlogskomitee" bekend, onder leiding van De Villiers, is in die lewe geroep om alles in hul vermoë te doen om SAMPI uit te wis.[21] Die veldtog is begin deur 'n gesamentlike verklaring wat die Uitvoerende Komitee van die SALU en die Algemene Raad van die TLU uitgereik het. Daarin is herbevestig dat die Georganiseerde Landbou die stryd teen SAMPI aangeknoop het, dat die uitstappery tydens die Vrystaatse Mieliekongres ongrondwetlik was, en dat die stelsel van bedryfskomitees die noodsaaklikheid van 'n mieliespesialiteitsorganisasie uitskakel.[22]

'n Rukkie later het die Vrystaatse Landbou-unie gereageer deur aan te kondig dat die SALU en die TLU heelhartig ondersteun word.[23] Selfs De Villiers het 'n persoonlike skrywe aan die Landbou-unie se lede gerig. Behalwe die reeds bekende argumente teen SAMPI, is beklemtoon dat die swakhede wat SAMPI in die Georganiseerde Landbou sien, van binne opgelos kon word. 'n Nuwe organisasie vir die mieliebedryf is dus onnodig en totaal oorbodig.[24]

Etlike vergaderings het ook deel van die Oorlogskomitee se veldtog uitgemaak. In samewerking met die Mielieraad, asook die Uitvoerende Besture van

---

20 *SAMPI-Nuusbrief*, Mei 1967, p. 11.
21 *Sondagstem*, 2.6.67. Berig.
22 *Die Landbouweekblad*, 27.6.67. Berig.
23 *Ibid.*, 4.7.67. Berig.
24 *SAMPI*, Lêer 2/1/33/2/1. DH de Villiers aan mielieboere, 15.6.67, pp. 1-2.

die SALU, die TLU en die VLU, is SAMPI die stryd aangesê. Vir SAMPI het dit in so 'n negatiewe gees plaasgevind, dat dit as wraakvergaderings bestempel is.

Die ergste skriftelike aanslag deur die Oorlogskomitee, was ongetwyfeld die dokument, getiteld: *Kragverbrokkeling in die Mieliebedryf*. In dié "geel-dokument", soos dit onder die boere bekend gestaan het, is 'n reeks beskuldigings teen SAMPI gemaak, waarvan net enkeles hier aandag geniet. Onder andere is gesê dat die Bothaville-splintergroep, bedoelende SAMPI, wat net 10 persent van Suid-Afrika se mielieboere verteenwoordig, nie net besig was om tweespalt en verwarring te saai nie, maar ook om ondermynende bedrywighede te pleeg. SAMPI het die boere mislei, as hy sou aanvoer dat hy by die SALU wou affilieer, want die organisasie het volhard in sy doel om die Georganiseerde Landbou vaarwel te sê, en verdeeldheid te skep, aldus die dokument.[25]

Hierdie, en die vele ander uitlatings, wat SAMPI as lasterlik beskou het, kon hy nie ongesiens en onbeantwoord laat verbygaan nie, en het 'n dokument, *Kommentaar op die Vrystaatse Landbou-unie se publikasie: Kragverbrokkeling in die Mieliebedryf*, die lig laat sien, waarin SAMPI sy kant van die saak gestel het. Daarin is gesê dat die pamflet in sy geheel verwerplik is, en met opset so opgestel is, om onberekenbare skade aan 'n organisasie aan te rig, wat daarna gestrewe het om die eiesoortige probleme van die mieliebedryf, op 'n gespesialiseerde grondslag te behartig.[26]

In sy verdere verweer teen die optrede van die Oorlogskomitee het SAMPI op die boerderybelange van elke lid gewys, om daardeur te toon dat die mielieboer steeds nie die geleentheid gegun word om sy eie heil uit te werk nie. Die Komitee het soos volg daar uitgesien: De Villiers, Jan van Wyk, Onder-President van die SALU, wolboer van Kaapland; Frans van Wyk, Adjunk-voorsitter van die Koöperatiewe Raad, wolboer van Kaapland; Louis Bührman, voorsitter van TLU, wolboer van Oos-Transvaal; Dawie Grewar, Vise-President van die Vrystaatse Landbou-unie; Gawie Bothma, voorsitter van die Noord-Kaaplandse Landbou-unie, beesboer van Noord-Kaapland; AJ Nel, voorsitter van die Nasionale Mieliekomitee, gemengde boer van Oos-Transvaal en Org du Plessis,

25 *De Jager*. Kragverbrokkeling in die Mieliebedryf, Junie 1967, pp. 1, 3.

26 *SAMPI*, Lêer 2/1/33/2/1, *Regsmening insake Kragverbrokkeling*, 4.7.67, p. 14. Sien ook *Ferreira. Kommentaar op Kragverbrokkeling*, Julie 1967, p. 7.

onder-voorsitter van die nasionale Mieliekomitee, mielieboer van die Oos-Vrystaat.[27]

Ten spyte van SAMPI se planmatige weerstand teen die aanslag van die Oorlogskomitee, het die proses onverbiddelik voortgerol om SAMPI finaal te knak. Die hoogtepunt, betreffende die Oorlogskomitee, was ongetwyfeld die 1967-Jaarkongresse van die TLU, die VLU en die SALU.

Die TLU het, na aanleiding van die Ottosdal-aanbeveling, besluit dat geen lid van SAMPI op 'n bestuur, komitee of sub-komitee van die Unie of van sy geaffilieerde distrikslandbou-unies kon dien nie.[28] Die distriksboere-unies en boereverenigings moes hulle konstitusies dienooreenkomstig wysig, anders sou daardie boereverenigings en individuele SAMPI-lede geskors word.[29] Daarmee het die TLU verhoed dat daar weer 'n soortgelyke situasie ontstaan as dié, wat in Ventersdorp die geval was, en wat op sy beurt die oorsprong van die Ottosdal-besluit was.

Wat gebeur het, was dat Ben Wilkens, terselfdertyd as voorsitter van die distrikslandbou-unie se Mieliekomitee en lid van die Mielieraad, deur die SAMPI-meerderheid uit eersgenoemde posisie gestem is. Dit het outomaties beteken dat Wilkens sy posisie op die Mielieraad verloor het. Om homself te red, het Wilkens die voorsitter van die distrikslandbou-unie, en sy broer, Jaap Wilkens, oorreed om die konstitusie so te wysig dat 'n lid van SAMPI nie op enige bestuur van die distrikslandbou-unie kon dien nie.[30]

Die Vrystaatse Landbou-unie het in beginsel besluit om geen nuwe spesialiteitsorganisasie binne sy struktuur toe te laat nie. Die Bedryfsverenigings sou behou word, en dit sou die plig van die Bedryfskongresse wees om die

---

27 *Die Landbouweekblad*, 20.6.67. Brief.

28 *SAMPI*, Lêer 2/1/33/2/2. KP Landman aan distrikslandbou-unies, Algemene Raad en Uitvoerende Komitee, 29.1.68. Sien ook *Die Volksblad*, 6.10.67 en 31.10.67.

29 *Die Transvaler*, 21.6.69. Die berig meld ook Boetie Viljoen se toetssaak in die Hooggeregshof oor die TLU se konstitusiewysiging. Viljoen van die Leeudoringstad boerevereniging, is genomineer om in die bestuur te dien, maar die voorsitter PF Ernst, het daarop aangedring dat alvorens Viljoen se kandidatuur aanvaar word, hy 'n verklaring moes onderteken, waarin hy aangedui het dat hy nie lid van SAMPI is nie. Viljoen het nie net geweier nie, maar ook 'n hofbeslissing aangevra. In die uitspraak is bevind dat die wysiging van die TLU se konstitusie nie in die boerevereniging se konstitusie opgeneem is nie; gevolglik is dit nie afdwingbaar nie. Dit het beteken dat Viljoen, asook die ander SAMPI-lede, in so 'n geval, in die bestuur van 'n boerevereniging kon dien.

30 *SAMPI*, Lêer 2/1/2/3/1. Kort rapport, HJP Lubbe, 11.2.67.

verenigings uit te bou, maar dit kon nie met 'n ander organisasie, met soortgelyke doelstellings vervang word nie.[31]

Die SALU se Kongres het die moontlikheid van affiliasie deur SAMPI, wat die Georganiseerde Landbou betref, finaal uitgeskakel, deur artikel 3(i)(h), wat op affiliasie betrekking gehad het, sodanig te wysig, dat SAMPI nie kon affilieer nie.[32]

Hoe het die gewone mielieboer oor die besluite, wat uit die Ottosdal-byeenkoms spruit, gevoel? By die bekendmaking daarvan het die ontevrede boere hulle ongelukkigheid uitgedruk deur te sê, hulle sou eerder uit die TLU as uit SAMPI bedank. Met die toepassing daarvan, tydens die Kongres van die TLU, het van die SAMPI-lede die saal verlaat en "die manne is kwaai en warm uitmekaar".[33]

In sy reaksie op die TLU se aanspraak dat die stryd teen SAMPI gewen is, het Delport gesê dat SAMPI nie 'n stryd om te wen of te verloor met die TLU of enige ander liggaam het nie. Die saak van die Transvaalse mielieboere kon nie beslis word op 'n kongres waar die ander landboubedrywe die meerderheidstem in hulle guns gehad het nie. Tydens sy openingstoespraak op die tweede jaarlikse Kongres van SAMPI te Potchefstroom, het Delport weer die vraagstuk van affiliasie te berde gebring. Hy het gesê dat sedert SAMPI se stigting, was affiliasie met die SALU nie 'n voorvereiste vir SAMPI se voortbestaan en sukses nie. SAMPI sou hom egter steeds beywer om mettertyd by die SALU te affilieer.[34]

Op die Kongres is besluit dat, ten spyte van die ingestelde maatreëls van die TLU, wat teen die SAMPI-lede gemik was, alle SAMPI-lede ook lede van die Georganiseerde Landbou móés bly. Hiervolgens moes die SAMPI-lede die minimum ledegeld aan die TLU betaal, en boereverenigings moes hul bates en fondse op 'n trustrekening plaas, tot tyd en wyl SAMPI se lederegte deur die Georganiseerde Landbou in ere herstel sou word.

Gelukkig vir SAMPI het 'n baie prominente figuur binne die Georganiseerde Landbou gunstig op sy versoenende besluite en uitsprake gereageer. Vir 'n tweede keer het die SALU se raadgewende ekonoom, dr. Fred du Plessis,

---

31 *Georganiseerde Landbou*, November 1967.
32 *Ibid.*, Oktober 1967; Konstitusie van die SALU, 1980.
33 *Sunday Times*, 30.4.67.
34 *SAMPI*, Lêer 2/1/12/2b/1. Voorsittersrede, 15.2.68.

die inisiatief geneem om die skaakmatposisie tussen die strydendes op te klaar. Dié keer het hy as selfaangestelde bemiddelaar 'n 5-puntplan aan beide SAMPI en die SALU voorgelê, wat die volgende behels het: die konstitusies van die boereverenigings en distriksunies moes gewysig word om vir bedryfsgroepe voorsiening te maak. Elke lid van die boerevereniging moes oor die reg beskik om vergaderings van al die bedryfsgroepe by te woon, maar kon net as lid van een groep geregistreer wees, naamlik, by die bedryf wat die boer se hoofbron van inkomste vorm. Hierdie bedryfsgroepe, wat op 'n produksiebasis gebaseer kon word, sou die kieskollege vorm waaruit en deur wie afgevaardigdes na die provinsiale kongresse gekies sou word. Op die SALU se vlak moes voorsiening vir nasionale bedryfsorganisasies met nasionale kongresse gemaak word. Die bedryfsorganisasies moes hul eie fondse bekom en begrotings hanteer. SAMPI moes ontbind en saam met die mieliebedryfsvereniging in 'n nuwe organisasie opgaan.[35]

Aangesien die voorstelle in wese met SAMPI se denkpatroon ooreengestem het, is dit na kleinere wysigings deur hom aanvaar.[36] Die SALU, op sy beurt, het om 3 redes die Du Plessis-inisiatief skipbreuk laat ly: die ooreenkomste met SAMPI se sienswyse, die besluite van die 1967-Jaarkongresse en dat die SALU van mening was dat die kommunikasie met SAMPI nooit só afgesny was dat die nodigheid van 'n tussenganger gevoel is nie.[37]

Die negatiewe en onversetlike houding van die SALU het hom baie suur bekom, want Fred du Plessis, wat simpatie met die spesialisasiegedagte gehad het, het uit die SALU bedank om hom by SAMPI, as ekonoom, te skaar. Hierdie "verlies" vir die Georganiseerde Landbou was waarskynlik een van die grootste morele oorwinnings vir SAMPI tot op daardie stadium.

Die sukses van SAMPI is ook tydens die 1968-Jaarkongres van die Vrystaatse Mieliekomitee voortgesit. Van die sake waarvoor SAMPI gestry het, sou voortaan deur die Komitee aan die produsent gebied word. Hierdie oorwinnings vir SAMPI was die eerste van die proses van "versampisering" van die Georganiseerde Landbou se Mieliebedryfskomitees in die jare wat sou volg.

---

35 *SAMPI*, Lêer 2/1/33/2/1. Versoening tussen die Georganiseerde Landbou en SAMPI, 1967, pp. 1-6.

36 *SAMPI-Nuusbrief*, Julie 1968, pp. 17, 19.

37 *SAMPI*, Lêer 2/1/33/2/2. CJP Cilliers aan FJ du Plessis, 17.5.68.

Eers was daar die voorstel deur Hennie de Jager dat die afvaardiging na die Kongres voortaan op 'n distriksproduksiebasis, in plaas van die 6-streek-verdeling, moes geskied. Dit is met 132 teen 84 stemme goedgekeur. Dit is opgevolg met die voorstel, ingedien deur Delport, dat elke distrik voortaan op een afgevaardigde geregtig kon wees, maar dat groter verteenwoordiging deur die produksie van elke distrik bepaal moes word. Die voorstel het meegebring dat die grootste mielieproduserende distrikte nou óók die grootste verteenwoordiging op die Kongres sou hê.[38]

'n Ander voorstel is óók aanvaar, naamlik, dat die grondwet van die Landbou-unie sodanig gewysig sou word, dat 'n nasionale mieliekongres nou 'n moontlikheid was.

Daarna het die verkiesing van bestuurslede vir die Bedryfskomitees plaasgevind. In totaal is 7 lede van SAMPI op die Mieliekomitee verkies, insluitende die voorsitter en die onder-voorsitter, in die persoon van Delport en Jannie van der Merwe, onderskeidelik.[39]

Die suksesse op die Kongres is weer toe te skryf aan die sterk element van SAMPI-lede wat teenwoordig was. Dat daar deeglike vooraf beplanning was, blyk duidelik uit die woorde van Kotzé: "SAMPI het hierdeur net die eerste stappe afgehandel na sy uiteindelike doel van 'n nasionale, gespesialiseerde vereniging waarin provinsiale kongresse en -grense moet verdwyn. SAMPI se program om hierdie doel te bereik, is uitgewerk en dit sal stap vir stap afgehandel word."[40]

Met hierdie klinkklare seges binne die Vrystaatse Landbou-unie, was die Hoofbestuur daarvan oortuig dat SAMPI steeds binne die geledere van die Georganiseerde Landbou vir sy saak moes stry. Die Transvaalse lede van SAMPI het, vanweë die skorsingsbesluit, drasties hiervan verskil. Die Transvalers het so sterk hieroor gevoel, dat daar tydens die 1969-Jaarkongres daarop aangedring is dat die SAMPI-lede uit die Georganiseerde Landbou moes bedank. Die Hoofbestuur moes net oral wal gooi om 'n dreigende breuk in eie geledere te voorkom, en het gepleit dat die beleid ten opsigte van affiliasie gehandhaaf moes word.[41]

---

38 *Die Landbouweekblad*, 5.3.68. Berig.
39 *SAMPI-Nuusbrief*, Maart 1968, p. 21.
40 *Die Landbouweekblad*, 23.4.68. Brief.
41 *Ibid.*, 25.2.69. Berig. Sien ook *De Jager*. Inligtingsbrosjure, April 1970, p. 5.

Dit het die Hoofbestuur van SAMPI tot die besef gebring dat die vraagstuk van affiliasie so spoedig moontlik afgehandel moes word, sodat versoening bewerkstellig kon word. Gedurende Maart het SAMPI die SALU wéér ingelig dat hy bereid was om te onderhandel, maar op twee voorwaardes: eerstens moes die TLU voor 27 Augustus 1969 sy konstitusie terugwysig, sodat die regte van die SAMPI-lede herstel sou word; tweedens, dat die SALU voor Oktober 1969 sy grondwet verander, sodat SAMPI kon affilieer. Indien die SALU nie aan hierdie versoeke sou voldoen nie, sou SAMPI sy lede oproep om grootskaals uit die Georganiseerde Landbou te bedank. Sodoende sou daar prakties gedemonstreer word hoe heftig SAMPI teen die diskriminasie van sy Transvaalse lede, sowel as teen die SALU se konstitusionele bepaling, gekant was.[42]

Die SALU op sy beurt, het hierdie versoeke van SAMPI nie as 'n *bona fide*-poging tot versoening en samewerking beskou nie, maar eerder as 'n ultimatum, wat hy nie bereid was om te aanvaar nie. In die lig hiervan het die SALU die saak nie verder gevoer nie, en is dit van die tafel gereël.[43]

Ongeag die houding van die SALU, het SAMPI wéér 'n poging aangewend om by die Vrystaatse Landbou-unie om affiliasie aansoek te doen. Opnuut is SAMPI weggewys deurdat hy daarop gewys is dat die Unie reeds 'n baie aktiewe mieliebedryfsvereniging het.[44] SAMPI het nie by die standpunt van die VLU berus nie. Trouens, sy finale vestiging sou hierdeur bespoedig word.

Dit was duidelik dat skaakmat bereik is, en dat 'n onverkwiklike landbourusie op hande was. Dit is op grond hiervan dat die Minister van Landbou, Dirk Uys, einde 1969 samesprekings tussen die strydende partye aangevoer het.

Onder die leiding van Delport het SAMPI tydens die eerste ontmoeting, onder die waaksame oog van Minister Uys, wéér 'n versoek om affiliasie voorgelê. Die SALU, onder aanvoering van De Villiers, het ouder gewoonte SAMPI se versoek geweier, en daarop aangedring dat SAMPI onverwyld moes ontbind. Tydens die tweede ontmoeting het SAMPI homself bereid verklaar, om ter wille van samewerking, sy naam prys te gee. Die SALU se enigste reaksie

---

42 *SAMPI*, Lêer 2/1/33/2/2. Memorandum vir voorlegging aan die SALU (hierna "Memorandum aan SALU" genoem), 19.3.69, p. 2.

43 *De Jager*. Inligtingsbrosjure, April 1970, p. 5.

44 *SAMPI*, Lêer 2/1/33/2/3. Kotzé aan Van Rooy, 19.6.69; Van Rooy aan Kotzé, 10.8.69.

hierop was dat dit onvoldoende sou wees. SAMPI moes ontbind.[45] Gedurende die derde ontmoeting, onder die voorsitterskap van De Villiers,[46] het SAMPI aangebied om te ontbind, op die voo, waarde dat 'n nuwe organisasie binne die raamwerk van die SALU gestig word, waarin die beginsels van verteenwoordiging op 'n produksiegrondslag, spesialisasie, voltydse bedryfsbeamptes en die uitskakeling van provinsiale grense, behoue moes bly. Die SALU het ook hierdie aansoek verwerp en wéér op SAMPI se onvoorwaardelike ontbinding aangedring.[47]

Die SALU se herhaalde weiering om SAMPI te affilieer, moes op 'n breukspul afstuur. In dié verband het SAMPI verklaar dat hy geen begeerte het om langer met die SALU saam te werk nie. Hierna het SAMPI sy dreigement uitgevoer deur sy lede te versoek om onverwyld uit die Georganiseerde Landbou te bedank. Behalwe die opsegging van lidmaatskap, het dit beteken dat kansellering van die ledegelde-aftrekorder by die bank, die opsegging van die koöperatiewe aftrekking vir sy amptelike mondstuk, *Georganiseerde Landbou* en die versoek aan die Koöperatiewe Pers om die versending van sy tydskrif aan SAMPI-lede te staak.

Die Hoofbestuurslede van SAMPI het met hulle bedanking die voorbeeld gestel, wat spoedig deur die ander lede landwyd gevolg is.[48] Hierdie aksie het ongetwyfeld die organisatoriese opset van die Georganiseerde Landbou 'n groot knou toegedien. Die sprekendste voorbeeld in dié verband is die Vrystaatse Mieliekomitee waar Delport, Van der Merwe, Fanie Greyling, Prinsloo, Gert Dannhauser, Charlie Meyer en Hannes van Wyk, of anders gestel, 7 van die 11 produsenteverteenwoordigers, bedank het.

---

45 *De Jager*. Inligtingsbrosjure, April 1970, p. 6. Aangesien daar geen mielieboere op die SALU se Uitvoerende Bestuur gedien het nie, is 3 van buite op die afvaardiging benoem.

46 *Ibid.* De Villiers het as voorsitter opgetree, aangesien Uys in die buiteland was. SAMPI was ontevrede omdat net 3 van die SALU se 6 afgevaardigdes die vergadering bygewoon het. Hy het gesê dat hierdie optrede die indruk gelaat het, dat diegene graag in die teenwoordigheid van Uys gesien wou word. SAMPI het Uys dienooreenkomstig ingelig; vgl. *SAMPI*, Lêer 2/1/41/2. Kotzé aan DCH Uys, 7.10.69.

47 *Ibid.*

48 *Ibid.*, Lêer 2/1/27/4/1. SAMPI het beklemtoon dat daar geensins teen enige lid gediskrimineer sou word, indien die lid besluit het om nie uit die Georganiseerde Landbou te bedank nie. *Die Landman*, Januarie 1970, p. 1. In die lig daarvan dat 'n 100 persent bedanking onmoontlik is, het SAMPI diegene wat binne die Georganiseerde Landbou gebly het, versoek om toe te sien dat die boereverenigings, waar SAMPI-lede die meerderheid is, nie afgevaardigdes na die 1970-Mieliekongres sou stuur nie.

SAMPI het hierdie toestand nie ongesiens laat verbygaan nie, en die Vrystaatse Mieliekomitee daarop gewys dat hy nie meer verteenwoordigend was nie, en dat dié verrinneweerde Komitee nie meer bevoeg was om nominasies vir die Mielieraad te maak nie.[49]

SAMPI se bedankingsbesluit het beslis ook verreikende gevolge op die Georganiseerde Landbou se finansies gehad, maar SAMPI het dit om 2 redes geïgnoreer: Eerstens, wou SAMPI 'n einde maak aan die TLU se diskriminerende skorsingsbesluit, wat eerste- en tweedeklas lede tot gevolg gehad het, waar 'n SAMPI-lid se geld goed genoeg was, maar dieselfde lid nie tot 'n bestuursposisie verkies kon word nie. Tweedens, het SAMPI ook ten doel gehad om die SALU te laat voel dat dit weliswaar vir hom die moeite werd sou wees om met SAMPI saam te werk, al het dit die weerhouding van die broodnodige fondse meegebring.[50]

In sy kommentaar op die bedankingsoproep tot sy lede, het De Villiers namens die SALU, SAMPI daarvan beskuldig dat hy die besluit geneem het om weg te breek, maar ook beklemtoon dat die Georganiseerde Landbou se deur steeds vir al die boere in Suid-Afrika oopstaan; ook vir diegene wat by SAMPI aangesluit het.[51]

SAMPI se boodskap van spesialisasie het nogtans erkenning geniet – al was dit op 'n vreemde manier. Die SALU het naamlik aangekondig dat die boere se aandrang op meer gespesialiseerde dienste erken word; gevolglik is besluit om voortaan voltydse bedryfsbeamptes vir die verskillende bedryfstakke, insluitend mielies, aan te stel. Die karakoelboere van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika sou ook toegelaat word om 'n nasionale kongres te hou, om daardeur gesamentlik tot die voordeel van die bedryf as geheel op te tree.[52] Inderdaad was dit 'n dubbelsinnige wyse van optrede: enersyds, was die SALU nie bereid om SAMPI binne sy geledere op te neem nie, maar, andersyds, was SAMPI se breë beginsels – veel eerder die hoekstene van SAMPI – goed genoeg om vir eie gewin gebruik te word.

---

49 *Ibid.*

50 *SAMPI*, Lêer 2/1/27/4/1. Kotzé aan Hoofbestuur, takvoorsitters, taksekretarisse en organiseerders, 15.10.69, p. 2.

51 *Die Volksblad*, 20.2.70. Berig.

52 *Die Landbouweekblad*, 13.1.70. Brief.

Ten spyte van die teenstand wat SAMPI van die Georganiseerde Landbou ervaar het, is sommige van sy doelstellings tog mettertyd deur die SALU aanvaar. Dit dien as bewys dat SAMPI die behoeftes van die produsente beter as die Georganiseerde Landbou geken het. Dit was duidelik dat SAMPI in 'n daadwerklike behoefte voorsien het, en juis daarom sou hy van krag tot krag gaan. Maklik sou dit egter nie wees nie – trouens, 'n harde stryd het nog voorgelê.

# HOOFSTUK 3

# SAMPI SE STRYD OM DIE MIELIEBOERE SE EKONOMIESE VOORTBESTAAN

SAMPI het sy verskyning op die landboutoneel gemaak weens die swak finansiële toestand van die mielieprodusente; gevolglik het hy die verbetering van die produsenteprys van mielies as sy vernaamste taak geïdentifiseer. Hierdie doelwit het SAMPI in dieselfde finansiële speelveld as die Georganiseerde Landbou en die belanghebbende Owerheidsinstansies, insluitend die Mielieraad, die Nasionale Bemarkingsraad, die Departement van Landbou, die Minister van Landbou en die Kabinet geplaas. Al hierdie instansies het deurgaans gepoog om te midde van moeilike, soms onmoontlike ekonomiese omstandighede, die boeregemeenskap se finansiële vooruitgang te bevorder. Dit het egter hoegenaamd nie beteken dat dié oogmerk altyd in harmonie nagestrewe is nie. Die disharmonie wat ontstaan het met die mieliebemarking en die uiteindelike vasstelling van die produsenteprys, dien as voorbeeld.

In ooreenstemming met sy doelstellings het SAMPI na sy stigting onverwyld aandag gegee aan die vraagstuk van die vasstelling van 'n bevredigende produsenteprys vir mielies. Tot 1970 is ernstig bepleit dat produksiekoste plus ondernemersloon die enigste aanvaarde basis vir die bepaling van die produsenteprys sou wees. Die belangrike voorwaarde wat SAMPI deurgaans gestel het, was dat die produksiekoste aan die hand van die werklike kostesyfers bereken moes word. Dié benadering het dus beteken dat die bestaande stelsel, waar net aangepaste syfers gebruik is onaanvaarbaar was. Sodanige vertoë is aan die Minister van Landbou, Dirk Uys, gerig, maar hy het voortgegaan om die prys in ooreenstemming met die grootte van die oes te bepaal.[1]

In 1970 het SAMPI besef dat dit geen nut gehad het om aan die produksiekoste-prysstelsel vas te hou nie, want dit het op die dowe ore van Uys geval; gevolglik het SAMPI hom van dié prysbeleid gedistansieer en 'n nuwe prysbasis geformuleer. Dit was gebaseer op 'n voor- en agterskotstelsel, wat terselfdertyd die uitfasering van die Stabilisasiefonds beteken het.

---

1 PV 731: *SES Ferreira-versameling* (ongeorden). SES Ferreira-toespraak, 1977, p. 3. Sien ook PV 727: *SAMPI-versameling*, Lêer 2/1/14/1. WD Kotzé aan Redakteur van *Dagbreek en Sondagnuus*, 12.6.67; Lêer 2/1/20/9/2. Voorsittersrede, SES Ferreira, Jaarkongres, (hierna "Voorsittersrede" genoem), 1976, p. 4.

Die redes hiervoor was veelvuldig. Volgens SAMPI het die toe bestaande stelsel meegebring dat 'n prys nie vasgestel kon word, alvorens die grootte van die oes met redelike sekerheid bepaal is nie. Sou 'n stelsel van voor- en agterskotpryse gebruik word, kon die prys reeds voor die planttyd aangekondig word. Dit het die voordeel ingehou dat die mielieboere op 'n vroeë stadium 'n aanduiding van die verwagte langtermyn vraag- en aanbodtendense sou kry.

SAMPI se voorstel het ook die voordeel gehad dat skattingsfoute ten opsigte van die netto opbrengs, deur agterskotuitbetaling na afloop van die bemarkingsjaar, aan die produsente uitbetaal kon word. Die rede hiervoor was dat die produksiekoste oor 'n groot deel van die jaar versprei is; gevolglik sou 'n verspreiding van die produsente se inkomste hul finansieringsprobleem help oplos. Volgens SAMPI sou sy voorstel regverdig wees, want die produsente sou hulle vergoeding jaarliks aan die hand van die grootte van die oes en die heersende marktoestande ontvang.[2]

Volgens SAMPI het die Stabilisasiefonds 'n onregverdige verdeling van die verdienste uit mielie-uitvoere tot gevolg gehad. Dit was toe te skryf aan die feit dat die verbruikers en die Staat te min en die produsente te veel tot die Fonds bygedra het. Boonop het die produsente nie altyd dieselfde voordele as eersgenoemde groepe, uit die Fonds getrek nie. SAMPI was van mening dat die administrasie van die Stabilisasiefonds tot groot ontevredenheid by die produsente gelei het.[3]

SAMPI het die voor- en agterskotprysstelsel gekoppel aan die beginsel dat die produsente oor die langtermyn 'n optimum prys sou ontvang indien die vrye markmeganisme foutloos sou funksioneer. Dit sou dus 'n prys wees wat die produsente in staat sou stel om met produksie voort te gaan en wat terselfdertyd sou verhoed dat die verbruikers plaasvervangende produkte sou gebruik.

Volgens SAMPI was so 'n optimum prys geregverdig, want dit het enersyds, ten volle met die verbruikers se voorkeure en besteebare inkomste rekening gehou. Andersyds, het dit ook produksiekoste verreken.

SAMPI het dit baie duidelik gestel dat sosio-ekonomiese oorwegings geen rol by die bepaling van die binnelandse prys moet speel nie. Indien dit nodig sou

---

2 *Ibid.*, Lêer 2/1/15/5/1. Bemarking- en prysbeleid, 1970.
3 *Ibid.*

wees om mielies as die stapelvoedsel goedkoop te hou, was dit nie die verantwoordelikheid van die mielieboere om die verbruiker te subsidieer nie.

Oor produksiekoste-opnames en oesskattings het SAMPI hom ook uitgelaat, deur aan te kondig dat daar beslis na beter metodes gesoek sou word. Die bestaande stelsels het die produsente onnodiglik benadeel.

Dit was nie so maklik om SAMPI se ekonomiese standpunt te "verkoop" nie, want veral die Mielieraad, versterk deur SAMPI se veldtog om sy samestelling verander te kry, was deurgaans ongeneë om SAMPI aan te hoor. Die Departement van Landbou het SAMPI by geleentheid ontmoet, maar dit het nie vrugte afgewerp nie. Vir SAMPI het dit beteken dat daar op die ou trant voortgegaan sou word en hy het geen ander keuse gehad as om na ander uitweë en 'n verhoog te soek, waardeur hy sy ekonomiese boodskap kon uitdra nie. In dié opsig was sy mondstukke, *SAMPI-nuusbrief, SAMPI-Nuus* en later *Die Landman*, waardevolle hulpmiddels. Dit was egter nie voldoende nie. Die enigste alternatief was om direk met Dirk Uys, die Minister van Landbou, te onderhandel. Jaarliks het SAMPI dan ook sy prysvoorlegging aan Uys gedoen, sonder dat hy daarmee sukses kon behaal. Dit het boekdele vir SAMPI se deursettingsvermoë gespreek.

Volgens Crawford von Abo was SAMPI van meet af aan bekommerd oor die feit dat Uys, as die Minister van Landbou, nie net 'n "landbou"-minister was nie, maar óók 'n "politieke"-minister. Dit het dus beteken dat hy verdeelde belange gehad het met die vasstelling van die produsenteprys. Hoewel Uys seer sekerlik vir die boere die beste wou beding, het partybelange in die meeste gevalle die finale deurslag gegee. Die rede hiervoor was die feit dat die toenemende verstedeliking, ná die Tweede Wêreldoorlog, die politieke mag van die platteland na die stedelike gebied verskuif het. Dit het beteken dat die belangrikheid van die verbruikers ten koste van die produsente gegroei het; gevolglik het die Regering geen ander uitweg gehad as om groter aandag aan die stedelike kiesers te gee nie. Indien 'n besluit oor die prys geneem is, het hierdie groep se belange beslis voorkeur geniet, want uiteindelik het elke stem by die stembus getel. Hierdie stedelike meerderheid het op die wyse vergoed vir die plattelandse stem wat uit ontevredenheid vir die Opposisie uitgebring is.[4]

---

4 *NAMPO*, K792. Onderhoud Marais en Theron met CL von Abo, Bothaville, 4.12.84.

Hierdie beleid om die produsenteprys van mielies so laag as moontlik te hou, het SAMPI geensins aangestaan nie. Dit was vir SAMPI niks anders as die afspeel van partypolitieke en persoonlike politieke aspirasies, teen die ekonomiese omstandighede van die mielieboere nie. Nie net die Minister nie, maar ook die ander landbouleiers, insluitend De la Harpe de Villiers, die President van die SALU, Hennie Keyter, die voorsitter van die Mielieraad, en Org du Plessis, die voorsitter van die Vrystaatse Mieliekomitee, en vele ander, wat óók politieke posisies beklee het, het volgens SAMPI, ongehinderd hiermee voortgegaan. Watter van die faktore voorrang geniet het, het van die politici afgehang.[5] Volgens SAMPI moes die mielieboere as die weerligafleier dien, wanneer die geringste teken van inflasie waargeneem is.

Hierdie maalproses waarbinne die mielieboere hulself bevind het, het baie ver verwyderd gestaan van SAMPI se doelwit van gelykberegtiging tussen die mielieboere se inkomstestabiliteit en die verbruikers se prysstabiliteit. Dan eers, volgens SAMPI, sou elke deel van die volkshuishouding hul regmatige deel van die ekonomiese koek van die land verkry het.[6] Hierdie doelwit van SAMPI het byna onuitvoerbaar voorgekom, veral teen die agtergrond van uitsprake uit die leierskorps van die SALU en die Mielieraad. Dit het regstreeks die indruk geskep dat daar min simpatie met die mielieboere was.[7] In dié verband het Keyter, voorsitter van die Mielieraad, se opmerkings die meeste aandag geniet. In 1967 sê hy die volgende in die Volksraad: "Daar het ek vir die boere ook gesê dat, met so 'n groot oes ophande en met so 'n groot uitvoersurplus, hulle bly kan wees as die prys so bly, omdat hulle daar hoër pryse aan die hand gedoen het. Toe het ek vir hulle gesê dat, as hulle dieselfde prys kan kry, hulle hul ou hoede agterna kon gooi. Hulle was daarvan bewus dat daar moontlik 'n afwaartse neiging in die prys sou wees."[8]

In 1968 verklaar Keyter dat "die mielieprodusente hulle die gelukkigste mense in die land moes ag, omdat hulle vanjaar weer dieselfde prys as verlede jaar gekry het". Keyter het hierdie standpunt ingeneem in weerwil daarvan dat

---

5 *SAMPI*, Lêer 2/1/14/1/1., Deel 1. JP du Preez aan *Die Landbouweekblad*, November 1966, p. 1; *NAMPO*, K792. Onderhoud Marais en Theron met Von Abo, Bothaville, 4.12.84.

6 *NAMPO*, K792. Onderhoud Marais en Theron met Von Abo, Bothaville, 4.12.84.

7 *SAMPI*, Lêer 2/1/14/1. Kotzé aan *Die Volksblad*, 5.5.69, Kotzé aan *Die Volksblad*, 25.4.68. Sien ook Du Preez aan *Die Landbouweekblad*, November 1966, pp. 1-2.

8 *SAMPI*, Lêer 2/1/2/5f/1. SAMPI se uittreksels uit Hansard, 1969; vgl. Debatte van die Volksraad, 28.4.67, kolom 5305-5306.

nie een van die SALU se mielieorganisasies hulle met die prys kon vereenselwig nie. Inteendeel, hulle het 'n diepe teleurstelling oor die prys uitgespreek.[9]

Die volgende jaar het Keyter homself weer die argwaan van SAMPI op die hals gehaal, toe hy in die Volksraad sê: "Daar is vandag instansies in die platteland, wat probeer om die boere op te sweep deur aan hulle te sê dat hulle nie genoeg vir hulle produkte kry nie, en dat hulle nie genoeg seggenskap het nie ... Die Landbou-unie en SAMPI kompeteer nou in die platteland teen mekaar oor wie kan die hoogste pryse vir produkte vra. As die een 'n prys vra, dan vra die ander een 'n bietjie hoër prys. Hulle weet egter daardie prys kan nie gegee word nie, en as die prys wat hulle gevra het, nie gegee word nie, kompeteer hulle weer teen mekaar om te kyk wie kan die grootste teleurstelling uitspreek, dat hulle prys nie gegee is nie."[10]

Die uitlatings van Keyter het vir SAMPI daarop gedui dat die SALU geen invloed of bedingingsmag by die Mielieraad of die Minister gehad het nie. Dit het gevolglik die indruk gewek dat die Mielieraad outokraties, despoties en diktatoriaal optree, sonder die inagneming van die Georganiseerde Landbou se vertoë en die werklike behoeftes van die mielieprodusente.

Ongelukkig het SAMPI se stryd om 'n goeie prys beding te kry ook 'n politieke kleur gekry toe die Nasionale Party, wat op daardie stadium besig was met die verkiesingsveldtog van 1969, na die wegbreek-aksie van die Herstigte Nasionale Party (HNP), vir SAMPI van jukskeibreek beskuldig het. Volgens die NP het SAMPI nie net daarmee 'n direkte toetrede tot die politieke arena gemaak nie, maar daardeur gepoog om 'n wig tussen die Party en die Georganiseerde Landbou in te dryf.[11]

Terselfdertyd het die NP as die regerende party, 'n verklaring uitgereik waarin sy standpunt oor die stryd in die mieliebedryf uitgespel is. Hierin is gesê dat die NP hom distansieer van enige geskille wat tussen die SALU en SAMPI bestaan het. Dit het gespruit uit sy standpunt dat die NP dit nie as sy terrein beskou het nie; gevolglik laat die Party aan sy lede die ruimte om self te besluit watter organisasies hulle sou steun. Die versekering is ook gegee dat die Party geen buite-politieke organisasie sonder rede sou aanval nie. Dit was onnodig,

---

9 *SAMPI*, Lêer 2/1/14/1. Deel 1. Kotzé aan *Die Volksblad*, 25.4.68.

10 *Ibid.*, Lêer 2/1/2/5f/1. SAMPI se uittreksels uit *Hansard*, 1969; vgl. Debatte van die Volksraad, 2.5.69, kolom 5085.

11 *SAMPI*, Lêwer 2/1/33/1/4. Pienaar aan Kotzé, 23.5.69, p. 1.

want die Party het genoeg probleme gehad en was glad nie van plan om na nuwes te soek nie.[12]

SAMPI was baie skepties oor die verklaring. Volgens hom was dit daarop gemik om die mielieboere aan die lae pryse gewoond te maak, SAMPI te benadeel deur ten onregte aan hom 'n politieke etiket om te hang, asook om party-politieke belange, en nie suiwer ekonomiese belange nie, te gebruik om die produsenteprys te bepaal. SAMPI sou geen steen onaangeroer laat om 'n beter prys vir die produsente te beding nie.

Wat baie opmerklik is van SAMPI se benadering tot die prysvraagstuk, was dat hy ook nie blindelings aan sy eie beleid vasgehou het nie. Die rede was steeds dieselfde: waar SAMPI 'n 2-prysstelsel, waar elke oes vir homself moes sorg, voorgestaan het, het Uys hom onlosmaaklik aan die grootte van die oes, gekoppel aan die een-prysstelsel, verbind. Vir SAMPI sou dit teenproduktief wees en uit 'n taktiese oogpunt verkeerd, om nét sy beleid te gebruik om 'n beter prys vir die produsente te beding.

Om dus by dié omstandighede aan te pas, het SAMPI, in oorleg met sy ekonoom, dr. Fred du Plessis, jaarliks 2 prysformulerings aan die Kongres voorgelê: enersyds, suiwer op SAMPI se uitgangspunt gebaseer, andersyds, aan die hand van Uys se riglyne. In beide gevalle is die finale prys op dieselfde bedrag bereken.

SAMPI het egter die Departement van Landbou se oesskattingsdiens en -resultate bevraagteken. Benewens die feit dat dit 'n stryd ontketen het oor wie die oes die akkuraatste kon voorspel, het SAMPI deurgaans op die gevolge van 'n verkeerde oesskattingstegniek gewys.[13]

SAMPI was van mening dat die Departement van Landbou, wat die oesskattings gedoen het, asook die Mielieraad, wat dit by die prysbepaling gebruik het, daarop ingestel was om hulle eie belange te bevorder. Die maklikste metode om dit te kon doen, was om die oes te oorskat; gevolglik is die prys kunsmatig afgedwing. In dié verband het SAMPI aangevoer dat oor die tydperk 1955 tot 1971 die oes met 86,8 miljoen sakke mielies oorskat is. Anders gestel,

---

12 *Ibid.*, Antwoord op 'n vraag gegee deur die Vrystaatse leier van die NP op 'n NP-inligtingskonferensie, Odendaalsrus, 23.8.69, pp. 1-2.

13 *Von Abo*. Voorstelle vir die miellieprys, 1971/72-seisoen, pp. 1-4; *SAMPI*, Lêer 2/1/20/5/1. Voorstelle vir die miellieprys, 1972/73-seisoen, pp. 1-4. Sien ook *Mielienuus*, Januarie 1972, pp. 1-5; *Die Landman*, Oktober 1972, p. 6.

het dit beteken dat R260 miljoen van die produsente se suurverdiende geld na die verbruiker gegaan het.[14]

Die Mielieraad het SAMPI se standpunt verwerp deur daarop te wys dat die oes oor daardie tydperk met meer as 81 miljoen sakke onderskat is. Dit het beteken dat die produsente te veel geld vir die oes ontvang het. Terselfdertyd het die Mielieraad vir SAMPI gevra of hy werklik daarop uit was om die produsente se belange met sulke beskuldigings te bevorder. SAMPI is daarvan beskuldig dat hy die Mielieraad en die Owerheid se goeie trou deur hierdie ongegronde en onverantwoordelike stellings onder verdenking wou plaas. SAMPI het egter gemeen dat die Mielieraad agter die Regering en die Departement van Landbou geskuil het, in 'n poging om sy standpunt te verdedig.

Na die stigting van SAMPI het die Mielieraad oorweging daaraan geskenk om 'n stelsel van differensiële pryse, in die plek van die bestaande vastepryse, in te stel. Dit het daaruit bestaan dat die afstand wat die produsente van die leweringspunt geleë was, sou bepaal hoeveel vergoeding hulle vir hul mielies sou ontvang. SAMPI het onmiddellik daarop gewys dat dit groter oorskotte sou veroorsaak. As die rede hiervoor is aangevoer dat daardie produsente in die sogenaamde marginale gebiede, nog groter aanplantings sou maak.

SAMPI het ook beswaar gemaak teen die wyse waarop die Mielieraad te werk gegaan het om die stelsel geïmplimenteer te kry. In plaas daarvan, dat die aangeleentheid met die Nasionale Mieliekomitee bespreek is, het die Raad reeds vooraf die beginselbesluit geneem. Die Mieliekomitee is daarmee die reg ontneem om te besluit of hy hom daarteen kon uitspreek, wat weliswaar die geval was.

As vreemde bondgenote het SAMPI en die Mieliekomitee van hierdie punt af "saamgespan" om op alle moontlike maniere beswaar teen die stelsel aan te teken. SAMPI het ook by 'n massavergadering op 19 April 1969 sy misnoeë te kenne gegee: "Mielieprodusente kan nie aanvaar dat differensiële mieliepryse op 'n outokratiese wyse op hulle afgedwing word nie."[15] Hierdie gevoel het SAMPI deurgaans onder Uys se aandag gebring. Dit het soveel druk uitgeoefen, dat Uys, wat ook 'n vorm van differensiasie voorgestaan het, uiteindelik die Mielieraad opdrag gegee het om die stelsel te laat vaar.

---

14 *Die Landman*, April 1971, p. 10.

15 *SAMPI*, Lêer 2/1/33/1/3. Kotzé aan DCH Uys, 22.4.69, p. 1.

SAMPI het die Mielieraad ook die stryd aangesê wat die tenderstelsel betref. Hy het voortdurend die Mielieraad versoek om met die tenderstelsel vir die uitvoer van mielies weg te doen en die pryse van die tenderaars bekend te maak. Die Mielieraad het telkens aangedui dat, na rype beraadslaging, bevind is dat die stelsel die voordeligste was. Sou dit nie die geval wees nie, sou die Raad sonder versuim daarvan afgestap het. SAMPI het egter nooit tevredenheid oor die aangeleentheid gehad nie. Hy het dus 'n plan van stapel gestuur om in ooreenstemming met sy beleidsverklaring, 'n konsortium van koöperasies op die been te bring, om mielies uit te voer. Hierdie poging was onsuksesvol en SAMPI het toegekyk hoedat die *status quo* gehandhaaf is.

Met die tweede aangeleentheid, naamlik, die sluier wat oor die tenderpryse getrek is, was SAMPI meer suksesvol, want in 1973 het die Mielieraad ingestem om die tenderpryse bekend te maak. Dit was vir SAMPI 'n belangrike stap, deurdat die Raad daarmee die beginsel van SAMPI, naamlik, dat daar geen geheime moes wees nie, erken het.

Een van die bestaande knelpunte wat die leierskorps van SAMPI met ywer aangepak het, was om minister Dirk Uys en die Mielieraad daarop te wys dat sy houding, om SAMPI steeds te ignoreer, 'n verkeerde benadering was.

SAMPI het dit met Uys bespreek, wat aangedui het dat hy aan die Mielieraad opdrag sou gee om SAMPI se besware aan te hoor. Die Mielieraad het egter volstrek geweier. SAMPI het weer vir Uys gevra om as hoof van die Departement van Landbou, sy invloed te laat geld, om die Raad tot ander insigte te oorreed. Uys het geweier deur te sê dat hy nie aan 'n beheerraad kan voorskryf wie hy moes te woord staan nie.[16]

SAMPI was egter van mening dat die Raad ondergeskik aan die Minister van Landbou was. Daarby was die Mielieraad se optrede teenstrydig met die gees van die Bemarkingswet en die Mielieregelingskema; gevolglik het Uys geen ander keuse gehad as om op te tree nie. Buitendien was die Mielieraad se beleid om net die SALU se Nasionale Mieliekomitee aan te hoor, volgens SAMPI, verregaande, want as 'n produsenteraad was hy verplig om na SAMPI te luister.

SAMPI het tydens die 1971-Jaarkongres 'n aantal vrae, wat hy as "lastig" bestempel het, aan die Mielieraad gestel. Dit het die volgende ingesluit: Het die

---

16 *SAMPI*, Lêer 2/1/33/1/5. Beknopte memorandum oor die weiering van die Mielieraad om SAMPI 'n oor te verleen, Februarie 1971, pp. 1-2.

Mielieraad homself nie opgewasse gevoel om dieselfde verhoog met die mielieprodusente te deel nie? Het die Raad homself nie opgewasse gevoel om die ekonomiese gegewens van SAMPI te weerlê nie? Was die Raad besig om 'n selektiewe groep se belange bo dié van die bedryf te beskerm?

Die Mielieraad het SAMPI se vrae nie onbeantwoord gelaat nie. SAMPI is eerstens daarop gewys dat hy nie 'n nominerende liggaam vir die Mielieraad was nie; dus was daar geen nodigheid om SAMPI se Kongres by te woon nie. Tweedens, is gesê dat net die SALU as die spreekbuis van die mielieprodusente erken is, en waar omstandighede dit vereis het, is die liggaam se vergaderings bygewoon. Derdens, is aangevoer dat die hooffunksie van die Raad se amptenary daarin geleë was om die omvangryke administrasie te behartig. Indien daar van die amptenare verwag word om alle kongresse en/of konferensies van die bedryf by te woon, het die gevaar bestaan dat dit ernstige inbreuk op hulle eerste verantwoordelikheid sou maak.[17] In die lig van hierdie betoog het die Mielieraad glad nie in Uys se ampstermyn SAMPI se Jaarkongresse bygewoon nie.

In sy kommentaar op die houding van die Mielieraad het SAMPI aangevoer dat die Raad geen meriete vir hierdie benadering verdien het nie. Dit was 'n onvolwasse en onverantwoordelike optrede, wat lynreg met die grondliggende beginsels van die demokrasie gebots het. Die verantwoordelikheid het by die Mielieraad gelê om hierdie fout reg te stel, anders het hy op die vooraand van 'n ernstige morele nederlaag gestaan.

Volledigheidshalwe word genoem dat die Mielieraad eers in 1975 SAMPI se Jaarkongres in die persoon van die voorsitter, Gawie Bothma, amptelik bygewoon het. Dit was egter die eerste en laaste keer in die bestaan van SAMPI dat dit gebeur het.

Daar was ook ander aangeleenthede rakende die Mielieraad wat SAMPI geïrriteer het. So byvoorbeeld was SAMPI uiters ontevrede met die Mielieraad se bespuiting van nagenoeg 2 miljoen sakke wit mielies met die gifstof "Nexion". Dit het nie net dié mielies onbruikbaar gemaak nie, maar die produsente is in die duister gehou of hulle die koste daaraan verbonde moes dra. Die Mielieraad het in sy verweer daarop gewys dat té groot publisiteit 'n negatiewe uitwerking

---

17 *SAMPI*, Lêer 2/1/33/3/1. JJM Tromp aan Kotzé, 18.4.67 en 20.7.67, p. 1, 6.3.67, p. 1.

op die verkope van mielies sou hê; gevolglik is besluit om die saak *in camera* af te handel.

SAMPI, wat 'n kleintjie dood gehad het aan hierdie soort geheime optredes, het dit in *Die Landman*, blootgelê onder die opskrif, "Nexion-besmette mielies".[18] Wat SAMPI bekommer het, was dat die meulenaars weer finansiële voordeel sou trek deur goedkoop te tender as die Raad die mielies van die hand sou sit. Daarby het SAMPI die Raad daarop gewys dat hy die begroting van die Stabilisasiefonds baie fyn dopgehou het en wou weet wat die Raad met die koste, verbonde aan die hantering en bemarking van die mielies, gedoen het.

SAMPI het ook sy misnoeë te kenne gegee met die Mielieraad se strenge toepassing van die graderingsregulasie ten opsigte van wilde lusern. Die beginsel daarvan was vir SAMPI aanvaarbaar, maar die Mielieraad se rede daarvoor, naamlik, dat die kopers nie met onnodige skoonmaakkostes opgesaal moes word nie, was onaanvaarbaar. Die indruk wat daardeur geskep is, was dat die verbruikers ten koste van die produsente finansieel bevoordeel is.

Die opheffing van die beheer van die meulenaarsprys van wit mielies, het SAMPI ook ontevrede gestem. Dit het die voordele van 'n hoër binnelandse prys en buitensporige winste in die middelman se hande geplaas. Dit was vir SAMPI totaal onaanvaarbaar dat, terwyl die produsenteprys beheer is, die verkoopsprys onbeheer was; gevolglik het die verkeerde groep persone met die produsente se winste heengegaan. Die Mielieraad het hom nie aan SAMPI gesteur nie, want sy uitgangspunt was dat die groot aantal meulenaars en kleinhandelaars grootskaals om die mark meegeding het. Hierdie gesonde kompetisie het die gevaar van té hoë pryse uitgeskakel. Trouens, opnames van die Raad het dit bevestig.

SAMPI het in 1971 ook sy ontevredenheid met die vertraging van die versending van mielies vanaf die binnelandse graansuiers na die hawens uitgespreek. Dit het nie net onnodige onkoste vir die produsente meegebring nie, maar het baie waardevolle buitelandse valuta verlore laat gaan. Die Mielieraad het hierop 'n verklaring uitgereik waarin aangedui is dat die rekordoes die kusgraansuiers gouer as gewoonlik volgemaak het. Dit het egter nie beteken dat alles moontlik gedoen is om die situasie so spoedig moontlik op te los nie.

---

18 *Die Landman*, Mei 1972, p. 3.

SAMPI het nie geskroom om sy misnoeë oor die Mielieraad se mislukking met sy 4 proefplase te kenne te gee nie. Hulle is daargestel om onder andere die winsgewendheid van 'n nuwe boerderystelsel vir elke streek te bepaal. Dit het nie net kosbare geld van die mielieboere verspil nie, maar dit het ook die Raad se geloofwaardigheid aangetas, deurdat hy daardeur bewys gelewer het dat die heersende pryse te onekonomies was, om behoorlik te kon bestaan.

SAMPI het ook beswaar gemaak omdat hy van mening was dat die koste van sak en tou nie genoegsaam in die produsenteprys verreken is nie. Dit het beteken dat die boere onnodiglik van hul inkomste verloor het. Die Mielieraad het in sy verweer SAMPI daarop gewys dat, nadat alle faktore in ag geneem is, die produsente die regte vergoeding vir sy koste in die verband ontvang het. Die Raad was glad nie van plan om die produsente onregverdig te behandel of te benadeel nie.[19]

Hierdie is slegs voorbeelde van ekonomiese verwante sake, wat stryd tussen SAMPI en die Mielieraad veroorsaak het. Dit bewys dat SAMPI alreeds in die tydperk van Uys se Ministerskap, daarop uit was om homself op elke moontlike terrein van die mieliebedryf te laat geld. Hy wou nie net daarmee die saak van die mielieboere help bevorder nie, maar het hom beywer om, veral die Mielieraad, te laat besef dat die leemtes in die mieliebedryf nie ongesiens verby sou gaan nie.

Hendrik Schoeman se aanvaarding van die amp van Minister van Landbou in 1972 het geensins 'n invloed op SAMPI se ideaal gehad om 'n beter bedeling vir die mielieboere te beding nie.

Aanvanklik het SAMPI hom daarop toegelê om sy beleid van agterskotuitbetalings ten volle te propageer. Dit was vir SAMPI, meer as ooit, praktiese mieliepolitiek om dit tot 1975 met alles in sy vermoë te doen. Die rede hiervoor was dat die toestand op die uitvoermarkte uiters gunstig was; gevolglik het die mieliebedryf groot uitvoerwinste verdien. Dit het beteken dat daar fondse beskikbaar was om as agterskotte uitbetaal te word. Schoeman kon dus nie 'n rede aanvoer om dit te weier nie, want geen uitvoerverliese hoef gefinansier te word nie.

'n Sprekende voorbeeld in dié verband was die 1973-rampdroogtejaar. Daardie jaar, ten spyte van 'n rekordseisoen die vorige jaar, kon die mielieboere

---

19 *Mielienuus*, Mei 1972, pp. 10, 12.

nie die finansiële mas opkom nie. Dit was nie net as gevolg van die verwoestende uitwerking van die droogte nie, maar as gevolg van die opbou van 'n skuld-agterstand van nagenoeg R1 500 miljoen met die verloop van jare; gevolglik het SAMPI daartoe oorgegaan om iets daadwerkliks aan die saak te doen.

SAMPI het van hierdie kwessie 'n baie groot saak gemaak, want op 9 Januarie 1973 is te Wolmaranstad 'n massa-vergadering belê. By die geleentheid het nagenoeg 1 300 boere opgedaag, om steun te verleen aan Ferreira, Von Abo en De Jager, wat hulle saak aan Schoeman in die persoon gestel het. Onder andere is gepleit vir die terugbetaling van die geld wat vanweë die 1972/73-seisoen se mielielewerings, in die Stabilisasiefonds gestort is, asook om die uitstel van die terugbetaling van die opgehoopte skuld.[20]

Aan die einde van die dag was hierdie byeenkoms 'n klinkende oorwinning vir SAMPI. Schoeman se aankondigings het dit gestaaf: eerstens, het hy bekend gemaak dat die boere hulle skuld oor 'n veel langer tydperk kon terugbetaal. Later, tydens die aankondiging van die 1973/74-seisoen se produsenteprys is 'n 50c-agterskotbetaling daarby ingesluit. SAMPI was baie tevrede daarmee dat hy vir die eerste keer 'n Minister van Landbou oor sy standpunt insake die agterskotstelsel kon oortuig.

Hierdie sukses van SAMPI, asook die soortgelyke uitbetalings in 1974 en 1975, het baie goed in SAMPI se kraal gepas. Nie net het dit direk tot die mielieboere se inkomste bygedra nie, maar is op 'n baie duidelike wyse erkenning aan SAMPI se prysbeleid gegee.

In 1976 egter is daadwerklike pogings aangewend om die uitbetalings te verhinder. Die instrument wat hiervoor aangewend is, was die Kommissie van Ondersoek na die Bemarkingswet, onder die voorsitterskap van Greyling Wentzel.[21] Die Kommissie het aanbeveel dat die Stabilisasiefonds net vir die stabilisering van die mielieprys gebruik word, in die gevalle waar die netto-uitbetalings per produksie-eenheid, as gevolg van ekonomiese faktore, betreklik laag is. Dit het dus beteken dat die Fonds nie aangewend moes word om die produsente se lae inkomste, vanweë onvoorsiene swak natuurtoestande, aan te

20 *SAMPI*, Lêer 2/1/14/3. Voorstelle aan Minister van Landbou, 9.1.73.

21 Verslag van die Kommissie van Ondersoek na die Bemarkingswet (No. 59 van 1968), 1968, p. (ii). Die ander lede van die kommissie was die volgende Parlementariërs, te wete, LJ Botha, GFC du Plessis, PTC du Plessis, SAS Hayward, GF Malan, JH Moolman, SA van den Heever en WT Webber.

vul nie. Die Kommissie was van mening dat die produsente self die verantwoordelikheid gehad het om vir sulke omstandighede voorsiening te maak. Die enigste uitsondering was spesiale omstandighede, waar die Owerheid die verantwoordelikheid gehad het om op 'n gepaste wyse bystand te verleen.

Die Kommissie het die mening gehuldig dat die swak oeste, weens ongewone natuurtoestande, gewoonlik tot sekere produksiegebiede beperk is; gevolglik is dit moeilik regverdigbaar om hulp aan produsente in bepaalde gebiede te verleen, uit fondse waartoe die hele bedryf bygedra het. Verder het die Kommissie aangevoer dat die aanvulling van die prys van die produsente met 'n swak oes van min waarde was, want net die produsente met goeie oeste het daarby gebaat.[22]

SAMPI het hierdie voorgestelde wysiging en die gepaardgaande motivering geheel en al verwerp, aangesien die uitbetaling van agterskotte, wat uit uitvoerwinste verkry is, een van die steunpilare van SAMPI se prysbeleid was. SAMPI het opnuut beklemtoon dat die opgehoopte fondse in die Stabilisasiefonds die eiendom van die mielieboere was. Vir SAMPI was dit steeds onredelik om van die produsente te verwag om uit die uitvoere se opbrengs die verbruikersprys van mielies te subsidieer, want subsidies was in die eerste plek die Owerheid se verantwoordelikheid, of alternatiewelik die van die verbruikers self.[23]

Hoewel SAMPI deurentyd wou sien dat die produsente die voordeel uit die Stabilisasiefonds sou trek, was hy verheug dat dit nooit in die Bemarkingswysigingswet opgeneem is nie Dit het egter nie beteken dat sodanige uitbetalings ooit gemaak is nie, want die Mielieraad het by sy verklaarde standpunt insake die Fonds gebly.

Dit het SAMPI geensins ontmoedig om steeds vir die saak van die produsente te veg nie. Dit het egter 'n nuwe strategie geverg, want Schoeman het aangedui dat hy groter waarde aan die produksiekostesyfers as sy voorganger, Uys, geheg het. Hierdie veranderde houding hou verband met die oliekrisis wat in 1973, as gevolg van die oorlog in die Midde-Ooste, ontstaan het. Die geweldige toename in inflasie as gevolg hiervan het die produksiemiddele se pryse dramaties laat styg. Dit was dus net goeie mieliepolitiek om produksiekoste na behore te verreken.

---

22 *Ibid.*, p. 77.

23 *Von Abo.* Kommentaar op die Verslag van die Kommissie van Ondersoek na die Bemarkingswet, 1968, Junie 1976, pp. 7-8.

SAMPI se veranderde strategie het beteken die terugkeer na die stelsel van produksiekoste plus ondernemersloon. Sy eie uitsprake bevestig dit: "Produksiekoste in die jaar van produksie plus 'n aanvaarbare ondernemersloon (behoort) die belangrikste norme vir oorweging te wees." Of anders gestel, in die woorde van Ferreira, dat SAMPI geen ander keuse gehad het, "as om die perd, wat die Ministers van Landbou opgesaal het, te ry nie".[24]

Dit het natuurlik glad nie beteken dat SAMPI en die Departement van Landbou oor die resultate van die produksiekoste ooreengestem het nie. Die oorheersende probleem was nog steeds die berekeningswyse wat gevolg is. Die Departement het by die beginsel van die berekening van aangepaste kosteveranderinge gestaan, terwyl SAMPI steeds die berekening van die ware produksiekoste voorgestaan het. Hierdie uiteenlopende benaderings tot dieselfde probleem, moes onvermydelik op 'n ernstige botsing uitloop.

In 1975 het dit dan ook gebeur, want SAMPI was uiters ontevrede toe hy, tydens samesprekinge met Schoeman, bemerk het dat die Departement die styging in koste op net 3 persent bereken het. SAMPI het dit in die sterkste moontlike taal verwerp en daarop aangedring dat dit hersien word. Hierdie aanpassing moes nog dringender gedoen word toe SAMPI, by monde van Schoeman, gehoor het dat daar weliswaar 'n foutiewe berekening van die produksiekoste was.

Asof dit nie erg genoeg vir SAMPI was nie, het Schoeman aangekondig dat die Mielieraad, onder voorsitterskap van Ben Wilkens, se voorstel van R58,00 per metrieke ton té hoog was; gevolglik het die Regering met 'n voorstel van R56,00 per ton vorendag gekom. Tot SAMPI se misnoeë, het die Mielieraad dit aanvaar. Dit het daartoe gelei dat SAMPI die Mielieraad van onverantwoordelike optrede beskuldig het en geëis het dat die produsentelede van die Raad onvoorwaardelik moes bedank.

Die Mielieraadslede het hulself verdedig deur daarop te wys dat die Regering die prys op hulle afgedwing het. SAMPI het hulle kort en kragtig daarop gewys dat die Bemarkingswet bepaal het dat die Raad en die Minister eers ooreen moes kom, alvorens die finale produsenteprys aangekondig kon word.[25]

---

24 *Die Landman*, Maart 1978, p. 15; *Ferreira*, Ferreira-toespraak, 1976, p. 3.
25 *Die Landman*, Bylae. "Mielieprysfiasko - 1975/76", Mei 1975, p. 1-2.

Hierdie debakel rondom die prys het nie net veroorsaak dat die verhouding tussen SAMPI en die Raad nog verder vertroebel is nie, maar het regstreeks daartoe aanleiding gegee dat SAMPI begin het om sy eie produksiekoste-opnames te doen. Daarmee wou hy met die nodige bewyse die mielie-owerhede daarop wys dat die mielieboere glad nie vir die produksie van hulle produk vergoed word nie; gevolglik het die boere hulle plase in groterwordende getalle verlaat.

SAMPI se opnamemetode het in 3 opsigte drasties van die Departement van Landbou s'n verskil. Behalwe die berekening van die werklike produksiekoste van 'n bepaalde seisoen, het SAMPI die mening gehuldig dat net gekontroleerde state gebruik kon word. Die geheue-metode, wat die Departement gebruik het, waar die boer mondelings oor sy koste ondervra is, was totaal onaanvaarbaar. Vir SAMPI was dit 'n geval van dat waar inkomstebelasting behoorlik boekhouding vereis het, produksiekoste opnames en -berekeninge oor presies dieselfde kam geskeer moes word.

Verder het SAMPI die Departement se gebruik om produksie-uitgawes deur middel van die 5-jaar skuiwende gemiddelde, en vanaf 1976 met die logaritmiese groeikurwe van die voorafgaande 15 jaar se opbrengste as basis, te bereken, totaal onaanvaarbaar gevind. Die sterkste motivering hiervoor was dat dit beteken het dat net die aangepaste veranderinge in produksiekoste bereken is, en niks anders nie. Harry Hattingh, die Direkteur van die Afdeling Landbouproduksie-ekonomie, het self gesê: "(Die produsente) weet nie dat daar net gekyk word na die verandering in produksiekoste van een jaar na 'n ander nie en nie die werklike produksiekoste wat op die land staan nie ... die verandering in koste dien ook net as een van die veranderlikes wat van die bestaande prys bygetel of afgetrek word – wat weens vele redes glad nie met die werklike produksiekoste verband hou nie."[26]

SAMPI het dit grootliks, in die lig van 'n omsendskrywe van die Departement van Landbou, bevraagteken, waarin onder andere gesê is: "Die vasstelling van 'n regverdige mielieprys word dus grootliks bepaal deur die gehalte van die produksiekoste-gegewens wat van u, die produsent, verkry word."[27] Die gevoel is verder versterk deurdat SAMPI en die Departement se koste baie groot ver-

26 *Von Abo*. Inleiding tot bespreking: 7 en 8 September met die oog op die veldwerk wat op 12 September 'n aanvang neem (hierna "Inleiding tot bespreking" genoem) 1978, p. 1.

27 *Die Landman*, April 1978, p. 21; vgl. *Von Abo*. HS Hattingh aan mielieboer, 1974.

skille getoon het, naamlik, R58,75 per hektaar deur die Departement en R150,27 deur SAMPI vir die 1975/76-seisoen.[28]

SAMPI het só volhard om uit te wys dat produksiekoste beslis die deurslaggewende rol by die bepaling van die produsenteprys moes speel, dat die Mielieraad en die SALU genoodsaak was om baie groter aandag hieraan te gee. Dit het egter nie beteken dat die beginsel van werklike koste aanvaar is nie, maar eerder die geval dat die bestaande berekeningsmetode meer noukeurig toegepas moes word. Die aangeleentheid kon dus glad nie tydens die stryd opgelos word nie; gevolglik het die Departement, die Mielieraad en SAMPI nie juis oog om oog oor die koste-aspek gesien nie. Hattingh som dit treffend op, as hy sê: "Solank die tendenslyn deur die Mielieraad aanvaar word as die beste metode om fluktuasies uit te skakel, sal hierdie argument voortbestaan, ongeag watter insamelingsmetodiek gevolg word."[29]

Oor die produsenteprys as geheel, is dit belangrik om 2 sake te noem. Eerstens, het SAMPI nooit daarin geslaag om sy prysaanbevelings aanvaar te kry nie. Die rede hiervoor is te vinde in die 2 simbole van die ekonomiese stryd, naamlik, SAMPI se inkomstestabiliteit teenoor die Owerhede se beleid van prysstabilisasie. Dit was heeltemal té verwyderd om ooit bymekaar uit te kom.

Tweedens, het SAMPI weliswaar daarin geslaag om die Owerheid daarvan bewus te maak dat dit glad nie met die mielieprodusente goed gegaan het nie; gevolglik het hulle posisie dringende aandag vereis. Dit is weerspieël in die reaksie op SAMPI se uitlatings, hetsy positief of negatief oor die mielie-ekonomie. Verder is SAMPI se invloed duidelik te vinde in die omvang waarmee die Mielieraad en die SALU die prys later geformuleer het. In laasgenoemde geval het dit gegroei van enkele bladsye in die vyftigerjare tot meer as 30 bladsye in 1980. Dat dit nie grotendeels as gevolg van SAMPI se vertoë was nie, is skaars denkbaar, want het die amptelike mielie-owerhede dit nie gedoen nie, het SAMPI die kans gehad om op te tree. Dit was beslis die geval van òf jy wys jou staal òf jou opponent het syne gewys!

SAMPI se groot bydrae in die stryd om 'n nuwe prysbedeling lê nie daarin dat hy groot suksesse behaal het met sy pogings om 'n billike prys te beding nie. Sy sukses lê eerder daarin dat hy as mondstuk gedien het om die ekonomiese

28 *Die Landman*, Februarie 1976, p. 4.
29 *Von Abo*. Inleiding tot bespreking, 1978, p. 7.

posisie van die mielieprodusente, wat al knellender geword het, pertinent onder die aandag gebring het.

Vir die produsente moes dit as gerusstelling gedien het dat hulle oor 'n organisasie beskik het wat die woord namens hulle kon voer en hulle belange kon beskerm.

Geen wonder dus nie dat SAMPI van krag tot krag gegaan het en 'n hoë status in die boeregemeenskap bereik het.

Ongelukkig het interne probleme nie uitgebly nie, en is SAMPI deur onverwagte gebeure in sy fondamente geskud.

Dit was vir SAMPI se beeld na buite belangrik dat hy 'n gees van eensgesindheid moes openbaar. In 1970 het die aankondiging van die produsenteprys nie net veroorsaak dat hierdie goue reël verbreek is nie, maar het daar skokgolwe deur SAMPI se bestuur gegaan, wat nooit voorsien is nie. Trouens, SAMPI het in die proses van sy bekwaamste staatmakers verloor.

Hierdie ongelukkige gang van sake het ontstaan deur 'n telegram wat Willie Kotzé, die Direkteur, op 8 April 1970 aan Uys en die dagblad, *Die Transvaler*, gestuur het, terwyl hy met vakansie was. Hierin het hy sy tevredenheid met die prys uitgespreek, as hy sê: "Met uitsondering van die bydrae tot die Stabilisasiefonds, is mielieprys in ooreenstemming met SAMPI se versoek. Grootte van oes verander uitvoerposisie aansienlik. Bydrae Stabilisasiefonds derhalwe geregverdig. Prys dus billik. (Geteken) Kotzé, Direkteur SAMPI."[30]

SAMPI se Dagbestuur, bestaande uit Hennie Delport, die voorsitter, Fanie Ferreira, die onder-voorsitter en Hennie de Jager, was glad nie daarmee gediend nie. Eerstens, is gesê dat Kotzé die gebruik dat die Dagbestuur jaarliks 'n persverklaring oor die prys uitreik, verbreek het. Dit was die aanvaarde beleid dat alle belangrike beleidsaangeleenthede, waarvan die mielieprys dié belangrikste was, deur die Dagbestuur uitgereik word. Kotzé het dit met sy telegram verbreek. Daarby het die Dagbestuur die mening gehuldig dat die oesskatting, waarop die prys gebaseer is, te hoog was. Kotzé het die indruk gelaat dat die aangekondigde prys ooreengestem het met dié wat SAMPI se Jaarkongres gevra het. Dit was egter nie die geval nie, want dit het op 'n verskil van R11 miljoen neergekom. Dit het beteken dat 2 pryse billik was, wat vir die Dagbestuur

30 *SAMPI*, Lêer 2/1/27/5/1. Handgeskrewe nota en voorlopige brief aan lede (hierna "Voorlopige brief" genoem), Mei 1970, p. 1. Sien ook *Die Beeld*, 10.5.70. Berig.

onmoontlik was. Nadat die Dagbestuur die aangeleentheid met Kotzé bespreek het, het hy hom met Delport, Ferreira en De Jager se standpunt vereenselwig.[31]

Die saak is egter nie daar gelaat nie en is 'n tweede vergadering van die Dagbestuur byeengeroep. Hier is die nadelige gevolge van Kotzé se telegram, asook sy eie posisie, bespreek. Daaruit voortspruitend, is besluit dat Kotzé die saak per omsendbrief aan die lede en die Eerste Minister, BJ Vorster, sou regstel. Die voorwaarde was dat hy sy fout onomwonde sou erken en dat hy geensins sou probeer om sy standpunt te regverdig nie. Delport is opdrag gegee om dié skrywe goed te keur, alvorens dit uitgestuur sou word.[32]

Die brief wat uitgestuur is, het egter die voorwaarde geïgnoreer deurdat Kotzé verduidelik het waarom die telegram gestuur is. Onder andere is gesê dat dit nie namens SAMPI nie, maar as 'n private telegram gestuur is. Die woorde "Kotzé, Direkteur, SAMPI", was bedoel om homself te identifiseer, want Uys sou nie weet watter "Kotzé" dit gestuur het nie. Betreffende die oesskatting, het Kotzé gesê dat hy tóé geen bewyse gehad het dat dit té hoog was nie. Hy het weliswaar toegegee dat die gevoel in die mieliegebied aanwesig was dat dit te hoog was.[33]

Kotzé het ook aangedui dat daar vordering vir SAMPI se saak was. Een bewys hiervan was dat die Regering, ooreenkomstig SAMPI se standpunt, aanvaar het dat indien die verbruiker nie meer vir mielies kon betaal nie, dit die Staat se taak was om dit te subsidieer. Hierdie besluit is in die 1970-prys ingebou. Die telegram het ook ten doel gehad om erkenning aan dié feit te gee.[34]

Vanweë die ontevredenheid met Kotzé se brief is 'n spesiale Hoofbestuursvergadering vir 4 Mei 1970 belê, waartydens die hele aangeleentheid opnuut bespreek is. De Jager en Ferreira het die mening gehuldig dat die Hoofbestuur eers die saak *in camera* moes bespreek, alvorens dit met Kotzé bespreek sou word. Kotzé was nie hiervoor te vinde nie, toe hy gesê het: "My standpunt is dat ek persoonlik teenwoordig wou wees as besware in die Hoofbestuur geopper word. As hulle alleen, sonder my gesels, kon hulle mekaar beïnvloed, sodat dit agterna nie sou help as ek my saak stel nie."[35]

---

31 *Die Landman*, Junie 1970, p. 5. Sien ook *SAMPI*, Lêer 2/1/14/1. Notule van vergadering, 19.8.66.

32 *Ibid.*, Lêer 2/1/33/1/5. Sekretaris aan Kotzé, 16.4.70; Kotzé aan BJ Vorster, 21.4.70.

33 *Ibid.*, Lêer 2/1/27/5/1. Kotzé aan lid, 29.4.70, p. 2.

34 *Ibid.*

35 *Die Beeld*, 10.5.70.

Die Hoofbestuur het Kotzé se standpunt geïgnoreer, want 'n amptenaar was nie in die posisie om die vergadering se prosedure te bepaal nie. In die lig hiervan en na deeglike bespreking, het die Hoofbestuur Kotzé se bedanking onvoorwaardelik aanvaar, en Willie Landman as waarnemende Direkteur aangestel. Hy is later deur Jas Crous, wat eers organiseerder en later skakelbeampte was, as sekretaris opgevolg. In Maart 1972 het die Hoofbestuur hom as die Direkteur aangestel. Hy is op 1 Maart 1973 deur PK Roodt opgevolg. Roodt is enkele maande later as gevolg van onbevredigende diens deur Hannes van Wyk as die Waarnemende Direkteur opgevolg.

Die stof rondom Kotzé en sy bedanking het nog nie gaan lê nie, of SAMPI het die volgende dag, 5 Mei 1970, nóg 'n ernstige krisis beleef. Dié keer was dit die voorsitter, Delport, wat onverwags sy bedanking ingedien het. Ter verduideliking het hy SAMPI daaraan herinner dat hy met die aanvaarding van die voorsitterskap nadruklik beklemtoon het dat hy vir nét een jaar sou dien. Daar het nou reeds 4 jaar verloop, want elke jaar het ongeleë vir uittrede geblyk te wees. Terselfdertyd het Delport daarop gewys dat sy boerdery en familieverpligtinge ook sy volle aandag vereis het en dat hy van mening was dat te veel hooi op die vurk, iewers afskeepwerk sou veroorsaak; gevolglik het hy na deeglike oorweging besluit dat die aangewese tyd om uit te tree aangebreek het.[36]

Die bedanking van Delport het in die woorde van Crawford von Abo, "totale chaos veroorsaak". Apie van Heerden het dit ook bevestig, as hy sê: "Die grootste terugslag wat SAMPI gekry het, was die bedanking van Hennie Delport. Hy was 'n knap voorsitter."[37] Nie net was SAMPI sonder 'n hoofamptenaar nie, maar was hy vir alle praktiese doeleindes, leierloos. Dit het baie dringende optrede van die Hoofbestuur vereis, om te voorkom dat SAMPI nie ten gronde sou gaan nie.

Hiervoor is nog 'n spesiale Hoofbestuursvergadering belê, waartydens Ferreira, as die waarnemende voorsitter, en De Jager, as die waarnemende onder-voorsitter, verkies is. In 'n daaropvolgende verklaring is gesê dat die Hoofbestuur inherent sterk genoeg was om hierdie skokke, wat die bedankings veroorsaak het, te oorleef. Elke bestuurslid het bankvas agter SAMPI se beginsels gestaan. Daar sou dus voortgegaan word om die ingeslane weg, wat deur

---

36 *Die Landman*, Julie 1970, p. 9.

37 *NAMPO*, K792. Onderhoud Marais en Theron met Von Abo, Bothaville, 4.12.84. Sien ook *Ibid.*, K794. Onderhoud Marais en Theron met AC van Heerden, Bethlehem-distrik, 5.12.84.

duidelike riglyne aangedui word, te volg. Daar sou nie geduld word dat die saak van die mielieprodusente benadeel word nie. Die Hoofbestuur sou ingryp om te verhoed dat die besluite van die Jaarkongres weer verontagsaam sou word. Die versekering is opnuut gegee dat SAMPI sou voortbou op dié fondamente wat in 1966 gelê is, maar dat elke lid sy volle gewig agter SAMPI moes ingooi.[38]

Die Hoofbestuur was dus ten volle gereed om die toekoms aan te durf, dog die volgende dag het nóg 'n hindernis opgeduik wat eers oorbrug moes word: JD Theron, die redakteur van *Die Landman*, het op dié dag óók sy bedanking ingedien. Sonder 'n mondstuk kon SAMPI nie sy boodskap, veral in dié moeilike omstandighede, uitdra nie. Ook hier is dringende optrede vereis en het die Hoofbestuur Dries Jansen aangestel om sorg te dra dat die publikasie ononderbroke voortgesit word. In Mei 1971 is hy deur Crous, wat op daardie tydstip ook as Direkteur waargeneem het, opgevolg.

Vanweë die nuuswaardigheid van die woelinge binne die geledere van SAMPI, het die Sondagblad, *Die Beeld*, 'n omvattende berig hieroor geplaas. Onder die opskrif: "'Jong Turke' is nou in beheer van SAMPI – Boere se skip is aan die sink", is stellings gemaak wat die Bestuur ernstig bevraagteken het.[39]

Joernalis FJS Swart het die gebeure wat begin by Kotzé se telegram en sy en Delport se uiteindelike bedanking, waarheidsgetrou weergegee. Die probleme is egter veroorsaak deurdat hy, na aanleiding van onderhoude met WA Landman, die sekretaris van die TLU, P van Rooy, die sekretaris van die Vrystaatse Landbou-unie, Kotzé, Delport, De Jager, Von Abo en 'n aantal ongeïdentifiseerde mielieboere, 'n reeks gevolgtrekkings en opmerkings gemaak het, wat volgens die betrokkenes nie met die waarheid verband gehou het nie.[40]

Die berig het onder andere gelui dat die woelinge, wat 'n geruime tyd binne die geledere van SAMPI bestaan het, op Hoofbestuursvlak uitgebars het. SAMPI se 2 briljantste topmanne het skielik bedank en die leiding is nou in die hande van die jong Turke. Maandagoggend, 4 Mei 1970, het die brein en die Direkteur van SAMPI, Kotzé, bedank. Baie boere het gesê hulle was die twee gematigde manne aan die spits en hul bedanking lyk na die eerste sigbare tekens dat SAMPI se skip besig was om te sink. Dit is egter duidelik dat die drie

38 *SAMPI*, Lêer 2/1/27/5/1. Voorlopige brief, Mei 1970, p. 2, WA Landman aan lid, 28.5.70.
39 PV 730: *HPJ de Jager-versameling* (ongeorden). Couzyn, Hertzog en Horak aan Redakteur, 12.5.70, pp. 1-4.
40 Vgl. voetnoot 39.

manne, wat as die organisasie se vurige jong Turke en nuwe leiers bekend staan, te wete, Ferreira, De Jager en Von Abo, anders oor die saak gevoel het.[41]

Volgens die berig is gesê dat die bedankings van Kotzé en Delport voorafgegaan is deur geskille wat lankal in SAMPI se leiding gebroei het. Dit het begin met die stigting van die SLV deur daardie lede van SAMPI wat 'n teenvoeter vir die SALU wou hê. Baie van die ander lede en leiers van SAMPI was nie ten gunste hiervan nie. So het daar 2 groepe ontstaan; die een wat geglo het dat daar meer met die erkende landbou-organisasies en die amptelike instansies, soos die Mielieraad, saamgewerk moes word, en die ander groep wat net aan die Regering eise wou stel en nie met die SALU wou saamwerk nie. Laasgenoemde groep was onder die leiding van die jong Turke. Kotzé was vir die groep te gematig en versigtig. Daarby het die gevoel bestaan dat die druk op Delport, om eise aan die Regering te stel, te groot geword het: "Mense in die binnekringe sê Delport moes al dikwels wal gooi wanneer buitensporige eise voorgestel word."[42]

Die berig het ook na Von Abo en De Jager verwys: "Mnr. Von Abo is skatryk. Hy is die invloedrykste man in SAMPI. Die nuwe brein is mnr. Hennie de Jager. Hy voel só sterk oor 'n hoër miellieprys dat hy, toe die Nasionale Party voor die verkiesing by hom gekollekteer het, gesê het: 'Daar lê R200 in my brandkas ..., maar stel eers die mielieprys reg.'"[43]

Ten slotte is gesê: "SAMPI het ook ander probleme. Die jong Turke moet dit oplos om SAMPI te maak of te breek."[44]

Ferreira, De Jager en Von Abo was hoegenaamd nie met die strekking van die berig gediend nie; gevolglik is hulle regsverteenwoordigers opdrag gegee om by die redakteur, Schalk Pienaar, beswaar aan te teken. Sou die gevraagde regstellings nie in die uitgawe van 17 Mei 1970 verskyn nie, sou 'n klag by die Suid-Afrikaanse Persraad gelê word.[45]

Om die berig te weerlê, is eerstens aangedui dat daar geen regverdiging bestaan om die etiket van jong Turke om die nek van die beswaarmakers te

41 *Die Beeld*, 10.5.70. Berig.
42 *Ibid.*
43 *Ibid.*
44 *Ibid.*
45 *De Jager.* Respondent se beëdigde verklaring kragtens klousule 2 van die prosedurereëls aangaande klagtes aan die Suid-Afrikaanse Persraad gerig, 18.9.70, p. 1; Couzyn, Hertzog en Horak aan Redakteur, 12.5.70, p. 1.

hang nie. Veral as daarmee bedoel is dat ekstremiste met geweld gepoog het om die bewind van SAMPI oor te neem, is dit verwerp. Dit was 'n onmoontlikheid as daar in gedagte gehou is, dat al drie die persone stigterslede van SAMPI was.

Die stelling, dat SAMPI na die bedankings van Kotzé en Delport, in die hande van die jong Turke was, is as onjuis verwerp. Die rede hiervoor was dat SAMPI se Hoofbestuur uit 14 lede, waarvan die drie beswaarmakers deel was, bestaan het; gevolglik was dit konstitusioneel onmoontlik dat die leiding van SAMPI in net drie persone se hande geplaas kon word.

Verwysend na Kotzé en Delport se bedanking, wat verband sou hou met die stigting van die SLV en gepaardgaande ontevredenheid, is aangevoer dat hulle bedanking glad nie daarmee verband kon hou nie, want daar was nie sulke groot verskille nie.

Die beswaarmakers het die indruk, wat die berig gewek het, dat hulle daarop uit was om, enersyds, drastiese optrede teen die Regering te beplan, en, andersyds, asof hulle 'n groep binne SAMPI tot sodanige druk wou oorhaal, as 'n algehele wanvoorstelling afgemaak. Ter motivering is gesê dat daar geen sprake was van enige groepverdeling binne die Hoofbestuur nie; gevolglik kon hulle ook nie leiers van so 'n groep wees nie.

Verwysend na die stelling oor Von Abo is die verweer aangevoer dat dit geensins in dieselfde asem as die 2 bedankings genoem kan word nie. Terselfdertyd is die stelling dat De Jager die "nuwe brein" van SAMPI is, verwerp. Die rede in beide gevalle was weer eens die feit dat die Hoofbestuur die leiding geneem het en dat geen Hoofbestuurslid in staat was om die Hoofbestuur aan die neus te lei nie.

Die verwysing na De Jager se opmerking dat die mielieprys eers moes styg, voordat hy sy bydrae aan die NP sou gee, is as vals verwerp, want hy het dit glad nie tydens die onderhoud gesê nie. Net so is die slotopmerking dat SAMPI ook ander probleme gehad het, as verkeerd bewys, want niemand was daarvan bewus nie.[46]

*Die Beeld* het om ongenoemde redes nie op SAMPI se versoek gereageer nie en het die regstellings nie op 17 Mei 1970 geplaas nie. Hulle het weliswaar op 24 Mei 1970 'n berig onder die opskrif: "Vreedsame SAMPI", geplaas, waarin

---

46 *Ibid.*, pp. 1-4.

gemeld is dat die beswaarmakers, veral Von Abo en De Jager, al die aantygings wat teen hulle gemaak is, ontken het.[47]

Dit is egter nie deur hulle aanvaar nie, want dit het op geen ontkenning of terugtrekking deur die koerant gedui nie; gevolglik is 'n klag voor die Persraad gelê. Die Raad het bevind dat die beswaarmakers geregtig was om met dié berig ontevrede te wees. Daarby was die opskrif: "Vreedsame SAMPI", sarkasties en het dit aan die beswaarmakers se ontkenning afbreuk gedoen. Die Persraad het SAMPI ook oor die eerste berig gelyk gegee, deur nie net te sê dat die opskrif en subhoof foutief is nie, maar dat die inhoud van die artikel nie met die waarheid gestrook het nie. In ooreenstemming met sy huishoudelike reëls is die bevinding van die Raad in al die dag- en Sondagblaaie bekend gemaak.[48]

---

47 *Die Beeld*, 24.5.70. Berig.

48 *Die Landman*, Maart 1971, p. 7; vgl. *Die Rapport*, 21.2.71; *Die Transvaler*, 15.2.71; *Die Volksblad*, 15.2.71.

# HOOFSTUK 4

# VERSOENINGSPOGINGS DEUR MINISTER HENDRIK SCHOEMAN

Die onverkwiklike rusie wat in die landbougeledere geheers het, was vir baie boere en ook vir die Owerheid 'n steen des aanstoots. Veral in die Departement van Landbou is besef dat pogings tot toenadering nodig was. Reeds as die Adjunk-minister van Landbou het Hendrik Schoeman die begeerte uitgespreek dat SAMPI en die SALU nader aan mekaar moes beweeg met die oog op die bylegging van hul geskil. Nadat Schoeman op 30 Augustus 1972 as die Minister van Landbou aangewys is,[1] het hy die daad by die woord gevoeg deur met energieke optrede, versoening te probeer bewerkstellig.

Schoeman, as 'n uiters fyn en berekende diplomaat, het deeglik besef dat voortdurende eenheid alleenlik deur die strydendes bewerkstellig kon word. Hy sou net as die sameroeper tydens die versoeningspoging optree. Hy het ook besef dat hy uiters versigtig te werk sou moes gaan om die gewenste resultate te bereik. Hoewel hy bewus was van die SALU se teensinnigheid, het Schoeman weliswaar daarin geslaag om dié liggaam te oorreed om voelers oor samewerking na SAMPI uit te steek.[2]

Op 22 Oktober 1972 het Andries Beyers, die voorsitter van Unie Graan en Faantjie Labuschagne, die voorsitter van Noordwes Koöperasie (NWK), namens die SALU, vir Fanie Ferreira en Hennie de Jager, onderskeidelik die voorsitter en onder-voorsitter van SAMPI, oor die aangeleentheid ontmoet. Die SALU het as voorwaarde gestel dat SAMPI moes ontbind en by die Georganiseerde Landbou inskakel. Op dié eis het SAMPI gereageer deur aan te dui dat dit "nie te veel gevra is nie", maar dan moes die SALU op sy beurt die beginsel van spesialisasie binne die mieliebedryf erken.[3]

Tevrede met dié resultate het Schoeman tussenbeide getree en die 2 organisasies gevra om hulle onderskeie standpunte uiteen te sit, sodat 'n duidelike basis vir verdere onderhandelinge gevind kon word. Dit was reeds duidelik dat daar vir Schoeman 'n lang en opdraande pad voorgelê het, want eers na twee

---

1 *Parlementêre Register, 1910-1982*, p. 88. Schoeman was tot 1980 die Minister van Landbou.

2 PV 735: *NAMPO-versameling*, K846/1. Onderhoud AH Marais en JH Theron met HSJ Schoeman, Kaapstad, 26.3.85.

3 *Ibid.*, K864/4, HPJ de Jager-toespraak, Viljoenskroon, 1976.

ontmoetings met beide partye, is 'n redelike mate van eenstemmigheid bereik. Hoewel die detail insake die praktiese implementering wesenlik verskil het, was daar vordering vir SAMPI se saak, aangesien die SALU vir die eerste keer in die soeke na 'n oplossing van die probleem, binne die breë raamwerk van 'n spesialiteitsorganisasie gedink het.[4]

Die SALU se voorstelle het op die volgende neergekom: 'n spesialiteitsorganisasie moes as 'n integrale deel van die SALU, soos die Mieliekomitees, funksioneer. Om fondse te bekom, moes 'n begroting in oorleg met die Mielieraad, wat die fondse voorsien, vir goedkeuring aan die SALU voorgelê word; die Mielieraadslede se hoofbron van inkomste hoef nie noodwendig mielies te wees nie; politici kon op die Hoofbestuur en die Mielieraad dien; die mielieprysbeleid moes by die omstandighede aangepas word en nie vooraf vasgelê word nie, en hoewel die SALU nie gekant was teen SAMPI se embleem nie, kon dit nie vir eenheid bevorderlik wees nie.[5]

Die ligging van die kantoor, die personeel, die mondstuk en Oesdag moes die Kongres en nuwe bestuur se verantwoordelikheid wees; 'n reëlingskomitee moes die Kongres behartig; die samestelling van die Mielieraad en die wyse van nominasie moes deur die Minister van Landbou en die nuwe bestuur beheer word, en die samestelling van die Hoofbestuur moes deur verdere onderhandelinge bepaal word.[6]

Hoewel SAMPI se beginselstandpunte bekend is, word dit kortliks herhaal: die mieliespesialiteitsorganisasie moes outonoom en nasionaal georganiseerd wees, met 'n eie kantoor op 'n sentrale plek, en eie personeel en fondse; dit moes by die SALU affilieer; geen politici kon op die Hoofbestuur en Mielieraad dien nie; die Kongres sou oor die embleem uitsluitsel gee; die prysbeleid moes op die betaling van voor- en agterskotte geskied; *Die Landman* sou die amptelike mondstuk wees en die Oesdag moes bly voortbestaan.[7]

4 PV 729: *CL von Abo-versameling* (ongeorden). Die SALU se siening van samewerking met SAMPI. Notas vir die Minister van Landbou (hierna "Notas vir die Minister" genoem) 31.10.72, pp. 1-4; *SAMPI* Lêer 2/1/33/1/6. Breë raamwerk vir 'n nasionale spesialiteitsvereniging vir mielieprodusente, Oktober 1972, pp. 1-3; Samewerking SAMPI/SALU: Opsomming van verskilpunte en notas vir die Minister van Landbou (hierna "Opsomming van verskilpunte" genoem), Januarie 1973, p. 1.

5 *Ibid.*, pp. 4-5.

6 *Ibid.*

7 *Ibid.*

SAMPI het gesê dat die samestelling van die Jaarkongres, die Hoofbestuur en die Mielieraad op 'n streekproduksiegrondslag moes geskied. Vir dié doel is die mielieproduserende gebiede in 12 substreke verdeel, wat *pro rata*, volgens opbrengs, 'n kwota verkose afgevaardiges na die Kongres kon stuur. Behalwe dat elke streek deur een verkose produsent op die Hoofbestuur verteenwoordig sou word, kon Unie Graan drie lede benoem en is daar vir die aanstelling van 'n ekonoom en tegniese adviseurs voorsiening gemaak. Die produsentelede van die Mielieraad moes uit die streke verkies word, een per streek, of alternatiewelik die Hoofbestuur. Die Mielieraads- en Hoofbestuurslede se hoofbron van inkomste kon net uit mielies wees.[8]

SAMPI en die SALU het oor die volgende sake saamgestem: die naam sou na die Stigtingskongres verwys word; die Kongres is die hoogste gesag; die voorsitter en die onder-voorsitter sou deur die Kongres verkies word; die koöperasies wat mielies in 'n streek hanteer het, sou ooreenkomstig die inname van mielies, verteenwoordiging op die Kongres verkry; die basis vir die organisasie is die boereverenigings, wat by die Georganiseerde Landbou geaffilieer was; die Nasionale Mieliekomitee en SAMPI sou tot die eerste Kongres aanhou funksioneer; SAMPI sou drie lede op die Nasionale Mieliekomitee benoem en die SALU drie lede op die Hoofbestuur van SAMPI laat koöpteer, "vir beter samewerking en koördinasie van prys- en bemarkingsvertoë" tydens die oorgangsperiode, en 'n komitee van 12 lede – uit elke party – sou benoem word, om te onderhandel en die stappe tot eenwording uit te voer.[9]

Schoeman het die onderhandelinge op 31 Januarie 1973 geloods deur verteenwoordigers van beide partye byeen te roep. Namens die SALU het De la Harpe de Villiers, die President van die SALU, Albert Basson, vise-president van die SALU, Louis Bührman, Nico van Huyssteen, AJ Nel en Andries Beyers, almal lede van die Algemene Raad en lede van die Nasionale Mieliekomitee, asook Chris Cilliers, die Direkteur van die SALU, opgetree. SAMPI is deur Fanie Ferreira, voorsitter, Hennie de Jager, onder-voorsitter, Crawford von Abo, Hannes van der Merwe, André du Preez, Janneman Venter, Jas Odendaal en Frans van Rensburg, almal lede van die Hoofbestuur, asook Jas Crous, die

---

8 *Ibid.*

9 *Von Abo.* Opsomming van verskilpunte, Januarie 1973, p. 1, 8. Sien ook Notas vir die Minister, 31.10.72, p. 2, en *SAMPI*, Lêer 2/1/33/1/6. Opsomming van verskilpunte, Januarie 1973, p. 1.

Direkteur van SAMPI, verteenwoordig. Die Mielieraad is deur Gawie Bothma, voorsitter, en Ben Wilkens, onder-voorsitter, verteenwoordig.[10]

Dit was 'n hoogs dramatiese byeenkoms, ná die jarelange geskil, want SAMPI en die SALU het formeel ooreengekom om 'n mieliespesialiteitsorganisasie, met enkele uitsonderings, geskoei op die lees van SAMPI, te stig. Dit het beteken 'n organisasie met 'n eie konstitusie, bestuur, kantoor, personeel en fondse, wat by die SALU sou affilieer. Dit sou oor sittingsreg op die Algemene Raad en ander organe van die SALU beskik. Die organisasie sou alle suiwer mieliebedryfsake hanteer, maar sou die algemene sake aan die SALU oorlaat. Hierdie besluit het 2 belangrike gevolge gehad, naamlik, dat SAMPI, enersyds, moes ontbind, want in 'n sub-artikel is bepaal dat SAMPI se lede by die SALU se boereverenigings moet inskakel, en dat die SALU, andersyds, die beginsel van spesialisasie in die mieliebedryf formeel aanvaar.[11]

'n Opvolgbesluit het gelui tot die samestelling van 'n Twaalfman-Onderhandelingskomitee, onder die voorsitterskap van De Villiers. Die SALU se verteenwoordigers was Van Huyssteen, Nel, Beyers, Van der Hoven, Wilkens, Bothma en Cilliers. SAMPI het Van der Merwe en Odendaal uitgelaat, terwyl die res van die afvaardiging dieselfde was. Piet Swart, die adjunk-direkteur van die SALU, is as die sekretaris benoem.[12]

Die Komitee sou verantwoordelik wees vir die deurslaggewende taak om die fynskrif van die ooreenkoms uit te werk. Dit het onder andere die opstel van 'n nuwe konstitusie vir die vereniging behels. Aandag moes ook gegee word aan die verskille, waaronder die metode van aanwysing van die Mielieraad se produsentelede, insluitend die getal deur Unie Graan benoem; die deelname van politici aan die organisasie en die Mielieraad en die formulering van 'n prysbeleid vir die bemarking van mielies. Die Komitee het ook opdrag ontvang om die samestelling van en die reëlings rakende die Stigtingskongres te behartig.[13]

---

10 PV 731: *SES Ferreira-versameling* (ongeorden). Ooreenkoms bereik tussen verteenwoordigers van die SALU en SAMPI (hierna "Ooreenkoms" genoem), 31.1.73, p. 1.

11 *Ibid.*, p. 2; *SAMPI*, Lêer 2/1/41/3. Verslag van samesprekings tussen verteenwoordigers van die SALU en die SLV, 28.2.74, p. 1. Hierdie klousule het *mutatus mutandus* vir die lede van die SLV se boereverenigings gegeld. Dit het beteken dat die doosklokke vir die SLV op hierdie dag begin lui het; vgl. hfst. 2 voetnoot 42.

12 *Ibid.*, Lêer 2/1/33/2/4. Verslag van samesprekings tussen verteenwoordigers uit die SALU en SAMPI (hierna en in alle ander gevalle "Verslag van samesprekings" genoem), 23.2.73, p. 1.

13 *Ferreira.* Ooreenkoms, 31.1.73, p. 4.

Dit was 'n omvattende taak, wat vanweë die raadpleging met die Mieliekomitees en die wysiging van konstitusies, heelwat tyd in beslag kon neem. In die lig hiervan het beide partye onderneem om onnodige geskilpunte, wat die eenheid kon belemmer, te vermy deur voortdurend op die gemeenskaplike ideaal van eenheid te konsentreer. Dit was 'n saak van erns vir die deelnemers en daar is ooreengekom om die onderhandelinge en notules as streng vertroulik te hanteer. Vanweë die gevoeligheid van die onderhandelinge is besluit dat, as daar oor sekere sake 'n staking van stemme bereik sou word, daar weer 'n byeenkoms onder die voorsitterskap van Schoeman gehou sou word, om die geskille op te klaar.[14]

Reeds in die vroeë stadium was die gang van gebeure voorwaar 'n wonderwerk. Dit het gelyk asof die leiers van die strydendes mekaar uiteindelik gevind het. Dit het gelyk of die Georganiseerde Landbou bereid was om die beleid van SAMPI binne die mieliebedryf op die proef te stel. Dié gesindheid is verder weerspieël deur die bywoning van SAMPI se Jaarkongres deur 'n amptelike afvaardiging van die Vrystaatse Landbou-unie, onder die leiding van Van Huyssteen, in sy hoedanigheid as voorsitter van die Unie.

Op die eerste vergadering van die Onderhandelingskomitee op 23 Februarie 1973, is egter 'n totaal ander gesindheid geopenbaar. Daar is eerstens oor die prosedure gebots. De Villiers wou onmiddellik die SALU se voorgelegde konsepkonstitusie vir bespreking ter tafel lê, dog SAMPI het vierkantig vasgesteek. SAMPI het beweer dat, ooreenkomstig 'n opdrag van Beyers, om die ledekoöperasies van Unie Graan te pols oor die vermindering van die 6 produsentelede, deur hulle in die Mielieraad benoem, sowel as die funksionering van die beoogde organisasie, waaronder die benoemingsprosedure van die Hoofbestuur en die Mielieraad, eers bespreek moes word. Na 'n uitgerekte bespreking is die vergadering verdaag, sodat die onderskeie partye die geleentheid kon kry om oor die prosedure te onderhandel, en daarna het die SALU ingestem om SAMPI gelyk te gee.

Hierna het dit nie veel beter daaraan toegegaan nie: SAMPI het verlang dat die Koöperatiewe beweging nie meer 6 van die 12 produsentelede op die Mielieraad benoem nie en het voorgestel dat dit na 3 verminder word. SAMPI was daarop teë dat 6 produsente op die Raad duisende mielieboere verteen-

14 *Ibid.*, p. 1; *SAMPI*, Lêer 2/1/33/2/4. Verslag van samesprekings, 23.2.73, p. 1.

woordig, terwyl die koöperasies 66k op 6 lede geregtig is. SAMPI wou steeds toesien dat al 12 die produsentelede, waarvan die hoofbron van inkomste mielies moes wees, uiteindelik deur die produsente verkies moes word.

Unie Graan op sy beurt, was glad nie daartoe bereid om toe te stem dat die Koöperasiewese se inspraak só drasties verminder moes word nie. Die motivering het daarin gelê dat die Mielieraad se funksies nie net pryse en bemarking ingesluit het nie, maar ook aspekte soos opberging, hantering en gradering, wat vir die produsent van kardinale belang was. Hiervan het die verteenwoordigers wat deur die koöperasies benoem is, behoorlik kennis gedra. Dit is dus in die algemene belang van die produsente dat daar altyd sterk produsenteverteenwoordiging, deur middel van persone wat deur die koöperasie benoem is, in die Mielieraad moes wees.[15]

Ten opsigte van die wyse van verkiesing van die lede van die Hoofbestuur en die Mielieraad het daar ook meningsverskil geheers. SAMPI was die mening toegedaan dat in beide gevalle 'n streekstemming van al die lede van die vereniging moes plaasvind om die lede te verkies. Elke streek sou 'n verteenwoordiger vir die Hoofbestuur verkies en 2 streke sou gesamentlik vir 'n verteenwoordiger op die Mielieraad stem. Die SALU se afvaardiging het gesê dat daar volgens die kieskollege-stelsel te werk gegaan moes word, byvoorbeeld dat die kongresafgevaardigdes die Hoofbestuurslede moes aanwys.

As gevolg van hierdie skaakmatposisie, veral oor die samestellng van die Mielieraad, en ook as gevolg van SAMPI se misnoeë met De Villiers se hantering van die vergadering, is Schoeman, op aandrang van SAMPI, gevra om wéér die stoel in te neem, sodat uitsluitsel oor die saak gegee kon word. Dit het die einde van De Villiers se voorsitterskap beteken en Schoeman sou vir die duur van die onderhandelinge as voorsitter optree.[16]

Die gebeure op die vergadering het bevestig dat ingenome standpunte en gevestigde praktyke nie eensklaps verander kon word nie. Dit was ook duidelik dat mense nie maklik bereid is om 'n magsposisie af te staan nie. As SAMPI se standpunt insake die samestelling van die Raad sou seëvier, was 3 van die koöperatiewe lede hul posisies in die Mielieraad kwyt. Die omgekeerde was net so waar: sou die SALU se standpunt aanvaar word, sou SAMPI se lede nie

15 *SAMPI*, Lêer 2/1/33/2/4. Verslag van samesprekings, 23.2.73, pp. 2-3.
16 Vgl. verslae van samesprekings, 1973-1975.

daardie posisies kon beklee nie; gevolglik sou hulle beleid nie toegepas kon word nie. Die jarelange onmin, wat gevoelens van agterdog en wantroue gewek het, is deur elke party verder aangewakker, nie net op die genoemde vergadering nie, maar ook wat betref toekomstige onderhandelinge.

Schoeman was nie ongeneë om weer as voorsitter op te tree nie, en op 19 Mei 1973 was die partye weer om die onderhandelingstafel byeen. Selfs Schoeman kon nie 'n volkome oplossing vir die geskil oor die Mielieraad se samestelling bewerkstellig nie; selfs nie eens na afsonderlike beraadslaginge nie. SAMPI het onversetlik by die verhouding 9:3 vasgesteek, terwyl die SALU net bereid was om tot 'n verhouding van 8:4 in te stem. Die afgevaardigdes het in 'n hewige argument gewikkel geraak oor die vraag of die verskil van mening voor of tydens die Kongres gepropageer kon word. Schoeman het uiteindelik beslis dat die verhouding tog gepropageer kon word en dat die Kongres oor die aangeleentheid uitsluitsel moes gee.[17]

Ten spyte van die hewige verskil oor die genoemde aangeleentheid, kon die vergadering ooreenkom dat 'n klein komitee, bestaande uit Ferreira, De Jager en PK Roodt, die nuwe Direkteur van SAMPI, asook Nel, Van der Hoven en Cilliers, saamgestel word om 'n gesamentlik konsep-konstitusie, vir voorlegging aan die Onderhandelingskomitee, uit te werk. Op 8 Junie 1973 het die Komitee sy opdrag afgehandel.

Op 18 Junie 1973 het hierdie voorstelle onder bespreking gekom, maar eers nadat daar 'n geskil ontstaan het oor die notule van 19 Mei 1973 se weergawe van die besluite rakende die samestelling van die Mielieraad. Na 'n hewige bespreking is dit opgeklaar en kon daar met die sakelys voortgegaan word. Oor sekere sleutelaangeleenthede kon die afgevaardigdes mekaar nie vind nie, en van die sake wat reeds by die sluiting van die ooreenkoms afgehandel is, het weer ter sprake gekom.

Die oënskynlik afgehandelde sake wat weer bespreek is, was die volgende: teen die geslote ooreenkoms in het die SALU daarop aangedring dat die nuwe mielie-organisasie 'n integrale deel van die SALU moes wees en dat die ligging van die hoofkantoor te Pretoria sou wees. SAMPI het dit verwerp en daarop aangedring dat die ooreenkoms eerbiedig moes word. SAMPI het verder daarop aangedring dat, in stryd met die klein komitee se voorstel, die koöperatiewe

17 *SAMPI*, Lêer 2/1/33/2/4. Verslag van samesprekings, 19.5.73, pp. 2-3.

verteenwoordiging van 15 persent na 10 persent van die totale kongres-afgevaardigdes verminder moes word. Die SALU het dit nie aanvaar nie en SAMPI moes later op die punt toegee.

Die ander sake waaroor daar verskil is, was of die voorsitter en ondervoorsitter van die vereniging outomaties lede van die Mielieraad sou wees; die indeling van die mielieproduserende gebied in die vooraf geïdentifiseerde substreke; die bedrag betrokke by lidmaatskap van die organisasie en steeds oor die wyse van benoeming van die Hoofbestuurs- en Mielieraadslede. Op voorstel van SAMPI is besluit om dié sake, behalwe die lidmaatskapsgeld, waaroor tot 'n besluit geraak is, na die Stigtingskongres te verwys. Die ledegeldkwessie het nagenoeg 2 ure se bespreking uitgelok, voordat daar ooreengekom is dat die aansluitingsfooi R10 sou wees en dat die Stigtingskongres oor die jaarlikse ledegeld sou besluit.[18]

Na al die gestamp van koppe, het die onderhandelaars hul tevredenheid met die gang van sake in 3 belanghebbende besluite vasgelê, naamlik: alle verdere geskilpunte sou na die Stigtingskongres verwys word; enige uitstaande sake in verband met die ooreengekome konsep-konstitusie, asook die reëlings van die Stigtingskongres, sou op die volgende vergadering uitgeklaar word en Schoeman moes 'n persverklaring oor die vordering uitreik.[19]

Schoeman het, ter inligting van die boere, die sluier wat oor die ooreenkoms getrek is, gelig deur te verklaar: "Die verteenwoordigers van die twee organisasies het ooreengekom dat hulle voortaan volgens die beginsel van 'n spesialiteitsorganisasie binne die geledere van die SALU sal saamwerk. Alle verdere geskilpunte sal deur die Stigtingskongres van mielieprodusente uitgestryk word. Op 4 Augustus (1973) kom die twee organisasies weer byeen om verdere besluite, in verband met die Stigtingskongres, te finaliseer, en produsente sal daarna ten volle ingelig word."[20]

Dit wou voorkom of die twee groepe al hul geskille bygelê het, dog dit was slegs 'n illusie.

Tydens die vergadering van 4 Augustus 1973 het die SALU 'n houding geopenbaar wat teenstrydig met die gees van die ooreenkoms was. In plaas daarvan dat die laaste haakplekke insake die konsep-konstitusie uitgestryk is en

---

18 *Ibid.*, Konsep-konstitusie van 'n nasionale mieliebedryfsorganisasie, 29.8.73, p. 7.
19 *Ferreira*. Verslag van samesprekings, 18.6.73, pp. 2-3.
20 *Die Landman*, Julie 1973, pp. 11, 12.

dat daar met die reëlings van die Stigtingskongres begin kon word, het die SALU beswaar gemaak teen die omsendskrywe wat SAMPI aan sy lede gerig het, om hulle oor die hoofvoorwaardes van die ooreenkoms in te lig. Die SALU het op 'n maand uitstel aangedring om sy lede in te lig en te raadpleeg, voordat die uitstaande sake afgehandel kon word.

Vir SAMPI het die rooi lig begin flikker, want dit wat die SALU gesê het, het hom meer as ooit tevore onder die indruk gebring dat die gang en die eindresultaat van die onderhandelinge nie tot die voordeel van sommige ongeïdentifiseerde persone binne die Georganiseerde Landbou was nie. De Jager het tydens die vergadering in die verband opgemerk: "Something concerns someone." Die versoek van die SALU om sy lede te raadpleeg was vir SAMPI vreemd, en het selfs verdag voorgekom, aangesien die onderhandelaars van die SALU amptelik aangewys is en dus veronderstel was om namens sy lede te praat.[21] Vir SAMPI het hierdie optrede van die SALU op 'n mosie van wantroue in hulself neergekom, wat 'n bekentenis was dat die SALU nie die mielieboere verteenwoordig het nie. SAMPI het tot die maand grasie ingestem, maar dan moes die stigtingsveldtog in die gees van wat "op papier" gestaan het, geskied. SAMPI kon geen beswaar aanteken teen die "inlig" van die lede nie, want hy het reeds op 20 Julie 1973 begin om sy lede op voorafgereëlde vergaderings oor die besonderhede van die ooreenkoms in te lig.[22]

Die SALU se maand grasie, en meer, het intussen verbygegaan voordat die Onderhandelingskomitee weer op 24 September 1973 byeengekom het. Geen notule van die vergadering is beskikbaar gestel nie,[23] slegs 'n persverklaring wat daarna uitgereik is. Drie van die 5 punte wat genoem is, was 'n blote herhaling van dít wat SAMPI en die SALU aan die boere tydens hulle veldtogte meegedeel het, naamlik dat "daar so gou doenlik ... oorgegaan sal word tot die stigting van 'n gespesialiseerde mieliebedryfsorganisasie binne die geledere van die SALU", dat net lede wat by die SALU se boereverenigings geaffilieer, en die vereiste ledegeld aan die vereniging asook die voorgeskrewe R10-toetreefooi betaal, kon aansluit, en dat die Stigtingskongres op 'n produksiegrondslag saamgestel sou word.

---

21 *SAMPI*, Lêer 2/1/33/2/4. Notas van vergadering, 4.8.73, p. 1.
22 *Ibid*., Lêer 2/1/27/5/1. Direkteur aan lede, 27.6.73, p. 2.
23 PV 730: *HPJ de Jager-versameling* (ongeorden). Volgorde van vergaderings, 1976, p. 1.

Die oorblywende 2 punte van die verklaring verdien spesiale aandag. Hierin is verklaar dat die Stigtingskongres net gehou sou word nadat daar, volgens die oordeel van die Minister van Landbou, 'n verteenwoordigende aantal mielieboere hul registrasiegelde aan die nuwe organisasie betaal het; en dat 'n konsep-konstitusie, met die oog op oorweging deur die Stigtingskongres, vooraf deur 'n klein Komitee in meer besonderhede uitgewerk moes word. Indien die klein Komitee nie oor 'n aangeleentheid kon ooreenkom nie, sou die verskillende sienswyses van die Komitee vir uitsluitsel na die Stigtingskongres verwys word.[24]

Die onus wat op Schoeman gelê is om die verteenwoordigende aantal mielieboere te bepaal, het ongetwyfeld die vertroue wat beide partye in hom gehad het, bevestig, maar dit het hom op 'n indirekte wyse nog 'n party in die ooreenkoms gemaak. Schoeman sou dus net met die grootste omsigtigheid en verantwoordelikheid oor die hou van die Stigtingskongres, al dan nie, moes besluit.

Die potensiële lede van die te stigte spesialiteitsvereniging oor wie dit hier gegaan het, was, volgens SAMPI se siening, slegs die *bona fide*-mielieboere, dit wil sê dié mielieboere wat mielies vir bemarking produseer en niemand anders nie. SAMPI het sy berekeninge gegrond op die amptelike syfers van die Departement van Statistiek, wat die aantal eenhede wat mielies produseer het op nagenoeg 27 000 gestel het. Hierdie totaal is weer in 3 groepe van 9 000 boere elk verdeel. Die verdeling van hierdie groepe was soos volg: Groep A was dié mielieboere wat onder 200 sakke geproduseer het. Die produksie van hierdie boere was minimaal, wat beteken het dat hulle belangstelling in 'n spesialiteitsvereniging minimaal sou wees. Groep B is gesien as die mielieboere wat tussen 200 en 2 000 sak geproduseer het. Hiervolgens het SAMPI bereken dat daar 6 000 sulke mielieboere behoort te wees, wat moontlik graag 'n aktiewe aandeel in die vereniging sou wou hê. Groep C was die mielieboere wat meer as 2 000 sak geproduseer het. Hierdie boere sou almal belangstel om voluit aan die organisasie deel te neem. Dit was dus duidelik dat die maksimum getal produsente, wat moontlik sou belangstel, ongeveer 15 000 sou wees. Van hierdie getal kon 'n derde afgetrek word vir die persone wat normaalweg geen belang-

---

24 *SAMPI*, Lêer 2/1/33/2/4. Gesamentlike verklaring, 24.9.73, pp. 1-2.

stelling toon nie. Dit het 'n geraamde getal van ongeveer 10 000 potensiële lede vir die spesialiteitsvereniging gelaat.[25]

Die gedeelte van die persverklaring aangaande die klein komitee wat 'n konsepkonstitusie "in meer besonderhede" moet uitwerk, moet verder toegelig word. Hoewel daar na buite die indruk gewek is dat 'n nuwe fase in die onderhandelingsproses betree is, was dit na binne 'n erkenning dat dit wat reeds op 4 Augustus 1973 afgehandel moes wees, nog nie gedoen was nie. Oor hierdie stand van sake is die mielieboere nie ingelig nie, want Schoeman se persverklaring het direk geïmpliseer dat die konsep-konstitusie nie meer 'n probleem was nie. Die verswyging van die bespreking van die konstitusie in Schoeman se verklaring[26] het dus die gaping gelaat dat die aangeleentheid tog in die gesamentlike persverklaring op 24 September 1973 verduidelik kon word, sonder dat SAMPI of die SALU in die warm water by die boere kon beland het.

Die beriggewing van SAMPI in *Die Landman* oor die stand van die onderhandelinge, asook oor die verklaring van Schoeman en die gesamentlike verklaring, kon nie anders as om die boere te verwar nie. In die Junie 1973-uitgawe berig SAMPI onder die opskrif "Onderhandelinge: einde is hier" dat "die einde van die onderhandelinge tussen SAMPI en die SALU in sig (is). Maandag, 18 Junie (1973), is deur albei partye as die keerdatum aanvaar, wat beteken dat die onderhandelinge teen daardie tyd afgehandel moet wees." SAMPI het Schoeman se persverklaring in die Julie 1973-uitgawe onder die opskrif "SAMPI en SALU: ná ses jaar 'n ooreenkoms!" aangekondig.[27] In die Oktober 1973-uitgawe is onder die opskrif "Mielieboere se kop is deur!" berig dat "finale samesprekings op 24 September (1973) tussen SAMPI en die SALU ... plaasgevind (het)".[28] Die laaste berig het ongetwyfeld die eerste 2 gerepudieer deur te erken dat daar na 18 Junie nog onderhandel is, maar het ook 'n valse verwagting by die boere gewek dat die onderhandelinge op 24 September afgehandel is. Dit kon nie die geval wees nie, want die konsep-konstitusie moes nog deur die klein komitee "in meer besonderhede" uitgewerk word. Dit kon net in 'n onderhandelingsituasie bewerkstellig word.

25 *Die Landman*, November 1975, pp. 2-3.
26 *Die Landman*, Julie 1973, pp. 11, 21.
27 *Ibid.*, p. 11.
28 *Ibid.*, Oktober 1973, p. 4.

Schoeman, as voorsitter, kan egter nie verontskuldig word nie, want hy het die gang van sake, sedert sy persverklaring van 18 Junie, ooglopend toegelaat. In geen stadium het hy die partye aangespreek om net by die bepalings van die geslote ooreenkoms te hou nie. Die uitwerk van 'n konsep-konstitusie "in meer besonderhede" het nie gestrook met Schoeman se persverklaring nie, en staan in skrille kontras met die gedeelte wat lui: "... op 4 Augustus (1973) kom die twee organisasies weer byeen om verdere besluite in verband met die Stigtingskongres te finaliseer ..."[29]

Ooreenkomstig die persverklaring van 24 September 1973 is die tweede klein komitee, bestaande uit Nel, Van der Merwe, De Jager en Van Wyk, die nuwe waarnemende Direkteur van SAMPI, saamgestel. Behalwe die taak om 'n konsep-konstitusie "in meer besonderhede" uit te werk, moes die Komitee die besonderhede van die Stigtingskongres bepaal.[30]

Hierdie tweede klein komitee het net een vergadering beleef. Hoewel daar ooreengekom is dat die Stigtingskongres uit 400 afgevaardigdes – 340 kwalifiserende produsente en 60 koöperatiewe afgevaardigdes – sou bestaan, is daar intens verskil oor die metode van die sameroeping van die kwalifiserende lede in die distrikte om die afgevaardigdes na die Stigtingskongres aan te wys. Die SALU het hom op die gesamentlike verklaring beroep wat gelui het dat daar "oorgegaan sal word tot die stigting van 'n gespesialiseerde mieliebedryfsorganisasie binne die geledere van die SALU ..." Volgens die SALU het dit duidelik beteken dat die reëlings vir die stigting binne die SALU se organisatoriese raamwerk sou geskied.[31]

SAMPI, daarenteen, het verklaar dat die bepaling beteken dat die beoogde organisasie, ná die stigting daarvan, binne die geledere van die SALU sou funksioneer. Dit het beteken dat die reëlings vir die Stigtingskongres op 'n 50-50-grondslag getref moes word, want SAMPI was nie bereid om voor die stigting sy identiteit prys te gee nie. Ferreira het die volgende oor die SALU se houding opgemerk: "Die SALU wil hierdeur die kind wat SAMPI in die wêreld gebring het, vir hulself opeis en grootmaak." Vanweë die meningsverskil is enige vor-

---

29 *Ibid.*, Julie 1973, pp. 11, 21.
30 *SAMPI*, Lêer 2/1/33/2/4. Verslag van samesprekings, 8.10.73, p. 1.
31 *Ibid.*, p. 2.

dering oor die aangeleentheid uitgeskakel en is Schoeman agterna weer deur SAMPI genader om uitstel te gee.[32]

Vanweë die meningsverskille het die klein komitee glad nie die konsep-konstitusie bespreek nie, en is daar tydens die vergadering van die onderhandelingskomitee op 12 November 1973 ooreengekom dat die SALU se voorlegging, dokument 141/73, as riglyn vir verdere onderhandelings sou dien. Hierdie besluit van die onderhandelaars het beteken dat daar 'n streep deur die vorige klein Komitee se werk getrek is en dat die uitwerk van 'n konsep-konstitusie "in meer besonderhede" nou in 'n totale heronderhandeling daarvan oorgegaan het.

Tydens die vergadering van die Onderhandelingskomitee op 12 November 1973, het Schoeman ook beide partye se standpunte oor die geskil, insake die byeenroeping van die kwalifiserende lede, aangehoor. Omdat nie een van hulle wou toegee nie, was Schoeman genoodsaak om afsonderlik met elke party te beraadslaag. Slegs toe kon Schoeman die SALU oorreed om SAMPI se standpunt te aanvaar.[33]

Die kwessie oor die opstel van 'n tweede konsep-konstitusie het ook ter sprake gekom. SAMPI het, teen die vorige besluit in, daarop aangedring dat dokument 90/73, wat reeds opgestel was, gebruik moes word, maar die SALU het op die nuwe voorlegging, dokument 141/73, besluit. Uiteindelik is daar ooreengekom dat beide dokumente gebruik sou word.[34]

Op 5 Desember 1973 en 16 Februarie 1974, na meer as 4½-uur se beraadslagings, is die konsep-konstitusie gefinaliseer. Die SALU het weer daarop aangedring dat die mielieorganisasie 'n integrale deel van sy organisatoriese opset moes wees. Hoewel SAMPI, soos ooreengekom is, sou verkies het dat die organisasie geaffilieer moes wees, is daar soos volg ooreengekom: "Die Vereniging is 'n spesialiteitsvereniging van mielieprodusente, met sy eie konstitusie, sy eie bestuur, sy eie kantoor, sy eie personeel en fondse – wat as 'n integrale deel van die SALU funksioneer – met sittingsreg op die Algemene Raad en alle nodige organe van die SALU, en wat alle suiwer mieliebedryfsake hanteer, maar algemene sake aan die Algemene Raad en sy betrokke komitees sal oorlaat."[35]

---

32 *Ferreira*. Verslag van samesprekings, 12.11.73, p. 1.
33 *SAMPI*, Lêer 2/1/33/2/4. Gesamentlike verklaring, 24.9.73, p. 1.
34 *Ibid.*, p. 4.
35 *SAMPI*, Lêer 2/1/33/2/4. Konsep-konstitusie van 'n nasionale mieliebedryfsorganisasie, 29.8.73, p. 1. Hoewel die konstitusie op dié datum opgestel is, het dit op 5.12.73 en 16.2.74 onder bespreking gekom.

Met die bespreking van die oorblywende gedeelte van die konstitusie, het daar oor sake waaroor daar reeds heftig verskil is, en wat na die Stigtingskongres verwys is, weer 'n soortgelyke skaakmatposisie ontstaan. Die artikels wat wéér na die Kongres verwys is, was die naam, die aanwysing van die streekverteenwoordigers in die Hoofbestuur, diskwalifikasie van politici as Hoofbestuurslede; of mielies die hoofbron van inkomste van 'n persoon moes wees wat hom vir die Hoofbestuur beskikbaar wou stel; die hoofkantoor se ligging en die benoeming van die Mielieraadslede, waaronder die getal deur die koöperatiewe beweging; of die voorsitter en onder-voorsitter van die vereniging outomaties lede van die Raad was, en die wyse van benoeming van die oorblywende getal produsenteverteenwoordigers deur die vereniging, en of die benoemingsprosedure in die konstitusie opgeneem moes word.[36]

Met die konstitusie van die spesialiteitsorganisasie einde ten laaste gefinaliseer, is daar op 16 Februarie en 27 April 1974 oorgegaan om die stigtingsprosedure en teikendatums uit te klaar.

Oor die lidmaatskapvoorwaardes was steeds eenstemmigheid, naamlik, dat daardie produsente wat mielies vir bemarking geproduseer het, wat volopbetaalde lede van 'n boerevereniging was, wat by die SALU geaffilieer was, en die R10-aansluitingsfooi betaal het, aan die nuwe organisasie kon deelneem. Daar is besluit dat, sou die *status quo* om een of ander rede gehandhaaf word, die R10-lidmaatskapfooi van die nuwe organisasie, sowel as die R12-affiliasiegeld, terugbetaal moes word.[37]

Insake die vereiste om te affilieer, is ooreengekom dat die SAMPI-takke om voorwaardelike affiliasie by die Provinsiale Landbou-unies kon aansoek doen. Dit het beteken dat geen lid van SAMPI 'n lid van die SALU voor die Stigtingskongres sou word nie, maar eers daarna. Dit het ook beteken dat, as daar nie tot stigting oorgegaan sou word nie, die affiliasie outomaties sou verval. In die lig van die gevoelens wat geheers het, veral in die Transvaal, wat deur die besluit, om alle lede van SAMPI uit bestuursposte van die Transvaalse Landbou-unie te hou, vererger is, is ingestem dat SAMPI en die SALU alle moont-

36 *Ferreira*. Verslag van samesprekings, 5.12.73, pp. 2-4; Verslag van samesprekings, 16.2.74, 17.4.74; *SAMPI*, Lêer 2/1/41/1. Dokumente vir samesprekings, 16.2.74.

37 *Ibid*., Voorgestelde prosedure vir stigting, 16.2.74, p. 2.

like pogings sou aanwend om versoening op boereverenigingvlak te bewerkstellig en die inskakeling van die SAMPI-lede te bespoedig.[38]

Aangaande die vasstelling van teikendatums is ooreengekom dat daar nie later nie as 31 Mei 1974 met die inskrywings van lede begin sou word, en dat die Stigtingskongres tussen 1 en 10 Oktober 1974 sou plaasvind.

Laastens is daar uit die geledere van die Onderhandelingskomitee 'n Reëlingskomitee, bestaande uit Nel, Van der Hoven, Ferreira, De Jager, Van Wyk en G Nieuwoudt, as die sekretaris, verkies, om in samewerking met Unie Graan en sy lede-koöperasies, die omvangryke taak van die inskrywing van lede te behartig. Nel en Ferreira sou alternatiewelik as voorsitters optree.

In die gees van eenheid, en ten spyte van die onverkwiklike stryd agter die skerms, het Ferreira op die 1975-Jaarkongres van SAMPI gevra dat die mielieboere mekaar die hand moes gee en vergeet wat agter die rug was. In die nuwe bedeling was die posisie en prestige daaraan verbonde nie van belang nie, maar die bedryf self. Andries Beyers, wat ook dié Kongres bygewoon het, het gesê dat "ons mekaar gevind het, en (ons) sal mekaar nooit weer los nie". Die afgevaardigdes op die Kongres het deur hulle aanvaarding van die voorgelegde konsepkonstitusie hulle tevredenheid met die gang van sake te kenne gegee.[39]

Die redakteur van *Die Landman* het 'n uiters optimistiese siening gehad: "As in ag geneem word dat dit die eerste openbare vuurdoop van die nuwe konsep-konstitusie was, waar lede van beide partye teenwoordig was, dan is daar min rede om te vrees dat vorentoe 'n breukspul kan kom."[40]

Op die Jaarkongres van die Mieliebedryfsvereniging van die Vrystaatse Landbou-unie, het die eenheidsgedagte nog 'n stoot vorentoe gekry, deurdat die afgevaardigdes die Mieliekomitee gemagtig het om voort te gaan met die pogings om 'n nuwe mielieorganisasie in die lewe te roep.[41]

Schoeman, wat op dié Kongres teenwoordig was, het sy tevredenheid te kenne gegee en beweer: "Ek voorspel dat ons mielieboere voor die einde van hierdie jaar (1974), in een van die lewendigste en bes georganiseerde landbouverenigings saamgesnoer gaan wees ... By my is daar geen twyfel dat so 'n

---

38 *Ferreira*. Verslag van samesprekings, 16.2.74, p. 3; *SAMPI*, Lêer 2/1/41/1. Voorgestelde prosedure vir stigting, 16.2.74, p. 2.

39 *Ferreira*. SAMPI se vertolking van die samesprekings, 27.4.74, p. 2; *De Jager*. Verslag van Reëlingskomitee, 31.10.74, p. 1.

40 *Die Landman*, Maart 1974, p. 4.

41 *Die Landbouweekblad*, 26.2.74. Berig.

organisasie gaan kom nie. Hy móét kom! Niemand durf 'n stok in die wiel druk nie, want ons mielieboere kan nie langer die stryd en twis van die afgelope agt jaar bekostig nie."[42]

Met sulke positiewe uitsprake vanuit beide kampe, die gunstige reaksie op die konsep-konstitusie en met reeds ooreengekome stigtingsprosedures en datums, was die weg vir die werwing en inskrywing van die voornemende lede oënskynlik gebaan.

'n Aankondiging van die SALU het op dié laat stadium egter 'n stokkie daarvoor gesteek. Op 27 April 1974 het Basson, wat intussen by De Villiers as die President van die SALU oorgeneem het, aangedui dat die Algemene Raad op 8 en 9 Augustus 1974 sou vergader om hulle standpunt oor die nuwe organisasie te bekragtig.[43] Dit het beteken dat die inskrywing van lede eers daarna kon begin. Die Kongres sou gevolglik nie op die ooreengekome datum gehou kon word nie. Hierdie aksie van die SALU, wat op die opheffing van sleutelvoorwaardes van die ooreenkoms neergekom het, was maar die begin van 'n doelbewuste "vertragingstaktiek", met een doel voor oë – die vernietiging van dít wat reeds bereik is.

Die vertragingsproses is skaamteloos op die Algemene Raad se vergadering voortgesit. Hoewel die SALU die beginsel van 'n mieliespesialiteitsorganisasie herbevestig het, is dit ook weer beklemtoon dat dit 'n integrale deel van die Unie moes wees. Die SALU het óók aangedui dat daar wéér oor sekere "geskilpunte" onderhandel moes word, te wete die kieskollege-stelsel vir die aanwys van die Hoofbestuurslede; die produsente wat vir lidmaatskap kon kwalifiseer; die kantoor van die nuwe organisasie wat in die SALU se gebou in Pretoria geleë moes wees en die Koöperatiewe beweging wat steeds 50 persent van die produsentelede op die Mielieraad moes aanwys. Behalwe dat dit alles in stryd met die ooreenkoms was, wat bepaal het dat alle geskilpunte na die Kongres verwys word, is selfs 2 nuwe eise gestel, naamlik dat Natal en Kaapland as

---

42 *Ibid.*

43 SAMPI het die sekretaris se weergawe van die vergadering van 27.4.74 betwis, en daarop aangedring dat dit heskrywe word. Volgens die verslag van 27.4.74 is gerapporteer: "Mnr. Basson sê dat die SALU se Algemene Raad in die eerste week van Augustus 1974 die SALU se standpunt vir die te stite vereniging sal formuleer. Inskrywing van die lede ... kan dus nie voor daardie datum begin nie ..." SAMPI se weergawe was soos volg: "Die Algemene Raad van die SALU sal op die vergadering gedurende die eerste week ... sy standpunt bekragtig, waarna met die inskrywing van lede begin kan word."

afsonderlike streke erken moes word en as sodanig in die Hoofbestuur verteenwoordig moes word, en om tot stigting van die nuwe organisasie te kon oorgaan, moes 'n minimum van 8 000 mielieprodusente ingeskryf word.

Die Algemene Raad het verder gesê dat vanweë die bestaan van hierdie "dieperliggende meningsverskille" en, omdat "dit duidelik (is) dat 'n moontlike ooreenkoms nog nie bevestig is nie, en in werklikheid nog in die lug hang," daar vooraf "die grootste moontlike eenstemmigheid ... tussen die SALU en SAMPI bereik moes word, en dat die geskilpunte wat voor 'n Stigtingskongres gelê word, tot 'n absolute minimum beperk word". Die Raad het beklemtoon dat "inskrywing van lede nie sal begin, voordat genoemde verdere samesprekinge plaasgevind het nie, en daar aan die Nasionale Mieliekomitee en die Uitvoerende Komitee, met die oog op verdere besluit in hierdie verband, teruggerapporteer is nie."[44]

Afgesien daarvan dat hierdie besluite en uitsprake lynreg ingedruis het teen alles waaroor daar reeds ooreengekom is, kan dit as die grootste mosie van wantroue in hulle eie onderhandelaars beskou word. Die eis insake die kieskollege-stelsel beklemtoon weer die SALU se strewe om, deur middel van die Koöperatiewe beweging, direkte beheer oor die organisatoriese opset van die mielieboere uit te oefen. Sou SAMPI, na die verkiesing van die streekverteenwoordigers, die meerderheid behaal, wat sou beteken dat die meerderheid Hoofbestuurslede SAMPI-gesindes sou wees, kon die SALU op die Kongres die meerderheid stem van SAMPI neutraliseer deur vooraf sorg te dra dat die benoemde koöperatiewe afgevaardigdes SALU-ondersteuners was. SAMPI se metode van streekverkiesings sou egter die gevaar van so 'n blokstemming verminder het en daar sou verseker kon word dat die mielieprodusent die kandidaat van sy keuse kon aanwys.

Die eis dat elke produsent wat vir lidmaatskap gekwalifiseer het, ook vir die Hoofbestuur kon kwalifiseer, was 'n direkte verbloeming van die deelname van politici aan die nuwe organisasie se toekomstige Hoofbestuur en toekomstige Mielieraad. Daardeur wou die SALU verhoed dat persone wat inspraak in die mieliebedryf het, maar dalk heimlike politieke aspirasies het, nie van die beheerliggame van die bedryf verdwyn en sodoende "moeiliker" raakgesien word nie.

---

44 *SAMPI.*, Lêer 2/1/33/2/4. Die SALU se besluit oor samesmelting, 9.8.74, pp. 1-2.

Die eis ten opsigte van die Koöperatiewe beweging sou verseker dat die koöperasies, soos in die verlede, steeds 'n beduidende invloed op die mieliebedryf sou hê. Sou dit na die ooreengekome 3 of 4 verminder word, sou die *bona fide*-mielieprodusente die beslissende stem oor hul eie sake gehad het. Die vermindering van die koöperasies se lede op die Raad het die kans óók verklein dat produsente, wat nie vir die mielieboer as kongresafgevaardigdes of Hoofbestuurslede aanvaarbaar was nie, op die Raad benoem kon word en sodoende deur 'n "agterdeur" steeds seggenskap oor die sake van die bedryf kon hê.

Die eis van 'n minimum van 8 000 mielieboere was buitengewoon, veral as dit gemeet word aan die potensiële 10 000 lede wat sou belangstel. Sou dit bewerkstellig kon word, sou dit 'n ongekende prestasie in enige organisasie se bestaan wees, want enige organisasie met 'n 80 persent van die potensiële ledetal is 'n rariteit. Hier het die SALU 'n nuttige instrument gehad om die Stigtingskongres, so lank dit hulle pas, verder te vertraag.

Die SALU het met dié eis troubreuk teenoor Schoeman gepleeg wat, ooreenkomstig die sanksie tydens die gesamentlike verklaring van 24 September 1973, die reg verkry het om die verteenwoordigende aantal mielieboere te bepaal, alvorens die Stigtingskongres gehou sou word. Sou die inskrywingsproses dus aan die gang kom, kon Schoeman te eniger tyd sy oordeel gebruik. Met dié eis het dit gelyk asof die SALU Schoeman se gesonde oordeel betwyfel het en die moontlike skuiwergat, wat dalk vir SAMPI kon bevoordeel, wou toestop.

Die SALU se voorwaarde, dat die mielieorganisasie 'n integrale deel van die SALU se struktuur moes wees, sou beteken dat sy grondwetlike posisie soortgelyk aan die van die Mieliekomitees sou wees. Dit sou die hefboom verskaf dat, indien al die ander eise nie vooraf afgedwing kon word nie, dit tog later gedoen kon word deur te weier dat die organisasie se konstitusie, wat aan die SALU s'n onderworpe sou wees, goedgekeur word.

Die hoofvoorwaarde dat daar eers weer onderhandel moes word, was uiters vreemd, want die geskille is reeds na die Stigtingskongres verwys. Indien SAMPI sou weier, kon hy as die sondebok gebrandmerk word deur die beskuldiging dat hy nie bereid was om eenheid te bewerkstellig nie.

Voortspruitend uit die besluite en die gepaardgaande eise van die SALU, het daar grootskaalse verwarring op die vlak van die TLU en die VLU geheers.

Laasgenoemde was só begeesterd met die eenheidsgedagte, dat die liggaam se inskrywingsvorm onverwyld aan SAMPI beskikbaar gestel is. Die TLU, daarenteen, het geweier dat sy inskrywingsvorms direk aan SAMPI beskikbaar gestel word. Dit moes by die Distrikslandbou-unies, met groot moeite en onnodige onkoste, verkry word. By die 3 Unies was dit die geval dat die een hand nie geweet het wat die ander hand gedoen het nie. Hierdie optrede van die TLU het die inskrywingsproses effektief vertraag aangesien SAMPI oorspronklik die vorms gelyktydig aan sy lede wou versend.

SAMPI was glad nie bereid om die optrede van die SALU en die TLU oogluikend toe te laat nie en het hom op Schoeman beroep. Die resultate was gou merkbaar, want op 28 Augustus word SAMPI meegedeel dat die TLU die SALU versoek het dat die Reëlingskomitee so spoedig as moontlik byeen moes kom om die administratiewe beplanning vir "die groot onderneming" (inskrywingsproses) te behartig.

Hierna, op 3 September 1974, het SAMPI vir Schoeman ontmoet om die SALU se houding te bespreek. SAMPI het nadruklik beklemtoon dat die ooreenkoms wat aangegaan is, met "rype en deurdringende beraadslaging" gepaard gegaan het en dat om weer van vooraf oor die sogenaamde verskille te argumenteer geen doel kon dien nie en nie bevorderlik vir eenheid sou wees nie. Die produsente het net tot planttyd die geleentheid gehad om organisasiewerk vir die nuwe bedeling te doen, maar die vertragingstaktiek van die SALU het alles belemmer. Die sielkundige stadium om die projek suksesvol te loods, was aan die verbygaan. SAMPI was moeg vir die "kat-en-muis"-speletjie van die SALU, want "die een dag is almal vuur en vlam oor die nuwe bedeling, en die volgende dag het iemand koue water daaroor gegooi ... Die hele aangeleentheid word deur 'n paar enkelinge opgeblaas – mense wie se heil nie in die bedryf lê nie; en ander wat weer persoonlike gevoelens (en gevestigde belange) bo die saak stel".

SAMPI was nie daartoe bereid dat die aangeleentheid verder moes sloer nie, en het Schoeman versoek om die SALU te nader om SAMPI se gevoel oor die saak oor te dra. Sou Schoeman onsuksesvol wees, sou SAMPI op 20 September 1974 'n persverklaring uitreik om die SALU se negatiewe houding en handelswyse aan die mielieboere van Suid-Afrika bekend te maak.[45]

---

45 *Ferreira.*, Waarnemende Direkteur aan Schoeman, 13.9.74, p. 2.

Schoeman het onverwyld met die SALU kontak gemaak, maar dié het onverbiddelik by sy besluit, ten gunste van verdere onderhandelinge, gestaan. SAMPI was hierdeur verplig om, hoewel teësinnig, tot nog 'n rondte samesprekinge in te willig. SAMPI en die Nasionale Mieliekomitee, as die amptelike afvaardiging van die SALU, het op 21 Oktober 1974 in Kaapstad vergader. Die Mieliekomitee het ter aanvang die onderneming gegee dat, ná die byeenkoms 'n besluit geneem sou word wat aan die Uitvoerende Komitee van die SALU vir bekragtiging voorgelê sou word.

Die SALU het SAMPI gedwing om 2 belangrike toegewings te maak alvorens die Unie hom bereid sou verklaar om met die Stigtingskongres voort te gaan. Die een was dat 'n mielieboer, met mielies as een van sy vernaamste bronne van inkomste, tot die Hoofbestuur verkies kon word. Die ander was dat Natal en Kaapland afsonderlike streke sou wees. Hierna is ooreengekom om die ander geskilpunte, naamlik die metode van verkiesing van die Hoofbestuurslede; politici se deelname, al dan nie; die ligging van die hoofkantoor; die benoemingsmetode en die samestelling van die Mielieraad, na die Stigtingskongres te verwys. Die eise van die SALU, wat glad nie bespreek is nie, was: die konstitusionele status – affiliaal of integraal – van die vereniging, en die minimum van 8 000 lede wat ingeskryf moes word.[46]

Die onderhandelaars het ook die laaste hindernis oorbrug deur te besluit dat die Reëlingskomitee, wat reeds op 27 April 1974 aangewys is, so gou as moontlik moes byeenkom om, binne die raamwerk van die bestaande ooreenkomste, reëlings vir die inskrywing van lede en die stigting van die nuwe organisasie te tref.

Ooreenkomstig dié besluit het die Reëlingskomitee op 31 Oktober en weer op 20 November 1974 byeengekom. By hierdie geleenthede en in samewerking met Unie Graan, is die formaat van die inskrywingsvorms en die dekkingsbrief, wat deur Schoeman onderteken sou word en waarvan daar 60 000 in beide amptelike landstale gedruk sou word, asook die inskrywingsprosedure, gefinaliseer. Daar is ooreengekom dat die koöperasies op 13 Desember 1974 die inskrywingsvorms aan die mielieboere sou stuur, en dat hulle dit op die laatste op 31

46 *Ibid.*, p. 2.

Januarie 1975 moes terugstuur. Maksimum reklame sou in die week van 2 tot 6 Desember 1974 vir die aangeleentheid gemaak word.[47]

SAMPI was nou, meer as ooit tevore, optimisties dat eenheid 'n werklikheid kon word; gevolglik is daar kennis gegee dat die ontbinding van SAMPI op 12 Februarie 1975, tydens 'n spesiale vergadering, sou plaasvind. SAMPI het egter besef dat hy van sy kant af soveel lede as moontlik moes werf om sy saak met sukses te bekroon en sy aanspraak op die meerderheidsteun van die mielieboer te demonstreer. Hy moes ook sorg dat "sy" mense die Hoofbestuur haal. Elke Hoofbestuurslid is dus opdrag gegee om 'n volskaalse en gekoördineerde poging in sy streek te loods. SAMPI se ywer vir die eenheidsideaal is des te merkwaardiger as daarop gelet word dat, indien hy as organisasie moes bly voortbestaan tot die nuwe bedeling, hy R60 000 aan noodsaaklike ledegeld sou verloor. Daarby het die hoogste tol voorgelê – sy totale ontbinding en die opgaan in 'n splinternuwe organisasie; sentiment is 'n moeilike saak om te oorkom ...[48]

Met die inskryf van lede het dit nie na verwagting verloop nie. Hoewel SAMPI, die SALU en die Koöperatiewe beweging daarop aanspraak gemaak het dat alles gedoen is om soveel lede as moontlik in te skryf, was die reaksie nie só gunstig as wat algemeen verwag is nie. Op 20 Februarie 1975 is net 4 200 aansoeke ontvang. Die aantal lede wat gekwalifiseer het, is onbekend. Die sluitingsdatum is gevolglik uitgestel. Op 8 April 1975 is 6 081 aansoeke, waarvan net 2 466 gekwalifiseer het, ontvang. Dit het weer tot uitstel gelei.

Op 27 Mei 1975 is 6 685 aansoeke ontvang, waarvan 4 615 gekwalifiseer het. SAMPI het toe daarop aangedring dat 'n sperdatum vasgestel word om die potensiële lede te inspireer om so gou as moontlik aan te sluit. Die SALU het gesê dat daar nog te min lede kwalifiseer en voorgestel dat die sluitingsdatum wéér uitgestel moes word. Dit het tot gevolg gehad dat die produsente die stigting van die nuwe organisasie waarskynlik nie ernstig opgeneem het nie, wat weer 'n nadelige uitwerking op die bedryf kon hê. Die SALU se standpunt is aanvaar.

Op 28 Julie 1975 was daar 7 104 aansoeke, waarvan 5 560 gekwalifiseer het. Die SALU was weer teen 'n sperdatum gekant, maar die keer het SAMPI se

47 *De Jager*. Verslag van Reëlingskomitee, 31.10.74, pp. 1-4, 20.11.74, p. 3.
48 *SAMPI*, Lêer 2/1/41/3. Van Wyk aan Schoeman, 11.12.74; Waarnemende Direkteur aan takke, 10.12.74.

standpunt geseëvier. Op die sluitingsdag, 15 September 1975, is 7 742 aansoeke ontvang, waarvan 6 384 gekwalifiseer het. SAMPI was oortuig dat die getal as verteenwoordigend beskou kon word en dat daar tot die stigting van die nuwe organisasie oorgegaan kon word. Die SALU was van mening dat dit te min was en dat die stigting van die organisasie buite die kwessie was. Vanweë die meningsverskil, en omdat die Reëlingskomitee nie by magte was om hieroor uitsluitsel te gee nie, is ooreengekom om Schoeman te versoek om die Onderhandelingskomitee byeen te roep om, met die oog op 'n besluit vir verdere optrede, oor die stand van sake, verslag te doen.

Die vergadering is op 15 Oktober 1975 gehou. Behalwe dat geen onderhandelinge tussen SAMPI en die SALU plaasgevind het nie, het dít wat met die intrapslag gebeur het as 'n "skok der skokke" gekom. Só onverwags was Schoeman se aankondiging, dat SAMPI se afvaardiging sprakeloos gelaat is. Schoeman het gesê: "Die huidige getal (produsente) is beslis nie van die bedryf verteenwoordigend nie. In die lig van die intensiewe werwingspoging wat die inskrywings voorafgegaan het, is ek daarvan oortuig dat dit geen positiewe doel sal dien om die huidige poging en onsekerheid te laat voortduur nie; derhalwe het ek besluit dat dit onder die omstandighede die beste sal wees om hierdie saak nie verder te laat sloer nie, en die poging te laat vaar om 'n nuwe mielieorganisasie te stig, wat nie deur my as 'n verteenwoordigende mondstuk van die mielieprodusente erken sal kan word nie."[49]

Nadat SAMPI tot verhaal gekom het, is op alle moontlike wyses en deur middel van alle moontlike argumente heftig beswaar gemaak. Vir SAMPI het dit nie oor die getalle gegaan nie, maar oor die inhoud van die ooreenkoms, wat die beginsel van 'n spesialiteitsorganisasie vasgelê het. Dit, en niks anders nie, moes die finale deurslag gee. Schoeman, as voorsitter, was glad nie deel van die ooreenkoms tussen SAMPI en die SALU nie, gevolglik het hy "buite sy magte" opgetree en was hy nie in die posisie om dit af te gelas nie. Net die Onderhandelingskomitee kon dit doen. Schoeman is gevra om as die voorsitter tydens die onderhandelinge op te tree, aangesien hy nog altyd die belange van die boere voorop gestel het. Nóú was dit nie die geval nie, aangesien Schoeman as "regter" opgetree het, iets wat SAMPI nie kon aanvaar nie.[50]

---

49 *Von Abo.* Woordelikse notule van vergadering (hierna "Woordelikese notule" genoem), 15.10.75, p. 1.

50 *Ibid.*, p. 13.

Vir SAMPI was Schoeman se skielike ommeswaai onbegryplik, want hy is as die grootste pleitbesorger vir eenheid beskou. Hy was dan die inisieerder van die onderhandelinge! Op 14 Mei 1975 het Schoeman selfs aan SAMPI en die SALU geskryf dat "ek nog bereid (is) om aan die Stigtingskonferensie, soos onderneem, deel te neem, en wil nogtans vertrou dat u verdere samesprekinge en reëlings tot daardie datum vrugbaar en voorspoedig sal wees".[51]

SAMPI het vermoed dat Schoeman "in opdrag" van andere, teen sy grein in, gehandel het. SAMPI het Schoeman derhalwe gevra of die Kabinet hierdie beslissing gevel het. Schoeman het erken dat hy hulle geraadpleeg het, maar verklaar dat hulle nie besluit het nie. Schoeman het ook gesê: "Ek wil nie die Kabinet betrek nie. Ek is die minister van Landbou ... Ek het geen opdrag van die Kaninet nie; ek het geen opdrag van die SALU nie; ek besluit ..., die Minister besluit." SAMPI was destyds onseker oor die Kabinet se moontlike rol en Schoeman se verduideliking. Schoeman het later sy uitspraak bevestig deur te verklaar dat die Kabinet hom tydens sy raadpleging uitgevra het. Hy het hulle nie om 'n besluit gevra nie, want hulle was nie boere nie. Die Eerste Minister, BJ (John) Vorster, het, volgens Schoeman, nie veel van die saak verstaan nie en het waarskynlik nie die tyd daarvoor gehad nie.[52]

Die vasstelling van 'n sperdatum en die sporadiese uitstel daarvan, het sy tol geëis. Die boere kon argumenteer dat dit net wéér aangeskuif sou word, totdat genoeg lede verkry is; gevolglik kon daar later aangesluit word. Die verwagting wat deurgaans geskep is, dat eenheid onafwendbaar is, het die moontlikheid van 'n aflassingsaksie geheel en al uitgesluit.

SAMPI en die SALU moes op hulle beurt die sperdatum eerbiedig, daarom was SAMPI se argument dat "dit nie 'n wet van Mede en Perse is nie", nie geldig nie. Dit was immers hulle wat telkens daarop aangedring het. Was dit nie die geval nie, sou meer as genoeg boere mettertyd, ongeag die gesloer, tot die organisasie toetree.

Minister Schoeman se gevolgtrekking dat die aantal boere wat ingeskryf het nie verteenwoordigend was nie, verdien aandag. Die SALU se eis dat 8 000 lede ingeskryf moes word is nie formeel deur SAMPI aanvaar nie. Tog het

---

51 *De Jager*. Schoeman aan SAMPI en die SALU, 14.5.75; *NAMPO*, K 864/2. De Jager-toespraak, Dundee, 1976.

52 *Von Abo*. Woordelikse notule, 15.10.75, pp. 1, 7; *NAMPO*, K 864/1. Onderhoud Marais en Theron met Schoeman, Kaapstad, 26.3.85.

SAMPI gedeeltelik tot die eis ingestem deur te verklaar dat, as daar nie 8 000 lede ingeskryf word nie, Schoeman oor die stigting van die organisasie sou besluit. SAMPI het hiermee sy vertroue in Schoeman, ooreenkomstig die gesamentlike verklaring van 24 September 1973, herbevestig. SAMPI se vertroue in Schoeman se oordeel blyk uit sy aandrang dat die Onderhandelingskomitee met 7 500 ingeskrewe lede byeen kon kom. Volgens SAMPI was syfers nie die *alfa* en die *omega* nie, want as 'n boer nie vandag sou aansluit nie, sou hy dit tog môre of oormôre doen.[53]

Die keuse wat Schoeman moes uitoefen, het in 'n groot mate op woordspeling berus. Die betrokke verklarings en uitsprake in dié verband word volledigheidshalwe aangehaal. Die gesamentlike verklaring het soos volg gelui: "'n Stigtingskongres sal net gehou word nadat daar, na die oordeel van die Minister van Landbou, 'n verteenwoordigende aantal mielieboere hul registrasiegeld aan die beoogde organisasie betaal het."[54] Die Algemene Raad het verklaar: "Verder beklemtoon die Raad die noodsaaklikheid dat daar nie tot die stigting van die beoogde mielieorganisasie oorgegaan sal word, voordat minstens 8 000 lede aangesluit het nie ..."[55] SAMPI het beweer dat, as daar nie 8 000 lede was nie, die Minister moes besluit of daar gestig word, al dan nie.[56] Schoeman was in 'n onbenydenswaardige posisie toe hy besluit het om die hele poging af te las. Van sy kant af kon hy hom net gedeeltelik op die gesamentlike verklaring beroep, want die SALU het onverbiddelik op die 8 000 ingeskrewe lede aangedring. Die enigste uitweg was, volgens De Jager, om "die (baie) fyn gapinkie" te vat deur hom na die letter op SAMPI se laaste genoemde uitspraak te beroep. Schoeman het egter vergeet dat, voordat daar tot stigting oorgegaan word, daar eers 'n Stigtingskongres gehou moes word. SAMPI se uitspraak het in werklikheid na die Kongres verwys, want sou dit nie die geval wees nie, is 'n volledige stel beginsels ten opsigte van die nuwe mieliespesialiteitsorganisasie, soos in die ooreenkoms vervat, se voortbestaan deur 'n enkele voorwaarde bepaal.

---

53 *Van Abo*. Woordelike notule, 15.10.75, p. 5.
54 *SAMPI*, Lêer 2/1/33/2/4. Gesamentlike verklaring, 24.9.73, p. 1.
55 *Ibid.*, Die SALU se besluit, 9.8.74, p. 2.
56 *NAMPO*, K 864/2. De Jager-toespraak, Dundee, 1976: *Van Abo*. Woordelikse notule, 15.10.75, pp. 5, 15.

Schoeman kon dus nie die ooreenkoms tussen SAMPI en die SALU ophef nie, want hy het dit nie onderteken nie. Ingevolge die gesamentlike verklaring, waarop Schoeman hom beroep het, kon hy hoogstens die stigting òf verhaas òf vertraag, maar hy kon nie die uiteindelike stigting van die nuwe organisasie verhoed nie.

Vir die 7 500 mielieboere wat reeds hulle bereidwilligheid tot deelname getoon het, is ook 'n sterk saak uit te maak. Geen mens sou ná al die moeite, tyd en onkoste 'n saak, wat vir hom van uiterste belang is, eensklaps ongedaan maak nie, tensy daar 'n goeie rede daarvoor of dalk 'n verskuilde motief daaragter was nie.[57]

Dit was inderdaad die geval, soos uit die optrede en besluite van die Georganiseerde Landbou, in samewerking met Schoeman, blyk. In die geheim is hard daaraan gewerk om Schoeman te oorreed om die ooreenkoms ongedaan te maak. Die ideale instrumente hiervoor was die 8 000 lede en die sperdatum. Die rede vir die Georganiseerde Landbou se optrede was geleë in die vrees dat SAMPI dalk meer afgevaardigdes op die Kongres sou hê; van die SALU se "mielievoormanne" sou gevolglik hul posisies verloor. Uiteindelik, op nadruklike aandrang van Wilkens, het Schoeman toegegee, want hy was bevrees dat dit na so 'n stap baie moeiliker sou wees om eenheid in die toekoms te bewerkstellig.[58]

Hierdie versoeke moes reeds tydens die vroeë fases van die onderhandelinge tot Schoeman gerig gewees het, aangesien daar reeds op 12 September 1975 tydens 'n vergadering van Unie Graan besluit is om die SALU onvoorwaardelik te steun, indien die SALU sou besluit om nie met die onderhandelinge voort te gaan nie, en na 'n alternatiewe oplossing te soek. Unie Graan het toe reeds geweet dat daar 'n sterk moontlikheid bestaan het dat die poging tot eenwording afgelas sou word.[59]

Nie lank hierna nie het dié moontlikheid 'n werklikheid geword en is die beslissende besluit van die SALU op 2 Oktober 1975 soos volg aan Unie Graan se Dagbestuur oorgedra: "Die Minister van Landbou en die Algemene Raad ... was dit eens ... dat daar nie met 'n minderheid van produsente voortgegaan kon

57 *De Jager*. Ferreira aan SALU President, 17.10.75, p. 2.
58 *NAMPO*, K 864/1. Onderhoud Marais en Theron met Schoeman, Kaapstad, 26.3.85.
59 *Ibid.*, K 864/2. De Jager-toespraak, Dundee, 1976.

word om te stig nie en ... dat die Minister die saak aan SAMPI sal stel."[60] Die valbyl het hier reeds onherroeplik geval.

Die eerste keer dat SAMPI moontlik snuf in die neus gekry het oor die gebeure agter die skerms, was toe 'n berig in *Die Transvaler* van 8 Oktober 1975, as volg gelui het: "Die ou vete tussen SAMPI en die SALU dreig om opnuut op te vlam. Dit volg op uiters swak reaksie onder mielieboere ... Daar is selfs nou sprake dat hierdie organisasie nie meer gestig gaan word nie ..."[61] De Jager, wat deur *Die Volksblad* om kommentaar hieroor genader is, het aangedui dat hy glad nie van so 'n moontlikheid bewus was nie, en dat die proses tot stigting voortgaan. Hierdie teenstrydige berigte op een dag oor een saak, kon ook nie anders as om grootskaalse verwarring onder die boere te saai nie.[62]

Die ander vroeë aanduiding dat daar moontlik 'n skroef los was, was voor die aanvang van die vergadering tussen SAMPI en die SALU op 15 Oktober 1975. Met SAMPI se afvaardiging se aankoms by die vergadersaal, was Schoeman en die SALU se verteenwoordigers met 'n vergadering besig. SAMPI het later groot vraagtekens hieroor geplaas. Tydens die vergadering self was dit hoofsaaklik die SAMPI-afvaardiging wat met Schoeman gepraat het in 'n poging om te red wat te redde is. Net Nel van die SALU het een keer 'n sterk pleidooi gelewer dat "ons nog probeer en kyk of ons nie nog die mylpaal kon haal nie". Die ander afgevaardigdes van die SALU het egter daar gesit "asof hul monde met ritssluiters toegetrek is". Die notules van Unie Graan het later SAMPI se vermoedens bevestig.[63]

In die lig van die SALU se houding en optrede, is dit van die uiterste belang om weer die kwessie van getalle te beskou: dié keer uit die SALU se oogpunt. Die SALU het weliswaar gesê dat verskeie en volskaalse pogings aangewend is om lede te werf, maar die vraag is of dit so was. Hierdie vraag word veral gevra teen die agtergrond van die gebeure tydens die onderhandelinge en veral dat daar selfs bewyse bestaan het dat die Georganiseerde Landbou van die inskrywingsvorms doelbewus teruggehou het.[64] Die vertraagde vloei van inskrywings het dus so reg in die kraal gepas van daardie leiers van die

60 *Ferreira*. Notule van vergadering van Dagbestuur van Unie Graan, 2.10.75, p. 1.
61 *Die Transvaler* 8 Oktober 1975.
62 *Die Volksblad*, 8 Oktober 1975; *Von Abo*. Woordelikse notule, 15.10.75, p. 5.
63 *NAMPO*, K 792. Onderhoud Marais en Theron met De Jager, Bothaville, 4.12.84.
64 *NAMPO*, K 864/6. Onderhoud Theron met H. du Preez, Coligny-distrik, 6.9.85.

SALU wat hulle posisies moontlik sou verloor, indien die nuwe organisasie gestig sou word. Die boere wat die SALU gesteun het en nie ten gunste van die nuwe bedeling was nie, was deeglik daarvan bewus dat, indien hulle nie sou aansluit nie, die kanse op die stigting van 'n spesialiteitsorganisasie verminder sou word. Hierdie "passiewe"-protes het daartoe meegehelp dat die verteenwoordigende getal nie bereik kon word nie.

Die SALU het dus alle moontlike middele aangewend om die ooreenkoms te vernietig, maar het nie die moed gehad om dit aan SAMPI oor te dra nie. Schoeman moes, volgens SAMPI, dus dié "vuil werk" namens die SALU doen.[65]

Die mislukking van die eenheidspoging het die ou stryd opnuut laat ontbrand. Die SALU het dit baie duidelik gestel dat daar op geen stadium "agter die Minister geskuil" is nie, maar dat Schoeman hulle volle steun en waardering geniet het. Die SALU het SAMPI se optrede om eers daarop aan te dring dat Schoeman as voorsitter moes optree, en dan later te beweer dat hy "buite orde en buite sy magte" gehandel het, afgekeur. Hierdie soort verdagmakery, waarvan die SALU hom weerhou het, het net ten doel gehad om die verhouding tussen die produsente te vertroebel. SAMPI se bewering dat die SALU Schoeman sou oorreed het om die verkeerde besluit te neem, was boonop verregaande.[66]

SAMPI het deurgaans, ondersteun deur die genoemde bewyse, by sy standpunt gehou dat Schoeman nie "reg" gehandel het nie. Schoeman het later vir SAMPI gelyk gegee dat hy met die gang van die gebeure agter die skerms in die kol was, toe hy (Schoeman) toegegee het dat die aflassing 'n verkeerde besluit was: "Ek is opreg spyt daaroor. Ek het na die verkeerde advies geluister, en moes die samesprekinge laat voortgaan het."[67]

Die aflassing het 'n grootskaalse geskarrel onder die Georganiseerde Landbou se leiersfigure en instansies veroorsaak, om hul standpunte insake die mieliespesialiteitsorganisasie te repudieer.

Die aflassing van die verenigingskongres het grootskaalse verwarring onder die produsente tot gevolg gehad, en daarom het SAMPI, wat soos reeds aangetoon is, glad nie met die gang van sake tevrede was nie, alles in sy vermoë gedoen om die ooreenkoms te red en om "die SALU agter die Minister se beskerming uit te haal".

---

65 *Die Landman*, Januarie 1976, p. 4.
66 *Die Boer*, Bylae. "Die Feite", Februarie 1976, p. 2.
67 *Boerdery/Farming*, 1.9.78.

Ter aanvang is regsadvies ingewin wat SAMPI reg bewys het, dat "(Schoeman) geen bevoegdheid gehad (het) om te besluit dat die ooreenkoms tot 'n einde gekom het ... nie. Hoogstens kon hy besluit, dat hy nie langer as voorsitter wou optree nie".[68]

SAMPI het daarna aan Basson geskrywe en hom daarop gewys dat die ooreenkoms steeds geldig was en dat uitvoering daaraan gegee moes word. Dit het onder andere beteken dat die Reëlingskomitee weer moes vergader om, onder meer, 'n besluit rakende die voortgesette werwing van lede te neem. SAMPI was bereid om saam te werk en wou weet of die SALU daartoe bereid was en het voorstelle in die verband afgewag.

SAMPI het die SALU daaraan herinner dat Schoeman, tydens die aflassingsvergadering, aan die hand gedoen het dat die ledegelde, wat deur die voornemende lede betaal is, volgens ooreenkoms terugbetaal moes word. Volgens SAMPI kon sodanige besluit net deur die Onderhandelingskomitee geneem word, maar eers nadat daar onderling ooreengekom is om die stigting af te gelas. SAMPI het derhalwe op 'n versekering aangedring dat enigiemand wat onttrekkingsmagte ten opsigte van die ledegeld gehad het, nie die geld sou onttrek en terugbetalings sou maak nie. In 'n naskrif het Ferreira 'n versoek gerig dat hy (Ferreira), De Jager en Basson 'n nie-amptelike ontmoeting moes reël om tot 'n vergelyk te probeer kom.[69]

Die SALU het op sy beurt onwrikbaar by sy standpunt gebly, deur aan SAMPI te sê dat Schoeman ten volle ondersteun word en dat die Komiteestelsel die beste is. Schoeman se standpunt moes aanvaar word en die mielieboere, insluitend die lede van SAMPI, moes binne die SALU saamwerk om 'n verenigde landboufront te bewerkstellig.[70]

Die enigste afleiding wat SAMPI uit die houding van die SALU kon maak, was dat die SALU glad nie meer van voorneme was om saam te werk nie, en dus sy verpligtinge ingevolge die ooreenkoms repudieer. SAMPI het die SALU tot 8 Januarie 1976 die geleentheid gegee om te bevestig of sy afleiding korrek is. Op 16 Januarie 1976 het Basson namens die SALU geantwoord. SAMPI se afleiding was korrek, want Basson skrywe dat "daar geen ooreenkoms tussen die SALU en SAMPI bestaan nie. Wat my betref het die SALU nooit met SAMPI

68 *SAMPI*, Lêer 2/1/20/9/1. Notule van spesiale Hoofbestuursvergadering, 23.10.75, p. 2.
69 *De Jager*. Ferreira aan SALU-President, 27.10.75, p. 2.
70 *De Jager*. Persverklaring, 13.11.75.

onderhandel nie." Insake die ledegeld is SAMPI daarop gewys dat dié fondse bloot welwillendheidshalwe deur die SALU hanteer is, en dat "elke sent" aan die bydraers terugbetaal sou word, soos deur die Onderhandelingskomitee onderneem is. Met hierdie mededelings van Basson het die SALU finaal *ikabod* oor die ooreenkoms geskrywe.[71]

'n Verdere geskil het ontstaan vanweë die toepassing van 2 verskillende artikels van die ooreenkoms, wat op lidmaatskap betrekking het, asook SAMPI se beskuldigings oor die SALU se weerhouding van die uitbetalings.

Die SALU het hom op artikel 3.1 van die notule van 16 Februarie 1974 beroep, wat bepaal het dat SAMPI se boereverenigings vir voorwaardelike affiliasie kon aansoek doen. Indien daar nie tot die stigting van die nuwe organisasie oorgegaan word nie, sou die affiliasie verval. Vir die SALU het dit beteken dat net dié persone wat om voorwaardelike affiliasie aansoek gedoen het vir die terugbetaling gekwalifiseer het, want diegene se lidmaatskap het outomaties verval. 'n Nie-lid kan nie 'n organisasie finansieel steun nie. Die SAMPI-lede wat nie "voorwaardelik" op die Provinsiale Landbou-unies se aansoekvorm geskryf het nie, is as volwaardige lede van die SALU beskou en was dus nie op enige terugbetalings geregtig nie.[72]

SAMPI het hom op sy beurt weer op artikel 1 van die notule van 27 April 1974 beroep. Hiervolgens is bepaal: om, indien nodig die *status quo* te kon behou, beide bedrae, naamlik die R10-lidmaatskapfooi van die spesialiteitsorganisasie en die R12-affiliasiegeld, vir terugbetaling in Trust gehou sou word, as daar nie tot stigting oorgegaan sou word nie.[73]

In *Die Landman* van Januarie 1976 het SAMPI onder meer geskryf dat dit "die SALU se houding is om dit moeilik te maak vir nuwe lede om die R12 wat aan die SALU betaal is, terug te kry; daardeur kan die SALU met duisende Rand bevoordeel word; iets wat die SALU vanweë hulle finansiële tekorte, dringend nodig het".[74]

Die SALU het dit as 'n leuen verwerp en SAMPI daarop gewys dat hy steeds weier om 'n persoon met onttrekkingsmagte beskikbaar te stel om die

---

71 *Ibid.*, Louw en Roode aan SALU-President, 11.12.75, p. 1; SALU-President aan Louw en Roode, 16.1.76.

72 *De Jager*. SALU-President aan Waarnemende Direkteur, 23.1.76.

73 *SAMPI*, Lêer 2/1/41/1. Voorgestelde prosedure vir stigting, 16.2.74, p. 2; *Ferreira*. SAMPI se vertolking van samesprekings, 27.4.74.

74 *Die Landman*, Januarie 1976, p. 7.

tjeks aan die boere te onderteken. In die lig van SAMPI se houding het die SALU egter teen die einde van Januarie 1976, een van sy eie lede opdrag gegee om die terugbetalings te magtig.[75]

Op 6 Februarie 1976 het SAMPI, in die lig van wat Basson op 16 Januarie 1976 aan SAMPI geskrywe het, die SALU ingelig dat enige verdere pogings tot samewerking sinneloos sou wees, dat SAMPI die SALU se repudiasie van die ooreenkoms aanvaar en dat SAMPI, hoewel teësinnig, uit die ooreenkoms tree.[76] Daarmee was die eenheidspoging finaal van die baan.

Vir SAMPI was die mislukte eenheidspoging 'n groot teleurstelling. Sedert sy stigting het hy as doel gehad om 'n spesialiteitsorganisasie binne die Georganiseerde Landbou daar te stel. Wat skokkend was, was dat dit duidelik geblyk het dat die eie belang van sommige landbouleiers bo die belange van die produsente, vir wie hulle veronderstel was om te dien, gestel is.

Hierdie feit, meer as iets anders, het die SAMPI-leiers gemotiveer om die stryd voort te sit. Inteendeel, hulle is weens die optrede van die SALU geen keuse gelaat nie.

---

75 *Die Boer*, Bylae. "Die Feite", Februarie 1976; *De Jager*. Cilliers aan Waarnemende Direkteur, 26.1.76.

76 *Ibid.*, Louw en Roode aan SALU-President, 6.2.76.

# HOOFSTUK 5

# SAMPI IN DIE SMELTKROES

Geïnspireer deur die sukses wat hy teen SAMPI behaal het, en die steun wat hy van die Minister van Landbou gekry het, was die SALU vasbeslote om SAMPI uiteindelik die finale nekslag toe te dien. Dit sou hy doen deur sy strategie te wysig, en wel op 'n wyse wat die wenkbroue laat lig het. Daar is aangekondig dat SAMPI voortaan met sy eie beleid beveg sou word. Dit het beteken die wegdoen met die Mieliekomitees en die stigting van 'n mieliespesialiteitsorganisasie, bekend as die Suid-Afrikaanse Mieliespesialiteitsorganisasie (SAMSO), vir die SALU.

Die SALU het sy nuwe strategie waarskynlik al beplan terwyl die onderhandeling met SAMPI nog aan die gang was, want net 4 dae na die beëindiging van die onderhandelinge, is die besluit, om SAMSO te stig, in die pers openbaar gemaak. Hierin het die SALU aangedui dat samesprekinge met die Vrystaatse- en Transvaalse Mieliekomitees reeds aan die gang was, "aangesien die ondervinding bo alle twyfel bewys het dat so 'n organisasie van die mielieprodusent self moet kom, en nie van bo op hom afgedwing kan word nie".[1]

Die uitvloeisel van die onderhandelinge het in 1976 op die Jaarkongresse van die Provinsiale Mieliekomitees, beslag gekry. By albei geleenthede het die afgevaardigdes die SALU versoek dat 'n spesialiteitsorganisasie onder sy eie vaandel tot stand gebring moes word, maar op die uitdruklike voorwaarde dat SAMPI in die saak geken moes word.[2]

Met dié besluite, as mandaat, maar sonder om SAMPI enigsins te raadpleeg, het die Nasionale Mieliekomitee 'n konsep-reglement opgestel. Ná kommentaar daarop, deur die Provinsiale Landbou-unies, het die Nasionale Mieliekomitee die reglement gedurende Meimaand gefinaliseer.

Tydens 'n spesiale vergadering van die Algemene Raad van die SALU op 18 Junie 1976 is die breë raamwerk van die reglement van SAMSO, as artikel 12 van die SALU se konstitusie bygevoeg, om as basis te dien vir die stigting van 'n spesialiteitsorganisasie vir die mieliebedryf. Artikel 12 verdien vermeld te word:

---

1 *Rapport*, 19.10.75; Sien ook *Mielienuus*, April 1976, p. 4.

2. PV 730: *HPJ de Jager-versameling* (ongeorden). Oorsig oor die Vrystaatse Landbou-unie se mieliekongres, 12.2.76; *Die Landman*, Maart 1976, p. 22, April 1976, p. 6, Mei 1976, p. 2; *Die Landbouweekblad*, 2.4.76, Berig.

"As alternatief vir bedryfskomitees kan die Algemene Raad vir 'n bedryf wat daarom vra, 'n nasionale spesialiteitsorganisasie in die lewe roep, indien die Algemene Raad oortuig is dat dit verteenwoordigend van die meerderheid van die bedryf, inagnemende beide (die) aantal boere en (die) produksie, is."[3] Die Jaarkongres van die SALU het sy seën hieroor uitgespreek[4] en het die SALU 'n nuwe era in die hantering van mieliebedryfsaangeleenthede betree.

Die besluit van die Kongres het die Beplanningskomitee, bestaande uit Ben Wilkens, Japie van Eeden, Faan Basson en Thys van der Hoven, die amptelike sanksie gegee om die oorgang van die Nasionale Mieliekomitee na SAMSO so glad as moontlik te laat verloop.[5] Die prosedure waarop besluit is, was om die mielieproduserende gebied ooreenkomstig die aanvanklike konstitusionele bepaling in die 18 geïdentifiseerde sub-streke, gebaseer op die gemiddelde produksiesyfers van die vorige vyf jaar, te verdeel.[6] Hierna moes die Provinsiale Landbou-unies toesien dat daar vir elke streek 'n Loodskomitee van gewillige produsente saamgestel word. Die voorsitters van die Komitees is die taak opgedra om vergaderings in hulle onderskeie streke te belê, om daardeur die produsente oor SAMSO in te lig, lede te werf en uiteindelik by die nuutgestigte takke of boereverenigings in te lyf. Om die vestigingsaksie te bespoedig, is veldwerkers aangestel. Die daarstel van 'n lyfblad is ook in die vooruitsig gestel.[7]

Die verloop van sake was sodanig dat 'n tussentydse Hoofbestuur, bestaande uit onder andere die Beplanningskomitee en die Loodskomitees se voorsitters, saamgestel is. Die eerste vergadering van die liggaam het op 2 November 1976 te Pretoria plaasgevind. Op hierdie byeenkoms is daar nie

---

3 *De Jager*. Notule van 'n spesiale vergadering van die Algemene Raad van SALU, 18.6.76.

4 *Die Landbouweekblad*, 3.12.76. Berig. Jaarverslag van die SALU, 1977; PV 727: *SAMPI-versameling*, Lêer A 3/1. Verslag van werksaamhede van die Hoofbestuur van SAMSO vir die tydperk September 1976 tot Januarie 1978 vir insae aan lede tydens SAMSO-streekverslagvergadering (hierna "Verslag van werksaamhede" genoem), 5.1.78, p. 1.

5 *Ibid.*, Lêer D 5/7/1/1. Notule van die vergadering van die Dagbestuur van de Provinsiale Mieliekomitees en amptenare van die SALU (hierna "Notule van Dagbestuur" genoem), 27.9.76, p. 4. Die beplanningskomitee is by die vergadering verkies.

6 *Ibid.*, Lêer A1. 2/1. Konstitusie van SAMSO: artikel 6.3; Lêer d 5/7/1/1. Notule van Dagbestuur, 27.9.76, p. 4; Lêer a 3/1. Sekretaris aan taksekretarisse, 11.11.77. Aanvanklik was daar 18 streke, maar is later die jaar, vir beter funksionering na 20 vermeerder.

7 *Ibid.*, Lêer D 5/7/1/1. Notule van Dagbestuur, 27.9.76, p. 2. Prosedure met die omskakeling van die Mieliekomitee na SAMSO (hierna "Prosedure met omskakeling" genoem), Oktober 1976, p. 1; Lêer d 5/2/2/1. JJM van Vuuren aan lede, 8.10.76, p. 2; Lêer D 5/4/2. Radiopraatjie, 2.11.76, p. 3; Radiopraatjie 9.11.76, p. 2; Lêer D 5/7/1/1. Notule van Dagbestuur, 27.9.76, p. 4.

alleen beslag aan die vestiging van SAMSO gegee nie, maar is daar ook 'n voorraadopname van die vordering gemaak. Benewens Ben Wilkens se verkiesing tot voorsitter, is onder andere besluit dat die eerste Nasionale Kongres op 8 en 9 Maart 1977 te Potchefstroom gehou sou word.[8] Die aanwesiges het ook in beginsel die geel mieliekop as embleem goedgekeur.[9]

Tydens die vergadering is weliswaar oor die vestigings- en werwingsaksie tevredenheid uitgespreek, maar dit het later aan die lig gekom dat die voorgestelde aksieplan nie in alle opsigte konsekwent uitgevoer is nie. Piet van Rooy, die sekretaris van die Vrystaatse Landbou-unie, se ywer is weerspieël in die 91 takke met 1 800 lede, wat binne 6 weke gestig is. Natal en Kaapland het op daardie stadium geen takke gehad nie.[10]

Ten opsigte van die fondsinsamelingspoging is die boere van Lichtenburg geloof vir die bewilliging van R20 000 aan SAMSO.[11]

Benewens hierdie aksie, om van die belangrikste organisatoriese fondamente van SAMSO te lê, is die konstitusionele raamwerk uitgespel, waarbinne die hantering en die bevordering van die mielieprodusente se belange sou plaasvind.

Alhoewel die SALU met die stigting van SAMSO die beginsel van 'n spesialiteitsorganisasie, georganiseer op nasionale vlak, en net met mieliebedryfsaangeleenthede gemoeid, aanvaar het, is daar voet by stuk gehou dat SAMSO as 'n integrale deel van die Unie moes funksioneer. In dié sin het SAMSO se konstitusionele posisie ooreengestem met die Mieliekomitees wat hy veronderstel was om te vervang: "SAMSO (is) nie 'n nuwe organisasie nie, maar 'n omskepping van die nasionale Mieliekomitee, as gevolg van 'n besluit van die SALU-kongres ..." is beweer.[12] Dié wyse van akkommodering het SAMSO onder die

---

8 *Ibid.*, Lêer A 4/1. Verslag van werksaamhede, 5.1.78, p. 5. SAMSO se Bestuursliggaam het ook aanvanklik as die Hoofbestuur bekend gestaan, en is later na die Uitvoerende Raad verander. Vir verwysingsdoeleindes sal deurgaan na die Uitvoerende Raad verwys word. Sien ook Lêer D 5/7/1/1. Notule van Dagbestuur, 27.9.76, p. 1. Piet Swart, die Adjunk-direkteur van die SALU het as die eerste tussentydse sekretaris van SAMSO opgetree.

9 *Ibid.*, Lêer D 5/2/1/1. Sekretaris aan TLU en HSJ Schoeman, 12.11.76; Sekretaris aan Vrystaatse Landbou-unie, 12.11.76; Lêer D 5/4/2. Radiopraatjie, 9.11.76, p. 2.

10 *Ibid.*, A3/1. Organisatoriese vestiging van SAMSO, April 1977, p. 1.

11 *Ibid.*, D 5/4/1. Radiopraatjie, 9.11.76, p. 3.

12 *Ibid.*, Lêer A1. 2/1 Konstitusie van SAMSO: artikel 2; Lêer D 5/7/1/1. Notule van Dagbestuur, 27.9.76, p. 3.

verpligting geplaas om alle konstitusionele wysiginge, hoe gering ook al, aan die SALU vir goedkeuring voor te lê.

As prioriteit het SAMSO beoog om 'n einde aan die bestaande verdeeldheid tussen produsente te maak, deur 'n gees van samewerking en samehorigheid onder hulle te bevorder. Uiteindelik wou SAMSO graag al die mielieboere onder sy vaandel verenig, om sodoende die mieliespesialiteitsorganisasie met die meerderheidsteun te wees. SAMSO het die noue verbintenis van die produsente met die verbruikers en verwerkers van mielies besef. Daadwerklike pogings moes dus aangewend word om 'n goeie verstandhouding tussen die belangegroepe te bewerkstellig en uit te bou.

Ten opsigte van die mielieboere se finansiële belange het SAMSO hom bereid verklaar om doeltreffende produksie en ordelike bemarking, asook die beste pryse en voordele by die belanghebbende owerhede, waaronder die Mielieraad, te beding. Gepaardgaande hiermee sou die Koöperatiewe bedryf, met die oogmerk om insetkoste so laag moontlik te hou, deurgaans bevorder word.

SAMSO het nadruklik klem daarop gelê dat alle aangeleenthede net op die meriete daarvan hanteer sou word, wat beteken het dat party-politieke motiewe hoegenaamd geen rol te speel sou hê nie.

Organisatories gesproke het SAMSO uit die volgende nasionaal-georganiseerde strukture bestaan, naamlik, plaaslike-, distriks-, streekmieliebedryfstakke, die Uitvoerende Raad, die Bestuurskomitee en die Jaarkongres.

Die plaaslike bedryfstakke is hoofsaaklik op inisiatief van die mielieprodusente, behorende aan die boereverenigings, wat by die SALU geaffilieer is, gestig. Daar is voorsiening gemaak dat, sou die betrokke boere dit verkies, die mieliebedryfstakke binne die boereverenging behartig word. Andersins, kon daar ook selfstandige bedryfstakke gestig word, wat uitsluitlik die bedryf se belange sou behartig, terwyl die algemene sake, soos arbeid en elektrisiteit, aan die boereverenigings oorgelaat sou word.[13]

As basis vir die samestelling van die distriksbedryfstakke is die afgebakende landdrosdistrikte gebruik. Afhangend van die hoeveelheid plaaslike bedryfstakke wat in so 'n distrik geleë was, is òf één òf indien nodig, meer

13 *Ibid.*, Lêer A1. 2/1. Konstitusie van SAMSO.

saamgevoeg, om daardeur 'n distrikstak te vorm. Die distriksbesture is jaarliks, na die reorganisasie van die bedryfstakke, deur 'n ledeverkiesing, saamgestel.

Vir die samestelling van die streeksbedryfstakke, is later 20 geïdentifiseerde substreke gebruik. Die verteenwoordiging op die takke is *pro rata*, ooreenkomstig elke landdrosdistrik se gemiddelde opbrengs vir die vorige vyf jaar bepaal. Die voorbehoud was egter dat elke distrik op een verteenwoordiger op die bestuur, wat jaarliks deur 'n ledeverkiesing hersaamgestel word, geregtig sou wees. Bykomend is daar voorsiening gemaak dat die koöperasies, wat mielies in 'n bepaalde streek hanteer, 'n verteenwoordiger op die bestuur kon benoem. Tegniese adviseurs kon genader word om, volgens behoefte en sonder stemreg, sitting te verkry.

Die Uitvoerende Raad is soos volg saamgestel: die voorsitter, onder-voorsitter, 20 streeksverteenwoordigers, die koöperatiewe verteenwoordigers deur Unie Graan benoem, en ook die President en Vise-President van die SALU, wat ampshalwe sittingsreg gehad het. Uit die Uitvoerende Raad is 'n Bestuurskomitee, bestaande uit die voorsitter, onder-voorsitter en drie ander lede, aangewys, om die dag-tot-dag bestuur van SAMSO te behartig.

Omdat SAMSO die demokratiese beginsels deurgaans toegepas wou sien, is bepaal dat die Jaarkongres die hoogste gesag sou wees. Met die oog op die samestelling daarvan, is aan die substreke, gebasseer op die mielie-opbrengs van die vorige vyf jaar, 'n kwota afgevaardigdes toegeken. Getalsgewys het die afvaardiging met die grote van 'n streekmieliebestuur ooreengestem. Die onderskeie streeksbesture het die verantwoordelikheid gehad om toe te sien dat die vereiste hoeveelheid deur 'n verkiesing aangewys is. Die koöperasies wat lede van SAMSO was en mielies hanteer het, was geregtig om minstens een afgevaardigde, maar daarna *pro rata*, ooreenkomstig die inname van mielies, nog afgevaardigdes aan te wys. Die afgevaardigdes moes almal gewone ingeskrewe lede van SAMSO wees. Die koöperatiewe afgevaardigdes het 60 van die totale aantal afgevaardigdes van die Kongres uitgemaak.[14]

Die Kongres het oor wye magte beskik: die Hoofbestuur moes hier skriftelik oor die jaarlikse werksaamhede en finansiële uitgawes daaraan verbonde, verslag doen; die afgevaardigdes kon hier, namens hul medeboere, beskrywingspunte indien om sodoende knelpunte uit te lig, of om voorstelle te for-

---

14 *Ibid.*

muleer, om die bedryf in die algemeen te bevorder; die lede van die Kongres dien as kieskollege om die voorsitter en onder-voorsitter van SAMSO aan te wys.

Die konstitusionele posisie van SAMSO het 'n belangrike invloed op die lidmaatskapvereistes uitgeoefen. Dit het meegebring dat, sou 'n produsent wat mielies vir bemarking produseer, sy ledegeld betaal het aan 'n boerevereniging, wat by die Georganiseerde Landbou geaffilieer is, hy net by wyse van 'n verklaring deur die boerevereniging of plaaslike bedryfstak, hoef aan te dui dat hy lid van SAMSO sou word. SAMSO kon dus nie self ledegeld hef nie, en moes deur middel van skenkings en fondse, wat van die SALU bewillig sou word, sy uitgawes dek.

Daar is ook vir koöperatiewe lidmaatskap voorsiening gemaak, deur die bepaling dat die koöperasies wat direk by die hantering, verwerking of bemarking van mielies betrokke is, gekwalifiseer het as lede van SAMSO, deur daarvoor aansoek te doen, en die vereiste ledegeld te betaal.[15]

Die besluit om SAMSO te stig was inderdaad 'n dramatiese ontwikkeling in die SALU se beleid en houding ten opsigte van die beginsel van spesialisasie. Nie alleen was dit die totale "versampisering" van die SALU se mielie-struktuur nie, maar het dit op die mees nadruklike wyse aan die bestaanreg van SAMPI, insluitend sy beginselstandpunte, erkenning verleen. SAMSO erken dan self: "'n Mens moet SAMPI gelyk gee dat die idee van 'n spesialiteitsorganisasie 'n blink gedagte was."[16] Vir SAMPI was dit 'n groot stap vorentoe op die lang en opdraande pad na erkenning. Die klem van die stryd het gevolglik verskuif na watter organisasie die ware spesialiteitsorganisasie was, en waarom daardie besondere één ondersteun moes word.

In die proses het die SALU openlik toegegee dat die leiers van SAMPI destyds nie net versiende was toe die dringende behoefte vir die stigting van 'n spesialiteitsorganisasie geïdentifiseer is nie, maar ook met hul daadwerklike optrede. Die SALU se reaksie was dus "'n veer in die hoed" vir daardie leiers van SAMPI, wat die selfopgelegde taak sedertdien met groot entoesiasme en onderskeiding behartig het.

15 *Ibid.*
16 *SAMSO*, Mei 1978, p. 5.

Alhoewel die Georganiseerde Landbou gesê het dat SAMPI teen Oktober 1976 6 300 lede gehad het, of dan hoogstens 30 persent van die mielieprodusente verteenwoordig het,[17] is besef dat, indien die gevraagde veranderings nie aan die strukture van die bedryf aangebring sou word nie, SAMPI se voortdurende agitasie kon meebring dat die bestaande magsbasis afgetakel sou word. Daardeur sou die Komiteestelsel se betekenis vernietig word. Die stigting van SAMSO was daarom 'n poging van die SALU om die broodnodige aanpassings te maak. Dit was ook terselfdertyd 'n openlike erkenning dat die Komiteestelsel ondoeltreffend gefunksioneer het, en nie aan die moderne behoeftes van die bedryf voldoen het nie.

Hoewel SAMPI rede gehad het om gevlei te voel oor die erkenning dat hy reg was, het die stigting van SAMSO 'n nuwe en daarby 'n wesenlike gevaar vir SAMPI ingehou. Die intense blootstelling tydens die drie jaar van onderhandelinge, het die SALU deeglik onder die indruk gebring, dat die gedagte van 'n spesialiteitsorganisasie gekom het om te bly, en dat 'n "nuwe vyand" eintlik met eiesoortige wapens en metodes aangedurf moes word. Die SALU het in SAMSO die instrument gesien om SAMPI sodanig te verwond, dat hy daardeur sou sterf.

Die strategie was baie eenvoudig: die produsent kon in SAMSO waarneem dat die SALU 'n poging aangewend het om by die moderne behoeftes aan te pas. Die voortsetting van die stryd was gevolglik onnodig, want deur bloot by die nuwe en amptelike-erkende organisasie aan te sluit, kon eenheid bewerkstellig word. Dit moes noodwendig SAMPI van sy magsbasis ontneem, wat uiteindelik sy voortbestaan en funksionering sou vernietig. SAMPI was bewus daarvan dat ondergang hom in die gesig staar, veral gesien in die lig van die volgende opmerking uit eie geledere: "SAMPI was na die aflassing van die onderhandelinge in 1975 op die punt van ineenstorting. Ons mense was vir die antagonisme op straat, moeg gewees."[18]

Die ongunstige situasie waarin SAMPI hom bevind het, sou in 'n byna onhoudbare toestand verander, nadat nog 'n nuwe bedreiging op die horison

17 *SAMSO*, April 1977, p. 11. Verder is gesê dat gedurende 1976 net 2 500 lede ledegeld betaal het. Dit het beteken dat SAMPI in werklikheid net 23 persent van die mielieboere verteenwoordig het. Daar is ook gesê dat sowel 1 000 "lede" nog nooit ledegeld betaal het nie.

18 *De Jager*. Besluite van 'n konferensie wat by die Orkney-Vaal Vakansie-oord gehou is (hierna "Besluite van Konferensie" genoem), 5.6.76, p. 2.

verskyn het. Dié keer het dit van die Regering se kant gekom. Sy bydrae om SAMPI die mond te snoer, was in die vorm van 'n amptelike omsendskrywe aan die Staatsdepartemente en die Landboubeheerrade, insluitend die Mielieraad. Hierin is opdrag gegee dat daar geensins kontak met SAMPI gemaak mag word nie. Minister Hendrik Schoeman, die Minister van Landbou, se weergawe het as volg gelui: "Ten einde te verhoed dat drukgroepe buite die SALU, soos die Suid-Afrikaanse Mielieprodusente-Instituut (SAMPI), op indirekte wyse erkenning geniet, sal ek bly wees as u sal verseker dat geen briefwisseling of onderhoude voortaan met sodanige organisasies deur beamptes van u Departement gevoer word nie. Geen publisiteit moet ook aan die aktiwiteite van hierdie soort groepe deur middel van departementele publikasies of Landbouradio verleen word nie."[19]

Die besluit van die Kabinet spruit uit die SALU se voortdurende verleentheid, wat veroorsaak is deur SAMPI se uitnodigings aan hooggeplaasde landbou-amptenare om sy Jaarkongresse by te woon of toe te spreek. Die SALU was glad nie hiermee gediend nie, en het by Schoeman aangedring dat die saak reggestel moes word.[20] Die Kabinet het dus besluit "om slegs die SALU en sy (Provinsiale Liggame) as (die) amptelike mondstuk van die Georganiseerde Landbou te erken"; vandaar die omsendbriewe.

Die besluit van die SALU om SAMSO te stig en die aksie van die Regering om SAMPI te ignoreer het die gesamentlike oogmerk bevorder om met SAMPI klaar te speel. Sou dit slaag om SAMPI die mond te snoer, kon SAMSO groter geleentheid kry om sy stem te laat hoor en homself te laat geld.

Hoewel dit SAMPI in sy fondamente geskud het, het die stigting van SAMSO en die optrede van die Regering, die leiers van SAMPI se entoesiasme vir die stryd nie gedemp nie. Nooit is daar aan die moontlikheid gedink om die handdoek in te gooi nie. Dit was eerder 'n geval van òf nou òf nooit; daarom is die uitdaging sonder huiwering aanvaar en het die begeesterde vegters die Georganiseerde Landbou opnuut, en deur middel van 'n behoorlike uitgewerkte plan van aksie, die stryd aangesê.

---

19 *SAMPI*, Lêer 2/1/33/5. PW Botha, Minister van Verdediging aan Ferreira, 21.1.76; *Die Afrikaner*, 16.4.76.

20 *NAMPO*, K 864/1. Onderhoud AH Marais en JH Theron met Schoeman, Kaapstad, 26.3.85; *SAMPI*, Lêer 2/1/33/5/1. Botha aan SES Ferreira, 20.1.76.

In sy eerste verweer het SAMPI die stigting van SAMSO in 'n skerpbewoorde verklaring as 'n totale oorbodigheid verwerp. Die ooreenkoms wat SAMPI en die SALU vroeër gesluit het, het juis vir die ideale mieliespesialiteitsorganisasie voorsiening gemaak. Die verbreking daarvan was 'n onverklaarbare optrede en nou het die SALU hom die reg toegeëien om in die plek van dít wat doelbewus deur hulle vernietig is, 'n soortgelyke organisasie aan die mielieboere op te dring, is verklaar.[21]

SAMPI was terdeë daarvan bewus dat die sterkere van die twee organisasies die enigste kans op oorlewing sou hê; daarom moes die beleid van vroeër, naamlik dat SAMPI soveel moontlik lede sou werf, sodat Schoeman en die Regering daartoe gedwing sou word om SAMPI uiteindelik as die spreekbuis van die mielieboer te erken, so gou doenlik uitgevoer word. In die proses sou die negatiewe gevolge van die SALU se vertragingstaktiek met die onderhandelinge van 1973 tot 1975, wat die verlies van fondse en 'n statiese organisatoriese opset op takvlak meegebring het, teengewerk word. Sodoende kon daar weer nuwe lewe in die organisasie ingeblaas word. Hoewel dit met groot moeite en onkoste gepaard sou gaan, het die Jaarkongres toestemming verleen dat die nodige stappe in dié verband gedoen kon word. Daar is egter die voorwaarde gestel dat die SALU onomwonde moes verklaar dat hy glad nie van voornemens is om die ooreenkoms, wat uit die onderhandelinge gespruit het, na te kom nie.[22]

SAMPI het onmiddellik na die Kongres, gedurende Februarie en Maart 1976, 'n reeks van 33 inligtingsvergaderings in die mieliegebied gehou. Hier het SAMPI opnuut sy misnoeë met die aflassing van die onderhandelinge uitgespreek en ook sy pad vorentoe uitgespel.

Na die afloop hiervan het die SALU nog nie van hom laat hoor nie, en kon SAMPI toe reeds met sy beoogde volskaalse reorganisasieprogram begin het, maar hy het die SALU nog 'n kans gegee. Op 3 Mei 1976 het SAMPI die leiers van die SALU daaraan herinner dat die kongresbesluite van die Transvaalse- en Vrystaatse Landbou-unies nadruklik bepaal dat die nuwe mieliespesialiteitsorganisasie van die SALU, in samewerking met SAMPI, gestig moes word.

21 *Die Landman*, Desember 1975, p. 12.
22 *Ibid.*, Mei 1976, p. 7.

SAMPI het die SALU versoek om voor 31 Mei 1977 te reageer, maar die SALU het nie eens die moeite gedoen om daarop te antwoord nie.[23]

Dringende optrede was gevolglik noodsaaklik. SAMPI het ten aanvang sy lede versoek om "dadelik in SAMPI-takke te verenig". Dit het beteken dat sy lede uit die boereverenigings van die Georganiseerde Landbou, waar hulle hulself bevind het, ingevolge die onderhandelinge van 1973 tot 1975, moes bedank en weer SAMPI-takke stig. Die getroue ondersteuners van SAMPI het dit met graagte gedoen, maar dit was net die begin. SAMPI moes van hier groei en die enigste wyse was om nuwe takke te stig en nuwe lede te werf.

Om die omvangryke taak te behartig is daar van gesalarieerde organiseerders gebruik gemaak. Hulle het later tot 16 aangegroei, te wete, MC Boshoff, SC de Jager, RP du Toit, AJP Dreyer, GC Grobler, WH Gunter, S Keeve, GR Labuschagne, KN Lehmkuhl, HL Moolman, JA Naudé, SJM Nel, HWJ Roodt, LL Swart, WFM van der Walt en WH Wessels. GGJ Betz is as die organiserende sekretaris aangestel om hulle aktiwiteit te beplan en te koördineer. Johan de Beer, die sekretaris, was met die administrasie, waaronder die hantering van inskrywingsvorms, gemoeid.[24] Die organiseerders het tydens hulle besoeke aan die plase met heelwat probleme te kampe gehad: sommige boere wou geensins iets met SAMPI te make gehad het nie – nuwe lidmaatskap was buite die kwessie; van die wat aangesluit het, wou nie hulle finansiële verpligtinge nakom nie; ander wat uit SAMPI bedank het, is met baie oorredingswerk oorgehaal om weer aan te sluit; party het 'n wag-en-kyk houding ingeneem.[25]

Van die beskikbare statistiek het genoemde probleme weerspieël. Gedurende Junie en Julie 1976, met die veldtog reeds etlike maande aan die gang, is gemiddeld R100 per dag aan ledegeld ontvang. Binne die eerste drie weke van Junie het net 122 nuwe lede bygekom. SAMPI het egter sy tevredenheid hiermee uitgespreek, want die skade wat oor drie jaar van onderhandelinge aangerig

---

23 *SAMPI*, Lêer 2/1/27/5/1. Waarnemende Direkteur aan lede, 5.4.76; *De Jager*. Waarnemende Direkteur aan President van SALU, 3.5.76. In beide skrywes is aanduidings dat SAMPI op daardie stadium reeds met sy reorganisasieprogram begin het. Daar is egter meer daarop gekonsentreer om sy lede aan te moedig om ledegelde te betaal, as wat pogings aangewend is om nuwe lede te betrek. Dit sou eers heelwat later daardie jaar geskied.

24 *SAMPI*, Lêer 2/1/2/4/1. Notule van vergadering van organiseerders, 4.6.76, p. 1.

25 *Ibid.*, LL Swart aan organiserende sekretaris, 12.6.76, pp. 1-2; Hoofbestuurder aan LL Swart, 22.6.76, p. 1. Die verskynsel was veral in die Oos-Transvaal aanwesig.

is, kon nie binne 'n paar weke verhaal word nie. Behalwe dat daar gedurende dié tydperk 'n bedrag van R8 300 aan skenkings deur lede geïn is, het SAMPI se fondse op die Jaarkongres van 1976 'n aansienlike stoot vorentoe gekry. Dáár is goedgekeur dat die R10-toetredingsfooi wat die lede van SAMPI aan die te stigte organisasie betaal het, en wat ingevolge die ooreenkoms van die onderhandelinge tydens 1973 tot 1975, terugbetaal sou word, aan SAMPI geskenk word.

Behalwe die organiseerders se intensiewe pogings, het SAMPI se kantoor aan elke mielieboer 'n persoonlike skrywe gerig, waarin hy gevra is om by SAMPI aan te sluit. SAMPI het intussen voortgegaan om maandeliks sowat 4 000 eksemplare van *Die Landman* aan mielieboere, wat by die te stigte mielie-organisasie aangesluit het, te stuur.

SAMPI was uiteindelik baie tevrede met die afloop van die reorganisasieprogram. Aan ledegeld is 'n bedrag van R85 000 geïn, waarvan ongeveer R45 000 aan dié program bestee is. Die Hoofbestuur het dit as "goed bestede fondse" beskou, want benewens die werwing van 'n bykomende 1 000 lede, is die hoofkantoor en die takke se organisatoriese inligting, insluitend naamlyste, in ooreenstemming met mekaar gebring.

SAMPI het ook aan sy topbestuur geskaaf om sake vlot te laat verloop. Die Hoofbestuur is tot 21 lede vergroot. Dit het die streke verklein, sodat die werklas van die hoofbestuurslede kon verminder. Om meer permanensie aan die amp van die hoof-uitvoerende amptenaar te gee, is Danie Venter as die Direkteur, in die plek van Hannes van Wyk, die waarnemende Direkteur, aangestel.

Oortuig daarvan dat die werwingspoging die meerderheid van die mielieprodusente aan sy kant sou skaar, het SAMPI, in stryd met die kongresbesluit van 11 Februarie 1970, op 19 Augustus 1976, die SALU ontmoet en weer om affiliasie aansoek gedoen. Die motivering daarvoor is bekend: SAMPI is vir 'n dekade die mieliebedryf se spesialiteitsorganisasie; SAMPI verteenwoordig die meerderheid van die produsente en die SALU het die beginsel van spesialisasie aanvaar.[26] Die SALU het 2 dae later die aansoek geweier, omdat SAMPI volgens hom, nie die meerderheidsteun van die produsente gehad het nie. Oor

---

26 *De Jager.* Standpunte na aanleiding van ontmoeting met die SALU, 19.8.76, pp. 1-3.

die ander 2 aspekte het die SALU hom glad nie uitgelaat nie.[27] Tog het SAMPI se toenaderingspoging nie op dowe ore geval nie.

Hoewel die voorafgaande gebeure oënskynlik die kans op enige samewerking uitgeskakel het, het daar later in dieselfde jaar die bykans ondenkbare en totaal onverwagte wending plaasgevind: SAMPI en SAMSO het besluit om 'n poging tot eenwording te onderneem!

Hierdie nuwe inisiatief het van Hendrik Schoeman gekom. Hy het op 10 November 1976 die Dagbestuur van SAMPI, bestaande uit Fanie Ferreira, Hennie de Jager, Hannes de Kock en Crawford von Abo en SAMSO se Bestuurskomitee, bestaande uit Ben Wilkens, Thys van der Hoven, Faan Basson, Andries Beyers en Japie van Eeden byeengeroep om hulle oor die moontlikheid te pols. Die reaksie was bo alle verwagtinge in so gunstig, dat Schoeman homself kon onttrek en die saak in die hande van die ander lede laat.[28]

Die dramatiese gebeurtenis is 9 dae later met 'n vergadering tussen die Dagbestuur van SAMPI en SAMSO se Uitvoerende Raad, opgevolg. 'n Wonderwerk het hier plaasgevind, want die aanwesiges het 'n formele, skriftelike ooreenkoms aangegaan om as basis tot eenwording te dien.

In die lig van latere verwikkelinge word die ooreenkoms volledig aangehaal:

"Vir die bereiking van eenheid in die mieliebedryf kom SAMSO en SAMPI soos volg ooreen:

1. Dat 'n nuwe spesialiteitsorganisasie vir die mieliebedryf volgens SAMSO se reglement tot stand gebring sal word.
2. 'n Gesamentlike Aksiekomitee bestaande uit die Dagbesture van SAMPI en SAMSO gevorm sal word om:

2.1 ter wille van die organisering en uitvoering van reëlings, die volle Hoofbesture van SAMSO en SAMPI te gebruik;

2.2 reëlings vir die vestiging van die beoogde organisasie in terme van 1 te tref en uit te voer;

2.3 voogskap vir die bestaande organisasies se aktiwiteite en bates te aanvaar.

---

27 *Die Landman*, September 1976, p. 2.

28 *SAMPI*, Lêer D 5/7/1/1. Notule van spesiale vergadering, 19.11.76, p. 2.

3. Ten einde aan die vereistes van die reglement te voldoen soos in 1 genoem, sal SAMPI-lede soos volg lidmaatskap van die SALU (se) affiliasies verkry:
3.1 by voorlegging van die betrokke SAMPI-lede se name;
3.2 eenmalige oorbetaling van ledegeld deur die Aksiekomitee aan die SALU se affiliasies;
3.3 hierdie reëling sal slegs geld ten opsigte van die eerste Kongres en die volgende twaalf maande vanaf datum hiervan;
3.4 reëlings vir die Kongres sal nie deur 3.2 belemmer word nie.
4. Afvaardiging van lede na die eerste Kongres sal geskied op 'n landdrosdistriksproduksiebasis en nie volgens afvaardigingsprosedure in terme van die reglement soos in 1 genoem nie.
5. Enige verskilpunte ten opsigte van die reglement soos in 1 genoem, sal vir uitsluitsel na die eerste Kongres geneem word."[29]

Hierdie ooreenkoms het 'n belangrike klemverskuiwing ten opsigte van die teenwoordigheid van die koöperatiewe beweging op die Stigtingskongres gehad. Waar SAMPI tydens die 1973 tot 1975-onderhandelinge bereid was, om "ter wille van eenheid", die sleutelbeginsel te buig, wat bepaal het dat nét die *bona fide*-mielieprodusente seggenskap oor hulle organisatoriese opset sou hê, het SAMPI hierdie keer geweier dat die koöperatiewe verteenwoordigers stemreg op die Kongres kon hê. Die grondliggende oorsaak vir die verandering was dat SAMPI nie meer bereid was om toe te laat dat Unie Graan wéér 'n deurslaggewende rol, hetsy direk òf indirek, sou speel om die eenwording van die mielieprodusente òf te verhoed òf die reëls daarvan te dikteer nie.[30] Von Abo het hieroor gesê: "Dit was vir ons (SAMPI) baie duidelik dat hierdie mense (Unie Graan) nog dieselfde was, wat die stryd teen ons gevoer het, en dat hulle nie in stemreg nie, maar in stemkrag, belanggestel het. SAMPI het hom weliswaar bereid verklaar dat die koöperasies op die Stigtingskongres teenwoordig kon wees, maar dan in 'n adviserende hoedanigheid.[31]

Voortspruitend hieruit het SAMPI ook ander redes aangevoer, waarom die koöperatiewe verteenwoordigers nie meer op die Kongres welkom sou wees nie.

---

29 *Ibid*., p. 7.

30 *Von Abo*., Volgorde van gebeure in die mieliebedryf tussen SAMPI en die SALU, wat tot die dispuut oor koöperatiewe verteenwoordiging op die eerste Kongres, gelei het (hierna "Volgorde van gebeure" genoem), Maart 1977, p. 3.

31 *INEG*, IG 4/38. CL von Abo aan Theron, 17.1.86; *Von Abo*. Volgorde van gebeure, Maart 1977, p. 4.

SAMPI wou verhoed dat die koöperatiewe afgevaardigdes deur middel van 'n blokstemming in belangrike besluite, rakende die reglement/konstitusie en die verkiesing van afgevaardigdes, die deurslag kon gee. Die koöperasies het lede van beide SAMPI en SAMSO gehad, en daarom kon hulle nie kant kies nie. SAMPI het gesê dat ongeveer 99 persent van al die mielieprodusente lede van die koöperatiewe beweging was. Daardeur sou die koöperasies voldoende verteenwoordiging hê deur die direkteure, wat in hul hoedanigheid as produsente, op die Kongres teenwoordig was.

SAMPI was daarteen gekant dat die koöperatiewe beweging afgevaardigdes benoem, want dit het die moontlikheid ingehou dat, sou kandidate wat tydens die aanstaande verkiesing uitgeskakel word, deur middel van benoeming op die Kongres, teenwoordig kon wees.

SAMPI se geheue was egter nie kort nie. Deeglik bewus van die SALU se verbreking van die ooreenkoms in 1975, het SAMPI dié keer 'n ander werkswyse gevolg. Waar die notule-besluite van die vergaderings tussen 1973 en 1975 as die ooreenkoms beskou is, het SAMPI nou daarop aangedring dat die ooreenkoms in een dokument saamgevat word en deur Ferreira en Wilkens onderteken word. Dit het beteken dat die bepalings duidelik uiteengesit moes word om die moontlikheid van enige wanvertolkings of misverstande vroegtydig uit te skakel. SAMPI het ook bandopnames van die latere vergaderings gemaak om te verseker dat daar nie weer verkeerde weergawes van die gebeure gegee kon word nie. Sou dit weliswaar gebeur, kon dit vinnig en duidelik uitgewys word. SAMPI het van sy kant af alles moontlik gedoen om te verseker dat die SALU en SAMSO nie hierdie keer 'n uitkomkans sou kon kry nie, of dat misverstande van enige aard kon ontstaan nie.[32]

Dieselfde aand, na die ondertekening van die ooreenkoms, het die eerste van 5 vergaderings plaasgevind om dit in werking te stel. Aanvanklik is die ampsdraers van die Aksiekomitee verkies. Op voorstel van Ferreira is Wilkens eenparig as voorsitter en op voorstel van De Jager is Ferreira eenparig as onder-voorsitter aangewys. Venter is as sekretaris gekies. Sy kantoor en personeel sou dié van SAMPI wees. Hierna het Wilkens en Ferreira die ooreenkoms onderteken. Daar is ingestem dat die Stigtingskongres van die nuwe mieliespe-

32 *SAMPI*, Lêer D 5/7/1/1. Notule van spesiale vergadering, 19.11.76, p. 7; *NAMPO*, K 864/7 en K 864/8/1-7. Opnames van die Aksiekomiteevergaderings, 1976-1977.

sialiteitsorganisasie op 8 en 9 Maart 1977 sou plaasvind. Schoeman sou genader word om die openingsrede te lewer. Die verkiesingsdatum is op 31 Januarie 1977 vasgestel. Daar is onverwyld aan die reëlings, waaronder die lokale, stembriewe en benoeming van voorsitters, aandag gegee.[33]

Daarna het die omvattende, dog moeisame en tydrowende proses begin om die bates van SAMPI en SAMSO onder die vaandel van die Suid-Afrikaanse Mielieprodusente-Spesialiteitsorganisasie (SAMPSO) saam te gooi. Vanweë SAMPI se groot ervaring en goed ontwikkelde infrastruktuur, het die meeste insette van sy kant gekom. SAMPI het in die fynste besonderheid beskryf hoe sake tot dusver by *Die Landman* en die Oesdag gefunksioneer het, en wat sy finansiële posisie was. Benewens hierdie openbaarmaking van sy diepste geheime, het SAMPI hom nogtans bereid verklaar dat beide name, sowel as sy embleem, afgestaan word en die ligging van die hoofkantoor te Klerksdorp sou wees.[34]

Die samestelling van die gesamentlike komitees het by wyse van koöptering geskied: Basson, Van der Hoven en Van Eeden op die redaksionele komitee van wat later as *Mielies/Maize* bekend moes wees, en JG Erasmus op die Oesdagkomitee. Betsie Lotz is later as publikasiebeampte van die lyfblad aangestel.[35]

Insake die finansies en ander bates, waarvan SAMPI sowat R250 000 en SAMSO R20 000 gehad het, is besluit dat, sodra beide partye ontbind het en die nuwe Hoofbestuur verkies is, die bedrae saamgevoeg sou word.[36] As gevolg daarvan het SAMPI intussen toegestem om die uitgawes van die Aksiekomitee te dra. Om voldoende fondse vir die toekoms te verseker, is ooreengekom dat Schoeman genader sou word om die Bemarkingswet so te wysig, dat 'n heffing op die mielieprys geplaas word en die geld na die nuwe mieliespesialiteitsorganisasie gekanaliseer word.

33 *Von Abo*. Sekretaris aan lid, 3.12.76; Voorskrifte aan voorsitter van afvaardigingsvergaderings in landdrosdistrikte, 3.12.76; Sekretaris aan afgevaardigdes, 28.12.76; *SAMPI*, Lêer D 5/7/1/1. Sekretaris aan Uitvoerende Raad, addisonele streekwaarnemers, tegniese adviseurs en Provinsiale Landbou-unies, 2.12.76.

34 *Ibid*., Lêer D 5/7/1/1. Notule van Aksiekomitee, 21.1.77, p. 2. Soos dit uit latere gebeure blyk, was hierdie totale aftakeling van dit was eie aan SAMPI was, 'n uiters pynlike en baie sentimentele aangeleentheid.

35 *Ibid*. As tussentydse maatreël het die Januarie, Februarie en Maart 1977-uitgawes van *Die Landman* as die spreekbuis van die nuwe mieliespesialiteitsorganisasie verskyn.

36 *Ferreira*. Notule van Aksiekomitee, 20.11.76, pp. 2-3.

'n Behoorlike inligtingsaksie is geloods om die aard van die ooreenkoms en die praktiese beslag daarvan aan die boere bekend te maak. Hiervoor is die pers, radio en die Georganiseerde Landbou ingespan. Bo en behalwe dit, is 12 000 eksemplare van *Die Landman* se uitgawe van Januarie 1977 gratis versprei.

Die ander belangrike taak was om toe te sien dat die lede van SAMPI by die TLU en die Vrystaatse Landbou-unie ingeskakel word. Op die laaste vergadering van 21 Januarie 1977, is gerapporteer dat dit afgehandel is. Al wat nog vir SAMPI oorgebly het, was sy Ontbindingskongres op 27 Januarie 1977. Alles sou dan, in terme van die ooreenkoms, vir die verkiesing en toekomstige eenheid, afgehandel wees.[37]

Met die eenwordingsproses in so 'n gevorderde stadium was dit ondenkbaar dat daar weer iets verkeerd sou loop. Helaas, dit het gebeur! Dié keer was dit die leiers van SAMSO wat teen die ooreenkoms in, en in weerwil van alles wat tot sover bereik is, dit stelselmatig ongedaan gemaak het.

Die oorsprong van hierdie nuwe verwikkeling hou met die inskakeling van die lede van SAMPI by die Georganiseerde Landbou verband. Op die manier was dit die maklikste taak ter wêreld om "koppe te tel". SAMSO het tot die skokkende besef gekom dat die meerderheid mielieprodusente ondersteuners van SAMPI was. Die uitslag van die verkiesing op 31 Januarie 1977, wat op daardie stadium 'n geheim vir SAMPI was, het dit onomstootlik bevestig: SAMPI 190 en SAMSO 150 afgevaardigdes. Terwyl al 5 van SAMPI se lede van die Aksiekomitee verkies is, het Van Eeden van SAMSO nie die paal gehaal nie. Die enigste manier waarop SAMSO, volgens SAMPI, sy eer kon red, was om nog stemkrag vir die Kongres te monster.[38]

Die strooihalm waarna SAMSO gegryp het, was die koöperatiewe beweging. Om hulle teenwoordigheid op die Stigtingskongres te verseker, het SAMSO sonder om te blik of te bloos, 'n hervertolking van die ooreenkoms gemaak. In dié verband het SAMSO hom op artikel 1 beroep, wat soos volg lui: "Dat 'n nuwe mieliespesialiteitsorganisasie vir die mieliebedryf volgens die ooreengekome reglement ... tot stand gebring sal word." Dit het betrekking

---

37 *Ibid*. Notule van Dagbestuur van Aksiekomitee, 29.11.76, p. 4; *De Jager*. Sekretaris aan lede, 21.12.76.

38 *SAMPI*, Lêer 2/1/32/1/3. Waarnemende Hoofbestuurder aan T Maree, 28.3.77; *Von Abo*. Kongresreëlings met handgeskrewe uitslae, 31.1.77.

gehad op artikel 6.5.4 van SAMSO se reglement, wat bepaal het dat die eerste Kongres uit 340 produsente, verkies op 'n streeksproduksiebasis, en 60 koöperatiewe afgevaardigdes, sou bestaan. Met hierdie bepaling as motivering, het Piet Swart, adjunk-direkteur van die SALU en waarnemende Hoofbestuurder van SAMSO, die koöperasies wat mielies hanteer het, na die Kongres uitgenooi.

SAMPI het op 3 Februarie 1977 tydens 'n informele ontmoeting van die Dagbestuur van die Aksiekomitee, maar veral op die volle vergaderings van die Aksiekomitee wat op 11 en 28 Februarie 1977 gehou is, regmatig en met die nodige heftigheid teen SAMSO se optrede beswaar aangeteken.[39]

SAMPI se argumente het op artikels 1 en 4 van die ooreenkoms en artikel 5.2.1 van die ooreengekome reglement berus. SAMPI het daarop gewys dat artikel 6.5.4 van die reglement binne die totale verband van die ooreenkoms gelees moes word. Waar artikel 1 van die ooreengekome reglement, wat gebruik sou word, gepraat het, het artikel 4 daarvan 'n kwalifikasie ten opsigte van die aanwys van die afgevaardigdes, na die Stigtingskongres, ooreenkomstig artikel 6.5.4 van die reglement, gegee, wat nie misgekyk kon word nie. Artikel 4 sê duidelik: "Afvaardiging van lede na die eerste Kongres sal geskied op 'n landdrosdistriksproduksiebasis en nie volgens afvaardigingsprosedure in terme van die reglement soos in (artikel) 1 genoem nie." Hierdie bepaling het artikel 6.5.4 van die reglement se geldigheid vir die eerste Kongres ondubbelsinnig opgehef. SAMSO se motivering was ongeldig en het op 'n verbreking van die onderhandelde ooreenkoms neergekom.

Artikel 5.2.1 het onder andere bepaal dat die koöperasies éérs as lede van die nuwe mieliespesialiteitsorganisasie kon kwalifiseer, as daar aansoek om lidmaatskap gedoen sou word en die Hoofbestuur dit sou goedkeur. Die Kongres moes dus eers die Hoofbestuur aanwys, voordat enige koöperasie om lidmaatskap aansoek kon doen. Hiervolgens het SAMPI aangevoer dat SAMSO die kar voor die perde gespan het.[40]

---

39 *De Jager*. Memorandum deur SAMPI oor die volgorde van gebeure sedert 10.11.76; *SAMSO*, Byvoegsel, April 1977. In sy weergawe van gebeure het SAMSO aangdui dat SAMPI eers op 11.2.77 vir die eerste keer tydens die Aksiekomitee-vergadering beswaar gemaak het. Die beswaar op 3.2.77 is glad nie genoem nie.

40 *Von Abo*. Volgorde van gebeure tussen SAMPI en die SALU, wat tot die dispuut oor die koöperatiewe verteenwoordiging op die eerste Kongres, gelei het (hierna "Volgorde van gebeure" genoem), 1977, p. 2.

SAMPI het ook daarop gewys dat die Aksiekomitee glad nie die kwessie van koöperatiewe verteenwoordiging bespreek het nie. Piet Swart se uitnodiging, sonder SAMPI se medewete, was daarom eiesinnig en verkeerd. SAMPI het uitgewys dat Swart se titel op die skrywe, "sekretaris", vals was, want hy was nie die sekretaris van die Aksiekomitee nie: dit was 'n selfgemaakte aanstelling.

Op die vergaderings het daar by tye baie harde woorde tussen die Aksiekomiteelede geval. By tye was dit persoonlik van aard. Een so 'n geleentheid was toe De Jager vir Andries Beyers beskuldig het, dat Unie Graan se oogmerk om stemkrag op die Kongres te bekom, chaos kon veroorsaak, veral as iemand teen die koöperatiewe afgevaardigdes se teenwoordigheid, beswaar sou aanteken. Beyers het gesê dat dit nie Unie Graan is wat die uitnodiging gerig het nie, en dat De Jager se houding daarop dui dat hy 'n vyand van die koöperasie was.[41]

Die vet was toe behoorlik in die vuur. De Jager het dit met "minagting" verwerp en gesê dat, "as mnr. Beyers wil hê dat hy sy hoë ouderdom moet respekteer, moet hy so optree, anders sal hy (De Jager) hom (Beyers) as sy gelyke hanteer". Von Abo het De Jager ondersteun deur Beyers daarvan te beskuldig, dat hy hom die reg aanmatig om te beweer dat sy direkteurskap hom 'n beter koöperateur maak, as SAMPI-lede wat gewone lede van die koöperasies was.[42]

Dit is belangrik om uit te wys dat SAMSO in sy optrede sy woord verbreek het. Voordat daar op 19 November 1976 vir die eerste keer met SAMPI onderhandel is, het die Uitvoerende Raad vergader om konsensus te bereik oor die grondslag waarop daar met SAMPI onderhandel sou word. Onder andere is onder artikel 3 die volgende besluit, naamlik dat "die afvaardiging van lede na die Stigtingskongres sal deur ... die mielieprodusente op 'n distriksproduksiebasis geskied; hierdie reëling ten opsigte van die aanwysing van afgevaardigdes na die Stigtingskongres ... sal slegs vir die Stigtingskongres geld".[43] SAMSO het voorwaar 'n besonder kort geheue gehad.

SAMSO se bevraagtekenbare optrede het nog verder gegaan. Volgens hom was artikel 4 van die ooreenkoms daarop gemik om die lede van SAMPI, wat nie lid van die boerevereniging van die Provinsiale Landbou-unies was nie, die geleentheid te bied om vir die Kongres afgevaardig te word. 'n Vergelyking van

41 *Ibid.*, Notule van Aksiekomitee, 28.2.77, pp. 10-11.
42 *Ibid.*, p. 11.
43 *SAMPI*, Lêer D 5/7/1/1. Notule van spesiale vergadering, 19.11.76, p. 3.

artikel 3 van die ooreenkoms weerspreek hierdie verduideliking van SAMSO, want hier is uitdruklik bepaal dat die lede van SAMPI (en ander mielieprodusente), wat aan die mieliespesialiteitsorganisasie wou deelneem, eers by die boereverenigings van die SALU moes aansluit.

Nog was dit nie die einde nie. SAMSO het verklaar dat artikel 4 nie na die koöperatiewe afgevaardigdes verwys het nie, want hulle is vanselfsprekend as deel van die eerste Kongres aanvaar. Die motivering hiervoor was dat die koöperasie, as die handelsarm, onlosmaaklik deel van die Georganiseerde Landbou was.[44] Die koöperasies het, benewens die toestaan van die produksielenings, groot finansiële bydraes in die vorm van sy affiliasiegeld en skenkings aan die SALU se lyfblad, *Die Boer*, gemaak. Dit alles het daartoe bygedra dat die koöperasies seggenskap oor die organisatoriese opset van die mielieprodusent kon hê, aldus SAMSO.[45]

Die onverwagte gebeure het werklik 'n krisis veroorsaak. SAMPI het ernstig beswaar aangeteken, maar terselfdertyd alles in sy vermoë gedoen om die ooreenkoms van ondergang te red.

Nadat SAMPI en SAMSO nie op 11 Februarie 1977 tydens die vergadering van die Aksiekomitee versoen kon raak nie, het Wilkens voorgestel dat die Kongres uitgestel moes word. Sodoende kon weer van vooraf oor die aangeleentheid onderhandel word. SAMPI het hierin die bekende vertragingstaktiek van die SALU bemerk, want daar is op 19 November 1976 reeds 'n onderhandelde ooreenkoms gesluit. SAMPI het nie meer in vae uitsprake belanggestel nie, maar besliste optrede verwag. Daar is dus voorgestel dat die afgevaardigdes op die Kongres uitsluitsel moes gee. Wilkens het dit verwerp omdat die koöperatiewe afgevaardigdes reeds teenwoordig sou wees. SAMPI stel toe voor dat 'n hofbeslissing aangevra word. SAMSO het dit sonder enige omhaal van woorde verwerp. SAMPI het hierna voorgestel dat die kongresreëlings, soos SAMSO dit sien, kon voortgaan, maar dan moes die probleem voor 8 Maart 1977 opgeklaar word.[46]

SAMPI het op 15 Februarie 1977 'n regsmening ingewin, wat hom gelyk gegee het.[47] Hiermee het hy Wilkens gekonfronteer om hom te oorreed om 'n

---

44 *Von Abo*. Notule van Aksiekomitee, 11.2.77, p. 5.
45 *Ibid.*, Volgorde van gebeure, 1977, p. 3.
46 *Ibid.*, Notule van Aksiekomitee, 11.2.77, pp. 4-6.
47 *Ibid.*, Memorandum van konsultasie, 15.2.77.

spesiale vergadering van die Aksiekomitee te belê, ten einde die aangeleentheid te bespreek. Laasgenoemde het aangedui dat daar nie tyd was nie en dat die volgende vergadering vir 28 Februarie geskeduleer is. SAMPI stel toe voor dat 'n konferensie van die verkose afgevaardigdes belê moes word. Wilkens het dit verwerp, want die mielieprodusent het nie alleen seggenskap oor die samestelling van die kieskollege gehad nie. Op die Komiteevergadering van 28 Februarie 1977 het SAMPI sy standpunt herhaal. SAMSO wou steeds nie instem nie. Wilkens het selfs sover gegaan as om te sê dat "die Kongres afgestel (moet) word, want daar bestaan nie wilsooreenstemming nie". SAMPI het ingestem dat die Kongres na 19 en 20 April verskuif word, maar dan moes daar vooraf behoorlike uitsluitsel oor die koöperatiewe verteenwoordigers se posisie op die Kongres verkry word.[48]

Die vergadering van die Aksiekomitee op 8 Maart 1977 het vir SAMPI 'n verrassing en 'n ontnugtering ingehou. Die verrassing was die uitnodiging aan die koöperasies, sonder SAMPI se medewete. Met die uitsondering van Sentraal-Wes Koöperasie (SWK), die grootste graankoöperasie, is op verteenwoordiging op die Kongres aangedring. SWK het gesê dat die Aksiekomitee finale seggenskap hieroor gehad het. Na slegs 5 minute het die koöperasielede die vergadering verlaat.

Onmiddellik hierna het Basson voorgestel dat, as die koöperasies nie teenwoordig kon wees nie, daar geen Kongres gehou sou word nie, en dat hulle stem vooraf verskans moes word. SAMPI het, op grond van SWK se houding, op verdere onderhandelinge aangedring. Wilkens het vir die tweede ontnugtering gesorg deur aan te kondig dat 'n skaakmatposisie bereik is, en daar dus geen sin bestaan het om verder te onderhandel nie. Die vergadering is toe verdaag.[49]

Vir alle praktiese doeleindes het die Aksiekomitee opgehou om te bestaan. Daarmee is die waarheid blootgelê dat SAMSO se oorspronklike besluit om die Kongres uit te stel, net 'n rookskerm was. Volgens Hennie de Jager het SAMSO toe reeds ten doel gehad om die Kongres uiteindelik nie te laat plaasvind nie.[50]

---

48 *Ibid.*, Volgorde van gebeure, 1977, pp. 2-3; Notule van Aksiekomitee, 28.2.77, pp. 16-18.

49 *De Jager*. Verslag oor gebeure tydens die veradering van die Aksiekomitee (hierna "Verslag oor gebeure" genoem), 8.3.77; *SAMSO*, Byvoegsel, April 1977. SAMSO sê hierin dat al die koöperasies deel aan die nuwe organisasie wou hê.

50 *NAMPO*, K 864/7. De Jager-toespraak, Kroonstad, 16.4.77.

Hierdie optrede van SAMSO het direk teen artikel 5 van die ooreenkoms ingedruis, wat bepaal het dat alle geskilpunte na die Stigtingskongres verwys sou word. Hoewel SAMPI besef het dat SAMSO die gang van sake baie deeglik vooraf beplan het, het hy steeds 'n positiewe gesindheid geopenbaar, deur voort te gaan om die ooreenkoms te probeer red.

Na die vergadering het Ferreira na Wilkens gegaan om hom mee te deel dat die saak nie só gelaat kon word nie. Die Aksiekomitee het die lot van duisende mielieboere in hulle hande gehad. Daar moes dus verder onderhandel word om die saak tot bevrediging van beide partye op te klaar. Ferreira kon geen hond haar-af maak nie, want SAMSO se Aksiekomiteelede, Swart en Piet van Rooy, was op daardie oomblik met hul eie vergadering besig, waar besluit is dat SAMSO alle verdere samesprekinge met SAMPI sou opskort en sy eie pad sou loop.[51]

Onbewus van die besluit het SAMPI die volgende dag sy verslagvergadering, bestaande uit takvoorsitters, -sekretarisse en verkose afgevaardigdes, gehou. SAMPI het selfs vir Wilkens daarheen genooi, maar hy het geweier om dit by te woon. Die 250 aanwesiges het besluit dat die 400 afgevaardigdes reg aan die begin van die Kongres die geleentheid moes kry om oor die posisie van die koöperatiewe afgevaardigdes te stem. Om homself te beskerm het SAMPI die voorwaarde gestel dat dit "sonder die benadeling van regte" sou geskied.[52]

Vanweë die dringendheid van die saak het SAMPI dié besluit die dag daarna, 10 Maart 1977, persoonlik aan Wilkens oorgedra. Wilkens het dit verwerp, want hy het persoonlik nie van die idee gehou nie. Boonop het SAMSO met sy reorganisasieveldtog, insluitend 'n reeks vergaderings, begin. Dit het beteken dat SAMPI se versoek tot nog 'n vergadering van die Aksiekomitee, nie moontlik was nie.

Steeds het SAMPI nie die handdoek ingegooi nie. Op 11 Maart 1977 het SAMPI 'n skrywe aan al die lede van SAMSO op die Aksiekomitee gerig. Hulle mening oor SAMPI se besluit is gevra en hulle is versoek om voor 17 Maart te

---

51 *SAMPI*, Lêer 2/2/7/3/1. Notule van SAMPI-inligtingsvergadering, 14.4.77, p. 3; *SAMSO*, April 1977, p. 8. Die besluit is eers op 16 Maart 1977 aan SAMPI oorgedra.

52 *De Jager*. Verslag oor gebeure, 8.3.77; *NAMPO*, K 864/77. De Jager-toespraak, Kroonstad, 16.4.77.

reageer. Dit is opgevolg met 'n skrywe aan die Uitvoerende Raad waarin SAMPI daarop gewys het dat die geskilpunt met sy besluit verval het.[53]

In sy antwoord het SAMSO teen SAMPI se voorwaarde beswaar gemaak. Dit het beteken dat SAMPI nie kontraktueel aan die toegewing gebind kon word nie. SAMPI kon te enige tyd, voor, tydens en ná die Kongres besluit om van standpunt oor die koöperatiewe teenwoordigheid te verander. SAMSO kon as gevolg daarvan nie SAMPI se voorstel aanvaar nie.[54]

SAMPI het SAMSO daarop gewys dat sy vertolking verkeerd is. Vir SAMPI het dit beteken dat hy nie sy regte in terme van die ooreenkoms wou verbeur nie, indien SAMSO die toegewing van die hand sou wys. SAMPI kon dus nie beskuldig word dat die toegewing 'n erkenning was dat hy die ooreenkoms op die wyse verbreek het nie. Die Hoofbestuur van SAMPI het tot die gevolgtrekking gekom dat net 'n woordspeling in die pad na eenheid gestaan het. SAMSO is dus verwittig dat SAMPI alle voorwaardes ten opsigte van die koöperatiewe afgevaardigdes laat vaar, sodat die Kongres onverwyld kon voortgaan. SAMPI het hierdeur 'n uiters belangrike toegewing gemaak om eenheid te bewerkstellig, wel wetende wat dit kon beteken. Om onverklaarbare redes het SAMSO hom nie eers verwerdig om hierop te antwoord nie.[55]

Uit radeloosheid het SAMPI hom op Schoeman beroep om in te gryp. Schoeman het geweier, want "dit (is) nie vir (hom) moontlik ... om persoonlik in te meng ... nie". Schoeman het aan die lig gebring dat hy nie van die ooreenkoms bewus is nie, en dat hy nie na die Kongres uitgenooi is nie. SAMSO het dit seker nie gewaag om die uitslag van die verkiesing met Schoeman te deel nie.[56] Dit alles het SAMSO se gesindheid duideliker as ooit weerspieël.

Op 29 Maart 1977 het SAMPI 'n laaste poging aangewend om die Kongres te red. Die 400 afgevaardigdes is op dié dag vir 'n konferensie uitgenooi om hulle sienswyse te gee. Die 186 mielieboere en 5 koöperatiewe verteenwoordigers, het aangedui dat die Kongres moes voortgaan. Die leiers van beide partye moenie in die pad van eenheid staan nie. Daar is ook 'n komitee van 3 benoem, bestaande uit Fanie Kriel, die gewese voorsitter van die SLV, CJ Labuschagne

---

53 *Ibid.*, Ferreira aan Wilkens, 15.3.77.
54 *Ibid.*, Wilkens aan Ferreira, 16.3.77 en Ferreira aan Wilkens, 21.3.77.
55 Geen antwoord kon tydens die navorsing opgespoor word nie.
56 *De Jager*. HSJ Schoeman aan Ferreira, 31.3.77.

en Org Dannhauser, 'n oud-hoofbestuurslid, om Schoeman te spreek. Hulle moes die nodige stappe doen om te verseker dat die Kongres gehou sou word.[57]

Schoeman het net sy vorige standpunt beklemtoon. Hy het egter vir Wilkens genader, wat hom meegedeel het dat hy bereid is om die onderhandelinge te hervat.[58] Dit het hy nooit gedoen nie.

Dit is op hierdie stadium dat 'n drama, aanvanklik agter die skerms, hom afgespeel het. Die hoofkarakters hierin was Venter, De Beer, Jas Crous, die redakteur van *Die Landman* en Betsie Lotz. Na 'n geheime geheul met SAMSO se Aksiekomiteelede, het hulle uiteindelik by SAMSO aangesluit. Vir 'n tweede keer moes SAMPI die bittere ondervinding smaak dat die persone wat hom moes dra, hom in die steek gelaat het.

Die rede hiervoor was dat SAMSO hulle kon oortuig dat, in die lig van hulle strategie om SAMPI dodelik te verwond, SAMPI se dae binnekort getel sou wees. SAMSO het hulle "gekoop" met die gedagte dat SAMPI die "verloorperd" sou wees. Wie sou per slot van rekening sy geld op 'n verloorperd wou verwed? Die aanbod van 'n beter vergoedingspakket is nie uitgesluit nie. Ongeag die motiewe agter die "skakingsaksie", kan SAMSO se optrede as afkeurenswaardig beskou word. SAMPI het selfs sover gegaan om die optrede van sy voormalige vertrouelinge as die uiterste vorm van verraad te bestempel.[59]

SAMSO het groot sukses behaal deur Venter aan sy kant te kry. As die hoofamptenaar van SAMPI het hy direkte toegang tot die organisasie se binnewerkinge gehad. Soos wat SAMSO se beoogde plan gestalte gekry het, het Venter se toegang tot SAMPI se geheime, swakhede, suksesse, finansies, personeel en taktiek, al groter betekenis gekry. Venter het dus die ideale instrument geword om SAMPI van binne te rysmier.

Hy het die opgelegde taak van SAMSO met volle oorgawe uitgevoer. In die kantoor het hy die personeel met 'n ysterhand regeer, hulle verbied om by die Hoofbestuur daaroor te kla en selfs die personeel onder die indruk gebring, dat SAMPI finansiële probleme ondervind het. Alles was daarop gemik om die personeel te demoraliseer. Benewens die bedanking van CM Grimbeek, E Swardt,

57 *Die Landman*, April 1977, p. 10.
58 *De Jager*. Schoeman aan Ferreira, 31.3.77.
59 *NAMPO*, K/792. Onderhoud Marais en Theron met De Jager, Bothaville, 4.12.84.

wat reeds jare in SAMPI se diens was, en ene Morrison, is die organiseerders "oornag weg".[60]

Venter het SAMPI se beeld na binne en buite skade berokken. Hy het verhinder dat die reëlings vir die Ontbindingskonferensie, bekend as die Spesiale- en Huldigingskonferensie, na wense verloop. Terwyl hy die naamlys van SAMPI nie aan die hoofbestuurslid, Hannes du Preez, beskikbaar wou stel nie, het Sarel Haasbroek, van SAMSO se Uitvoerende Raad, openlik daarmee rondgegaan. By vergaderings te Bothaville en Welkom, het Venter geweier dat lede ingeskryf word.[61]

Venter se belangrike opdragte was om alles wat eie aan SAMPI was, te vernietig, "koppe te tel" en valse inligting hieromtrent te versprei. Tydens die vergaderings van die Aksiekomitee het hy hom by SAMSO geskaar: SAMPI se naam, sy embleem, die Oesdag en *Die Landman* se benaminge moes verdwyn; die hoofkantoor moes na Klerksdorp verskuif. SAMPI was van mening dat dit uiters dislojaal was en dat dit ingedruis het teen die raad wat De Jager en Ferreira hom gegee het om "onpartydig" op te tree. Sy deelname tydens die vergaderings is as ongevraagde inmenging in bestuursaangeleenthede beskou, wat nie toegelaat kon word nie. Venter het Swart gevra om die uitnodiging aan die koöperasies te rig. Dit was ook ongevraagd, maar die opdrag is deur SAMSO gegee.

Venter het probeer bepaal wat Ferreira se "sterkte" as leier van SAMPI was. Na sy ondersoek het hy bevind: "Vuisvoos". Dit is wyd en syd verkondig. Hy het ook aan die spits gestaan van die veldtog om te bepaal wat die verdeling van SAMPI- en SALU-lede se stem, tydens die verkiesing van 31 Januarie 1977 was. Hy het die inligting net aan SAMSO bekend gemaak.[62] Daaruit het SAMSO afgelei dat hy die minderheidsteun het; gevolglik is besluit om die eenheidspoging te verongeluk.

SAMPI was seer sekerlik verheug oor die uitslag van die verkiesing op 31 Januarie 1977, maar De Jager het te midde van die woelinge opgemerk dat die uitslag nie saak gemaak het nie. Die eenheidsgedagte – die beginsel van spe-

60 *De Jager*. Venter bedrog, Maart 1977, p. 5.

61 *NAMPO*, K 864/3. Gesprek Von Abo met Venter, 1977; *De Jager*. Venter bedrog, Maart 1977, p. 5.

62 *NAMPO*, K 864/7. Ferreira-toespraak, Kroonstad, 16.4.77; *SAMPI*, Lêer 2/1/32/1/3. Waarnemende Direkteur aan Maree, 28.3.77. SAMPI het eers na Venter se vertrek, op die inligting rakende die verdeling van stemme afgekom.

sialisasie en nie persone nie – was die belangrikste. SAMPI het dit aan die afgevaardigdes na die Stigtingskongres oorgelaat om te stem vir die party wat, na hulle mening die beste was; SAMSO asook vele andere, indien nie almal nie, binne die geledere van die Georganiseerde Landbou, het natuurlik glad nie met hierdie uitlating saamgestem nie. Dit was vir hulle net té goed om waar te wees, want daaroor het die stryd immers gegaan!

SAMPI kon nie toelaat dat die toestand so aangaan nie en het op 2 Maart 1977 'n sterk bewoorde afdankingsbrief aan Venter gerig. Hy is meegedeel dat sy dienste as die Direkteur van SAMPI en as sekretaris van die Aksiekomitee, onmiddellik beëindig word. Hy kry net 'n halfuur om sy besittings te verwyder; hy moes die motor en kantoorsleutels teruggee en hy mag nie weer SAMPI se kantoor betree nie.[63]

Omdat Venter net met 30 dae kennis afgedank kon word, het hy daarop aanspraak gemaak dat hy tot 30 April 1977 die kantoor kon gebruik. SAMPI het op 4 Maart 1977 'n voorlopige hofbevel aangevra om Venter uit te sit. Dit het geslaag, maar hy het die gekonsolideerde naamlys van SAMPI- en SAMSO-lede – terselfdertyd die sirkulasielys van die lyfblad – saamgeneem. Dit het veroorsaak dat SAMPI se Hoofbestuur van sy lede afgesny was. Om die lys terug te kry, het SAMPI nie geskroom om wéér 'n hofbevel aan te vra nie. Dit het egter misluk. SAMPI was nie hierdeur ontmoedig nie, maar het met 'n vernuftige plan vorendag gekom om dit in die hande te kry: SAMPI het die rekenaarsfirma, vir wie SAMSO gevra het om die lys te dupliseer, genader, onder die voorwendsel dat dit SAMSO is wat wou navraag doen of dit reeds afgehandel is. Op die wyse het "SAMSO" sy lys gekry en was die naamlys terug by SAMPI.[64]

As gevolg van hierdie verwikkelinge rondom Venter, het SAMPI nie langer sy weg oopgesien om diegene wat sy ondergang gesoek het, te huisves nie. Op 7 Maart 1977 het SAMPI aangekondig dat die Aksiekomitee nie meer van sy kantoor op Bothaville gebruik kon maak nie.

Op 8 Maart 1977, die dag toe Wilkens die dooiepunt oor die koöperatiewe afvaardiging afgedwing het, het SAMPI se ander personeellede hulle goed gevat en geloop. Met sy aankondiging dat die vergadering verdaag het, het Crous en De Beer opgespring en aangedui dat hulle uit SAMPI bedank en by SAMSO

---

63 *De Jager*. Ferreira aan Venter, 2.3.77.
64 *NAMPO*, K 792. Onderhoud Marais en Theron met Von Abo, Bothaville, 4.12.84.

gaan aansluit. Hulle het saam met Venter die vergadering van SAMSO se Aksiekomiteelede, Swart en Van Rooy, bygewoon om verdere beslag aan SAMSO te gee.[65]

Crous het homself 'n hofsaak op die hals gehaal. Hy het wederregtelik aan die drukkers van *Die Landman* opdrag gegee om 'n bylae by die Maart 1977-uitgawe in te sluit. Daarin is verduidelik waarom die onderhandelinge afgelas is, maar uit SAMSO se oogpunt. SAMPI het in die hof aangevoer dat Crous die beeld van SAMPI geskaad het en dit met SAMPI se fondse gedoen is. Die hof het SAMPI gelyk gegee. Crous moes die koste dra. SAMPI moes selfs 'n voorlopige hofbevel aanvra om Crous te dwing om sy motor terug te besorg. As vriende eers vyande geword het ...

Nadat die persone SAMPI verlaat het, het hulle dieselfde poste by SAMSO beklee: Venter as direkteur, De Beer as sekretaris, Crous as redakteur van SAMSO en Lotz as die publikasiebeampte van dié blad.[66]

Volledigheidshalwe word na hulle kant van die saak gekyk. Die naaste wat Venter aan 'n verduideliking gekom het, was toe hy aan SAMSO gesê het dat "dit vir hom aangenaam is om steeds die mielieprodusent te dien". Crous het gesê dat "ou organisasies (lees: SAMPI) se tyd ... uitgedien (is). Net 'n nuwe amptelike, erkende organisasie, soos SAMSO, kon iets vir die mielieprodusente in die toekoms beteken. Sentimente het die samesprekinge ... verongeluk. Hieraan was SAMSO beslis nie skuldig nie ... Hy was eerlik met homself toe hy besluit het om sy gewig by SAMSO in te gooi".

De Beer het verklaar dat sy bedanking gespruit het uit 'n deeglike ontleding wat hy gemaak het van die gebeure, rakende SAMSO en SAMPI se pogings om eenheid te bewerkstellig. Sy lojaliteit sou voortaan by SAMSO wees, omdat, met die feitekennis waaroor hy beskik, hy SAMSO beskou het as die organisasie wat na eenheid gestrewe het. Lotz het gesê dat sy haar by SAMSO geskaar het, omdat sy langs dié weg die heil van die mielieboer gesien het.[67]

SAMPI het ook met SAMSO oor sy lyfblad swaarde gekruis. SAMSO was van plan om dit onder die naam *Mielies/Maize* uit te gee, die naam wat gebruik

---

65 *Ibid.*, Lêer 2/2/7/3/1. Notule van SAMPI-inligtingsvergadering, Bethlehem, 14.4.77, p. 3.

66 *SAMPI*, Lêer A3/1. Verslag van werksaamhede van die Uitvoerende Raad van SAMSO vir die tydperk September 1976 tot Januarie 1978, 5.1.78, p. 2; Lêer K 1/3/1. 1979 SAMSO Kongresboek. Verslag oor SAMSO se werksaamhede en mieliebedryfsaangeleenthede vir 1978, Februarie 1978, p. 12.

67 *SAMSO*, September 1977, p. 9 en April 1977, pp. 10-11.

sou word, as eenwording sou plaasvind. SAMPI het op 14 April 1977 in die Hooggeregshof te Pretoria aangevoer dat dit verwarring onder die adverteerders sou veroorsaak; gevolglik sou *Die Landman* hierdeur groot finansiële verliese ly. In die uitspraak is SAMPI gelyk gegee en moes SAMSO die hofonkoste dra. SAMSO het egter die saak nie daargelaat nie en appèl aangeteken. Op 11 November 1977 is die appèl gehandhaaf en was dit SAMPI se beurt om op te dok. SAMSO kon dus sy lyfblad *Mielies/Maize* noem. Dit was op daardie tydstip bloot net van akademiese betekenis, want SAMSO het sedert April 1977, *SAMSO*, uitgegee.

Die einde van die stryd was dit ongelukkig nog nie. Onmiddellik na die dooiepunt op 8 Maart 1977, het daar wéér 'n "oorlog van woorde" tussen die voormalige bondgenote losgebars. SAMSO het aan die nuusmedia sy kant van die saak gestel en al die skuld voor SAMPI se deur gelê. Die reeks vergaderings daarna, met Wilkens as die hoofspreker, het dieselfde oogmerk gehad. SAMPI is daarna beskuldig dat hy vir "die heersende chaos in die mieliebedryf" verantwoordelik was. Sy sogenaamde "toegewings" was in der waarheid net "taktiek", wat op die "erkenning van 'n fout" neergekom het. SAMPI het buiten die Oesdag, "weinig" gehad. Hoewel "die dreigende geel mieliepit" weer kwaad was en geen teenstand geduld het nie, het SAMSO homself die eer toegeëien dat hy "vernuwing gebring (het) aan die produsent wat vir meer as tien jaar in die woestyn rondgelei is".[68]

SAMPI het SAMSO se beskuldigings en aansprake as leuens verwerp. Die sogenaamde "eerlike verslag"-vergaderings het SAMPI as "eenrigting"-vergaderings afgemaak. Die lede van SAMPI is selfs verbied om vrae te stel.[69]

Die "propaganda-vergaderings" het as dekmantel gedien waaronder die produsente teen SAMPI opgesweep is. Wilkens het "nie 'n flenter vir ... eenheid ... omgegee nie". SAMSO se houding en optrede het beteken dat die stryd van produsentevlak na leiersvlak verskuif het. Omdat "koppe (sou) waai", is dit "basta ... met die demokrasie". SAMSO moes eerder "koelkop" bly, "persoonlikhede ... vergeet" en die bedryf "eerste ... stel".[70]

---

68 *Ibid.*, April 1977, p. 13.

69 *NAMPO*, K 864/7. De Jager-toespraak, Kroonstad, 16.4.77; *Die Landman*, September 1977, p. 23; SAMPI het 'n reeks van 44 vergaderings in September en Oktober 1977 belê om sy kant van die saak te stel. SAMPI het nadruklik daartydens beklemtoon dat hy, in teenstelling met SAMSO, vrae sou toelaat.

70 *SAMPI*, Lêer 2/1/14/3. Persverklaring, 14.3.77, p. 1.

Schoeman het ook in die spervuur beland. SAMPI het hom dit ernstig verkwalik dat hy nie 'n poging aangewend het om die Kongres te red nie. "Betreurenswaardig" – soos dit is – het hy "die mense aan die gang ... (ge-)hou deur kort-kort aan te kondig dat die SALU die enigste organisasie is, wat deur die Owerheid erken word". Deeglik bewus van SAMPI se sterkte, het Schoeman teen sy beterwete voortgegaan om hom te misken.[71]

Met die besef dat die ooreenkoms finaal tot niet gemaak is, het SAMPI pogings aangewend om die byna R24 500 wat hy uit sy fondse vir die uitgawes van die Aksiekomitee betaal het, van SAMSO te verhaal. SAMSO, op grond van 'n regsmening, wat gesê het dat daar "geen substansie in die eis van SAMPI (is) nie", was nie daartoe bereid nie en het met die saak gesloer.[72] Hoewel SAMPI aangekondig het dat geregtelike stappe reeds gedoen is, om die gewenste reaksie te verkry, is later weliswaar besluit dat R6 000 voldoende sou wees. Met SAMSO se betaling daarvan op 28 September 1978 het die gebeure rondom die Aksiekomitee sy einde bereik.[73]

Die onverkwiklike rusie in die geledere van die mielieprodusente was op die lange duur in geeneen se belang nie. Tog moes die leiers en lede van SAMPI 'n sekere mate van genoegdoening gesmaak het. Die beginsels waarvoor hulle gestaan het, en die beleid wat hulle toegepas het, is algemeen deur die Georganiseerde Landbou aanvaar. Dit was al 'n groot stap vorentoe en het hoop vir die toekoms gebied.

---

71 *Ibid.*, Persverklaring, 21.4.77.

72 *Ibid.*, Lêer D 5/7/1/1. Ferreira aan SP Basson, 26.1.78; Lêer A/5/1/1. Roode en Wessels aan Hoofbestuurder, 3.5.78; Lêer D 5/7/1/1. Ferreira aan Basson, 5.9.78.

73 *Ibid.*, Basson aan Ferreira, 28.9.78.

# HOOFSTUK 6

# DIE SKEIDING VAN DIE WEë

Die mislukking van die versoeningspogings het daartoe gelei dat die stryd tussen SAMPI en die Georganiseerde Landbou verhewig het. SAMPI en SAMSO het geensins gehuiwer om mekaar tromp-op te loop nie. Vir elke aksie was daar 'n reaksie. Die geveg in die mieliegeledere het soms 'n onaangename vorm aangeneem. In die eerste plek het dit vir SAMPI oor erkenning deur die Owerheid gegaan.

SAMPI was van mening dat die Mieliekomitees net oorleef het omdat hulle erkenning geniet het en hulle daarom die een krisis na die ander kon oorlewe. SAMPI, daarenteen, het sonder enige sodanige erkenning, daarin geslaag om die SALU te oortuig dat spesialisasie binne die mieliebedryf uiters noodsaaklik was. Na SAMSO se stigting het die Georganiseerde Landbou se leiers skaamteloos met SAMSO as spesialiteitsorganisasie gespog en terselfdertyd alles moontlik ingespan om SAMPI te vernietig.

Oor die Owerheid se weiering om SAMPI as 'n verteenwoordigende mielieorganisasie te erken, het SAMPI aangevoer dat die erkenning waaroor hy beskik het, meer meriete gehad het, want die mielieboere het dit aan hom gegee. Dit was volgens sy leiers groter erkenning as wat die Owerheid ooit kon droom om te gee. In die lig hiervan het SAMPI verkies om vorentoe die moeilike en steil pad te bewandel. Dit het die voordeel gehad dat SAMPI steeds onverbonde sy saak kon stel, terwyl, as SAMSO dit sou durf waag, hy nie meer dieselfde erkenning sou geniet nie; gevolglik sou sy opset soos 'n kaartehuis in duie stort.

SAMSO het glad nie toegelaat dat SAMPI met hierdie soort uitlatings wegkom nie. SAMPI is daarop gewys dat hy die intelligensie van die mielieboer totaal onderskat het, want hy was baie goed daarvan bewus dat 'n mielieorganisasie wat nie die steun van die Owerheid geniet het nie, tot 'n doellose bestaan van armswaaiery en selfgerigtheid gedoem was.[1]

1 *SAMSO*, Desember 1977, p. 6.

SAMPI is ook van "Carter-standaarde"[2] beskuldig. Enersyds, het SAMPI amptelik erkenning onder sekere omstandighede onnodig gevind. Andersyds, is amptelike erkenning onder ander omstandighede gesoek. Onder sommige omstandighede was die Regering goed, onder ander weer nie. As voorbeeld is genoem die beskrywingspunt wat in die 1977-Jaarkongres se agenda gestaan het: "Hierdie Kongres versoek die Minister van Landbou om amptelike erkenning aan SAMPI te verleen, wanneer die jaarlikse mielieprys bepaal word ..." In SAMPI het dus 2 gedagterigtings bestaan: die Regering was nodig, die Regering was nie nodig nie.[3]

In hierdie omstandighede was die kritiese vraag natuurlik watter organisasie die meeste steun in die landbousektor geniet het. Beide organisasies het daarop aanspraak gemaak dat hulle die gunstelinge was. Vir SAMPI was dit sedert 1966 die kern van die stryd. Die SALU is daarvan beskuldig dat hy ten opsigte van die mieliebedryf, geen oorspronklikheid aan die dag gelê het nie.[4] SAMSO erken self: "Let daarop dat SAMSO nie by die SALU geaffilieer is, soos die vier (provinsiale) landbou-unies nie. SAMSO is 'n onafskeidbare, integrerende deel van die SALU, soos wat 'n arm of hand 'n onafskeidbare deel van 'n liggaam is."[5] SAMPI het handig gevra of die Georganiseerde Landbou kennis dra van die spreuk wat handel oor wat die mens met daardie arm of hand moes doen, as dit tot struikeling dien.[6]

In die hewige rusie het SAMSO voortdurende aanvalle op SAMPI geloods. Hul gereelde tema was: "Weg met SAMPI." Volgens SAMPI het dit die SALU se magteloosheid aan 'n onveranderbare situasie uitgewys, en ook sy gebrek aan geskikte leiers wat lankal reeds met die mielieprodusente voeling verloor het en nog nie die werklikheid wou aanvaar dat die toekoms van die mieliebedryf sonder SAMPI se deelname daaraan, tot mislukking gedoem sou wees nie.[7]

SAMPI het SAMSO ook van praktiese raad bedien, deur daarop te wys dat daar gewoonlik by die wegspringplek groot opgewondenheid geheers het. Die

---

2 Na aanleiding van President Jimmy Carter, van die VSA, wat die RSA glad nie goedgesind was nie. Carter het SA van die skending van menseregte beskuldig, terwyl die USSR glad nie aangespreek is nie.

3 *SAMSO*, Desember 1977, p. 6; vgl. *SAMSO*, November 1978, p. 6.

4 *Die Landman*, Julie 1977, p. 10.

5 *Ibid*., vgl. *SAMSO*, November 1978, p. 1.

6 *Die Landman*, Julie 1977, p. 10.

7 *Ibid*. en September 1977, p. 19.

pylvak het egter uitgewys dat baie van diegene wat weggespring het, net nie meer die pas kon volhou nie; gevolglik het op SAMSO die onaangenaamheid gewag om homself op etlike teleurstellings voor te berei.

By geleentheid van sy eerste verjaardagviering het SAMSO vir SAMPI daarop gewys dat sy doemboodskap nie die kol getref het nie. Inteendeel, dié dag het opnuut beklemtoon dat die mieliebedryf geensins vir SAMPI nodig gehad het nie. SAMPI het sedert sy ontstaan nie in die belang van die mielieprodusente opgetree nie, want al wat hulle van SAMPI se optrede oorgehou het, was die bekommernis oor die finansiële posisie, wat deur SAMPI nagelaat is.[8]

Met die onverkwiklike woordestryd, waarvan bostaande maar enkele voorbeelde is, kon weinig mense egter oortuig word. Die eintlike vraag oor wie die meeste steun geniet het, kon slegs met ledetalle bewys word.

SAMPI het SAMSO deurentyd daarvan beskuldig dat hy (SAMSO) die enigste organisasie ter wêreld is wat homself die eer kon toe-eien dat sy lede outomaties aangesluit het. Ter stawing hiervan het SAMPI amptelike omsendbriewe van SAMSO aangehaal: "Enige lid van die Boerevereniging wat mielies produseer en nie outomaties by SAMSO ingeskakel wil wees nie, moet my (die sekretaris) voor die aanvang van die vergadering skriftelik daarvan in kennis stel", en "Volgens ons rekords kwalifiseer u in alle opsigte vir lidmaatskap van SAMSO, aangesien u 'n mielieprodusent en lid van die Boerevereniging is ... Indien ons dus nie voor die 18de November 1976 skriftelik van u verneem dat u nie lid van SAMSO wil word nie, sal ons aanvaar dat u wel belangstel, en word u naam op die ledelys geplaas. U sal ook eersdaags van 'n stigtingsvergadering kennis kry", het van die briewe gelui.[9]

In sy verweer op SAMPI se aantygings het SAMSO kort en kragtig geantwoord. Dit was geensins nodig om afsonderlik vir lidmaatskap aansoek te doen nie, omdat die produsent tydens sy aansoek om lidmaatskap van die SALU aangedui het, dat hy by al die bedrywe inspraak wou hê. Dit het dus beteken dat die lidmaatskap van SAMSO terselfdertyd opgeneem is, sodra die SALU se ledegeld betaal is. Buitendien het SAMSO gevoel dat niemand deelname aan SAMSO geweier kon word, as sy gesindheid reg was nie.[10]

---

8 *Die Landman*, September 1977, p. 19; *SAMSO*, Februarie 1978, p. 11.
9 Oorgeneem in *Die Landman*, November 1977, p. 6; Maart 1978, p. 7.
10 *SAMSO*, Februarie 1978, p. 14.

Een van die sake waaroor daar bittere gevegte tussen SAMPI en die SALU gevoer is, was die wysiging van die Bemarkingswet in 1968. Die rede hiervoor was die 3 voorstelle in die Verslag van die Kommissie van Ondersoek na die Bemarkingswet, onder die voorsitterskap van Greyling Wentzel.

Die eerste voorstel van die Kommissie, wat SAMPI onaanvaarbaar gevind het, was dat aan die Minister van Landbou die bevoegdheid verleen word, om op aanbeveling van die Beheerrade en na oorlegpleging met die Nasionale Bemarkingsraad, die pryse en die marges van landbouprodukte te bepaal. Hierdie aanbeveling het beteken dat die verpligte oorlegpleging tussen die Minister en die Beheerraad, in 'n geval waar die Minister die Beheerraad se prys nie wou aanvaar nie, heeltemal uitgeskakel sou word.[11]

Die motivering hiervoor was hoofsaaklik tweërlei van aard: eerstens, het die Kommissie aangevoer ... "omstandighede het bewys dat oorlegpleging met die oog op 'n ooreenkoms op 'n prys, nie alleen die Minister nie, maar ook 'n Beheerraad in die verleentheid kan plaas". As voorbeeld is genoem waar die Mielieraad nie in 1975 bereid was om Schoeman se prysvoorstel te aanvaar nie, maar net bereid was om dit te administreer. Die Kommissie het die vrees uitgespreek dat die toestand in die toekoms sou vererger, veral omdat die Kommissie voorstanders daarvan was dat die Beheerrade, met die behoud van die produsentemeerderheid, op 'n verteenwoordigende grondslag saamgestel moet word.

Tweedens het die Kommissie die mening gehuldig dat die onderhandelingsproses tussen die Beheerrade en die Minister van Landbou 'n tydrowende en duur proses was, terwyl die Beheerraad geen ander keuse gehad het as om die Minister se prysbesluit te aanvaar nie.[12]

Ten aanhore hiervan, asook die ander voorstelle, het SAMPI onmiddellik beswaar gemaak. Eers het SAMPI 'n memorandum opgestel en dit aan Schoeman en sy Departement gestuur. Hierna het SAMPI 'n konferensie belê om die aangeleentheid te bespreek. Hierdie aksies is voortdurend gerugsteun deur artikels in *Die Landman*, wat die voorgestelde wysigings uitermate skerp veroordeel het.

---

11 Verslag van die Kommissie van Ondersoek na die Bemarkingswet (No. 59 van 1968) (hierna "Verslag van Bemarkingswet, 1968" genoem), p. 51.

12 *Ibid.*, pp. 51-52.

In sy kommentaar op die eerste motivering het SAMPI gesê dat elke Jan Rap en sy maat die reg het om met Ministers, insluitende die Eerste Minister, te onderhandel, maar die produsent het nie oor so 'n reg beskik nie. Vir SAMPI was dit méér as reg en billik vir die produsent om by die vasstelling van sy produk se prys, inspraak te hê. Die bestaande stelsel, wat net 'n skyn van bedingingsmag in homself omgedra het, was terselfdertyd onbillik, maar moes ten alle koste, met enkele verbeterings, behou word.

Wat SAMPI in gedagte gehad het, was stelsels, soortgelyk aan dié wat in die VSA en Australië gegeld het. In die VSA het die produsente die geleentheid gehad om in 'n hofsituasie die prys van hul produkte te bespreek. Na aanleiding hiervan het die regter 'n voorlopige bevel gegee, wat deur 'n referendum van die produsente getoets is. Hierna het die Minister van Landbou die bevoegdheid gehad om die prys aan te kondig. In Australië is die produsenteprys elke 5 jaar vooruit beraam, op 'n basis wat so na as moontlik aan die wêreldprys is. Enige verskille wat tussen die binnelandse- en buitelandse pryse ontstaan het, is deur 'n Stabilisasiefonds geabsorbeer.

SAMPI het ook gesê dat die produsente voortaan aan die genade van die Minister van Landbou en die Kabinet oorgelewer sou wees. As motivering hiervoor, het SAMPI dit bevraagteken dat 'n demokratiese Regering deur middel van 'n ondemokratiese handeling die produsente van hul enigste bedingingsmag wou ontneem. SAMPI het benadruk dat die voorneme van die Owerheid die finale stap in die totale beheer van die landboubedryf sou wees. Hierdie voorneme sou die gevolg hê dat die boere tot die status van staatsamptenare, in soverre dit hule vergoeding betref, verhef is. Dit het beteken dat die produsentelede op die Mielieraad geen rol meer gehad het nie. In die proses het SAMSO sy bestaansreg verloor, want die Owerheid het hierdie liggaam se bestaansreg met sy voorneme in die gedrang gebring. Gemeet aan al hierdie vérreikende gevolge, het SAMPI aangevoer dat hy, wat nie aan die nuwe voorgenome omstandighede gebonde sou wees nie, vanweë sy nie-erkenning van Owerheidsweë af, beslis in 'n beter posisie sou wees om die saak van die mielieprodusent te bevorder.[13]

SAMPI het verder aangevoer dat niemand, hetsy die Minister van Landbou, die Regering of 'n Staatsdepartement, die werking van vraag en aanbod

13 *Die Landman*, Mei 1976, p. 8; November 1976, p. 4.

kon oorneem nie. Dit het die gevaar ingehou dat die bevoegdheid kon oorgaan in 'n persoon of 'n Regering wat nie die belang van die boeregemeenskap wou bevorder nie. "Manie", die rubriekskrywer van *Die Landbouweekblad*, laat hom soos volg hieroor uit: "Ek ys egter as ek daaraan dink wat kan gebeur as die mag in die hande van 'n landbouminister kan kom wat ons boere minder goedgesind is ..."[14]

Met die tweede motivering van die Kommissie van Ondersoek, naamlik, dat onderhandelinge 'n tydrowende en duur proses is, het SAMPI glad nie saamgestem nie. Volgens SAMPI is die begrip "duur", relatief, gemeet aan die belangrikheid van die uitslag van die onderhandelinge. Vir SAMPI was die prysvasstelling van mielies 'n uiters delikate ekonomiese aangeleentheid, wat met die grootste omsigtigheid hanteer moes word. SAMPI het onderhandelinge as 'n doeltreffende meganisme gesien waar die belangegroepe die geskille wat bestaan het, kon besleg; gevolglik was tyd nie 'n deurslaggewende faktor nie.

In sy protes teen hierdie aanbeveling het SAMPI, teen alle verwagting in, die SALU as 'n bondgenoot gehad. Die SALU was glad nie daarmee gediend nie, en het tydens verskeie onderhandelinge ernstig beswaar gemaak. Uiteindelik is die wetsartikel op 20 Julie 1977 soos volg in die Wysigingswet op Bemarking, nommer 107 van 1977, opgeneem: "Indien die Minister nie bereid is om sy goedkeuring te verleen aan 'n besluit van 'n Beheerraad deur so 'n Beheerraad geneem by die uitoefening van enige van sy bevoegdhede of die verrigting van enige van sy werksaamhede en ten opsigte waarvan die Minister se goedkeuring ingevolge (die) Wet vereis word;" of

"'n Beheerraad, nadat hy deur die Minister aangewys is om 'n bevoegdheid uit te oefen of 'n plig te verrig wat hy kragtens hierdie Wet kan of moet uitoefen of verrig, weier of nalaat om dit te doen ... kan die Minister, na oorleg met die betrokke Beheerraad en die Bemarkingsraad, die betrokke bevoegdheid uitoefen of plig verrig ..."[15]

SAMSO was met hierdie sukses van die SALU tevrede as daar in *SAMSO* gerapporteer is dat die SALU weer eens 'n bres vir die demokratiese reg van die mielieprodusente geslaan het, want die formulering van die klousule het die voordeel gehad dat die betrokke instansies reeds inspraak gekry het, en die

---

14 *Ibid.*, Julie 1977, p. 6.
15 Wysigingswet op Bemarking (No. 109 van 1977): artikel 18.

skaakmatposisie, waar die Minister van Landbou sy vetoreg kon gebruik, uitgeskakel is. Dit het dus beteken dat die bepaling van die mielieprys min of meer weer op dieselfde basis as in die verlede geskied het. Daaraan was egter die voorwaarde verbonde, dat daar nie op 'n onverantwoordelike wyse met die prysvoorstelle te werk gegaan word nie. In die lig hiervan kon spesifieke produsentegroepe dus heeltemal gerus wees, dat hulle onderskeie Beheerrade se bedingingsmag nie aan bande gelê is nie.[16]

SAMPI het in *Die Landman* onder die opskrif "Produsente het nou niks te sê", "Manie" aangehaal om sy standpunt oor die nuwe Wet te herbevestig: "Dit kom daarop neer dat sy (die Minister se) huidige vetoreg deur finale seggenskap vervang word ... Die Minister kan nou 'n Beheerraad (wat hy self kan aanstel) beveel om 'n bevoegdheid waaroor die Raad beskik, uit te voer – byvoorbeeld aan die Mielieraad: 'Jy administreer die nuwe prys, of ek foeter jou!' En die Mielieraad sal moet gehoorsaam." *Die Landman* het afgesluit met 'n stekie na Schoeman as hy sê: "(Ons) kan ook maar net die hoop uitspreek dat die Minister sy mag verstandig sal gebruik soos hy dit kon gebruik het om te verhinder dat die samesprekinge oor eenheid in die mieliebedryf verongeluk ... as hy wou."[17]

Die twee voorstelle insake die Bemarkingswet wat SAMPI bevraagteken het, was dat net produsente in 'n verkleinde Mielieraad moes dien.

Op sigself was die voorstel vir SAMPI aanvaarbaar, maar as dit teen die agtergrond van die eerste voorstel beskou word, het SAMPI oor die wenslikheid daarvan getwyfel. Dit sou veel meer beteken het, indien die bestaande stelsel, met die bietjie bedingingsmag, behoue gebly het, aldus SAMPI.

Sy besware het geen hond haar-af gemaak nie, en Schoeman het die aanbeveling van die Kommissie in 'n gewysigde vorm aanvaar. Volgens die Bemarkingswet van 1977 is die Raad van 13 lede vanaf 1 Julie 1979 soos volg saamgestel: 8 produsentelede, 2 verteenwoordigers van die meulenaars en een verteenwoordiger elk van die verbruikers, handelaars en uitvoerders.[18]

SAMPI het die stryd nie gewonne gegee nie en gepoog om van sy lede op die Mielieraad benoem te kry, want die 1977-verkiesing het bewys dat SAMPI die meerderheidsteun van die *bona fide*-mielieprodusente gehad het; gevolglik

16 *SAMSO*, Julie 1977, p. 5.
17 *Die Landman*, Junie 1976, p. 8.
18 *INEG*, IG 4/38. AS Beyers aan JH Theron, 8.5.85, pp. 1-2.

moes minstens die helfte van die Raad se produsentelede, lede van SAMPI wees. Dit sou in die gees staan van wat SAMPI wou sien, naamlik, dat die sake in die mieliebedryf op meriete geskied, volgens algemeen aanvaarde demokratiese beginsels, en dat Schoeman positiewe leiding in dié verband gee. Volgens SAMPI was die hersamestelling van die Raad 'n goeie barometer vir die positiewe leiding wat Schoeman moes gee.

Helaas, Schoeman het SAMPI se pleidooie verwerp en het steeds vir SAMSO as die nominerende liggaam namens die produsente aangewys.[19]

Die derde van die voorstelle van die Kommissie, wat SAMPI onaanvaarbaar gevind het, was die beginsel van die statutêre insameling van fondse ter gedeeltelike finansiering van die organisatoriese uitgawes van die SALU. Hierdie aanbeveling het vanaf die SALU gekom, wat die standpunt gehuldig het dat, aangesien alle produsente, of hulle nou lid van die SALU is of nie, uit sy handelinge voordeel getrek het. Dit het outomaties beteken dat die produsente moes instaan vir die finansiering van die SALU. 'n Spesifieke voorbeeld wat uitgewys is, was SALU se betrokkenheid by die vasstelling van produsentepryse.[20]

Die SALU het in die vooruitsig gestel dat die heffing ooreenkomstig die waarde van 'n bepaalde produk geïn moes word, om daardeur die las so eweredig as moontlik onder al die produsente van landbouprodukte te versprei. Alhoewel die Kommissie van Ondersoek bewys was van die bestaande beleid dat die Beheerrade se fondse nie vir die finansiering van bedryfsverenigings, met enkele uitsonderings, byvoorbeeld wol, gebruik kon word nie, is gevoel dat, vanweë die waardevolle dienste wat die Georganiseerde Landbou in belang van die landbou as geheel lewer, dit 'n gesonde beginsel is om sodanige heffing op genoemde basis te in.

Die SALU kon glad nie anders nie as om hoog in sy skik te wees met die Kommissie se aanvaarding van sy voorstel, want dit sou hom (die SALU) uit sy finansiële verknorsing red – 'n verknorsing wat sterk in 1971 na vore gekom het en met SAMSO se stigting vererger is, was toe kmdt. Piet Marais, die voorsitter van die Kaaplandse Landbou-unie (KPLU), uitgewys het dat die SALU reeds 'n tekort van R50 000 gehad het. As oplossing het hy genoem dat die Owerheid genader moes word om 'n verpligte heffing op alle landbouprodukte in te stel.

---

19 Verslag van Bemarkingswet, 1968, p. 80.
20 *Ibid.*

SAMPI het onmiddellik en onomwonde hierdie metode van finansiering verwerp: "Instede dat hierdie toestand dien as 'n vingerwysing dat die huidige organisatoriese opset van die SALU nie aan hedendaagse vereistes voldoen nie, en dat boere nie meer in die SALU belangstel nie, soek die leiers van die SALU weer uitkoms, sodat die organisasie kan voortsukkel." SAMPI het ook die toestand verbind met die optrede van die SALU teenoor die SAMPI-lede, wat ingesluit het die skorsing van SAMPI se lede, wat beslis 'n invloed op die SALU se sak gehad het.

SAMPI se oplossing vir die SALU se probleem was sy totale reorganisasie op die SAMPI-lees geskoei; nie omdat net SAMPI so sê nie, maar dat reorganisasie 'n moet is in die lig van die SALU se President, De la Harpe de Villiers, se woorde: "Na jarelange diens op baie liggame kom ek tot die gevolgtrekking dat ons in die landbou onbeplan en ongekoördineerd voortploeter."[21]

Oor die gedagte dat die geld vanuit die Stabilisasiefonds verkry sou word, het SAMPI hewig protes aangeteken. Briewe is gerig aan Wentzel en later aan Schoeman. 'n Konferensie om 'n verdere plan van aksie te beraam, insluitend die stuur van telegramme deur SAMPI se takke aan die Volksraadslede in die mieliegebied, is gehou, en die hele gedagte is uitermate skerp veroordeel in artikels in *Die Landman*.[22]

Aanvanklik het SAMPI die SALU se standpunt dat alle produsente, insluitend die mielieprodusente, by die SALU se werksaamhede gebaat het, afgemaak. SAMPI het ook gesê dat so 'n reëling wat nét die SALU se Mielieliggame sou bevoordeel, onbillik is, omdat alle mielieprodusente, óók dié buite die Georganiseerde Landbou, *pro rata* daartoe bygedra het. Hierdie uitbetaling kon nie op grond van die SALU se erkenning deur die Owerheid geskied nie, maar net wanneer al die organisasies in die mieliebedryf in die saak geken word. SAMPI het verder gegaan deur te sê dat dit 'n growwe aantasting van die demokrasie is om enige produsent te dwing om 'n bydrae te maak tot 'n organisasie wat hy nie wou steun nie. Buitendien het die produsent oor daardie demokratiese reg beskik om hom by enige produsentevereniging wat hy goedgedink het, te skaar.

---

21 *Die Landman*, November 1971, p. 11.

22 PV 730. *HPJ de Jager-versameling* (ongeorden). JD van Wyk aan JJG Wentzel, 12.1.76, pp. 102; JD van Wyk aan HSJ Schoeman, 15.1.76; *Von Abo*. DCA Venter aan SES Ferreira, 15.6.76, p. 1; *Die Landman*, Mei 1976 tot September 1980.

Deeglik bewus van die finansiële knyptang waarin die SALU hom bevind het met die bykomende las om SAMSO te finansier, waarvoor fondse nie bestaan het nie, het SAMPI aangevoer dat 'n sodanige liggaam, wat nie uit die vrywillige bydraes van lede kon bestaan nie, se werksaamhede sodanig ingekort moes word, om met sy finansiële posisie ooreen te stem. Sou 'n sodanige vereniging bykomende fondse benodig, het die lede die verpligting gehad om daarvoor in te staan, en nie persone buite die vereniging nie. Volgens SAMPI het die beoogde wetlike insameling van fondse net een betekenis gehad: die SALU is nie deur sy sogenaamde lede heelhartig ondersteun nie. Buitendien sou al die lede bygedra het, as hulle van mening was dat die SALU se gelewerde dienste vir hulle tot direkte voordeel was.

*Die Landman* het die voorstelle van die Kommissie as beslis verregaande afgemaak, want op hierdie wyse is die SALU, veral in die mielieprodusente, se keel afgedwing. Hierdie wettiging van die SALU het van hom 'n gerieflike handperd van die prysbepalers gemaak, wat die belang van die boer tweede gestel het. Die gevaar het selfs bestaan, as dit dalk nie reeds die geval was nie, dat die SALU die mondstuk geword het om die Owerheid na die mond te praat. Onder hierdie nuwe stelsel was die moontlikheid daar dat die SALU kon voortbestaan, al was daar geen boer meer in sy organisatoriese struktuur oor nie. Dit het beteken dat net die geordende leiers nodig was, om die landbou verder op sy inkonsekwente pad te laat voortploeter.[23]

As deel van sy plan van aksie het SAMPI selfs sover gegaan om Schoeman persoonlik te ontmoet om beswaar aan te teken. Hierdie byeenkoms op 25 Maart 1977 het die belofte ingehou dat die heffing nie ingestel sou word nie, want Schoeman het aan SAMPI die onderneming gegee dat dit nie op die wetboek sou kom, alvorens daar nie eenheid in die bedryf bereik is nie.[24]

Helaas, dit was nie die geval nie, want die Wysigingswet op Bemarking, het weliswaar voorsiening gemaak vir die oplegging van 'n algemene heffing op landbouprodukte, wat in 'n bepaalde gebied of op 'n bepaalde plek geproduseer of verkoop is. Die opbrengs van hierdie heffing sou in 'n spesiale rekening by die Reserwebank gestort word, wat jaarliks deur die Ouditeur-generaal nagegaan sou word. Vanuit hierdie spesiale rekening, in opdrag van die Minister van

---

23 *Die Landman*, Junie 1976, pp. 2, 8.
24 *Ibid.*, Mei 1978, p. 7.




Die Landman, *Maart 1980.*
*SAMPI het hewig geprotesteer teen die verpligte heffing wat die mielieprodusente aan die SALU moes betaal. Dit het in die praktyk beteken dat SAMPI-lede sy opponent gefinansier het.*

Landbou, sou 'n bedrag van tyd tot tyd aan die SALU oorbetaal word om uitgawes ten opsigte van sy werksaamhede te finansier. Dit het dus daardie hindernis in die Wet van 1968 laat verval, wat bepaal het dat heffings uitsluitlik vir die Mielieraad se werksaamhede, en geen ander ligaam, ook die SALU, gebruik kon word nie. Sodoende is die SALU binne die bereik van 'n byna onuitputlike finansiële bron gebring.

SAMPI het, deur middel van *Die Landman*, sy afkeur van die Wet in die sterkste moontlike taal uitgespreek. Onder die opskrif, "SAMPI-geld na SAMSO?", is gesê dat SAMPI se lede daardeur gedwing is om tot SAMSO se bedrywighede 'n finansiële bydrae te maak. Selfs 'n regsgeleerde is aangehaal, wat dit onomwonde met SAMPI eens was dat die Wet een van die nadruklikste voorbeelde van die miskenning van die indiwidu se reg was, om te besluit aan watter mielie-organisasie hy wou behoort. Volgens SAMPI het die wetgewing die landbou vierkantig in die hande van die politici geplaas, wat vir die landbou 'n terugwaartse stap was.

SAMPI het die Kommissie van Ondersoek se lede as die vaders van sosialistiese wetgewing in die Landbou gebrandmerk. Hulle het daardeur 'n onreg teenoor die Landbou gepleeg, want die wetgewing is deur die Parlement geloods, sonder dat daar Volksraadslede was, wat vir die landbouer in die bres kon tree. Vir SAMPI het dit meer as ooit beteken dat die landbouers in Suid-Afrika magteloos teenoor hierdie gevaarlike rigting in die landbou gestaan het.[25]

SAMSO, wat gevoel het dat hy nie langer kon stilbly nie, het in *SAMSO* op SAMPI se aantygings gereageer. Onder die opskrif, "SAMSO-geld na mielieprodusente", het SAMSO sy saak verdedig deur te sê dat die Minister van Landbou deur die heffing ten doel gehad het om die organisatoriese opset in die landbousektor finansieel te konsolideer. Volgens SAMSO sou die fondse op 'n behoorlike wyse deur die SALU, na voorlegging van die behoefte aan die Minister, bekom word. Dit sou opgevolg word deur die allerstrengste toesig oor die aanwending daarvan. Die uitsluitlike doel daarvan was 'n sterk, gekonsolideerde en erkende mieliespesialiteitsorganisasie in belang van die mielieprodusente. Dit sou geen ander verpligting gehad het nie, buiten dié teenoor die mielieprodusente, omdat dit by wyse van wetgewing deur hulle gefinansier is.

---

25 *Ibid.*, Junie 1977, p. 7.

SAMSO het ook vir SAMPI vir sy skewe beriggewing insake die toepassing van die Wet skerp gekritiseer. Buitendien is SAMPI 'n splintergroep, wat verkeerde bedoelings aan die eerlike oogmerke van Schoeman geheg het. Hoewel sulke optrede SAMPI se eie saak was, het SAMSO beslis nie nagelaat om te sê dat die mieliebedryf op die organisatoriese vlak nog nooit sy volle potensiaal kon uitleef nie. Die rede hiervoor was finansieel van aard. Die Wetgewing het 'n nuwe bedeling geskep, wat 'n billike kans gegee moes word, om die saak van die mielieprodusente te bevorder.

SAMSO het nie nagelaat nie om SAMPI daarop te wys dat, tydens die onderhandelinge van die Aksiekomitee, beide SAMPI en SAMSO daarop aangedring het, dat Schoeman wetgewing vir die oplê van 'n heffing onverwyld moes indien. SAMSO het SAMPI in die lig daarvan beskuldig dat hy met sy veldtog teen 'n reeds aanvaarde beginselstandpunt sy nek onnodig styf gemaak het.[26]

Behalwe die oorhoofse stryd wat tussen SAMPI en die Georganiseerde Landbou oor die 5c-heffing geheers het, het dit terselfdertyd in 'n persoonlike stryd tussen Fanie Ferreira en Faan Basson, onderskeidelik die voorsitter van SAMPI en SAMSO, ontaard. Dit is ontketen as gevolg van Ferreira se vermeende rol tydens die Mielieraadsvergadering van 30 en 31 Maart 1978. Basson het Ferreira daarvan beskuldig dat hy tydens die bespreking glad nie teen die heffing beswaar gemaak het nie. Ferreira sou dan selfs tydens die Raadsvergadering van 15 April 1978 sy goedkeuring aan die betrokke notule gegee het. Ferreira het homself heftig teen hierdie aantygings verdedig, wat volgens hom die indruk na buite gewek het dat hy 'n dubbele rol in die hele aangeleentheid gespeel het. Hy het die SAMSO-leier daarop gewys dat hy vergeet het van die geheime omsendbrief wat SCH Alberts, die sekretaris van Landbou, op 23 Maart 1978, aan die SALU gerig het waarin genoem is dat die heffing reeds goedgekeur is. Dit het beteken dat die bespreking daarvan op die vergadering 'n blufspel was. Behalwe dat hy nie kans gesien het om daaraan deel te neem nie, het dit op die misbruik en manipulasie van 'n amptelike liggaam neergekom.[27]

Die lyfblad, *SAMSO*, het nie die kans oor die sogenaamde "geheime brief" laat verbygaan nie en soos volg gerapporteer: "Nou wonder 'n mens ... Wat is

26 *SAMSO*, Augustus 1977, p. 13 en Augustus 1978, pp. 4-5.
27 *Die Landman*, Julie 1978, p. 15; *SAMSO*, Augustus 1978, p. 4.

dan nou sodanig 'geheim' aan 'n brief, wat bloot vir jou sê dat sekere inligting 'n week later in die Staatskoerant gepubliseer sal word? 'n Desperate, angsvolle mens sien spoke en geheime agter elke bossie."[28]

Schoeman het hom ook hoegenaamd nie aan SAMPI se vurige veroordeling gesteur nie, en ooreenkomstig die aangenome wetsbepalings gehandel, deur aan te kondig dat 'n heffing van 5c per metrieke ton gelewerde mielies by die 1978/79-seisoen se produsenteprys ingesluit is. Behalwe dat die heffing permanent deel van die toekomstige prysbepaling gemaak is, het dit veroorsaak dat SAMPI sy stryd daarteen verhewig het.

SAMPI het Schoeman dadelik daarop gewys dat hy sy woord, om nie die 5c af te trek as daar nie eers eenheid was nie, sonder om te blik of te bloos verbreek het. Die heffing het direk meegebring dat SAMPI voortaan daardie organisasie aan die lewe moes hou wat met die alleen-oogmerk gestig is om SAMPI te beveg. De Jager som SAMPI se gevoel hieromtrent só op: "Ons geld wat afgetrek is, was 'n bitter ding; dat jy jou konkurrent finansieel moes steun!"[29] Met die heffing as 'n finale werklikheid, het SAMPI vir SAMSO, nog meer as ooit tevore, gesien as 'n organisasie wat deur Schoeman van bo af gemanipuleer kon word, deurdat hy na willekeur die geldkraantjie oop en toe kon draai. In die lig daarvan het SAMPI gesê dat SAMSO voortaan geen ander keuse gehad het as om na Schoeman sy pype te dans nie. Sou SAMSO nie daartoe bereid wees nie, was hy finansieel gedoem. Op sy beurt kon Schoeman dit nie toelaat nie, want dan sou hy sonder 'n mondstuk by die mielieprodusente gesit het. Dit is 'n situasie wat totaal onaanneemlik sou wees, en wat Schoeman ten alle koste moes verhoed.

In sy verdere protes teen die heffing het SAMPI nie net by die geskrewe woord gebly nie, maar ook die gesproke woord ingespan. Daar is by Schoeman self begin, en op 25 April 1978, tydens 'n onderhoud, is hy weer aan die verbreking van sy erewoord herinner.[30]

In sy reaksie op hierdie voortdurende beskuldiging teen Schoeman, het Basson, voorsitter van SAMSO, gesê dat "SAMPI se aanval ... laakbaar en vergesog is". Boonop is hy "nou keelvol vir SAMPI se gedurige kwaadstokery ...

28 *Ibid.*
29 *NAMPO*, K 792. Onderhoud Marais en Theron met HPJ de Jager, Bothaville, 4.12.84.
30 *Von Abo*. Heffing op mielies ten bate van die SALU. Samesprekings met Minister H Schoeman, 25.4.78, p. 2.

As SAMPI dan sodanig verteenwoordigend van die mielieboere is, hoekom sluit al sy lede nie by SAMSO aan, en neem die Bestuur ... oor nie?"[31]

Chris Cilliers, die Direkteur van die SALU, het ook gereageer en verklaar dat dit hom absoluut verstom dat SAMPI teen die heffing beswaar gemaak het. Hy het dit ook uiters vreemd gevind dat SAMPI nóú eers met sy aanval gekom het, en gevra waarom nie toe die wetgewing in 1977 gepubliseer is nie.[32] Hierdie laasgenoemde aanmerking het sekerlik nie eintlik kommentaar van SAMPI nodig gehad nie.

'n Ander vorm van steun aan Schoeman het gekom toe die SALU aan sy boereverenigings en SAMSO-takke opdrag gegee het om per telegram hulle steun aan die heffing toe te sê, en SAMPI se beskuldigings te verwerp. Hoewel Schoeman, soos SAMPI, geweet het dat die aksie ook vooraf beplan is, was hulle onderskeie reaksie op die byna 700 telegramme wyd uiteenlopend. Schoeman het dit as 'n handige instrument gesien om na buite te wys dat SAMPI se protes ongevraagd was: "Die indruk wat gewek is dat die boeregemeenskap as geheel die heffing verwerp, is totaal ongegrond," het Schoeman beweer.[33] Op sy beurt het SAMPI dit kort en kragtig afgemaak: "Die geïnspireerde telegrampropaganda ... beïndruk net die oningeligtes en laasgenoemde se getalle verminder daagliks."[34]

Hierna het SAMPI sy lede versoek dat spesiale vergaderings belê moes word, waartydens die onderskeie Volksraadslede, SAMPI se protes moes aanhoor. Op 12 Mei 1978 het Willie Kotzé, die Volksraadlid vir Parys, SAMPI gelyk gegee dat Schoeman nie by sy belofte aan SAMPI gehou het nie; trouens, Schoeman het dit teenoor hom (Kotzé) óók verbreek, want Schoeman het dit tydens die parlementêre debat herhaal. Op Kotzé se vraag hoekom Schoeman nie by sy woord gehou het nie, het Schoeman homself verweer deur te sê dat hy op daardie stadium verwag het dat eenheid binne 'n jaar bewerkstellig sou word. Die moedeloosheid op die vergadering oor die gang van sake in die mieliebedryf word in die woorde van De Jager vasgelê, as hy sê: "Ons nader nou die eindpunt in die mieliebedryf. Ons het tot by Minister Schoeman gegaan, maar nêrens

31 *Die Vaderland*, 3.5.78. Berig.
32 *Ibid*.
33 *Die Transvaler*, 4.5.78.
34 *SAMPI*, Lêer 2/1/33/5/1. JZ de Jager aan Kotzé, Mei 1978, p. 2.

gekom nie. Daar is nog kanale, en ons sal van hulle gebruik maak. Wat is die volgende stap – die Kabinetskomitee oor boeresake, die Eerste Minister?"[35]

By die ander vergaderings het die ander Volksraadslede óók bontgestaan om die aangeleentheid te verduidelik: Piet Claase te Hennenman en Hennie van der Walt op Wolmaranstad. Selfs Schoeman het dit nie ontkom nie. By 'n vergadering van die Nasionale Party op Kroonstad, is daar indringende vrae gestel deur die boere, wat vooraf deur SAMPI opgekommandeer is. Agterna het *Die Landman* berig: "Die vraestellers het op weinig van die vrae bevredigende antwoorde gekry."[36]

Nadat hierdie protesvergaderings op niks konstruktiefs uitgeloop het nie, het etlike SAMPI-lede besluit om hulle bydraes van die NP te weerhou. Enkele name in die verband is dié van De Jager, Giep Nel, Hennie Delport en Boetie Viljoen.[37]

SAMSO het hieroor sy afkeer uitgespreek en beweer dat dit 'n duidelike bewys is dat SAMPI eintlik 'n drukgroep binne die NP is, en dat sy pogings vooraf georganiseer is. SAMPI het hom op sy konstitusie beroep en hierdie beskuldiging as 'n versinsel afgemaak.

As verdere illustrasie van die misnoeë teen die 5c-heffing, was die stemme wat uit SAMPI se geledere opgegaan het dat Schoeman in die hof tot verantwoording geroep behoort te word. Daar is selfs die moontlikheid geopper dat 'n protesoptog, bestaande uit trekkers, in Pretoria se strate gehou moes word!

Hiermee was die verhaal van die 5c-heffing geensins afgehandel nie. SAMPI het steeds voortgegaan om sy ontevredenheid te kenne te gee. Die keer het SAMPI op die aanwending van en verslaglewering oor die ingesamelde fondse gekonsentreer.

Vir SAMPI was die probleem basies vierledig: eerstens, was dit onbekend op watter datums die geld aan die SALU, insluitend SAMSO, oorbetaal is en wat die motiverings hiervoor was. Die tweede probleem was die gebrek aan geouditeerde state wat die situasie oor die besteding van die heffingsgeld deeglik uiteengesit het. Die derde probleem was die posisie van, en die doel met daardie bedrae wat nog nie oorbetaal was nie. Die vierde probleem was die

---

35 *Die Landman*, Junie 1978, pp. 11, 13.
36 *Ibid.*, September 1978, p. 9.
37 *Die Transvaler*, 9.7.78. Berig.

grootte van die mieliebedryf se bydrae in verhouding tot die totale bedrag van die heffingsfonds.[38]

Op die eerste probleem is geantwoord dat die oorbetalings aan die SALU ooreenkomstig die begrote uitgawes van die goedgekeurde werksaamhede geskied het, en nie ten opsigte van indiwiduele uitgawe-items nie.

Die tweede probleem is as ongegrond afgemaak, want ooreenkomstig die Bemarkingswet van 1968, artikel 46C, is bepaal dat die heffingsgeld in die spesiale rekening gestort is om rente te verdien. Hierdie rekening is jaarliks kragtens artikels 46C(3) deur die Ouditeur-generaal nagegaan, en in sy jaarverslag oor die Departement van Landbou gepubliseer. Nadat dit in die Parlement ter tafel gelê is, is dit vir enigiemand ter insae beskikbaar gestel.

Die derde probleem het reeds vroeg sy kop uitgesteek, want SAMPI het geen verklaring gehad vir die verskil wat daar tussen die R458 179, wat die Mielieraad vir die 1978/79-seisoen geïn het, en die aanvanklike R231 293, later R349 884, wat aan die SALU oorbetaal is nie. Dieselfde was ook waar van die bedrag van ongeveer R900 000, wat vir die 1978/79 en 1979/80-seisoen, wat uit die totale heffingsbedrag, wat aansienlik meer was, oorbetaal is. Schoeman se Departement se verweer was artikel 46D(3) van die Bemarkingswet, wat bepaal het dat sodanige geld belê word, tot tyd en wyl dit gespandeer moes word.

Ter ondersteuning van Schoeman het SAMSO 'n verdere verduideliking gegee. In *SAMSO*, onder die opskrif, "Wat het van die 5 sent geword?", is gesê dat die invordering van die 5c-heffing vir oorbetaling eers plaasgevind het nadat die Mielieraad die mielies verkoop het; gevolglik het die oorblywende 5 sente in die graansilo's gelê. SAMSO het nie nagelaat nie om 'n stekie na SAMPI te gee, deur daarop te wys dat die werklike feite maklik bekombaar is, maar dan moet daar by die regte plek navraag gedoen word.[39]

SAMPI het glad nie die verduidelikings aanvaar nie; veral nie in die geval van daardie geld wat teruggehou is nie. Die enigste afleiding wat SAMPI hieruit gemaak het, was dat die Regering, bewus van die SALU se finansiële verknorsing – in 1978 'n tekort van R209 700 – die SALU hiermee staande wou hou.

---

38 *Die Landman*, Maart 1979, p. 25.

39 *SAMSO*, April 1979, pp. 18-19; *SAMPI*, Lêer D 5/1/1. SP Basson aan CJP Cilliers, 1.6.79. Net 3 maande hierna het SAMSO die SALU wel versoek dat die fondse onmiddellik na die lewering van mielies aan die Mielieraad oorbetaal word. Die rede hiervoor was dat SAMSO van lenings gebruik gemaak het totdat die fondse oorbetaal is. Die hoë rentekoerse het hierdie praktyk nie lonend gemaak nie.

In wese het dit daarop neergekom dat die SALU se afhanklikheid van hierdie staatsfondse hom in 'n nuwe staatsdepartement omskep het: 'n onsmaaklike posisie wat nie geduld kon word nie.

SAMPI het daarby verklaar dat ná die maandelange korrespondensie met Schoeman en sy Departement, daar "nog nie een ligstraaltjie geval het op die pad, wat een enkele sent van die heffingsgeld geloop het, nadat dit van die produsente geneem is, en aan die SALU oorbetaal is nie".[40]

Die vierde probleem was heel waarskynlik vir SAMPI dié vernaamste, want R231 293 van die R750 000 wat tydens die 1978/79-seisoen aan die SALU oorbetaal is, was van die mieliebedryf afkomstig. Dit het van die bedryf 'n handige finansiële melkkoei gemaak, wat nie verloor durf word nie. Hierdie toestand het direkte verband gehad met die SALU se weiering om aan die mielieboere hulle outonome mieliespesialiteitsorganisasie te gee, want die SALU het nie kans gesien om daardie inkomstebron te verbeur nie.[41]

Met die aankondiging dat daar gedurende die 1979/80-seisoen nagenoeg R350 000 afgetrek gaan word, het SAMPI se teenkanting voortgeduur. Dit is bestempel as 'n nuttelose poging om SAMPI dood te druk, deurdat die geld gebruik is om 'n propagandaveldtog te finansier, en 'n propagandablad te subsidieer. SAMPI het gesê dat dit net 'n futiele poging was, want nie eens 'n miljoen Rand per jaar kon SAMPI vernietig nie, want SAMPI was uit die mielieprodusent, vir die mielieprodusent. In teenstelling hiermee is SAMSO niks anders as 'n semi-staatsinstelling nie, waar die spreekwoord, "wie se brood jy eet, die se woord jy spreek," gegeld het.

SAMPI was nog glad nie klaar met sy kastyding van Schoeman en SAMSO oor die 5c-heffing nie. 'n Handige stok was Schoeman se berisping van die MVSA dat sy bedryfsuitgawes te hoog was. Die R500 000 per jaar was 'n luukse wat nie bekostig kon word nie. SAMPI het dit aangegryp en 'n parallel met SAMSO getrek, deur aan Schoeman uit te wys dat die bedryf nie die R900 000 kon bekostig, wat reeds aan SAMSO gespandeer is nie. SAMPI het terselfdertyd vir Schoeman daarvan beskuldig dat hy 2 stelle beginsels toegepas het: enersyds, is 'n "luukse" berispe (MVSA), andersyds, is 'n "luukse" gefinansier (SAMSO).

---

40 *Die Landman*, Februarie 1980, p. 17.
41 *Ibid.*, Maart 1979, p. 25; April 1979, p. 11.

Hoewel Schoeman voortdurend in SAMPI se spervuur oor die 5c-heffing gestaan het, het SAMPI tydens die 1980-parlementsitting meer omvattend as in 1978, hulle saak aan die Volksraadslede, insluitend die Kabinet van PW Botha, gestel. Eers is daar 'n afskrif van die 14de Jaarkongres beskikbaar gestel. Daarna is dit met 'n sogenaamde "ope brief" opgevolg. SAMPI was hierin van mening dat die Parlementslede, as persone buite die mieliebedryf, aktief vir die verdeeldheid in die bedryf verantwoordelik was. Die motivering hiervoor was dat hulle toegelaat het dat SAMSO kunsmatig aan die lewe gehou is. Die finansiële state het vanself gespreek: vir die boekjaar geëindig op 30 September 1979 het SAMPI 'n totale inkomste van R389 755 gehad, met 'n oorskot van R56 982: sonder heffings, net deur vrywillige bydraes van sy lede. Daarteenoor het SAMSO vir die 16 maande geëindig op 30 April 1979 'n inkomste van R374 912 gehad, waarvan R374 000 deur heffings bekom is – heffings waartoe SAMPI se lede gedwing is om by te dra. Op grond hiervan het SAMPI 'n beroep op die Volksraadslede se gesonde oordeel gedoen om hulle onomwonde teen die heffing uit te spreek. Die resultaat hiervan was duidelik: met SAMSO op sy knieë kon eenheid onmiddellik bereik word.

SAMPI het óók nie nagelaat om die Parlementslede daarop te wys dat die SALU, wat daarop aanspraak gemaak het dat 50 000 boere deur hom verteenwoordig word, jaarliks net R102 400 aan ledegeld ontvang het nie. Dit is egter die heffings wat hom in staat gestel het om nagenoeg R200 000 vir reis- en verblyfkoste te begroot. In die lig hiervan bepleit SAMPI: "Hoe gouer die SALU in sy huidige vorm van die toneel verdwyn, hoe gouer sal die Landbou weer aan 'n selfrespekterende mens 'n heenkome bied."[42]

SAMSO kon in dié geval ook nie stilsit en toekyk nie; gevolglik het hy sy eie inligtingsdokument aan die Parlementslede beskikbaar gestel om sy kant van die saak te stel. SAMSO het daarop gewys dat al die mielieboere by sy optredes gebaat het, al was sommige van hulle buite die Georganiseerde Landbou. Met die meerderheidsteun van die mielieboere agter hom, het SAMSO die reg gehad om as spreekbuis namens hulle op te tree. Op 'n verantwoordelike wyse is daar met die Owerheid saamgewerk om die beste oplossing vir enige bedryfsprobleme te vind. Die beginsel van 'n heffing is volkome regverdigbaar, want elkeen wat daarby baat, moes betaal.

42 *Von Abo.* Gous aan Parlementslede, 25.2.80, p. 1; *Die Landman*, Maart 1980, p. 5.

SAMSO het terselfdertyd SAMPI se *bona fides* verwerp deur te sê dat hierdie poging nie daarop uit was om eenheid te bewerkstellig nie, want daarmee het SAMPI gepoog om opnuut die demokratiese toets, 'n verkiesing, te vermy. Volgens SAMSO was die meeste mielieboere jaloers op die uitoefening van hulle demokratiese reg, wat deur die Georganiseerde Landbou gebied is. As gevolg hiervan was SAMPI se verdagmaking van die bestaande stelsel te betreur. Des te meer, omdat SAMPI nie bereid was om na die stembus te gaan nie.[43] In aansluiting hierby het die redakteur van *SAMSO* gesê dat SAMPI se stofopskoppery op die ergste, met "a storm in a teacup" vergelyk kon word.

As beide SAMPI en SAMSO beoog het dat die aangeleentheid uiteindelik in die hoogste Raadsaal bespreek word, het dit beslis geslaag. Vir SAMPI was dit uiteraard nie bevredigend nie, want daar is niks aan die *status quo* verander nie. SAMPI se inligting was egter 'n handige slaanding vir die Opposisiepartye om die Regering by te kom. Rupert Lorimer, van die Progressiewe Federale Party, het na SAMPI se finansiële posisie verwys en dit 'n gesonde oorskot genoem. SAMSO het 'n soort van gevestigde belang verteenwoordig. Boonop was SAMSO die vlieg in die salf, want hy wou nie onderhandel nie. Bill Sutton van die Nuwe Republiek Party het gesê dat SAMPI tot 'n baie sterk organisasie gegroei het; gevolglik het SAMPI die volste reg gehad om in die heffingsfondse te deel. Hennie van der Walt, van die NP, het teruggekap en gesê dat hierdie "private fight" van die mielieboere uitgelos moes word, want "hulle sou dit self regmaak".[44]

Die parlementsitting was nog aan die gang tot SAMPI se laaste protesaksie teen die heffing geloods is. Dit het gebeur na aanleiding van Schoeman se besluit dat SAMSO voortaan uit die gewone heffingsfonds gefinansier sou word, wat in die verlede uitsluitlik vir die administrasiekoste van die Mielieraad gebruik is. Vir SAMPI het hierdie reëling beteken dat SAMSO nou niks anders as 'n deel van die Mielieraad se administrasie was nie. Dit het ook meegebring dat die Sentrale Fonds waaruit die algemene heffing aan die SALU, en dan aan SAMSO oorbetaal is, in die toekoms net vir die finansiering van die SALU gebruik sou word. SAMPI het gesê dat dit vir SAMSO gespeen het. Die vulletjie

---

43 *SAMPI*, Lêer D 5/7/A1/. Inligtingsdokument in antwoord op 'n ope brief wat SAMPI aan alle Parlementslede gestuur het (hierna "Inligtingsdokument" genoem), 11.4.80, pp. 1-2; *SAMSO*, Mei 1980, p. 10.

44 Debatte van die Volksraad, 2.5.80, kolom 5376-5408.

het nie meer nodig gehad om by "ma-SALU" te drink nie. Hy het nou selfs sy eie krip gekry waarby geëet kon word. Dit maak dit egter nie ongedaan dat SAMSO steeds 'n handperd van die Mielieraad en die Minister was nie, want die SALU, wat deur die Owerheid as die mondstuk van die boere beskou is, het hom nou nie meer gefinansier nie.[45]

Te midde van sy stryd teen die Georganiseerde Landbou, en SAMSO by name, het SAMPI nie sy oorspronklike doelstelling om hom vir 'n beter bedeling vir die mielieprodusent te beywer, verwaarloos nie. SAMPI het byvoorbeeld nie op hom laat wag om SAMSO oor die 1977/78-seisoen se mielieprys en die hantering daarvan, te kritiseer nie. SAMSO het aangekondig dat sy aanbevole prys van R75,00 per ton vir die Mielieraad aanvaarbaar was; gevolglik het die Raad dit aan Schoeman vir goedkeuring voorgelê. Schoeman het sy uiterste bes gedoen om R74,00 per ton by die Kabinet goedgekeur te kry. Hoewel SAMSO en die Mielieraad oor die R1,00 verskil teleurgesteld was, het hulle daarby berus. Omdat SAMSO deeglik daarvan bewus was dat SAMPI R88,00 per ton wou gehad het, is aangekondig dat, indien daar oordrewe kritiek uit produsentegeledere sou kom, dit in die lig van die knellende ekonomiese omstandighede, ongegrond sou wees.[46]

SAMPI het SAMSO se hantering van die prys as 'n mieliespel afgemaak, en veral vir Ben Wilkens, wat die dubbele posisie van voorsitter van SAMSO, sowel as die van die Mielieraad beklee het, skerp laat deurloop. Volgens SAMPI het Wilkens van SAMSO 'n prys van R75,00 per ton by Wilkens van die Mielieraad aangevra. Hierna het hy die Minister se prys van R74,00 aanvaar, maar om net daarna as Wilkens van SAMSO daarteen beswaar te maak. SAMPI het aangedui dat, indien die SALU se leiers eerlik met die mielieprodusente wou wees, dan moes hulle dit stel dat 'n prys van R75,00 aangevra is, maar hulle moes tydens die onderhandelinge met Schoeman, die bruto prys van R74,00 per ton, uit vrees vir 'n dreigende skaakmatposisie, aanvaar.

Daarbenewens het SAMPI die bewering gemaak dat die prys in wese R73,60 was, want die 40c, wat vir onder andere navorsing afgetrek is, kon nie by die finale produsenteprys ingereken word nie. SAMSO het dit as die skep van verwarring afgemaak, deur daarop te wys dat die produsente bereid moes wees

45 *Die Landman*, Augustus 1980, pp. 5, 7.
46 *Ibid.*, Junie 1977, p. 7.

om die koste aan te gaan; dus het die produsente die volle bedrag van R74,00 per ton ontvang.[47]

Aan die begin van 1978 het SAMPI vir SAMSO oor sekere uitlatings in die pers oor die mielieprys, geroskam. SAMPI het gesê dat, as daar na koerantopskrifte, soos "SAMSO will do its best for consumers",[48] gekyk word, dit betwyfel word of SAMSO werklik in belang van die mielieprodusente opgetree het. Daarenteen, het SAMPI die produsente se belange vooropgestel, aangesien sy voorstel van R90,00 per ton, vir die styging in produksiekoste voorsiening gemaak het. As 'n verdere bewys van SAMSO se motiewe met die produsente, het SAMPI Crous aangehaal toe hy opgemerk het: "Volgens SAMSO is daar geen rede vir die verhoogde mielieprys van R90,00 per ton wat SAMPI aangevra het nie ..."[49]

Later daardie jaar het SAMPI gesê dat SAMSO nie die waarheid gepraat het nie, toe daar in Julie 1977 in *SAMSO* aangekondig is, dat SAMSO 'n eie omvattende produksiekoste-opname in die vooruitsig gestel het. In die berig is onder andere gemeld dat daar reeds op daardie stadium met die Departement van Landbou en met Unie Graan aanvoorwerk gedoen is, en dat al die betrokkenes hulle bereidwilligheid om saam te werk, getoon het. As bewys dat dit nie korrek was nie, het SAMPI 'n vertroulike dokument, opgestel deur Harry Hattingh, die Direkteur van die Afdeling Landboubemarkingsnavorsing, aangehaal. Hieruit het dit duidelik geblyk dat daar toe geen samesprekinge van enige aard plaasgevind het nie.

Volgens die dokument het die eerste samesprekinge eers op 15 Augustus 1977 plaasgevind, nadat Schoeman die inisiatief geneem het om die verteenwoordigers van SAMSO, Unie Graan en die SALU, byeen te roep. Beide Albert Basson, die voorsitter van die SALU en Wilkens "het op 'n versigtige wyse laat deurskemer dat die berigte nie te letterlik opgeneem moes word nie".[50] Na aanleiding van hierdie inligting, het SAMPI tot sy eie gevolgtrekking geraak: "Dit wil dus voorkom asof SAMSO se projek ... van die baan was."[51]

---

47 *Ibid.*, Julie 1977, p. 7; *SAMSO*, Junie 1977, p. 5.
48 *The Citizen*, 18.1.78. BErig.
49 *Die Transvaler*, 7.1.78. Berig.
50 *Die Landman*, Maart 1978, p. 6; vgl. *Von Abo.* Inleiding tot bespreking: 7 en 8 September met die oog op die veldwerk wat op 12 September 'n aanvang neem, 1978, pp. 9-14.
51 *Die Landman*, Maart 1978, p. 6.

SAMSO het SAMPI se gevolgtrekking verwerp deur daarop te wys dat, tydens 'n vergadering op 15 Augustus 1977, finaal ooreengekom is dat SAMSO en die Departement van Landbou in die toekoms by produksiekoste-opnames sou saamwerk. Dit het beteken dat SAMSO sonder twyfel gedurende 1977/78 by die opnames betrokke was.

Hattingh het homself egter die gramskap van nie net SAMPI en SAMSO nie, maar ook van Schoeman, op die hals gehaal, deurdat hy uiters onvleiende opmerkings oor die mielieboere in die dokument gemaak het: "Solank dit voorspoedig gaan, kla die boere maar net oor kla, kla is – as mieliekoppe van goud was, sou hulle weer gekla het dat hulle nie genoeg kleingeld het nie", en "Al slaan jy hom morsdood, kan hy nie eers sy eie produksiekoste bereken nie".

SAMPI het Hattingh se onvoorwaardelike bedanking geëis. SAMSO het by Schoeman beswaar gemaak, en Basson het daarop gewys dat die optrede van Hattingh nie die verhouding tussen SAMSO en die Departement vertroebel het nie. Schoeman het 'n baie sterk bewoorde verklaring uitgereik om sy misnoeë te kenne te gee: "Ek betreur die uitstuur van (die) dokument ... My ervaring was nog nooit dat verantwoordelike boere dié gesindheid openbaar, wat genoemde dokument wil weerspieël nie. Ek distansieer my geheel en al van hierdie soort omsendbrief en onderneem dat die regte stappe geneem sal word. Ek vertrou dat hierdie treurige episode nie die gees van samewerking waarna ons strewe, sal vertroebel nie."[52]

Die 1978/79-mielieprys het ook sy kwota stryd opgelewer. Nadat die Mielieraad se aanbevole prys van R79,35 reeds aan die Kabinet voorgelê is, het die gesamentlike optrede van SAMSO, die SALU en Schoeman daartoe gelei dat dit na R79,95 opgeskuif is. Dit het beteken dat die mielieprodusente ongeveer R6,2 miljoen ekstra verdien het. SAMSO was uiteraard tevrede met dít wat vermag is: dit was die mees sprekende bewys dat, as SAMSO geglo het in 'n saak wat die beste belang van die mielieboer gedien het, hy selfs bereid was om met die duiwel swaarde te kruis, aldus SAMSO.[53]

SAMPI het hierdie gang van gebeure as lagwekkend afgemaak, want daardie mense wat die produsente se belange moes beskerm, het dit òf nie gedoen nie òf hulle het doelbewus 'n situasie geskep waar die verteenwoordigers

---

52 *Die Volksblad*, 16.2.78; *Rapport*, 5.3.78, Berigte; *SAMSO*, April 1978, p. 19.
53 *SAMSO*, Mei 1978, p. 5.

Schoeman kwansuis sou gaan spreek, maar die keer onder die vaandel van SAMSO om dan kastig 'n hoër prys te beding. SAMPI was daarvan oortuig dat die eerste moontlikheid die mees waarskynlike was; gevolglik het die Kabinetskomitee met hulle eie inligting die verhoogde prys bepaal.

SAMSO het SAMPI se kritiek op die mielieprys nie gelate aanvaar nie; hy het gewys dat daar mense in organisasies is, wat deur middel van 'n arrogante en antagonistiese houding, kwaadwillig verskil het. Dit het nie die saak van die mielieboere bevorder nie; inteendeel, dit het net verwydering aangehelp.

*SAMSO*, die lyfblad, het 'n ekonoom aangehaal wat gesê het hy vind dit vreemd dat SAMPI nie die ekstra miljoene Rand bevraagteken het nie. Volgens hom moes die Mielieraad daardie geld belê, omdat die rente-opbreng die 5c-heffing per ton kon vervang. Sy vraag was egter of SAMPI ooit hiermee tevrede sou wees. SAMSO sê verder in dié verband: "R6 miljoen is (vir SAMPI) welkom, maar daardie 5c ..."[54]

Aan die begin van 1980 het SAMPI vir SAMSO oor die kunsmisprysverhoging die stryd aangesê. Die oorsprong daarvan was die persverklaring van Basson wat gelui het: indien die verbruikers van mielies volgens wetgewing saam met die mielieprodusente om die tafel kon sit om oor die mielieprys te gesels, dan was dit niks minder as reg dat die mielieboere ook inspraak moes hê, wanneer daar oor die stygings van kunsmispryse gepraat is nie.

Gous het namens SAMPI daarop gewys dat so 'n standpunt nie haalbaar is nie, want, as die mielieprodusente inspraak by dié pryse wou bekom, kon die verbruikers eweneens daarop aanspraak gemaak het om die mielieprys te bepaal.

SAMSO was gou om te sê dat die verbruikers kragtens die Wet die bevoegdheid verleen is om medebepalend by die prysproses op te tree. SAMSO het Gous terselfdertyd van 'n stukkie raad bedien. Daar is voorgestel dat Ferreira eerder die soort verklarings namens SAMPI moes doen, want hy was op die Mielieraad, en hy het geweet watter opdraande stryd die produsente met die verbruikers gehad het.[55]

---

54 *Ibid.*, Mei 1978, p. 5 en Julie 1978, p. 6.
55 *Ibid.*, Februarie 1980, p. 3; vgl. *Die Vaderland*, 4.1.80. Berig.

In teenstelling met SAMPI se tevredenheid met die 1979/80-seisoen se prys,[56] het die 1980/81-prys sy ontevredenheid ontlok. Saam daarmee het SAMPI aan die Owerheid gevra of die belowende voorstelle van die Jacobs-komitee na 'n obskure pakkamer verwys is, waar stof en spinnerakke daarop vergader het. SAMPI het veral na 2 belangrike aanbevelings verwys, naamlik, dat die vasstelling van pryse regstreeks met die styging van produksiekoste verbind word, en dat 'n redelike wins aan die boere betaal moes word, ten einde die toenemende risiko te vergoed en 'n redelike opbrengs op die produsente se kapitaal-inset te verdien. Volgens SAMPI het die 1980/81-prys nie die toets van die Jacobs-aanbevelings geslaag nie, ten spyte daarvan dat die ekonomiese toestande redelik gunstig was, sodat die produsente in hul finansiële herstel aangehelp kon word.

SAMSO het SAMPI se besware gerepudieer deur daarop te wys dat die mielieboere se vertoë oor die produksiekoste vir die eerste keer ten volle aanvaar is. Selfs Schoeman is aangehaal om te bewys dat SAMSO sy werk na behore gedoen het: "Ek het SAMSO se prysvoorlegging ... bestudeer. Die 34 bladsye getuig van ure se voorbereiding en baie harde werk ... ek wil u verseker dat, wanneer vertoë van SAMSO op so 'n verantwoordelike wyse aan my gerig word, dit altyd my beste samewerking sal geniet."[57]

Te midde van hierdie onophoudelike aksie-reaksie-situasie, het SAMSO 'n bondige samevatting gegee van wat in werklikheid van SAMPI se aanvalle gedink is. Daar is gevra of dit SAMPI se enigste doel en bestaansreg was om SAMSO voortdurend aan te val. SAMSO was beslis daarvan oortuig dat dit net 'n verbitterde, desperate persoon is wat sit en kyk het wat sy buurman doen, net om hom te kritiseer, terwyl sy eie boerdery aan die agteruitgaan was. SAMPI het natuurlik geensins hiermee akkoord gegaan nie, want sy taak was om die vele foute in die bedryf onomwonde uit te wys ...

56 *Die Landman*, Mei 1979, p. 19. SAMPI het dié slag sy tevredenheid met die mielieprys vir die 1979/80-seisoen uitgespreek: "SAMPI verwelkom derhalwe die gees waarin die Minister die verhoging aangekondig het, naamlik, dat dit daarop gemik is om die mielieprodusente so goed moontlik vir die toenames in sy produksiekoste te vergoed."

57 *SAMSO*, September 1980, p. 7.

# HOOFSTUK 7

# SAMPI SE MEGANISASIEPROJEKTE

'n Ander faset waaroor die twee mielieorganisasies mekaar hewig beveg het, was die meganisasieprojekte. SAMPI se sogenaamde "Oesdae" het 'n lang geskiedenis en is een van sy grootste suksesverhale. Oor die jare het 'n idee, wat aanvanklik net daarop gemik was om "iets konstruktiefs" vir die nuwe mielieorganisasie te doen, gegroei tot 'n omvangryke projek wat landswyd erkenning sou geniet, en daarmee SAMPI finaal "op die kaart sou plaas".

Die "vader van die Oesdae", Hannes van Wyk, gesteun deur Moos Haddad en George Stegmann – al drie Bloemfonteinse mielieboere en getroue SAMPI-ondersteuners – het die behoefte gevoel dat 'n projek met 'n praktiese inslag vir die mielieboere aangebied moes word, wat óók finansiële voordele sou meebring. Na oorweging van 'n wye verskeidenheid idees, is op 'n nuwe en uiters rewolusionêre metode, altans vir Suid-Afrika, vir die vertoning van landbouwerktuie besluit: daar sou wegbeweeg word van die tradisionele, statiese uitstallings, kenmerkend van die landbouskou, na 'n metode waar die werktuie prakties deur die vervaardiger gedemonstreer sou word.[1]

Hierdie klemverskuiwing het ontstaan as gevolg van die veelvuldige inherente nadele wat die statiese uitstallings gehad het. Die boere wou graag sien hoedat die verskillende trekkermodelle, in terme van werkverrigting en ander vermoëns, teen mekaar opweeg – om nie eens te praat van die drie-punt-ploeg en mieliestroper wat toe hulle verskyning op die mark gemaak het nie. Die aankoop van werktuie het basies op die uiterlike, en die inligting wat die verkoopsman verstrek het, geskied: inderdaad 'n uiters onbevredigende situasie wat tot onoordeelkundige aankope en groot finansiële verliese gelei het; veral as die werktuie nie aan die verwagtinge voldoen het nie. Uitbuiting van onkundige boere deur gewetenlose vervaardigers was glad nie uitgesluit nie.

Die vervaardigers het ook in 'n mindere of meerdere mate aan die kortste end getrek. Die werktuie is met groot moeite en teen hoë koste na die groot aantal skouterreine, selfs op die kleinste plattelandse plekkies, vervoer. Hier het die "regte" klandisie nie altyd opgedaag nie. In die geval van byvoorbeeld die

1 PV 735: *NAMPO-versameling*, K 864/9: Onderhoud AH Marais en JH Theron met JD van Wyk, M Haddad en HG Stegmann, Bloemfontein, 13.6.85.

Randse Paasskou was die meerderheid besoekers stedelinge, wat uit nuuskierigheid die landbou-uitstallingsReserwebank gestort word, wat jaarliks deur die Ouditeur-generaal nagegaan sou word. Vanuit hierdie spesiale rekening, in opdrag van die Minister van besoek het; hulle wou beslis nie koop nie! Die vervaardigers wou verkoop, maar omdat die boere nie daar was nie, is die doel van die uitstalling verydel. Die vervaardigers was dus ook ryp vir verandering; iemand moes net die voortou neem, en dit sou deur die Oesdag bewerkstellig word.

Nadat daar op die Oesdae besluit is, het die Bloemfonteiners die omvangryke en belangrike taak aangepak om die idee aan die onderskeie belangegroepe "te verkoop". Eers was daar die Hoofbestuur van SAMPI en om hulle te oortuig, het volgens Van Wyk, glad nie te maklik gegaan nie. Of hulle het dit nie verstaan nie òf dit het hulle nie gepas nie. Danksy die steun van Willie Kotzé, die direkteur, is die knoop deurgehaak, en is toestemming verleen dat die eksperiment onder SAMPI se vaandel uitgevoer kon word. Hierna is die Bloemfonteinse takke van die werktuigvervaardigers, onder andere "Malcomess", "Case", "International Harvester", "John Deere", "John Roderick en Southy", "Lambons" en "SWK", genader. Hulle het intens belang gestel in die nuwe verwikkelinge en het ingestem om aan die eerste poging deel te neem. Hulle het selfs die "beperking" aanvaar dat net standaard-toerusting gebruik sou word en dat die demonstrasies op 'n nie-kompeterende basis sou geskied.[2]

Die nodige voorbrand is gemaak en die eerste Reëlingskomitee is saamgestel. As voorsitter het gedien Hannes van Wyk, met Nico Meyer as sekretaris en die addisionele lede was Stegmann, Haddad, kmdt. Hendrik du Plooy en Gert Fourie.[3] Weens die groot omvang van die taak is 'n behoorlike werksverdeling gemaak: Stegmann was in bevel van die kantoor en die standplase vir voornemende uitstallers. Hy het ook die taak gehad om vir tente, stoele, tafels, stowe, yskaste en dies meer te sorg, sodat 'n tydelike infrastruktuur met die basiese geriewe daargestel kon word. Haddad moes toesien dat die landerye en omliggende grond op "Donkerhoek", Van Wyk se plaas, behoorlik voorberei is, asook vir die SAMPI-embleme in die vorm van vlae en plakkate, lugkouse vir die landingstrook en die bekendstelling van die Oesdae. Terwyl Haddad die

2 PV 769: *M Haddad-versameling* (ongeorgen). Oesdagprogram, 7-8.6.67. *NAMPO*, K 864/9: Onderhoud Marais en Theron met Van Wyk, Haddad en Stegmenn, Bloemfontein, 13.6.65.

3 *Haddad*. Oesdagprogram, 7-8.6.67.

demonstrasie-reëlings getref het, het Du Toit die verantwoordelikheid gehad om die demonstrasies te beheer. Du Plooy en die Reëlingskomitee se vrouens was in beheer van die restaurant wat die honger mae moes voed.

Die moeite en opoffering is ryklik beloon, want 'n paar honderd besoekers het opgedaag om die meer as 'n dosyn maatskappye se meer as 200 werktuie, soos trekkers, ploeë, planters, dorsmasjiene en stropers, te besigtig. Soos verwag kon word, was dié aantrekkingskrag die mobiele demonstrasies van die werktuie.

Na hierdie eerste poging, wat SAMPI as "aanskoulik en leersaam" bestempel het, is die Oesdae na die plaas "Hopefield", van Haddad, verskuif, waar dit van krag tot krag gegaan het. Die statistiek spreek vanself: 1968: ongeveer 600 besoekers, 8 hoofuitstallers en nog kleinere uitstallers, R300 000 se werktuie, R50 000 se transaksies is beklink; 1969: nagenoeg 2 000 besoekers, 24 uitstallers, ongeveer R1 miljoen se werktuie;[4] 1970: meer as 2 000 besoekers, 32 uitstallers, wat beteken het die teenwoordigheid van al die belangrike vervaardigers, met meer as R1 miljoen se werktuie; 1971: R1,2 miljoen se werktuie.

Aangegryp deur die sukses van die Bloemfonteinse Oesdae, het SAMPI-lede in Oos-Transvaal begin om hul eie Oesdae op "Roodebank", die plaas van Flip Viljoen naby Hendrina, te organiseer. Die Komitee het uit die volgende persone bestaan: Kobus Kotzé, voorsitter, Jan Cronjé, Frans Wessels, Paul Visagie, Monty Viljoen, Ampie Venter en Hans Wessels. Hierdie poging was ewe suksesvol: sowat 2 000 besoekers het die 32 grootste vervaardigers se meer as R1 miljoen se werktuie besigtig en in aksie gesien.[5]

Die boere van Wes-Transvaal wou nie agterbly nie en het ook Oesdae naby Ottosdal georganiseer. Die Komitee, bestaande uit Pieter Meyer, die sekretaris, O Broeksma en Sarel Botha, onder die leiding van Kallie van Wyk, het ook 'n

---

4 *SAMPI-Nuus*, Julie 1969, pp. 5, 7. Die Reëlingskomitee was só tevrede met die sukses van die Oesdae dat bewillig is vir 'n beurs vir mielienavorsing aan de Universiteit van die Oranje-Vrystaat (UOVS). Die bedrag het algaande gegroei in die 12 jaar wat die beurs toegeken is.

5 *Die Landman*, Julie 1970, p. 29; volgens *Die Landman*, Mei 1970, p. 15 is daar in 1969 die eerste Oesdae op Roodebank gehou. Aangesien geen besonderhede beskikbaar is nie, word daar net na 1970 verwys; *Haddad*. Oesdagprogramme, 1967-1973. Die Bloemfonteinse Oesdae het oor 2 dae gestrek, Roodebank in 1971 oor 3 dae en in 1972 oor 2 dae, Ottosdal gedurende 1971-1972 oor 2 dae en 1973 oor 3 dae.

geslaagde poging gehad: ongeveer 2 500 besoekers was teenwoordig, waar 35 uitstallers werktuie van meer as R1 miljoen uitgestal het.[6]

Die gesamentlike statistiek van die 1971-Oesdae het soos volg daaruit gesien: meer as 7 000 besoekers, 121 uitstallers, meer as 600 werktuie wat gedemonstreer is, meer as R2 miljoen se landbouwerktuie en -benodigdhede is uitgestal en honderdduisende Rande se besigheid is gedoen. Gedurende 1972 het meer as 11 000 besoekers die Oesdae bygewoon waar meer as R2 miljoen se werktuie vertoon is – 'n beduidende sukses.

Na die 1972-Oesdae het die Sentrale Oesdagkomitee onder voorsitterskap van Janneman Venter, na aanleiding van sy besoek aan die VSA en in samewerking met die vervaardigers, 'n belangrike besluit geneem: die Oesdae sou in 1973 in "een massiewe aanbieding" te Ottosdal saamgegooi word. Kallie van Wyk se Komitee het baie rede tot tevredenheid gehad, want die meer as R3 miljoen se werktuie is deur ongeveer 10 000 besoekers besigtig.[7]

In 1973 het die Sentrale Oesdagkomitee nog 'n belangwekkende besluit geneem, naamlik, dat die Oesdae op 'n permanente standplaas gevestig moes word en dat dit uiteindelik as 'n volwaardige Oesdagplaas ontwikkel sou word. Na oorweging van alle moontlikhede het die keuse op die plaas "Marthaville" van Jan Bothma, in die Bothaville-distrik, geval. Veral 2 faktore was deurslaggewend vir die besluit: Eerstens, het dit beteken dat binne 'n radius van 160 kilometer ongeveer 80 persent van Suid-Afrika se mielieproduksiegebied gelê het. Tweedens, was die plaas baie maklik bereikbaar, want dit was teenaan die Bothaville-Klerksdorppad geleë.[8]

Vanweë die oorheersende rol van die demonstrasies, asook die voorneme van die Oesdagkomitee om nie die landboukarakter van die plaas te skend nie, is 160,5 hektaar van die totale 171 hektaar, aan landerye afgestaan. Van die oorblywende grond is 9 hektaar vir die statiese uitstallings en die ander beplande geriewe opsygesit en 1,5 hektaar vir parkeerplek uitgehou.

Aan die spits van dié grootse onderneming kon niemand anders as Hannes van Wyk staan nie. As die Besturende Direkteur het Van Wyk, bygestaan deur die Oesdagkomitee, bestaande uit Meyer, André du Preez, Danie Bekker, Kallie

6 *NAMPO*, K 864/10: Onderhoud Theron met CJ van Wyk, P Meyer, O Broeksma en S Botha, Ottosdal-distrik, 24.8.85; *Die Landman*, Julie 1971, p. 11.

7 *Ibid.*, Junie 1973, p. 19.

8 *Ibid.*, Mei 1974, p. 7.

van Wyk, Stegmann en Haddad, onder die voorsitterskap van De Jager, skouer aan die wiel gesit om ook hiervan 'n sukses te maak. Die vooruitgang was sodanig, dat Hannes en Kallie van Wyk ook na die buiteland is; die slag Nieu-Zeeland toe, om daar nog kennis te gaan opdoen.[9]

Op die plaas self was alles die ene bedrywigheid. Die eerste geboue wat opgerig is, was die 2 reuse restaurantkomplekse. Dié is later gevolg deur 'n hoofkwartier, toiletgeriewe, ingangshekke, 'n woonwapark, 'n biertuin en die permanente uitstallokale. Om alles so gerieflik as moontlik vir die besoekers en uitstallers te maak, is EVKOM-krag ook aangelê. Later is gras tussen die geboue geplant om die stofprobleem uit te skakel. 'n Boomplantveldtog is mettertyd geloods om die terrein verder te verfraai.

Om die landerye vir die 1974-Oesdag voor te berei, het SAMPI nie 'n sent gekos nie. "Massey Ferguson" se takke te Kroonstad, Vereeniging en Klerksdorp het onder leiding van Tiney van Rooyen, die ploeg-, plant- en skoffelwerk gedoen. "Pioneer Saad" het die mieliesaad en SWK die grondbonesaad voorsien. "Fedmis" het die kunsmis, "Shell" die brandstof, "Landman Implemente" 'n aantal ploeë, "TD Slattery" 'n skoffel, "Northern Free State Tractors" (NFS) 'n trekker, ploeg en planter, en "Ciba Geigy" het die onkruiddoder geskenk – alles is onder die toesig van JF Louw toegedien. "VETSAK" het die spuitapparaat voorsien en "Lichtenburg Landbou-Implemente" het 'n kunsmiswerktuig geskenk. Die voorbeeld wat die maatskappye gestel het, is deur andere gevolg, en dit het die patroon gebly waarop die Oesdagplaas vir die verdere Oesdae voorberei is.[10]

Ten spyte van die ernstige brandstofkrisis en die oorvloedige reënval wat veroorsaak het dat die Oesdae aangeskuif is, was SAMPI met die resultate daarvan tevrede. In die bestek van 4 dae is waardevolle inligting deur middel van lesings en die demonstrasies aan die boere oorgedra. Die vervaardigers het ook genoeg rede tot tevredenheid gehad, want tussen 2 000 en 3 000 belangstellendes het opgedaag.

Nog 'n bewys van die tevredenheid met, asook die vertroue in die Oesdae, was die vergroting van die Oesdagkomitee deurdat die vervaardigers van werktuie sittingsreg daarop gegee is. Vir daardie instansies wat van die Suid-Afrikaanse Trekkervervaardigersverenigings (SATVV) lid was, is FN Gilchirst, die voorsitter en Besturende Direkteur van "John Deere" (SA): en Dan van Wyk

9 *Ibid.*, p. 8; November 1974, p. 12; Augustus 1973, p. 18.
10 *Ibid.*, Januarie 1975, p. 20.

van "NFS", benoem. Namens daardie instansies wat nie van die SATVV lid was nie, is RJJ Nel, die Algemene Bestuurder: Meganisasie van "VETSAK", aangewys. Om die beeld van die Oesdae nog verder uit te dra, is Dennis von Abo terselfdertyd as die skakelbeampte aangestel. In 1976 het hy Van Wyk as Direkteur van die Oesdag opgevolg.[11]

In die jare daarna het die Oesdae hulle plek meer en meer volgestaan. Van die belangrikste gebeurtenisse wat in die tydperk plaasgevind het, verdien vermeld te word. Vanaf 1977 is die demonstrasies op 4 plekke gelyktydig aangebied. Na die afloop van die eerste het die toeskouers na die volgende demonstrasieterrein verskuif, totdat almal alles gesien het. Dieselfde jaar het daar vir die eerste keer buitelandse vervaardigers, Rhodesiërs, aan die uitstallings deelgeneem.

In 1978 is daar vir die eerste keer vir die beestelersgenootskappe die geleentheid gegee om deel te neem. Twaalf het gereageer en het die "weelde" van die beeskompleks van R20 000 gehad. Die motivering vir hierdie stap lê daarin dat binne die 160 kilometer radius om die Oesdagplaas, daar 42 persent van Suid-Afrika se melk en 26 persent van sy vleis geproduseer is; gevolglik het die boere die geleentheid gehad om die uitsoekbeeste bymekaar te sien. Net soos in die geval van die werktuigvervaardigers was deelname hier nie-kompeterend van aard.[12]

Die eerste plaaslik vervaardigde trekker, die "Pillman", asook die Fiatmaatskappy se nuwe bakkie van destyds, is by die 1978-Oesdae bekend gestel.

In 1979 was die belangstelling vir die beesuitstalling só groot, dat dit die Oesdagkomitee genoodsaak het om die beeskompleks met die helfte te vergroot. Vanweë die aftrek wat die beeste gekry het, het die skaaptelers ook versoek dat skape op die Oesdae vertoon kon word. Waar daar in 1979 net 2 skaaprasse verteenwoordig was, was die belangstelling in 1980 so groot, dat 'n skaapkompleks van R16 000 opgerig is, waarin daar 7 rasse uitgestal is.[13]

Die groei en latere omvang van die Oesdae het ongetwyfeld die stoutste verwagtinge van die betrokkenes oortref. Nie alleen is daar waardevolle hulp en inligting aan die boere verskaf nie, maar het dit groot reklamewaarde vir SAMPI gehad. Hiertoe het nie net die boere en vervaardigers bygedra nie, maar

11 *Ibid.*, Junie 1976, p. 22.
12 *Ibid.*, April 1978, p. 33.
13 *Ibid.*, Maart 1980, p. 35.

ook die vele buitelandse besoekers en die sprekers wat daar opgetree het, onder andere Adi Schlebusch, die Volksraadslid vir Bloemfontein distrik, dr. Ampie Roux, die voorsitter van die Raad op Atoomkrag, prof. Benedictus Kok, die Rektor van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Dirk Uys, die Minister van Landbou en Hendrik Schoeman, die Adjunk-Minister van Landbou en latere Minister van Landbou.

SAMPI se "vyand", die Georganiseerde Landbou, kon nie anders nie as om hierdie skouspel – die enigste van sy soort in Suid-Afrika – met kommer gade te slaan, want sou SAMPI se lede, wat hierdie saak vrywillig geloods het en uit hulle eie sakke gefinansier het, die ander uitgespelde doelstellings op hierdie manier aanpak, kon dit verwesenlik word, teenstand ten spyt. Dit sou net daadwerklik vernietigende gevolge vir die Georganiseerde Landbou inhou, aangesien dit nie net die strukture wat ten alle koste beskerm moes word, se betekeniswaarde uitskakel nie, maar die meerderheid mielieboere sou hul steun aan SAMPI gee, met moontlike nadelige gevolge vir Georganiseerde Landbou.

SAMSO het gevolglik besef dat hy glad nie anders kon optree as om met SAMPI se Oesdae mee te ding nie; gevolglik het SAMSO sy eie meganisasieprojek, bekend as die Mieliefeeste, aangebied.

Onderliggend aan beide projekte was dienslewering aan die boer, gebaseer op 'n beginsel wat SAMPI lankal reeds besef het en SAMSO heelhartig onderskryf het, as Fanie Beyers sê: "Die dae van statiese skoue, waar mense na stilstaande trekkers en masjinerie op verkoopspersele moes kyk, sonder om te weet of so 'n masjien eens doeltreffend kan werk of behoorlik ingestel kan word, is lankal verby. Die boer van vandag wil homself onder praktiese en verteenwoordigende omstandighede vergewis van die relatiewe eienskappe van verskillende tipes en groottes werktuie, sodat hy 'n beter keuse van werktuie vir sy eie omstandighede kan maak."[14]

Aanvullend daartoe was die propaganda-waarde daaraan verbonde. Dit het dus as 'n vertoonvenster na buite gedien, wat die mielieboer in staat gestel het om te bepaal watter organisasie die meganisasiedae die beste georganiseer het, asook die meeste boere op 'n sentrale plek byeen kon bring.

Daar was veral 2 baie belangrike verskille tussen die Oesdae en die Mieliefeeste.

---

14 *SAMSO*, Maart 1979, p. 63.

Die eerste hiervan was die afwesigheid van 'n vaste standplaas in die geval van die Mieliefees. SAMSO het ter motivering hiervan 3 redes aangevoer. Eerstens, het die demonstrasies onder verskillende landboutoestande plaasgevind. Die voordeel hiervan was dat die mielieprodusente nie jaarliks te doene gehad het met dieselfde tipe grond en ander omstandighede wat totaal van die boer se eie toestand verskil het nie. Tweedens, het dit meegebring dat dit nie telkens dieselfde groep mense was wat die wa deur die drif getrek het nie; gevolglik was daar altyd diegene wat met ywer en entoesiasme die reëlings getref het. Derdens, het dit die boer in staat gestel om die fees in sy eie omgewing by te woon, wat die ongerief uitgeskakel het om telkens na dieselfde terrein af te reis.[15]

'n Tweede belangrike verskil tussen die Oesdae en die Mieliefeeste was die personeelaanwending. In eersgenoemde geval het die onus volkome op vrywillige mielieboere berus, terwyl in laasgenoemde geval, daar ook van die amptenary van die proefpersele gebruik gemaak is, waar die Feeste aangebied is, om onder andere die landerye voor te berei.

Die Reëlingskomitee bestaande uit WJ Lyons, J Bader, PCJ Snyman, W Groothof, A van der Watt en FJ Lourens, onder die voorsitterskap van JH Pieterse, het reeds vroeg in 1977 aan die werk gespring om die reëlings vir die eerste fees te tref. Onderliggend hieraan het Thys Human toegegee dat SAMSO nie anders kon as om by SAMPI kers op te steek nie: "Ons het beslis uit die foute van die verlede geleer, en toe ons program so probeer aanpas dat dit tot die beste voordeel van die uitstallers, sowel as die mieliefeesgangers, sal verloop."[16] In Februarie 1978 is die eerste vergadering met die potensiële uitstallers gehou ten einde die praktiese reëlings te bespreek en moontlike oplossings aan die hand te doen.

Die tyd het nie stilgestaan nie en uiteindelik het 23 en 24 Mei 1978 aangebreek – die oomblik van waarheid vir SAMSO om te bepaal of sy eerste proeflopie op Wildebeesfontein, die Oos-Transvaalse Koöperasie (OTK) se terrein, tussen Bethal en Middelburg, suksesvol sou wees. Vir die 10 000 belangstellendes, waaronder Hendrik Schoeman, as openingspreker, Greyling Wentzel, Volksraadslid, Albert Basson, die President van die SALU, Jaap Wilkens, die President van die TLU en Ben Wilkens, die voorsittter van die Mielieraad, het

---

15 *Ibid.*
16 *Ibid.*, Bylae. "SAMSO-Mieliefees '78".

die meer as 60 uitstallers se ware van R18 miljoen genoeg gebied: trekkers, stropers, ploeë, saad en chemikalieë.[17]

Uiters tevrede met die sukses van die eerste poging, het SAMSO die groen lig gegee, sodat die 1979-Mieliefees aangebied kon word. Dié keer was die terrein die van "Sensako", asook 'n aangrensende stuk grond wat van Dawid Rousseau gehuur is, in die distrik Lichtenburg. Aan die hoof van die tweede Reëlingskomitee het Fanie Beyers gestaan. Met dieselfde ywer het die komitee alles moontlik gedoen om die reëlings betyds vir 28 en 29 Maart 1979 af te handel.

SAMSO het die bywoning as "bo verwagting goed" bestempel, wat ook belangrike gaste, wat onder andere die Rhodesiese Minister van Landbou, MH Partridge, as openingspreker, F Jonker, 'n Lid van die Provinsiale Raad en Morkel van Tonder, hoof van die Afrikaanse diens van die SAUK, ingesluit het. Vir hulle was daar weer die demonstrasie en statiese uitstallings – ter waarde van meer as R17 miljoen – te siene.

Tevrede met die poging, het SAMSO voortgegaan met die reëlings vir die derde Mieliefees te Daniëlsrus, tussen Reitz en Bethlehem, toe die SATVV aangekondig het dat sy lede en agentskappe, in die lig van die ernstige brandstofkrisis, nie meer aan enige groot meganisasiedae, soos byvoorbeeld, die Oesdae en die Mieliefeeste, gaan deelneem nie. SAMSO het akkoord gegaan dat dit brandstofvermorsing was, wat die doodsklokke vir die 1980-Mieliefees finaal gelui het.

Hiermee het SAMSO homself nie net in lyn geplaas met die SALU se Ekonomiese Sakekomitee nie, wat op 14 Februarie 1979 besluit het dat "daar veral tydens die reël van die Oesdae, baie brandstof vermors word ... en besluit die Komitee ... om by die Brandstofkomitee aan te beveel dat alle Oesdae in die toekoms verbied moet word",[18] maar ook met die opdrag van minister Heunis dat die SALU moes meehelp om brandstof te bespaar. As die vernaamste rede is aangevoer: vanweë die skaarste aan olie wat op die wêreldmark ondervind is, is die prys tot 35 dollar per vat opgejaag. Dit het beteken dat Suid-Afrika se olierekening die astronomiese bedrag van R4 000 miljoen beloop het. Aangesien dit net nie bekostig kon word nie, moes dit met die helfte verminder word. As

17 *Ibid.*, Junie 1978, p. 35; Bylae 1978, pp. 17, 33.
18 *Die Landman*, Januarie 1980, p. 7.

een van die vernaamste verbruikers van brandstof het die landbousektor dus geen keuse gehad as om besparing te bewerkstellig nie.[19]

Die feit dat SAMSO vir SAMPI probeer na-aap het met sy oesdae het natuurlik op sigself elemente van stryd ingehou.

In SAMPI se kritiek teen die aanbieding van die Mieliefeeste is nie soseer die meriete daarvan bevraagteken nie, maar eerder die oordrewe besoekersgetal wat aangegee is. SAMPI het hierdie kragmonstering as 'n leuen afgemaak, want by die eerste Mieliefees het, volgens hom, minder as 3 000 belangstellendes opgedaag. Dit het 'n groot probleem vir SAMSO geskep deurdat dit baie ver van sy meer as 8 000 ingeskrewe lede was. Die enigste wyse waarop SAMSO die probleem kon oplos, was die mededeling dat 10 000 besoekers opgedaag het; gevolglik het die getalle byna met mekaar ooreengestem. Op hierdie wyse moes SAMSO geloofwaardigheid aan sy aansprake besorg, het SAMPI beweer.[20]

Ludick Schlebusch, 'n SAMPI-ondersteuner, het geensins 'n goeie woord vir die eerste Mieliefees gehad nie: "Die eerste SAMSO-mieliefees is met min geesdrif begroet ... Daar was hope parkeerplek ... nie dat die parkeerplek so groot was nie, ... die eerste dag (was daar) 530 voertuie en die tweede dag 450 ... Van die uitstallers het gesê dat baie min mense die uitstallings besoek het ... min of geen besigheid is gedoen ... Die organisasie was swak. Niemand kon werklik uitvind wat aangaan nie ..." Samevattend sluit Schlebusch af: "Van die SAMSO-lede het erken dat die ... Mieliefees 'n mislukking, in vergelyking met die ... Oesdae was."[21]

SAMSO het glad nie hiermee saamgestem nie, en het aangedui dat hy geensins van plan was om by die stryd oor statistiek betrokke te raak nie. SAMSO het buitendien nie die nodigheid ingesien om, soos SAMPI, oor getalle ontsteld te raak nie. Al wat eintlik vir SAMSO saak gemaak het, was dat die Oesdae, sowel as die Mieliefeeste, 'n sukses moes wees.

Die besluit van SAMSO om nie in 1980 die Mieliefees aan te bied nie, het SAMPI ook nie ongesiens laat verbygaan nie. Die motivering van SAMSO dat dit brandstofvermorsing sou wees, het SAMPI om 3 redes nie aanvaar nie: Eerstens, was die Oesdae júís daarop gemik om die beskikbare brandstof nog

---

19 *SAMPI*, Lêer N 3/8/A1. Brandstofbesparing. Mededelings en Opdragte deur die Minister van Ekonomiese Sake, 21.5.79, pp. 1, 6.

20 *Die Landman*, Julie 1978, pp. 9, 17.

21 *Ibid.*, p. 17.

verder te bespaar, want die produsente het daar gesien hoe die ideale meganisasieprogram lyk; gevolglik kon hy daarvolgens beplan, sodat sy produksiekoste uiteindelik kon daal. Tweedens, was die Oesdae in die hartland van die mielieproduserende gebied geleë. Dit het die voordeel gehad dat die produsente nie té lang afstande daarheen hoef af te lê nie. Derdens, het SAMPI gesê dat, as die bywoning van groot sportbyeenkomste, soos boksgevegte en motorwedrenne, deur duisende toeskouers nie 'n vermorsing van brandstof was nie, het SAMPI nie verstaan waarom die Oesdae, wat 'n uiters noodsaaklike diens gelewer het, oor die onbillike kam van brandstofvermorsing geskeer is nie.[22]

SAMPI was eerder daarvan oortuig dat SAMSO die SALU se hulp ingeroep het om die Oesdae af gelas te kry, want SAMSO het geweet die Mieliefeeste het misluk; gevolglik is daar agteraf gekonkel deur na die strooihalm van brandstofbesparing te gryp, om die mislukking te verbloem.

'n Bykomende argument van die SALU teen die aanbieding van die Oesdae is ook in die notule te vinde, naamlik dat die boere in die versoeking geplaas is om onoordeelkundige aankope te doen. SAMPI het ook hiermee korte mette gemaak deur daarop te wys dat nét die teendeel waar is.

Die SATVV se voorneme om nie meer implemente op die Oesdag uit te stal nie, en SAMSO se steun daaraan het nie net die gramskap van SAMPI op die hals gehaal nie, maar het die verhouding tussen SAMSO en die SATVV vertroebel. Dit is veroorsaak deurdat "Malcomess", as 'n lid van die SATVV, maar die mees getroue ondersteuner van die Oesdae, besluit het om aan SAMPI se 1980-Oesdag deel te neem. Uiteindelik het al die SATVV-lede op dié Oesdag uitgestal.

SAMSO het hierdie optrede in die sterkste taal afgekeur, deur die SATVV daarop te wys dat sy geloofwaardigheid ernstig geknou is. Dit was in so 'n mate, dat SAMSO dit baie moeilik sou vind om die SATVV se *bona fides* by toekomstige onderhandelinge te aanvaar; gevolglik was SAMSO verplig om die Mieliefeeste onvoorwaardelik af te las.

Hierdie stap van SAMSO het baie goed in SAMPI se kraal gepas, maar hierdie sielkundige oorwinning het SAMPI weer eens laat besef watter druk daar deurentyd was om die Oesdae tot 'n einde te bring. 'n Sprekende voorbeeld was die verbod wat Hendrik Schoeman in 1976 geplaas het op studente van die

---

22 *Ibid.*, Januarie 1980, p. 7.

landboukolleges wat die Oesdae wou bywoon. Daar is selfs gedreig dat die studente hulle toetspunte sou verbeur, indien die omsendbrief geïgnoreer sou word. Die studente van die Potchefstroomse Landboukollege het hulle daarteen verset. Nie net het Dries Cornelius, die voorsitter van die Studenteraad, 'n petisie daarteen georganiseer nie, maar het ook beplan om 'n afvaardiging na Schoeman te stuur. Uiteindelik is voor die studente se druk geswig en is hulle toegelaat om as individue die Oesdae by te woon.[23]

Wat ookal die meriete was van SAMSO se besluit om die Mieliefeeste te staak, bly die feit staan dat SAMPI se besluit om met sy Oesdae voort te gaan 'n wyse standpunt was. Trouens dit is die één gebied waarop SAMPI vir SAMSO totaal oorskadu het.

SAMPI het deur sy Oesdae meer bekendheid verwerf as deur enige van sy ander aktiwiteite. Die bekwame wyse waarop die reëlings getref is, en die goeie fasiliteite wat aangebied is, was vir beide deelnemers en toeskouers 'n aantreklikheid, vandaar die feit dat die verrigtinge elke jaar groter afmetings aangeneem het.

Geen wonder dus dat SAMSO in sy poging om SAMPI na die kroon te steek, iets soortgelyks as die Oesdae wou aanbied nie. Ongelukkig vir hom was hy nooit instaat om SAMPI se prestasie te ewenaar nie.

Een van die redes vir die sukses van die Oesdae, is die groot rol wat die dames daarin gespeel het. Trouens, dit was die een gebied waarop die SAMPI-lede en hulle vrouens ten nouste kon saamwerk, en dit ook gedoen het. Vanaf die eerste Oesdae is die vrouens ten nouste betrek, en dit het deurgaans die patroon gebly. Met die eerste Oesdae, wat op verskillende plekke aangebied is, moes die vrouens verantwoordelikheid aanvaar om die groot aantal skougangers kos te gee. Op dié wyse het die Sentrale Oesdagkomitees, wat uit mans en vroue bestaan het, beslag gekry.

Sedert 1973, toe die Oesdag 'n permanente standplaas op Marthaville in die Bothaville-distrik gekry het, het Isabel de Jager die leiding van die dameskomitee op haar geneem. Sy is opgevolg deur Hettie Ferreira, wie saam met haar man, Fanie Ferreira, vir tien jaar die taak op hulle geneem het om vir die verversings op die Oesdae te sorg. Hulle is fluks bygestaan deur die ander Hoofbestuurslede se vrouens en by elke geleentheid ook nog ongeveer honderd

23 *Ibid.*, Mei 1976, p. 3.



*Fanie en Hettie Ferreira aan die werk by die Oesdag. Die geheim van die suksesvolle Oesdae word daaraan toegeskryf dat dit "familiedae" was waar gesinne hartlik saamgewerk het.*

ander vrouens van SAMPI-lede, wat volgens Hettie Ferreira hulle dienste spontaan aangebied het.

Veral met die eerste oesdae was dit uiters harde en vermoeiende werk, want die fasiliteite was beperk. Dit het vindingrykheid geverg om die kos warm te hou en dit keurig aan die skougangers te bedien. Wat hulle self kon vervaardig, is nie klaar gekoop nie. Skape en beeste is self geslag en bewerk, honderde meters wors is gemaak, om van sosaties en ander lekkernye nie te praat nie. Hier was Fanie die voorbok, wat graag met vleis gewerk het.

So het die Oesdae werklik 'n "familie"-aangeleentheid geword waarin almal wat kon 'n positiewe bydrae gelewer het. Dit het hele gesinne ingesluit, en het 'n samehorigheidsgevoel ontwikkel wat nooit deur SAMSO se Mieliefeeste geëwenaar kon word nie. Die Oesdae het in die dae van stryd veel daartoe bygedra dat die SAMPI-lede trots op hulle organisasie kon wees, omdat dit so 'n unieke en suksesvolle onderneming was.

Die vroue van SAMPI se rol was nie net tot die Oesdae beperk nie. Hulle het in die moeilike en onaangename jare van verset en twis lojaal aan hulle mans se sye gestaan. Dit was veral waar van die vroue van die Hoofbestuurslede, Hettie Ferreira, Isabel de Jager, Bibie Crawford en Hester Nel. Hulle het alles ten nouste saam met hulle mans beleef. Hettie Ferreira vertel dat Fanie na elke vergadering, wat selfs tot tweeuur in die môre kon duur, alles weer saam met haar herleef het. Tot in die fynste besonderhede sou hy vertel wat op die vergadering voorgeval het.[24] Hulle is ook dikwels betrek by die samesprekings, en het hulle menings met vrymoedigheid aangebied. "As ons saam gekuier het, het ons SAMPI gekuier", vertel Hettie.[25] Dikwels kon hulle hoor hoe die mans wat in vergadering was, hewig van mekaar verskil het, maar onder die vrouens was daar nooit onenigheid nie.

Die vrouens se opregte belangstelling in hulle mans se doen en late, en die morele ondersteuning wat hulle in die stryd om 'n beter bedeling vir die mielieprodusente gebied het, is een van die uitstaande kenmerke van SAMPI, en baie van sy sukses moet daaraan toegeskrywe word. Hulle het graag saam met hulle mans gereis wanneer vergaderings toegespreek moes word, en het ook gereeld kongresse bygewoon. Maar by tye moes hulle agterbly om na die

24 *NAMPO*, Onderhoud, Marais met mev. H Ferreira.
25 *Ibid.*

boerderybelange om te sien, want die Hoofbestuurslede se pligte het hulle soms vir aansienlike tye van hulle plase afgehou.

Dit sou dus kortsigtig wees om die sukses van SAMPI net aan die ywer van die lede toe te skryf. Die opregte belangstelling en meelewing van die vrouens was nodig om die mans aan te moedig om vol te hou in die stryd. Daarvoor kom die eer die vrouens toe.

# HOOFSTUK 8

# VERDERE VERSOENINGSPOGINGS EN MIELIE-EENHEID

As gevolg van die onvergenoegdheid en geweldige toenemende verdeeldheid tussen SAMPI en SAMSO, het die dringende noodsaaklikheid om eenheid te bewerkstellig, al duideliker geblyk. Die twis in die openbaar tussen die mielieprodusente het kontra-produktief geword. Die vraag was egter op watter basis versoening bewerkstellig kon word sodat dit permanent van aard sou wees.

Omrede die verdeeldheid ook vir die Regering 'n verleentheid geword het, en veral ook in die lig van die "ongekende ekonomiese- en militêre aanslag"[1] op daardie stadium teen Suid-Afrika, het die Minister van Landbou, Hendrik Schoeman, sekerlik meer as enigiemand anders geweet dat 'n verdeelde mieliebedryf nie langer bekostig of geduld kon word nie. Ooreenkomstig sy vroeëre belofte van "'n meesterplan",[2] om versoening te bewerkstellig, het Schoeman op 11 Januarie 1979 tot aksie oorgegaan.

Om die uitgerekte en tydrowende onderhandelinge van vroeër te vermy, het Schoeman anders te werk gegaan. Hierdie keer het hy 'n vooraf-opgestelde eenheidsdokument vir kommentaar aan beide SAMPI en SAMSO beskikbaar gestel.[3] Hierin het Schoeman aan die hand gedoen dat die geskille as iets van die verlede beskou moes word. Binne hierdie versoenende klimaat sou dit moontlik wees om 'n verkiesing uit te roep, waartydens elke mielieprodusent wat mielies vir bemarking produseer, kon stem. Al sou so 'n persoon nie lid van die Georganiseerde Landbou wees nie, kon hy dan minstens 2 jaar lank as lid by die nuwe organisasie aansluit. Dit sou opgevolg word deur die samevoeging van bates, insluitend die 5c-heffing, van beide organisasies, asook die ontbinding van die Mielieraad. As voorwaarde is egter gestel dat die nuwe mieliespesialiteitsorganisasie as 'n integrale deel van die SALU sou funksioneer.[4]

Betreffende die wyse waarop die verkiesing sou plaasvind, is voorgestel dat dit voor 16 Februarie 1979, binne die raamwerk van die Georganiseerde Landbou, moes geskied. Die dringendheid hiervan was 'n gevolg van die

---

1 PV 727: *SAMPI-versameling*. Lêer 2/1/20/12/2. Eenheid in die mieliebedryf (hierna "Eenheid in bedryf" genoem), 8.1.79, p. 1.
2 *Die Landman*, Junie 1978, p. 6.
3 *SAMPI*, Lêer 2/1/20/12/2. Eenheid in Bedryf, 8.1.79, pp. 1-8.
4 *Ibid*., pp. 2-8.

mielieprysvergaderings wat voorgelê het. Tydens die verkiesing moes 400 produsente-afgevaardigdes, op 'n streekproduksiegrondslag, asook 70 koöperatiewe produsente-afgevaardigdes, met die oog op die eerste Kongres, aangewys word. Laagenoemde afgevaardigdes sou met die oog op die verkiesing deur Unie Graan genomineer word, en sou daardie persone uitsluit wat by die vorige samesprekinge betrokke was. Die dag na die verkiesing sou die verkose afgevaardigdes op 'n sentrale plek in die onderskeie streke vergader om 'n streekvoorsitter, as verteenwoordiger in die Uitvoerende Raad, te verkies. Die Uitvoerende Raad sou uit die 20 gekose streekslede, 3 koöperatiewe verteenwoordigers, die voorsitter en onder-voorsitter bestaan.[5]

Schoeman se voorstel, insake diegene wat by die 1976/77-onderhandelinge tussen SAMPI en SAMSO betrokke was, was glad nie konsekwent nie. Sonder om name te noem, is verklaar dat diegene nie toegelaat sou word as afgevaardigdes na die Kongres, of om tot die Uitvoerende Raad verkies te word nie. Daarna is hulle weer ingesluit as Schoeman verklaar dat die voorsitter of onder-voorsittter enige mielieprodusent kon wees, ongeag of hy reeds voorheen by onderhandelinge betrokke was, al dan nie. Hierdie 2 persone sou deur die 20 streeks- en die 3 koöperatiewe verteenwoordigers onder die voorsitterskap van die Adjunk-minister van Landbou, Sarel Hayward, verkies word.

Verder is voorgestel dat die uitvoerende Raad direk na oorname die volgende take moes uitvoer: die Kongresreëlings, mielieprysformulering en die voorlegging daarvan asook die wysiging van die ooreengekome reglement vir voorlegging aan die Kongres. Die Uitvoerende Raad sou egter 'n maand grasie gegun word om die naam van die organisasie, die naam van die mondstuk, asook die embleem te bepaal. Aangesien die reëlings van die SAMPI-Oesdag en die SAMSO-Mieliefees reeds in 'n gevorderde stadium was, sou daarmee voortgegaan word.[6]

Ten einde die Mielieraad te vervang, sou die Uitvoerende Bestuur daarvoor verantwoordelik wees om binne 'n week na sy samestelling, 'n verkiesing uit te roep om die nuwe Raadslede aan te wys. Behalwe dat die dienende lede herkiesbaar was, is aangedui dat enige mielieboer, wat mielies vir bemarking

---

5 *Ibid.*, pp. 7-8.
6 *Ibid.*

produseer, verkiesbaar is, ongeag of hy by die vorige onderhandelinge betrokke was, al dan nie.

Minister Schoeman het ten slotte aangedui dat enige verskille of onduidelikhede, wat oor die voorstelle bestaan het, deur Hayward na goeddunke besleg kon word, en dat sy beslissing finaal sou wees.[7]

SAMSO en SAMPI het glad nie dieselfde gevoel en reaksie oor die dokument gehad nie. Hoewel SAMSO die voorstelle as "ingrypend" bestempel het, is dit "ter wille van eenheid",[8] onvoorwaardelik aanvaar.

SAMPI, op sy beurt, het na indringende bestudering van Schoeman se voorstelle, kommentaar gelewer en sy eie voorstelle gemaak. Aanvanklik het SAMPI sy tevredenheid uitgespreek met die Owerheid se beleidsverandering, wat erken het dat SAMPI 'n belangrike deel van die mielieprodusente verteenwoordig. Hierdie feit kon nie oor die hoof gesien word as daar na 'n oplossing van die probleme in die mieliebedryf gesoek word nie. Daarby is die benadering gesteun dat die mielieprodusente self toegelaat sou word om oor hul eie bedryf se toekoms te besluit. Hoewel SAMPI opnuut sy uiterste misnoeë te kenne gegee het oor die Owerheid se weiering om in 1977 die Stigtingskongres byeen te roep, het SAMPI aangedui dat hy wéér bereid is om hom na die mielieboere vir uitsluitsel te wend. Hieroor sê SAMPI: "Nog nooit ... het enige organisasie ... 'n groter toegewing ter wille van samewerking gemaak nie."[9]

SAMPI het sy misnoeë te kenne gegee met die voorstel dat daardie leiers, wat by die vorige onderhandelinge betrokke was, uitgeskakel sou word, aangesien sodanige optrede inbreuk maak op die demokratiese werkswyse, wat deurgaans deur Schoeman gehandhaaf is. Hieromtrent het SAMPI voorgestel dat die persone geïdentifiseer word, en dat nie een van hulle op enige manier of vlak vir 'n bepaalde tyd by die bedryf betrokke moes wees nie.

SAMPI het daarop gewys dat 'n hele aantal voorstelle 'n gees van partydigheid geopenbaar het, want dit is duidelik dat die dokument in samewerking met SAMSO en die SALU opgestel is. Dit blyk uit die aanwending van SAMSO se konstitusie om die aantal kongresafgevaardigdes te bepaal, die gebruikmaking van SAMSO se streeksindeling, die rol van Unie Graan by die aanwys van

---

7 *Ibid.*
8 *Ibid.*, Lêer D 5/4/1. Persverklaring, Januarie 1979.
9 *Ibid.*, Lêer 2/1/20/12/2. SES Ferreira aan lede, 31.1.79. Sien ook Samewerking in die mieliebedryf (hierna "Samewerking" genoem), 27.1.79, p. 1.

die koöperatiewe afgevaardigdes, en die Owerheid se beleid by die aanwys van die Mielieraadslede. Laasgenoemde instansies se benadering tot SAMPI sou beslis daartoe lei dat SAMSO 'n 100 persent kans gebied is om die drie koöperatiewe verteenwoordigers op die Uitvoerende Raad verkies te kry. Daarby het SAMPI sy bedenkinge uitgespreek oor die alleenreg, wat aan die Adjunk-minister van Landbou gegee is om as arbiter op te tree, aangesien hy reeds by verskeie geleenthede sy onomwonde steun aan die SALU toegesê het.[10]

As gevolg van bogenoemde bevoordelings, was dit vir SAMPI onaanvaarbaar dat sy lede in hulle keuse-uitoefening benadeel sou word. Dit is gesien in die lig daarvan dat aan die nuut-verkose Uitvoerende Raad die mag verleen is om self die voorsitter en onder-voorsitter, buite die Kongres, en uit al die mielieprodusente, te kies, ongeag die feit òf hulle tot die Uitvoerende Raad verkies is òf by die vorige onderhandelinge betrokke was. Dieselfde was van toepassing by die benoeming van die Mielieraadslede, wat deur die Uitvoerende Raad aangewys sou word.

Volgens SAMPI was hierdie verkiesingsreëlings strydig met die gees van die skikkingsdokument: enersyds, sou dit die voormalige leiersfigure wat by die onderhandelinge betrokke was, op alle vlakke uitskakel, maar andersyds, is SAMSO se bestaande en gewese leiers op hierdie wyse 'n uitstekende kans gegun, om nieteenstaande hulle aanvanklike uitskakeling, wéér in hulle posisies aangestel te word.

SAMPI was van mening dat, indien die beginsel van die demokrasie aanvaar is, dit deurgaans toegepas moes word. Hier het SAMPI verwys na die voorstel dat die mielieprodusente nie die voorsitter en onder-voorsitter op die Kongres kon verkies nie. Dit was 'n situasie wat SAMPI glad nie bereid was om te aanvaar nie, veral as daar na sy beleid gekyk word, waar SAMPI deur die lede en Hoofbestuur na bo werk.

SAMPI het ook gesê dat samewerking in die mieliebedryf nie op 'n sentimentele grondslag kon berus nie, maar weliswaar op die basis van meriete en dat die voorstelle in belang van die produsente oorweeg sou word. In die verband het SAMPI na die 1977-ooreenkoms verwys en aangedui dat dit nie duidelik is waarom daar nie op daardie basis vir eenheid gewerk kon word nie.

---

10 *Ibid.*, p. 2.

SAMPI het bygevoeg dat dit verwelkom sou word, indien die 340 produsente wat toe verkies is, byeengeroep sou word, om met hulle taak voort te gaan.[11]

Bo en behalwe laasgenoemde voorstelle om tot 'n skikking te kom, het SAMPI hom tot eenheid verbind, maar op daardie beginsels van die demokrasie, wat ononderhandelbaar is. Daar moes 'n verkiesing uitgeskryf word waartydens die *bona fide*-mielieprodusente, of hulle lid is van die SALU al dan nie, en van wie die 5c-heffing verhaal is, stemgeregtig sou wees om die afgevaardigdes na die Stigtingskongres aan te wys. Hierdie verkiesing moes op 'n streeksproduksiegrondslag, ooreenkomstig die 1977-model, plaasvind. Binne hierdie streke moes die stemming op 'n een-man-een-stem-basis geskied, ongeag die hoeveelheid mielies wat gelewer is. Alleenlik die verkose produsente sou in die vaslegging van die konstitusie van die te stigte organisasie seggenskap kry.

SAMPI het hom opnuut ten gunste van koöperatiewe verteenwoordiging op kongresvlak uitgespreek. Die steeds geldende voorwaarde was egter dat die omvang van daardie verteenwoordiging deur die gekose produsenteverteenwoordigers, tydens die finalisering van die konstitusie van die nuwe organisasie, bepaal moes word.

SAMPI het ten slotte ook sy misnoeë laat blyk oor die wyse van hantering van die "Hoogs Vertroulik(e)"[12] dokument. SAMPI het gesê dat hy verbaas was toe daar reeds op 20 Januarie 1979 oor die radio en TV daarvan kennis geneem is, terwyl hy dit eers op 24 Januarie 1979 ter insae gehad het. Hier is dit as "'n onpartydige en onafhanklike" dokument aangeprys, wat nie die waarheid was nie, want Schoeman het 'n week later tydens 'n ontmoeting met SAMPI, erken dat hy SAMSO geraadpleeg het om die dokument op te stel.[13]

In sy reaksie op SAMPI se alternatiewe voorstelle, het SAMSO sy ontevredenheid onomwonde laat blyk, want die verkiesing, met die oog op die reëlings vir die vasstelling van die mielieprys, sou te laat plaasvind. Dit sou op sy beurt beteken dat daar 'n vertraging in die aankondiging van die prys sou wees. Dit sou die mielieprodusente onnodig baie geld kos, want die binnelandse verbruik van mielies was oor die 100 000 ton per week. Sou die prys met net R10,00 styg, wat boonop uiters konserwatief geskat is, en die aankondiging te laat sou wees,

---

11 *Ibid.*, p. 3.
12 *Ibid.*, Ferreira aan lede, 31.1.79.
13 *Ibid.*

het dit beteken dat die produsente R100 000 per dag sou verloor. SAMSO het ook gesê dat hy baie gretig was dat die nuwe voorgestelde Mielieraad by die 1979-prysbepaling betrokke moes wees, sodat al die produsente daarby verteenwoordig kon wees.

As gevolg van hierdie finansiële werklikhede, maar ook omdat die Schoeman-versoeningsplan vir 'n demokratiese verkiesing deur alle produsente voorsiening gemaak het, was dit geheel en al onnodig dat daar verdere samesprekinge met die Minister gevoer word. Volgens SAMSO was Schoeman se idee om voorwaardes op te stel, om daardeur enige onderhandelinge uit te skakel, heeltemal verstaanbaar, want dit was nog altyd onsuksesvol.[14]

SAMPI het nie nagelaat om op SAMSO se kommentaar te reageer nie. Hy het gesê dat die produsentelede op die bestaande Mielieraad almal lede van SAMSO was, maar indien die mielieprodusente op die beplande Kongres die produsente van hulle eie keuse verkies het, sou dit beteken dat SAMPI ook in die prysbepalingsproses inspraak kry. Volgens SAMPI het SAMSO verwag dat sodanige verandering die mieliebedryf R1 miljoen per week kon bespaar, wat aan die totale binnelandse besteding aan mielies gelykstaande was. SAMSO het dus erken dat hy as gevolg van sy Mielieraadslede die bedryf R1 miljoen per week gekos het.[15]

As gevolg van SAMPI se besware het Schoeman na die tekenbord terug gegaan om nuwe voorstelle in die verband te formuleer. Hierna het Schoeman wéér aan beide partye sy sogenaamde "finale voorstelle"[16] vir aanvaarding voorgelê. Schoeman het weer duidelik verklaar dat die nuwe organisasie as 'n integrerende deel van die SALU sou funksioneer, en óók van Owerheidsweë gesien, die enigste erkende mielieorganisasie in Suid-Afrika sou wees.

Rakende die verkiesing het Schoeman voorgestel dat dit op 13 Maart 1979, binne die raamwerk van die Georganiseerde Landbou, gehou sou word. Alle *bona fide*-mielieboere kon aan die verkiesing deelneem, ooreenkomstig die voorwaardes wat in die eerste dokument vervat is. As basis vir die verkiesing sou dien die 1977-konsep-reglement, waarop SAMPI en SAMSO ooreengekom het, met die belangrike uitsondering dat 400 produsenteverteenwoordigers op 'n

---

14 *Ibid.*, Lêer D 5/4/2. Persverklaring, Februarie 1979.

15 *Die Landman*, Februarie 1979, p. 11.

16 *SAMPI*, Lêer 2/1/20/12/2. Eenheid in die mieliebedryf (hierna "Eenheid" genoem), 13.2.79, p. 1.

# SAMPI SE LAASTE HOOFBESTUUR
# 1980



| | |
|---|---|
| *Voor v.l.n.r.:* | *AP du Preez, CI von Abo, HPJ de Jager (Vise-Voorsitter), SES Ferreira (Voorsitter), Dr. PJ Gous (Hoofbestuurder), CJJ de Kock* |
| *Tweede ry:* | *M Haddad, GN Dannhauser, PS Wilson, JE Grobler, JH Viljoen, JP le Roux* |
| *Derde ry:* | *Dr. PE van der Dussen (Ekonoom), CJ van Wyk, JL Venter, L Schlebusch, AC van Heerden, NJ du Plessis* |
| *Agter:* | *JG du Bruyn, AP Visser, JPR Minnaar, MD Bester, PR Schoeman* |
| *Inlasfoto's:* | *H Nel, JP du Preez, JA Fourie* |

distriksproduksiegrondslag gekies word. Aangesien daar dus geen koöperatiewe afgevaardigdes verkies sou word nie, sou die verkose Bestuur tydens die konstituering die vereiste koöpterings doen. Die reëlings vir die hou van die verkiesing sou onder die beskerming van die Minister van Landbou, in samewerking met die amptenary van SAMPI en SAMSO plaasvind.[17]

Schoeman het aan SAMPI se versoek voldoen deur diegene wat by die vorige onderhandelinge betrokke was, en nie toegelaat sou word om tot die Stigtingskongres en die eerste Kongres, verkiesbaar te wees nie, te identifiseer. Uit SAMPI se geledere was dit Fanie Ferreira, Hennie de Jager, Crawford von Abo, André du Preez en Hannes de Kock. Van SAMSO was dit Faan Basson, Japie van Eeden, Ben Wilkens, Andries Beyers en Thys van der Hoven. Daar is ook gesê dat die persone vir 'n kongrestermyn, beginnende met die eerste Kongres, nie as afgevaardigdes verkiesbaar sou wees nie.[18]

Binne 'n week na die verkiesing, sou Schoeman die verkose afgevaardigdes byeenroep ten einde die Stigtingskongres van die nuwe organisasie te hou. By die geleentheid sou aan 'n wye reeks aangeleenthede aandag gegee word. Eertens, sou die 1977-konsep-reglement as die grondslag vir die organisasie oorweeg en aanvaar word. Tweedens, sou die Bestuur, insluitende die voorsitter en onder-voorsitter, verkies word. Derdens, geskied die aanwys van persone met die oog daarop dat Schoeman uit hulle geledere produsentelede vir die Mielieraad sou benoem. Dit sou meebring dat die bestaande Mielieraad bedank om vir die nuwe verteenwoordigers plek te maak. Oor die verkiesing van die voorsitter, onder-voorsitter en Mielieraadslede is dit duidelik uitgespel dat enige *bona fide*-mielieprodusent, ongeag of hy by die vorige onderhandelinge betrokke was, al dan nie, verkiesbaar sal wees. Vierdens, sou die Kongres aan die Bestuur opdrag gee om alle sake, wat die belange van die produsente raak, namens die nuwe organisasie te hanteer.

Schoeman het gesê dat by die gesamentlike aanvaarding van die voorstelle beide organisasies so spoedig moontlik sou ontbind. Dit sou beteken dat beide Besture vanaf die dag voor die verkiesing, ophou om te funksioneer, behalwe om die reëlings te tref wat daarop gemik is om hulle organisasies te ontbind. Terselfdertyd sou die bates van beide SAMPI en SAMSO bevries en

---

17 *Ibid.*, pp. 1-5.
18 *Ibid.*, p. 2.

saamgevoeg word, om tot die beskikking van die nuwe organisasie, onder die voogdyskap van die Minister van Landbou, in trust gehou te word. Dit sou op so 'n wyse geskied, dat albei organisasies in die tussentyd nie in die uitvoering van hulle normale werksaamhede belemmer word nie.

Oor die Oesdag en die Mieliefees het Schoeman, soos in die eerste dokument, beklemtoon dat daar met die reëlings voortgegaan moes word.

Ten opsigte van die ontstaan van verskille of onduidelikhede wat kon opduik, het Schoeman homself as die arbiter aangewys, en sou dit nie meer in die hande van Hayward wees nie.[19]

Vanweë die erns van die aangeleentheid, het Schoeman selfs sover gegaan om 'n alternatiewe voorstel aan die hand te doen, indien die tweede dokument nie vir albei organisasies aanvaarbaar sou wees nie, en SAMPI sou voortgaan om te beweer dat die Regering die minderheidsgroep van die mielieprodusente erken het. Wat Schoeman in gedagte gehad het, was die uitroep van 'n referendum, waartydens al die *bona fide*-mielieprodusente die kans sou kry om te stem vir die organisasie van hulle keuse, maar op die voorwaarde dat SAMPI en SAMSO vooraf hulle bates sou laat saamvoeg. Op grond van die uitslag sou die Regering bepaal watter een van die strydende partye die enigste erkende organisasie sou wees. Schoeman het óók daarop gewys dat, indien nie een van die voorstelle aanvaar sou word nie, hy die saak finaal as afgehandel sou beskou, en sou die *status quo* gehandhaaf word.[20]

SAMSO en SAMPI het weer uiteenlopend oor Schoeman se tweede hersiene voorstel gereageer. SAMSO het aangekondig dat sy Kongres die finale eenheidsdokument onvoorwaardelik aanvaar, en indien die verkiesing nie gehou word nie, maar weliswaar die referendum, dit die laatste op 13 Maart 1979 moes plaasvind. Dit sou beteken dat die nuwe organisasie die geleentheid sou kry om by die bepaling van die mielieprys inspraak te hê. Indien beide voorstelle van Schoeman nie vir SAMPI aanvaarbaar sou wees nie, het SAMSO óók die saak as finaal afgehandel beskou, wat beteken het dat SAMSO tevrede sou wees, indien die *status quo* in die toekoms gehandhaaf word.[21]

SAMPI het hom weinig gesteur aan Schoeman se dreigement dat die voorstelle "finale voorstelle" was, want daar was beslis sake wat nog gehaper het.

---

19 *Ibid.*, pp. 3-5.
20 *Ibid.*, p. 6.
21 *Ibid.*, Lêer K 1/4/1. SAMSO aan HSJ Schoeman, 1.3.79.

SAMPI het die referendum-alternatief baie aanloklik gevind, as gevolg van die "13 Jaar van miskenning in 'n veld waar (die Instituut) die pionier was, en nog steeds die leiding gee". SAMPI was egter nie hiervoor te vinde nie, want hoewel "dit 'n besliste uitsluitsel sal gee, (dit) nie die aangewese weg sou wees wat vir toekomstige samewerking bevorderlik is nie".[22] Hierdie alternatief was te negatief in die lig daarvan dat die wenner alles kry, terwyl die verloorder totaal uitgeskakel word.

In die lig van bogenoemde en ook SAMPI se reeds bekende standpunt insake die hou van 'n verkiesing, gebaseer op die 1977-voorstelle, het SAMPI die eerste alternatiewe voorstel onderskryf. Dit het beteken dat die aantal afgevaardigdes 340, en nie 400 nie, moes wees en dat al die ander praktiese reëlings betrokke by die verkiesing, ooreenkomstig die 1977-plan moes geskied.

SAMPI was ook van mening dat geen persoon vooraf van deelname aan die Kongres uitgeskakel sou word nie, maar dat die mieliepodusente self moes besluit oor wie hulle sou verteenwoordig. Sou die persone wel uitgeskakel word, moes die beginsel nie net vir die Kongres geld nie, maar ook vir die Mielieraad, ooreenkosmtig die termyn, soos voorgestel.

SAMPI het verder die mening gehuldig dat, aangesien Schoeman baie waarde aan die kontinuïteit van die Mielieraad geheg het, SAMPI geen besware gehad het as die termyn verleng word, sodat die Raad die prysvoorstelle kon hanteer nie. SAMPI was ook sterk ten gunste daarvan dat alle *bona fide*-mielieprodusente, ongeag of hulle lede van die SALU is of nie, en van wie die 5c-heffing afgetrek is, stemgeregtig sou wees met die verkiesing van die afgevaardigdes vir die Stigtingskongres. Daar moes hoegenaamd nie enige vereiste ten opsigte van lidmaatskap, byvoorbeeld die ondertekening van die onderneming om vir 2 jaar aan te sluit, gestel word nie.

SAMPI het in die lig van die miellieprysformulering aangedui dat die haas waarmee die hele proses afgehandel moes word, onnodig is, en dat dit eerder wenslik is dat die verkiesing tussen Mei en September 1979 plaasvind.[23] Jan Beukes, 'n afgevaardigde na die 1979-Jaarkongres, vat dit so saam: "Ons stry al

---

22 *SAMPI*, Lêer 2/1/20/12/2. Hoofbestuur se siening van die Minister van Landbou se skikkingsvoorstelle en aanbevelings in dié verband aan Kongres (hierna "Hoofbestuur se siening" genoem), 20.2.79, pp. 1-5.

23 *Ibid.*, p. 5. SAMPI se kommentaar oor die Minister van Landbou se tweede skikkingsdokument, 13.2.79, p. 5; Lêer 2/1/33/5/1. PJ Gous aan Schoeman, 23.2.79, p. 2.

13 jaar vir die heil van die mieliebedryf. Wat sal dit nou saak maak as die stryd nog 'n jaar voortduur?" Hans Coetzee, ook 'n afgevaardigde, vra in dieselfde trant: "Waarom die haas waarmee die skikpoging gestoomroller word?"

Laastens het SAMPI van sy voorstelle gesê dat, indien dit nie vir Schoeman aanvaarbaar sou wees nie, dit nét een ding beteken: by hom en SAMSO was daar geen eerlike bedoeling nie om samewerking, wat werklik tot die voordeel van die bedryf sou strek, te bewerkstellig.[24]

SAMPI se tweede stel voorwaardes het veroorsaak dat die vredesduif nie langer op die grond bly sit het nie. Basson het SAMPI se optrede in die skerpste taal moontlik veroordeel: "Ek vind dit vreemd dat SAMPI hierdie finale eenheidspoging probeer fnuik. Die vraag ontstaan in watter mate SAMPI, soos hy beweer, die meerderheid van mielieboere verteenwoordig. Dalk is dit 'n saak wat getoets moet word. In die eenheidspoging het SAMSO die rol van die mindere gespeel ... nou dat (SAMPI die) kans het om die leisels in die hand te neem, skram hy weg ..." Ter ondersteuning van Basson het die lyfblad, *SAMSO*, gesê dat enersyds was SAMPI se voorwaardelike aanvaarding van Schoeman se tweede voorstel in werklikheid die algehele verwerping daarvan, terwyl SAMSO se aanvaarding daarvan, andersyds, beteken het dat SAMSO ter wille van eenheid "agteroorgebuig" het.[25]

Schoeman het ooreenkomstig sy "finale voorstelle", verklaar dat hy nie verder as bemiddelaar tussen SAMPI en SAMSO sou optree nie.[26] Hy het ook gesê dat, indien daar 'n sterk genoeg begeerte tussen SAMPI en SAMSO bestaan het om onderlinge eenheid te bewerkstellig, die onus voortaan op hulle sou rus om self die volgende stappe met die oog op samewerking te doen.

Die tweede gedeelte van Schoeman se verklaring het later groot reaksie en onsekerheid binne die mieliegemeenskap ontlok. Schoeman het aangedui dat hy in die toekoms, as dit sou kom by die belangrike sake, soos prys- en ander landboubeleidsaangeleenthede, hy ooreenkomstig die Bemarkingswet van 1968, hom deur die voorstelle van die Mielieraad en die ander landbourade, asook die Nasionale Bemarkingsraad, sou laat lei. Insake die spesialiteitsorganisasies,

---

24 *Die Landman*, Maart 1979, pp. 17-21.
25 *SAMSO*, Maart 1979, p. 25.
26 *SAMPI*, Lêer D 5/4/1. Persverklaring, 13.3.79.

insluitend SAMSO, is gesê dat die organisasies voortaan hulle voorstelle deur die SALU aan die Beheerrade moes voorlê.[27]

In sy reaksie op Schoeman se besluit om hom te onttrek, het SAMPI sy spyt te kenne gegee, en gesê dat die redes daarvoor onbekend is. Dié verklaring van SAMPI moet gesien word teen die agtergrond van die onderhandelinge wat reeds ver gevorder het, en dat SAMPI se voorbehoude nie teen die gees van Schoeman se voorstelle ingedruis het nie. SAMPI het hierop voortgebou deur te sê dat die Schoeman-voorstelle en SAMPI s'n aanvullend tot mekaar is, veral met betrekking tot die reg van die mielieprodusente om op 'n demokratiese wyse, deur middel van 'n outonome spesialiteitsvereniging, hulle eie bedryf se sake te hanteer. SAMPI het gevra of SAMSO se verwerping van hierdie beginsel nie die rede vir Schoeman se onttrekking was nie, en as dit so is, duik die volgende vraag op: Was die oënskynlike poging tot samewerking nie maar net wéér, soos in die vorige gevalle, 'n poging om SAMPI uit te skakel nie?

SAMPI het ook na SAMSO se onvoorwaardelike aanvaarding van die Schoeman-voorstelle verwys, en gesê dat in die lig van die gesamentlike formulering daarvan – 'n proses waarby SAMPI glad nie betrek is nie – dit vanselfsprekend belaglik sou wees, indien SAMSO nie sy eie voorstelle aanvaar het nie.[28]

Die weiering van SAMSO om enigsins oor die voorstelle te onderhandel, het veroorsaak dat enige toekomstige samewerking uitgeskakel is. Buitendien was SAMPI van mening dat dit 'n mors van tyd was; gevolglik is besluit om eerder daardie tyd en moeite aan die finansiële bevordering van die mielieboere te bestee. SAMPI het homself egter steeds bereid verklaar om met die SALU oor affiliasie te praat, op die voorwaardes dat dit binne die regte klimaat moes geskied, en dat SAMPI toegelaat sou word om as 'n outonome liggaam te affilieer.[29]

SAMSO het in sy reaksie op Schoeman se besluit, en die gevolglike mislukking van die eenheidspoging, óók sy spyt uitgespreek, veral in die lig van sy onvoorwaardelike aanvaarding van die voorstelle. Dít, sowel as SAMPI se herhaalde weiering om dié voorstelle te aanvaar, het veroorsaak dat die bal voren-

27 *Ibid.*
28 PV 731: *SES Ferreira-versameling* (ongeorden). Persverklaring, 13.3.79. Sien ook *Die Landman*, April 1979, p. 9.
29 PV 729: *CL von Abo-versameling* (ongeorden). Persverklaring, 27.3.79.

toe in die hande van SAMPI was. SAMSO het ook nie nagelaat om SAMPI te veroordeel vir die herhaalde nuwe eise en besware, wat die direkte oorsaak van die mislukte eenheidspoging was nie. SAMSO het veral verwys na die eis van SAMPI wat beteken het dat die nuwe organisasie nie noodwendig by die Georganiseerde Landbou ingeskakel hoef te word nie. Volgens SAMSO is lidmaatskap van die Georganiseerde Landbou nie onderhandelbaar nie. Buitendien het SAMPI en SAMSO gedurende die 1976/77-onderhandelinge hieromtrent ooreengekom. Boonop het SAMPI se eise in die belangrike tyd van prysformulering gekom, wat tot gevolg gehad het dat die uitgerekte onderhandelinge die bevordering van die mieliebedryf belemmer het.

SAMSO het nadruklik beklemtoon dat dit gebiedend noodsaaklik was dat daardie boere wat in diens van die landbou was, by die Georganiseerde Landbou moes inskakel, want 'n organisasie wat daarbuite gestaan het en as 'n drukgroep wou optree, sou niks in die belang van boere kon bereik nie.

Die tweede gedeelte van Schoeman se verklaring is ook deur SAMSO aangeraak. Na buite het SAMSO sy goedkeuring daaraan geheg deur te sê dat SAMSO hierdeur as die enigste spesialiteitsorganisasie erken is, wat in die toekoms doeltreffend in die belang van die mielieboere kon optree, want SAMSO was 'n integrale deel van die SALU. Na binne het SAMSO egter baie sterk oor die werklike vertolking daarvan getwyfel. Veral 3 vrae is gevra: Het dit beteken dat net die SALU voortaan prysvoorstelle aan die Beheerrade kon voorlê? Kon enige spesialiteitsorganisasie, insluitend SAMPI, prysvoorstelle deur die SALU aan die Beheerrade voorlê? Kon die afleiding gemaak word dat SAMSO nog die enigste, amptelik-erkende spesialiteitsoganisasie is?[30]

In 'n dringende teleks-boodskap die dag na Schoeman se verklaring, is dit gestel en gevra, dat hy die onduidelikhede so gou as moontlik moes opklaar, want "ons word deur navrae van boere (oorval) wat wil weet waar die bedryf nou staan". Schoeman het eerstens so daarop geantwoord: Van Owerheidsweë is verlang dat die prysvertoë net deur die SALU na die Beheerrade gekanaliseer word, en hy die prysbesprekings deur die Beheerrade in aanmerking sou neem. Op die tweede vraag is 'n onomwonde "Nee" geantwoord. Op die derde vraag het Schoeman gesê dat erkenning van spesialiteitsorganisasies, al dan nie, nie

---

30 *Ibid.*, Lêer 2/1/14/3. SP Basson aan Schoeman, 14.3.79.

ter sake was nie. Buitendien het die Owerheid die SALU as die mondstuk van die Georganiseerde Landbou aanvaar.[31]

Na aanleiding van Schoeman se laaste antwoord, het SAMPI gesê dit blyk asof SAMSO nie meer die erkenning sou geniet soos wat hy vantevore gehad het nie. Die afleiding is volgens SAMPI verder bevestig in die beweerde versoek van SAMSO by die Organisasie Komitee van die TLU, dat sy Uitvoerende Raadslede van Transvaal as die Mieliekomitee van die TLU aanvaar word. SAMPI het sover gegaan om te sê dat SAMSO weer die Nasionale Mieliekomitee geword het.[32]

Die Georganiseerde Landbou het hierna oorgegaan om SAMSO se posisie op te klaar, en terselfdertyd op SAMPI se bewerings te antwoord. Eerstens, is 'n skrywe van Chris Cilliers, die Direkteur van die SALU, aan die Mielieraad, selfverklarend: "SAMSO funksioneer as 'n integrale deel van die (Suid-Afrikaanse Landbou-) Unie en is ten opsigte van mieliebedryfsaangeleenthede, die Georganiseerde Landbou se erkende mondstuk. In hierdie hoedanigheid het dié organisasie dan ook die afgelope onderhandelinge ten opsigte van die bemarkings- en prysreëlings met u Raad behartig, en is dit van Owerheidsweë ook die enigste erkende mielieprodusenteorganisasie. In die lig van bovermelde omstandighede sal dit waardeer word, indien u Raad met SAMSO ten opsigte van alle mieliebedryfsaangeleenthede sal skakel."[33]

Oor SAMPI se bewering insake die TLU en SAMSO, het die TLU aangedui dat die versoek van SAMSO bloot organisatories van aard was, aangesien die Komitee as 'n skakel tussen die TLU en SAMSO sou dien.[34]

Met die wete dat SAMPI se openbare aantygings geweldige skade aan sy beeld berokken het, het SAMSO hom óók weer eens tot die pers gewend om die ware toedrag van sake na buite uit te dra. SAMSO het sy misnoeë met SAMPI uitgespreek deur te sê dat "'n verdagmaakveldtog teen SAMSO en die Georganiseerde Landbou op tou gesit (is), deur mense en groepe wat die Georganiseerde Landbou vyandiggesind is". Verder "is met verbasing van sekere berigte kennis geneem ... wat heeltemal ongegronde bewerings oor die toekoms van SAMSO en verskeie ander aspekte van die bedryf (bevat) het". Dit "het

31 *Ibid.*, Schoeman aan Basson, 14.3.79.
32 *SAMPI*, Lêer 2/1/14/3. Persverklaring, 27.3.79.
33 *SAMSO*, Mei 1979, p. 13.
34 *SAMPI*, Lêer D 5/3/1. TLU aan SAMSO, 25.5.79.

reeds ... onteenseglik duidelik geword dat daar nie in die Suid-Afrikaanse samelewing 'n bestaansreg gegun word aan organisasies wat as randeierorganisasies ... hulle merk wil maak nie".[35]

Die uiteinde van hierdie goedbedoelde poging om eenheid te bewerkstellig, was dat SAMPI en SAMSO nóg verder van mekaar verwyderd gestaan het. In die lig van die reeds genoemde uitsprake, veral SAMPI se – "nie weer nie"[36] – asook die aangekondigde reorganisasieprogram, om hulle onderskeie organisasies te versterk en uit te bou, was dit meer as ooit tevore duidelik dat versoening vanuit die hoogste vlak van SAMPI en SAMSO net nie 'n moontlikheid was nie.

Miskien het dié moontlikheid binne die geledere van die mielieboere self bestaan ...

Dit het minister Schoeman geïnspireer om weer te probeer om versoening te bewerkstellig. Hy het die boere opgeroep om met 'n eie "boereplan" vorendag te kom, om eenheid te bewerkstellig. Die oproep het nie op dowe ore geval nie, want die SAMSO-lede van Middelburg, in die Oos-Transvaal, onder leiding van T Moodie, het gereageer deur so 'n plan aan SAMPI en SAMSO voor te lê.[37]

Die plan het daarop neergekom dat SAMPI en SAMSO afsonderlik sou voortbestaan, en 'n rol speel wat soortgelyk aan dié van de politieke partye in die landsregering sou wees. 'n Mielieparlement, bestaande uit 20 lede is in die vooruitsig gestel. Hierdie "Parlementslede" sou op 'n streekproduksiegrondslag verkies word deur die mielieboere, wat die 5c per ton heffing betaal het. Dit het terselfdertyd beteken dat daar geen vereiste lidmaatskap van die SALU sou wees nie. Die "Parlement" sou volkome outonoom wees, die enigste amptelike spreekbuis van die mielieprodusente en as sodanig deur die Owerheid erken word. Die "Parlement" sou met 'n wye reeks bevoegdhede beklee word. Die belangrikste sou wees om te besluit of daar by die SALU geaffilieer sou word, en indien wel, op watter wedersydse voorwaardes. Verder sou die "Parlement" sy eie voorsitter aanwys, sy eie grondwet opstel en die alleenreg besit om die produsentelede in die Mielieraad te nomineer. Prysvoorleggings, asook enige

---

35 *Ibid.*, JMN Blignaut aan landboumaatskappye, advertensie-agentskappe, *Die Landbouweekblad* en *Farmer's Weekly*, 29.5.79, p. 1.

36 *Die Landman*, April 1979, p. 9.

37 *SAMPI*, Lêer A4/4/1. Memorandum: Eenheidspogng - voorlegging deur mielieprodusente van streek 6 (hierna "Memorandum" genoem), 19.7.79, pp. 1-2; *Von Abo*. Gous aan T Moodie, 14.8.79, pp. 1-2.

ander sake, rakende die mieliebedryf, sou na goeddunke deur hierdie liggaam hanteer word.

Omdat die Middelburgse Aksiegroep besef het dat die saak met die allergrootste omsigtigheid hanteer moes word, is dit afsonderlik met SAMPI en SAMSO se besture bespreek.

SAMPI was om 2 redes, onmiddellik by die aanhoor daarvan, die ene vuur en vlam. Eerstens, was dit van die mielieboere, die hoogste gesag in die bedryf, afkomstig. Tweedens, bevat die plan daardie kernbeginsels wat deur die Jaarkongresse van SAMPI neergelê is. SAMPI was so aangegryp deur die plan, dat 'n reeks vergaderings landwyd gereël is om dit aan die boere bekend te stel. Oor die sukses van die byeenkomste het SAMPI gerapporteer: "Entoesiastiese steun ... is ... eenparig uitgespreek op 'n reeks vergaderings, wat SAMPI in die Wes-Transvaal, die Vrystaat en Natal gehou het, en wat deur baie lede van SAMPI, SAMSO en ook onafhanklike boere, bygewoon is."[38]

Hoewel SAMSO aangedui het dat daar "met belangstelling" van die plan kennis geneem is, was hy heimlik ontevrede met die Aksiegroep se voorneme om dit met SAMPI te bespreek. Freek Tomlinson, die Direkteur, merk in dié verband op: "Ons moet so gou as moontlik met die voorsitter in aanraking kom, aangesien die voorgenome vergadering met SAMPI ..., baie groot probleme vir ons organisasie kan inhou, en dus verhoed moet word."[39]

Tydens SAMSO se gesprek en briefwisseling met die Aksiegroep, het SAMSO sy bereidwilligheid te kenne gegee om hulle saak "simpatiek te oorweeg", maar terselfdertyd sy besware geopper. Die vernaamste hiervan was die gedagte dat die meerderheidstandpunt moes seëvier: "Laat daar dus geen illusies wees nie. As die Mielieparlementgedagte tot gevolg kan hê dat die mielieboere permanent in twee kampe gedryf kan word as 'n 'Regering' en 'n 'Opposisie", ... kan SAMSO nie daarin deel hê nie." SAMSO was oortuig daarvan dat hierdie konstitusionele beslag wat aan die verdeeldheid gegee kon word, tot gevolg sou hê dat die Owerheid kon besluit om die vertoë van 'n verdeelde bedryf te ignoreer, en hom deur die aanbevelings van die Nasionale Bemarkingsraad kon laat lei: 'n Stap wat, volgens SAMSO, die mieliebedryf dekades kon terugsit.

38 *Ferreira*. Persverklaring, 4.10.79, p. 1.
39 *SAMPI*, Lêer 1 4/4/1. Eenheidspogings, 19.7.79, p. 2.

SAMSO het baie sterk gevoel dat, indien eenheid deur middel van die Mielieparlement bewerkstellig kon word, dit sonder die prysgawe sou geskied van daardie regte wat die mielieprodusente op daardie stadium gehad het. SAMSO was van mening dat die gevaar van prysgawe inherent aan die plan was, veral omdat daar oor 3 sleutelaspekte onduidelikheid bestaan het: Na aanleiding van SAMPI se vertolking dat elke mielieprodusent wat die 5c-heffing betaal het, stemgeregtig kon wees, wat beteken het dat geen voorwaardes ten opsigte van die lidmaatskap van die SALU gestel sou word nie, het SAMSO 'n vraagteken geplaas oor die moontlikheid dat die Mielieparlement buite die Georganiseerde Landbou kon staan. SAMSO was ook bekommerd oor die totale weglating van die Koöperatiewe beweging se rol in die "Parlement". In díe verband het SAMSO herbevestig dat die koöperasies tradisioneel deel van die Georganiseerde Landbou was, en dat hy nie bereid was om enigiets te doen wat daardie belangrike vennootskap in gevaar sou stel nie. SAMSO het ook gesê dat die erkenning van die Mielieparlement deur die Owerheid, van die allergrootste belang was. Hierdie aspek is nie voldoende deur die Aksiegroep, met die oog op die toetsing daarvan, uitgespel nie.

SAMSO se finale verwerping van die Mielieparlement word in die volgende mededeling gevind: "Tot dusver is die saak nog nie opgeklaar nie, en wil dit voorkom asof daar by hulle (die Aksiegroep), self, by nadere ontleding van die voorstelle, bedenkinge oor die uitvoerbaarheid van so 'n Parlementgedagte bestaan."[40]

Die plan met die Mielieparlement was dus prakties van die baan. Met die wete dat SAMSO dit nooit sou aanvaar nie, het SAMPI intussen agter die skerms daadwerklik opgetree om die Regering te beweeg om eenheid so spoedig as moontlik te probeer bewerkstellig.

Na aanleiding van Hennie De Jager, die onder-voorsitter van SAMPI, se opmerking op 12 Mei 1978 te Bothaville, dat SAMPI hom op die Eerste Minister, PW Botha, sou beroep om eenheid te bewerkstellig, is daar nou tot dié daad oorgegaan. In 'n skrywe op 10 Augustus 1979 aan die Eerste Minister, het SAMPI sy frustrasie oor die voortdurende miskenning van die kant van die Owerheid, onomwonde laat blyk. SAMPI het in die verband beklemtoon dat hierdie aangeleentheid reeds oor 'n lang tydperk met Schoeman opgeneem is,

40 *SAMSO*, November 1979.

maar dat dit nie tot die bevrediging van sy Hoofbestuur en sy Kongres opgeklaar is nie. As gevolg van die doodloopstraat wat bereik is, het SAMPI se Hoofbestuur geoordeel dat samesprekinge met hom die enigste uitweg is, maar met die bedoeling dat Schoeman óók daaraan moes deelneem.[41]

In sy antwoord het Botha begin deur te sê dat daar 'n gesindheid onder die mielieboere geheers het, wat hoegenaamd nie vir die bedryf bevorderlik was nie. Dit is 'n luukse wat nie bekostig kon word nie, en buitendien het dit gevaar ingehou om die ekonomiese toestand van die land ernstige skade te berokken. Botha het ook laat blyk dat dit vir hom onverstaanbaar was waarom daar afsonderlike organisasies was om namens die mieliebedryf op te tree. In die lig hiervan het Botha 'n baie ernstige beroep op SAMPI gedoen om alles wat menslik moontlik is in werking te stel, ten einde 'n verenigde front, wat tot voordeel van die mieliebedryf sou wees, tot stand te bring.[42]

In sy reaksie het Schoeman nie net hierdie positiewe klanke verwelkom nie, maar ook sy onvoorwaardelike steun daaraan toegesê. Hy het tydens die 1980-Volksraadsitting sy verbondenheid aan die eenheidsgedagte opnuut beklemtoon en die dag waarop eenheid bereik sou word soos volg getipeer: "Dit sal my blyste dag wees!"[43]

Tydens die Jaarkongresse van SAMPI en SAMSO het die eenheidsgedagte vir die soveelste keer aan die orde gekom. SAMPI het kort en kragtig by monde van sy voorsitter, Fanie Ferreira, benadruk dat eenheid van die allerhoogste belang was, maar op die alombekende voorwaarde: Schoeman moes aan die wens van die mielieprodusente uitvoering gee, deur toe te laat dat hulle belange deur 'n outonome mieliespesialiteitsorganisasie hanteer word.[44]

Faan Basson, voorsitter van SAMSO, het ook by die Jaarkongres die eenheidsgedagte beklemtoon: "Ek het geen begeerte om met my SAMPI-vriende te twis nie; daarom is SAMSO óók nie 'n anti-SAMPI-organisasie nie." Basson het selfs vir SAMPI se lede 'n lansie gebreek, deur hulle vir hulle entoesiasme vir die mielieboere se saak te loof, maar terselfdertyd 'n waarskuwing te rig dat 'n klein groepie pogings aangewend het om SAMSO te vernietig.[45]

41 *SAMPI*, Lêer 2/1/33/5/1. Gous aan PW Botha, 10.8.79, p. 1.
42 *Ibid.*, PW Botha aan Gous, 18.9.79, pp. 1-2.
43 *Ibid.*, Schoeman aan Gous, 29.11.79.
44 *Die Landbouweekblad*, 7.3.80. Berig.
45 *SAMSO*, Maart 1980, p. 24.

Op 11 Maart 1980 is die eenheidsgedagte deur SAMPI se ontmoeting met Schoeman voortgesit. Hiertydens het SAMPI sy standpunt onomwonde herhaal, en selfs gedreig dat, sou die amptelike diskriminasie teen en miskenning van SAMPI volgehou word, SAMPI homself verplig sou voel om by buitelandse mielie-/voedselorganisasies erkenning te soek. Schoeman het 'n ontvanklike gemoed gehad, en selfs gesê dat hy nie negatief teenoor die gedagte van 'n outonome mielieorganisasie staan nie, mits dit by die SALU geaffilieer is. Daarby was hy óók begerig dat 'n verenigde spesialiteitsorganisasie, waarin SAMPI sy regmatige rol sou speel, tot stand gebring sou word. Hoewel Schoeman geweier het om as voorsitter tydens verdere onderhandelinge tussen SAMPI en die SALU op te tree, het hy ingewillig om SAMPI se werksdokument vir verdere bespreking aan Jaap Wilkens, die President van die SALU, te oorhandig. Die uiteinde van hierdie tweeledige aksie van SAMPI was dat hy en SAMSO in direkte onderhandelinge met mekaar getree het om eenheid te bewerkstellig.[46]

Die uitslag van hierdie geheime onderhandelinge kan seer sekerlik, in die lig van die vroeëre gebeure en die gepaardgaande uitsprake, as 'n wonderwerk bestempel word, as Schoeman op 7 Augustus 1980 die belangwekkende aankondiging maak: "Ooreenkoms is bereik tussen SAMPI en die SALU vir die daarstelling van 'n verenigde mieliespesialiteitsorganisasie, waarvan die status, magte en bevoegdhede, deur die (*bona fide-*)mielieprodusente self bepaal sal word."[47]

Hierdie ooreenkoms, soos die voriges, was omvattend, deurdat dit vir 'n reeks van organisatoriese aspekte voorsiening gemaak het. Daar is bepaal dat die Stigtingskongres op 3 Oktober 1980, onder die voorsitterskap van SW van der Merwe, die President van die Prokureursorde van Transvaal, en bygestaan deur assessore, prof. Piet Aucamp van die PU vir CHO, vir SAMPI, en dr. Andries Scholtz, die hoofbestuurder van Noordwestelike Koöperasie (NWK), vir SAMSO, sou plaasvind.[48]

Hierdie Stigtingskongres sou saamgestel word uit 340 afgevaardigde mielieprodusente, wat deur die *bona fide*-produsente op 'n streeksproduksiebasis verkies sou word, in ooreenstemming met die distriks- en streeksindeling,

---

46 *Von Abo*. Gous aan Schoeman, 19.3.80, pp. 1-2. Sien ook *Die Transvaler*, 2.9.80. Berig.
47 *Von Abo*. Persverklaring, 7.8.80, p. 1.
48 *Ferreira*. Eenheid in die mieliebedryf (hierna "Eenheid" genoem), 7.8.80, p. 1.

stemprosedure en stempunte, waarop in 1977 ooreengekom is, en wat tydens daardie verkiesing gebruik is.

Die verkiesing van die afgevaardigdes, met die oog op die Stigtingskongres sou op 30 September 1980 plaasvind, en alle *bona fide*-mielieprodusente kon daaraan deelneem. Die oorhoofse reëlings vir die verkiesing en die Kongres sou onder leiding van Van der Merwe, Aucamp en Scholtz, in samewerking met SAMPI en SAMSO se personeel, geskied.

Behalwe vir die feit dat die Stigtingskongres die teken vir die ontbinding van SAMPI en SAMSO se Bestuursliggame was, is aan die Kongres 'n wye reeks verantwoordelikhede en werksaamhede verskaf: dit moes oor die 1977-konsep-reglement uitsluitsel gee, om òf onveranderd òf gewysig, as die te stigte organisasie se grondwet te dien. Daar is voorsiening gemaak dat indien enige aangeleentheid rakende die grondwet, asook ander aspekte van die nuwe organisasie, nie tydens die Kongres gefinaliseer kon word nie, die nuwe Bestuur dit, onderhewig aan die goedkeuring van die eerste Kongres, kon afhandel. Hierdie nuwe Hoofbestuur, insluitend die voorsitter en die onder-voorsitter moes op die Kongres verkies word. Daarna, ooreenkomstig die Kongres se besluit, sou die koöperatiewe verteenwoordigers op die Bestuur aangewys word.

Die Kongres moes ook, met inagneming van die bestaande samestelling van die Mielieraad, aandag gee aan die wyse waarop die groslys vir die benoeming van die produsentelede in die Raad saamgestel moes word. Die Kongres moes verder aan die verkose Bestuur opdrag gee om alle aangeleenthede wat die belange van die mielieprodusente raak, namens die te stigte organisasie te hanteer, wat ingesluit het die samevoeging van die bestaande administrasies.

Daar is besluit dat SAMPI en SAMSO onverwyld die nodige stappe, ooreenkomstig hulle onderskeie grondreëls, vir die bekragtiging van die ooreenkoms, ontbinding en die samevoeging van die bates sou doen. Bykomend is bepaal dat al die bates tydens die Ontbindingskongres van beide organisasies, wat op die laatste drie dae voor die verkiesing gehou moes word, bevries word. Op die verkiesingsdag sou die Minister van Landbou die bates in Trust neem, ten einde dit op die Stigtingskongres aan die nuwe organisasie te oorhandig. Daar is duidelik bepaal dat hierdie optrede sodanig sou geskied, dat nie SAMPI of SAMSO tot en met die Kongres, in die uitvoering van hulle normale huishoudelike werksaamhede, belemmer sou word nie.

Oor die sleutelvraagstuk, naamlik, die status van die nuwe organisasie, is ooreengekom dat die Stigtingskongres sou besluit òf dat dit op wedersydse aanvaarbare voorwaardes by die SALU as 'n outonome liggaam sou affilieer, òf dat dit as 'n integrerende deel van die SALU sou funksioneer. Ongeag op watter keuse besluit word, sou dit van Owerheidsweë as die enigste amptelike spreekbuis van die mielieprodusente in Suid-Afrika erken word.

Rakende die knelpunt, die 5c-heffing, is ooreengekom dat, indien die nuwe organisasie dit sou versoek, die bestaande wetgewing gewysig sou word, sodat die heffing deur die beoogde organisasie selfstandig, sonder die bemiddeling of goedkeuring van die SALU, daarvoor kon begroot, aanvra, bestuur en beheer, om sodoende sy eie uitgawes te delg.

Om enige dispuut oor die uitleg van onduidelikhede oor die ooreenkoms die hoof te bied, is bepaal dat Van der Merwe, bygestaan deur Aucamp en Scholtz, dit sou besleg deur 'n meerderheidsbeslissing, wat vir beide SAMPI en SAMSO bindend sou wees.[49]

Uit die verklarings wat na die sluiting van die ooreenkoms uitgereik is, het dit duidelik geblyk dat SAMSO en SAMPI tevrede was met dit wat bereik is. Basson het gesê: "... ek is ... verheug dat die einde van hierdie donker hoofstuk in die mieliepolitiek ... in sig is."[50] Oor die besluitnemingsbevoegdheid van die Kongres het hy opgemerk: "Wat my as voorsitter van SAMSO betref, is hierdie reëling demokraties en korrek, en sal ek my heelhartig aan die beslissings van die demokraties verkose Kongres onderwerp.[51]

SAMPI het gesê dat hy 'n alleenstryd vir 14 jaar buite die Georganiseerde Landbou gevoer het om daardeur die selfbeskikkingsreg van die mielieboer oor sy eie bedryfsaangeleenthede erken te kry. Vir die eerste keer in dié tyd is daar aan die mielieboere die kans gegun om self daaroor te besluit, en dat dit 'n gebruik moes word.[52]

Ten spyte van die gunstige kommentaar en versoenende gebare het die verkiesingsveldtog tog sy kwota stryd opgelewer.

Die sentrale tema van die verkiesingsveldtog het net om die begrippe "affilieer" en "integreer" gedraai. Die ander strydpunte was net uitlopers hiervan.

49 *Ibid.*
50 *SAMPI*, Lêer D 5/4/2. Persverklaring, 8.8.80, p. 1.
51 *Ibid.*, p. 2.
52 *Von Abo*. Redaksionele kommentaar, 1980, p. 1.

In 'n poging om hierdie onderskeie standpunte aan die mieliekiesers te verkoop, het daar, soos by enige ander verkiesing, baie harde woorde, by tye meer 'n stortvloed van bittere aantygings, geval. Basson het dit goed opgesom: "Daar sal ongetwyfeld gevalle wees waar beide partye 'n hewige stryd sal voer, om dit waarvoor hulle staan en glo, te laat seëvier."[53]

As deel van sy verkiesingsveldtog het SAMSO 'n dokument van 16 bladsye, getiteld, "Mielieverkiesing – 30 September 1980", die lig laat sien. Die hoof oogmerk daarvan was om, soos SAMSO dit uitgedruk het, "... regstellings te maak en die leuens waarop SAMPI die afgelope 14 jaar geteer het, te ontbloot". In die lig van hierdie voorneme het SAMSO, Pieter Gous, die Direkteur van SAMPI, se persverklaring na die sluiting van die ooreenkoms gerepudieer: "Juigkrete van die boeregemeenskap was nog oral hoorbaar, toe (daar) met 'n subtiele oorlogverklaring teen die SALU (ge-)kom (is)", spesifiek verwysend na die gedeelte waar gesê is dat SAMPI se beginselstandpunte na sy 14 jaar van stryd tog aanvaar is.[54]

SAMSO het terselfdertyd ander uitsprake van SAMPI wat hom nie aangestaan het nie, uitgewys. In die Maart 1980-uitgawe van SAMPI se lyfblad, *Die Landman*, is gesê: "Hoe gouer die SALU in sy huidige vorm van die toneel verdwyn, hoe gouer sal die landbou weer 'n heenkome aan 'n selfrespekterende mens bied." In die Julie 1980-uitgawe is die SALU, volgens SAMSO, spottend as 'n museumstuk uitgebeeld, verouderd en uitgedien. In 'n omsendbrief, gedateer 12 Augustus 1980, is deur Gous 'n beroep op die mielieboere gedoen "om van hierdie geleentheid, waarvoor soveel jare gestry is, ten volle gebruik te maak", en in *Die Landman* van September 1980, sê hy: "Hierdie optrede genoodsaak 'n verkiesingstryd." SAMSO het onomwonde verklaar dat hierdie "strydlustige aanmerkings" deur SAMPI die gees en gesindheid van die onderhandelinge weerspreek het. Vir SAMSO het dit duidelik geblyk dat SAMPI nie werklik op eenheid ingestel was nie, maar dat hy in der waarheid die Georganiseerde Landbou in sy geheel wou oorneem.

SAMSO het ook uitgewys dat daar in die omsendbrief van 12 Augustus 1980 "'n verdraaide weergawe" van artikel 4.6.1 van die skikkingsdokument gegee is. Hierdie artikel het woordeliks soos volg gelees: "Die Stigtingskongres

---

53 *SAMPI*, Lêer D 5/4/1. Persverklaring, 8.8.80, p. 2.
54 *Von Abo*. Verkiesing, 30.9.80, p. 3.

sal besluit of die nuwe spesialiteitsorganisasie op wedersydse, aanvaarbare voorwaardes by die SALU, as outonome organisasie vir mieliebedryfsaangeleenthede sal affilieer, of daarteenoor, as 'n integrerende deel van die SALU, outonoom wat mieliebedryfsaangeleenthede betref, sal funksioneer." SAMSO het daarop gewys dat die manier waarop SAMPI dit aan sy lede aangebied het, hy SAMSO afgemaak het as 'n ondergeskikte, niksbeduidende organisasie, wat net oor mielies praat, maar in werklikheid geen seggenskap het nie, as SAMPI sê:

"3. Die reg van produsente om op die Stigtingskongres self te besluit of –

3.1 hul spesialiteitsorganisasie as volkome outonome liggaam by die SALU op wedersyds aanvaarbare voorwaardes sal affilieer, of daarteenoor

3.2 die spesialiteitsorganisasie as 'n integrale en ondergeskikte afdeling van die SALU sal optree."[55]

SAMSO het verder sy ontevredenheid betuig met die wyse waarop SAMPI artikel 4.6.3 hanteer het. Hierdie artikel het woordeliks gelees: "Indien die nuwe organisasie, vanweë die keuse in 4.6.1 hierbo gemaak, so versoek, sal die bestaande wetgewing so spoedig moontlik gewysig word, sodat die heffingsgeld kragtens die Bemarkingswet op mielieprodusente gehef, en huidig aangewend vir die uitgawes van SAMSO en die SALU, deur die nuwe organisasie selfstandig, sonder bemiddeling of goedkeuring van die SALU, voor begroot, aangevra, bestuur en vir sy eie uitgawes beheer word (waaronder die affiliasiegeld by die SALU)." SAMSO het daarop gewys dat SAMPI dit eensydig aangebied het, as hy sê:

"4. Indien keuse 3.1 (van die omsendbrief soos bo genoem) gemaak word, sal wetswysiging aangebring word, sodat die spesialiteitsorganisasie in die toekoms alle heffingsgeld wat vir organisatoriese doeleindes van die produsente gehef word, insluitende die 4,5c/t wat tans vir SAMSO gaan en die 2,5c/t vir die SALU, ten volle en direk ontvang vir eie gebruik;"[56]

SAMSO het sy standpunt hieroor gemotiveer deur te sê dat die wysiging van die wet in beide gevalle, hetsy affilieer of integreer, kon plaasvind. SAMSO het verder gesê dat die omsendbrief die indruk gelaat het dat die mielieboere nóú éérs namens hulself kon praat. Volgens SAMSO was dit 'n onwaarheid, want hy het homself reeds baie deeglik bewys. Eers is daar die 88 persent sty-

55 *SAMPI*, Lêer D 5/4/2. Gous aan mielieprodusent, 12.8.80.
56 *Ibid.*

ging van die produsenteprys van mielies sedert sy stigting, en dan die ander inspraakvorme, wat dit onomwonde bevestig het.

SAMSO het ook probleme gehad met SAMPI se aandrang dat die bewoording van die affiliasie-klousule "op wedersyds aanvaarbare voorwaardes by die SALU ... sal affilieer", moes lees. SAMSO het in die verband gevra of SAMPI, sou hy genoeg steun kon monster, nie heimlik die plan gehad het om met die SALU oor die affiliasie-voorwaardes in konfrontasie te kom nie; gevolglik kon SAMPI met die mielieboere wegbreek om daardeur te poog om vir homself die reg toe te eien as die erkende mielie-organisasie, om so te bewys dat die SALU wel 'n argiefstuk is.

Nog was dit nie die einde nie, want SAMSO was steeds ontevrede toe Gous weer in *Die Landman* van September 1980, oor die status van die nuwe organisasie sê: "SAMSO se siening is egter dat die nuwe organisasie nie outonoom mag wees nie" Hieroor sê SAMSO "dat ... 'n mens so onbeskaamd en blatant kan lieg, gaan enige Christenmens se verstand te bowe", wat net 'n verdere bewys is dat "die leuen die wagwoord van die SAMPI-leiers (is)".[57]

SAMPI het nie die aantygings in die SAMSO-dokument ongesiens laat verbygaan nie, en daarop gereageer. Hy het gesê dat dit "'n blatante poging" van SAMSO is om die verkreë eenheid te verongeluk, want die inhoudelike van die dokument het teen die gees van die ooreenkoms ingedruis. SAMPI was van mening dat dit slegte smaak is van diegene wat sy leiers probeer afkraak, maar "as ander mense om redes wat net aan hulleself bekend is, modder wil gooi, sal SAMPI nie meedoen nie". SAMPI het ook gesê dat "enige persoon wat ou koeie uit die sloot wil grawe en persoonlike aanvalle loods, met die tyd uit pas is, en uit voeling met die wense van die mielieprodusente is".[58]

Jaap Wilkens, voorsitter van die SALU, het ook nie nagelaat om tot die verkiesingsveldtog toe te tree nie. Hy het nie net groot waardering vir die bereiking van die ooreenkoms uitgespreek nie, maar terselfdertyd die belangrikheid van die verkiesing benadruk, want dit het gegaan om die behoud van die beginsels waarop die SALU gefundeer is, en waarvoor die Unie hom daadwerklik en deurlopend beywer het. Vanweë die dinamiek van die SALU, was dit nog nooit vir ewolusionêre veranderinge en aanpassings bang nie, maar die Unie sou glad

57 *Von Abo*. Verkiesing, 30.0.80, p. 6.
58 *Ibid*.

nie toelaat dat dit deur middel van rewolusionêre metodes ondermyn word nie. Met verwysing na SAMPI het Wilkens dit benadruk dat die SALU nog altyd die beleid gehandhaaf het dat die bedryfsorganisasies selfstandig oor hulle eie sake kon besluit, en om daarvan 'n strydpunt te maak, was verwarrend en misleidend.[59]

Te midde van hierdie oor-en-weer geslinger van woorde in 'n poging om stemme te werf, het 26 September 1980 onverbiddelik nader geskuif. Dié dag, waarop beide SAMPI en SAMSO opgehou het om te bestaan: SAMPI te Klerksdorp en SAMSO op Parys. By die Kongresse is daar nie alleen hulde aan die leiersfigure vir hulle bydrae, in belang van die mieliebedryf gebring nie, maar is daar finaal van die ou gebaande weë afskeid geneem. Hierdie geleenthede het sekerlik met baie nostalgie en vele herinneringe – aangenaam en onaangenaam – gepaard gegaan, maar in die proses van eenwording was dit 'n onontbeerlike noodsaaklikheid.

Wat het die leiers op die dag gesê? De Jager: "Ons het nou op 'n punt gekom waar niemand ons sal keer om eenheid te bereik nie. Eenheid onder die mielieboere het gekom om te bly. Diegene wat nie wil saamloop nie, kan met die grootste liefde agterbly."[60] Basson: "Die dag is nie die begrafnis van SAMSO nie, maar 'n mylpaal, omdat die besluit om te ontbind, tot die uitbouing van die bestaande orde sal meewerk, naamlik, 'n erkende en goed funksionerende mieliespesialiteitsorganisasie."[61]

Uiteindelik het 30 September 1980, Stemdag, aangebreek! Ongeveer 6 000 mielieboere het by die 83 stemlokale landwyd opgedaag om hulle kruisies te trek, in wat SAMSO as "die finale ronde in die stryd tussen SAMPI en die SALU" bestempel het. Die uitslag – SAMPI 198 en SAMSO 142 afgevaardigdes, was vir baie 'n vreugdefees, terwyl dit vir andere 'n onbegryplike verrassing, skok en teleurstelling was. Die stemming het ook klinkklaar bewys dat die jarelange stryd van SAMPI deur-en-deur die moeite werd was, want die meerderheid *bona fide*-mielieboere het sy beginsels ondersteun en hulle gevolglik aan sy kant geskaar. Dit het ook bewys dat die SALU en SAMSO se aansprake dat hulle die enigste verteenwoordigers van die produsente was, foutief was.

---

59 *SAMPI*, Lêer D 5/4/2. Persverklaring, 17.9.80, p. 1.
60 *Die Transvaler*, 27.9.80. Berig.
61 *SAMPI*, Lêer S 2/2/1. Openingsrede deur Basson, 26.9.80.



Mielies/Maize, *November 1980.*
*Die amalgamasie van die twee mielieverenigings moes groot genoegdoening aan mnr. Hendrik Schoeman verskaf het. Hy het kort daarna, op 7 Oktober 1980, die landboutoneel verlaat om Minister van Vervoerwese te word.*

Kort hierna, op 3 Oktober 1980, het die Stigtingskongres te Potchefstroom, onder die voorsitterskap van Van der Merwe, bygestaan deur assessore, Scholtz en Aucamp, plaasgevind.

Schoeman het die voorreg gehad om die verkose afgevaardigdes te verwelkom.[62] Onder meer het hy gesê: "As Minister was dit nog altyd my hartsbegeerte om te sien dat hierdie dag moet aanbreek. Met hierdie Kongres het 'n lang en bitter stryd ten einde gekom."[63] Die staande toejuiging van die mielieboere, terwyl hy die saal verlaat het, het nie net aan Schoeman bevestig dat die boere dit met hom eens was nie, maar was terselfdertyd die teken van dankbaarheid vir wat Schoeman vir die landbou in die algemeen, maar in die besonder vir die mieliebedryf, gedoen het.

Met die formaliteite afgehandel, het die Kongres daartoe oorgegaan om uitvoering aan die bepalings van die ooreenkoms te gee. Op voorstel van Basson het die Kongres eenparig besluit dat 'n mieliespesialiteitsorganisasie gestig word. Om hierby aan te sluit, het De Jager voorgestel dat die organisasie outonoom binne die raamwerk van sy eie grondwet sou funksioneer, en op wedersyds aanvaarbare voorwaardes by die SALU sou affilieer. Die Kongres het óók hierdie voorstel eenparig aanvaar.[64]

Met die verkiesing van die voorsitter en die onder-voorsitter het SAMPI se meerderheid die deurslag gegee, en is Ferreira en De Jager onderskeidelik in dié poste verkies. Die netelige posisie waarin SAMSO hom bevind het, is weerspieël in Basson se onttrekking as kandidaat vir onder-voorsitter, met die woorde: "As jy hoor waar die leeu brul, moet jy weet waar om jou stert te laat sak."[65] In die geval van die aanwysing van die Hoofbestuurslede het die eenheidsgedagte geseëvier, want daar is 9 lede elk van die ontbonde organisasies verkies.

Terselfdertyd het ander besluite van die voormalige SAMSO-lede nie juis opspraak verwek nie. Die eerste is dat die Kongres uit sy geledere die 8 produsentelede vir die Mielieraad sou verkies. Die tweede het behels dat dieselfde

---

62 *Von Abo.* Notule van die Stigtingskongres van die nuwe mieliespesialiteitsorganisasie (hierna "Notule van Stigtingskongres" genoem), 3.10.80, pp. 1; *Parlementêre Register*, 1910-1982, p. 95. Dit was een van Schoeman se laaste take as Minister van Landbou, want op 7 Oktober 1980 het hy die amp van Minister van Vervoerwese opgeneem.

63 *Beeld*, 4.10.80. Berig.

64 *Von Abo.* Notule van Stigtingskkongres, 3.10.80, p. 1.

65 *Die Transvaler*, 8.10.80. Berig.

streeksindeling wat by die verkiesing van die Hoofbestuur gebruik is, *mutatus mutandus* by die Mielieraad sou geld. Derdens, is besluit op 'n onderskeid tussen die organisatoriese finansiering deur ledegeld en navorsingsfinansiering wat deur middel van 'n heffing gemaak sou word.[66] By die besluitneming rakende die "meer sensitiewe sake", insluitend die naam van die nuwe organisasie, die ligging van die hoofsetel en die naam van die lyfblad, het die bekwame voorsitterskap van Van der Merwe verhoed dat die Kongres ontaard het.[67]

Von Abo se voorstelle dat die naam steeds SAMPI moes wees, die setel steeds te Bothaville moes wees en die lyfblad steeds *Die Landman* moes heet, was soos die spreekwoordelike vonk in die kruitvat van die oud-SAMSO-gesindes. Basson het diegene se misnoeë versinnebeeld: "Julle het die slagveld gewen, maar die oorlog het nou net begin."[68] Skynbaar vergete is die opmerking: "As u met entoesiasme aan die verkiesing deelgeneem het, aanvaar dat die uitslag die wil van die meerderheid is. Indien u nie u kant gebring het nie, moet dan nie kla as dinge verkeerd loop nie, want as boere weet ons mos dat 'n mens maai wat jy saai."[69]

In 'n poging om die situasie te red, het Van der Merwe die afgevaardigdes tot kalmte gemaan, en om ter wille van "goeie broederskap" toe te gee. Sy beroep het nie op dowe ore geval nie, en het Von Abo sy voorstelle teruggetrek. Alternatiewe voorstelle is toe ingedien: Gous dat die naam deur die nuwe Hoofbestuur bepaal word, maar op die voorwaarde dat dit nie SAMPI of SAMSO sou wees nie. Basson dat die nuwe Hoofbestuur oor die setel sou besluit, asook dat die blad *Mielies/Maize* moes heet. Die meerderheid afgevaardigdes het hiermee akkoord gegaan.

Na die Kongres het die Hoofbestuur hierdie laaste uitstaande sake afgehandel. Ten opsigte van die ligging van die hoofkantoor, is na deeglike oorweging besluit dat Bothaville die aangewese plek sou wees. Hierna is die nuwe organisasie tot die Nasionale Mielieprodusente-Organisasie (NAMPO) gedoop. 'n Naam wat, soos die saamgestelde SAMPI-SAMSO embleem, die hoof-elemente van die stryd, sowel as die verkreë eenheid versimboliseer het.

---

66 *Von Abo.* Notule van Stigtingskongres, 3.10.80, p.2.

67 PV 735: *NAMPO-versameling,* K 794. Onderhoud AH Marais en JH Theron met AC van Heerden, Bethlehem-distrik, 5.12.84.

68 *Von Abo.* Notule van Stigtingskongres, 3.10.80, pp. 4-5.

69 *Ibid.* Verkiesing, 30.9.80, p. 4.




Mielies/Maize, *Desember 1980.*
*Die kunstenaar se voorstelling van die nuwe spesialiteitsorganisasie wat uit die amalgamasie van SAMSO en SAMPI te voorskyn gekom het.*

Nie lank hierna nie het die laaste 2 lang gekoesterde ideale van die eens ontevrede mielieprodusente in vervulling gegaan: Op 28 Januarie 1981 het die SALU aangekondig dat NAMPO as 'n outonome mieliespesialiteitsorganisasie geaffilieer het.[70] Op 1 Julie 1981 het NAMPO, namens die *bona fide*-mielieprodusente, op die nuwe Mielieraad sitting ingeneem.[71]

70 *Mielienuus*, Februarie 1981, p. 2.

71 *Ibid.*, Maart 1981, p. 2. CL von Abo het reeds op 1 Januarie 1981 as 'n produsenteverteenwoordiger sittingsreg op de Mielieraad verkry; Julie 1981, p. 2; Maart 1981, p. 2. Die *bona fide*-mielieprodusente wat op dié Mielieraad gedien het, was Von Abo, die voorsitter, JH Viljoen, as onder-voorsitter, met AP Visser, AS Beyers, dr. B Stead, CJ Leonard, SJ Schoeman en HL Delport.

# HOOFSTUK 9

# BESLUIT

Op 30 September 1980 het die *bona fide*-mielieprodusente, deur middel van die sterkste magsmiddel, naamlik die demokratiese stelsel, 'n verkiesing, onomwonde gedemonstreer waar hulle lojaliteit en steun lê. Die uitslag, 198 vir SAMPI en 142 stemme vir SAMSO, het terselfdertyd die Georganiseerde Landbou 'n uitklophou gegee wat hulle nooit te wagte was nie. Hierdie uitklophou het ook skokgolwe deur die landbousektor gestuur, deurdat die oënskynlik onmoontlike, en vir sommige ongewenste, gebeur het: 'n groep mielieprodusente, wat aanvanklik as 'n splintergroep en jukskeibrekers gebrandmerk is, is met die louere in die stryd om beheer van die mieliebedryf bekroon.

Die daaropvolgende Stigtingskongres, op 3 Oktober 1980, het in die gees van die beëindiging van 'n uiters onverkwiklike, selfs ongekende bittere stryd gestaan, waarvan die vernaamste komponente die sleutelbegrippe "spesialisasie" en "outonomie" was.

Vir SAMPI was dit praktiese mieliepolitiek en is dit as vanselfsprekend beskou dat spesialisasie, 'n onmisbare kenmerk van die twintigste eeu, ook in die mieliebedryf toegepas moes word. Sou dit nie gedoen word nie, sou die mieliebedryf nie aan die moderne eise van die tyd voldoen nie. Dit was 'n moontlikheid wat SAMPI nie wou toelaat om 'n werklikheid te word nie, want die menslike, sowel as ekonomiese opofferinge wat hieruit sou voortspruit en waarvan die tekens reeds duidelik sigbaar was, was geheel en al onaanvaarbaar. Die spreekwoord, "voorkoming is beter as genesing", het SAMPI se gevoel in die verband funksioneel opgesom.

Onlosmaaklik verbonde aan die spesialisasie-gedagte, was die beginsel van "outonomie". Dit was 'n beginsel wat vir SAMPI sinoniem geword het met die proses om die mielieboere uit die strukture van die Georganiseerde Landbou te ontworstel en om hulle eie toekoms te bepaal. Die ontworsteling het ontstaan nadat diegene wat sekere posisies daarin beklee het, nie bereid was om ware organisatoriese en ekonomiese verandering binne die bestaande stelsel te weeg te bring nie. Sou die gevraagde veranderinge aangebring word, was dit glad nie nodig dat die ontkoppeling, wat met groot pyn gepaard gegaan het, sou plaasvind nie.

Gewapen met hierdie tweeledige credo het die ontevrede mielieprodusente die Georganiseerde Landbou die stryd aangesê. Daardeur is in baie duidelike taal verklaar in watter rigting die mieliebedryf moes ontwikkel, en wat die uiteindelike doelstelling was. Terselfdertyd het hierdie 2 aanverwante begrippe benadruk dat geen steen ongeraak gelaat sou word om die allerbeste vir die mielieboere te beding nie.

Hierdie 2 begrippe, gebore uit die totale frustrasie teen die bestaande orde, sou dus niemand spaar nie. Dit was die gevolg van die grondliggende uitgangspunt dat die beginsel nagestrewe moes word en dat daar geen ruimte vir persoonlikhede en eie belange gelaat kon word nie. Die verrekening van laasgenoemde aspekte, het net die handhawing van die *status quo* bevestig. Allermins kon dit bekostig word, want persoonlikhede was van verbygaande aard, terwyl die beginsel van 'n saak die meriete daarvan bepaal het.

Hierdie stryd het van die eerste oomblik af al die belanghebbendes in die landbousektor betrek: die mielieprodusente, as die middelpunt, die Georganiseerde Landbou met sy persoonlikhede en gevestigde belange, die Departement van Landbou met sy vertakkinge, die Mielieraad, die Nasionale Bemarkingsraad, die Minister van Landbou en selfs die Regering wat die SALU as die enigste spreekbuis van die boere erken het. Hierdie persone en liggame het teen SAMPI standpunt ingeneem en het daarmee die soms onbenydenswaardige taak gehad om te verduidelik waarom SAMPI se doelstellinge onnodig sou wees, en dat die ontevrede mielieboere beslis die verkeerde koers ingeslaan het.

Die oormag van die Georganiseerde Landbou wat SAMPI in sy ganse bestaan die hoof moes bied en terselfdertyd op die langtermyn van sy standpunt moes oortuig, het inderdaad baie van sy menslike- en materiële hulpbronne geverg. Nie net moes aanvanklik met baie beperkte bronne op alle fronte opgetree word nie, maar moes SAMPI in die kortste moontlike tyd die vertroue en steun van die mielieboere verkry. Dit was om vele vanselfsprekende redes nie so maklik as wat dit voorgekom het nie. SAMPI het egter alle pogings aangewend om deur ledewerwing steun te kry en 'n magsbasis op te bou, want alle konflikte van die verlede het by die konferensietafel geëindig. In die geval van die mieliebedryf was dit geensins 'n uitsondering nie, en die vraagstuk wie eintlik die mielieboere verteenwoordig, het onmiddellik die sleutelvraagstuk geword. Wie ook al die mooiste organisasie met die mooiste beginsels gehad het, maar

nie die meerderheidsteun van die mielieboere geniet het nie, was gedoem om die onderspit te delf.

Die doeltreffende wyse waarop SAMPI die besliste meerderheid van die mielieboere agter hom geskaar het, was merkwaardig. Dit het gegroei van nagenoeg 200 protesterende boere, wat tydens 'n mieliekongres in 1966 uitgestap het, na letterlik duisende op massavergaderings en by die 1977-mieliestembus. Dié uitslag het getoon dat SAMPI na 11 jaar die meerderheidsteun geniet het. As dié prestasie aan die jarelange bestaan van die SALU gemeet word, is dit nie verkeerd om dit as "verstommend" te tipeer nie.

Om by dié punt uit te kom, het nie net deeglike beplanning deur SAMPI geverg nie, maar die welberekende strategie en fyn genuanseerde taktiek van die Opposisie moes geneutraliseer word. Terselfdertyd het dit behels die onverbiddellike uitwys van sekere teenstrydighede, wat baie moeilik verklaarbaar was: 'n kersieboer wat die Mielieraad se voorsitter word; die SALU wat een groep boere toelaat om selfstandig hulle sake te behartig, terwyl in dieselfde asem 'n ander groep geweier word; dieselfde Landbou-unie wat die beginsels van spesialisasie aanvaar, maar dit gelyktydig met hand en tand beveg; die prediking van teoretiese eenheid te midde van praktiese verdeeldheid.

Deurgaans moes daar vir elke skuif van die opponerende partye, 'n teenskuif gereed wees, want die beginsel van mag in eie reg, was daarin vervat. Dit kan dus ten volle begryp word as die Georganiseerde Landbou alles in die stryd gewerp het om sy kosbaarhede en leiersfigure te beskerm. Dit is te regverdig dat hy opgetree het om SAMPI se aksies en beskuldigings ten sterkste te bevraagteken, en sy aantygings af te maak. 'n Gesindheid is deur die SALU geopenbaar wat enige regdenkende mens as vanselfsprekend sou beskou, veral gesien in die lig van sy aanspraak dat hy namens die boeregemeenskap opgetree het; gevolglik was die liggaam daartoe verplig om daardie vername middel van die stryd, naamlik, die geskrewe en gesproke woord, ook in te span. In die verband getuig die eindelose stroom briewe, uitsprake, verklarings, kongresbesluite, radioredes, besprekings en vergaderings.

Wat egter deurgaans gehinder het, was die wyse waarop die Georganiseerde Landbou bereid was om die stryd te voer. Die vraag was of hulle optredes oor sekere sake altyd regverdig en billik teenoor SAMPI was. Die vele voorbeelde is sprekend: die wyse van weiering om SAMPI te laat affilieer; die wyse waarop die 1973 tot 1975-onderhandelinge gekortwiek is; die stigting van

SAMSO en die wyse waarop die geslote ooreenkoms vernietig is en die daarstelling van 'n eie meganisasiedag.

Die Georganiseerde Landbou se bondgenote het nie veel beter in die opsig gevaar nie. Ook hier is die voorbeelde legio: die Mielieraad se feitlik totale ignorering van SAMPI; die Departement van Landbou se verbod op SAMPI se deelname aan die radioprogram "Landbouradio", die SAUK se stilswye oor SAMPI as organisasie; die Regering se verbod dat die Staatsdepartemente met SAMPI kon skakel en die instel van 'n 5c-heffing per metrieke ton gelewerde mielies, om SAMSO te finansier.

Hoewel die stryd tussen SAMPI en SAMSO allesoorheersend was, is dit belangrik om nadruklik te beklemtoon dat die rol wat SAMSO gespeel het om die ekonomiese voortbestaan van die mielieboere te verseker, geensins onderskat mag word nie. Die uiters felle kritiek teen SAMSO in dié verband naamlik dat hy ooreenkomstig die Wet in 'n bevoorregte posisie geplaas is, en dus noodwendig genoodsaak was om as die spreekbuis van die mielieboere op te tree, verdien verdere ondersoek. Die teenvraag was onmiddellik of SAMPI se ganse optrede nie in die gees van die verkryging van die posisie gestaan het nie; indien dit nie die geval was nie, is dit in dié verband moeilik om die rede vir die stryd te verstaan.

Daarby moet gesê word dat nie een van die bestuurslede van SAMSO verplig was om, na die ontbinding van die Nasionale Mieliekomitee, by SAMSO in te skakel nie. Deeglik bewus van die groot opoffering en kosbare tyd om aan die aksie deel te hê, was dit uit eie vrye wil dat hulle bereid was om hulle gewig in te gooi. By die uitoefening van die keuse kon ander redes aangevoer word, maar dit sou verkeerd wees om die diensleweringsmotief oor die hoof te sien. SAMSO kan dus met reg as 'n waardige opvolger van die Nasionale Mieliekomitee gesien word.

In teenstelling met die "vergrootglas"-benadering wat SAMPI in sy lyfblad teenoor SAMSO gevolg het, waar sy aksies deeglik beskou en gekritiseer is, het hy in die geval van die Nasionale- en Provinsiale Mieliekomitees, die beleid van "feitelike ignorering" toegepas. Daar is eerder op die Mielieraad gekonsentreer, aangesien dit die liggaam was, wat in soverre dit dié produsente aangegaan het, die "finale" seggenskap oor hulle brood-en-botter gehad het. SAMPI het besef dat dit beter sou wees om die grote as die kleintjie die stryd oor die belangrike

sake, soos die produsenteprys, aan te sê. Die sukses wat op die wyse behaal is, was dan net groter, en het 'n beter propagandawaarde gehad.

In alle billikheid is dit ook nodig om die plek en die rol van die Georganiseerde Landbou onder die loep te neem. Die kosbare werk wat die SALU en sy geaffilieerde Landbou-unies gedoen het, kan nie met 'n penneveeg uitgewis word nie. Ten spyte van sy swakhede en foute, het dit hom nie weerhou om die boerderygemeenskap in die tye van nood, byvoorbeeld, na die Tweede Vryheidsoorlog en gedurende die depressiejare, te dien nie. Sonder die liggaam sou die boere beslis nie beter daaraan toe wees nie; inteendeel, die boere sou in 'n uiters haglike posisie wees, want om hulle landbouprodukte afsonderlik te bemark, is 'n baie ongesonde toestand.

In die lig hiervan, is dit nie verkeerd om met die SALU en sy leiers simpatie te hê, in wat hulle beskou het as 'n besliste klap in die gesig, toe die mielieboere weggebreek het nie. Dit is 'n menslike reaksie, wat begryplik is. Dit het egter nie die feit weggeneem dat hulle vir die ontevrede mielieboere onaanvaarbaar was nie; gevolglik is hulle grootste nederlaag gely as gevolg van die feit dat hulle hulself en hulle aksies nie behoorlik bemark het nie. Hulle kon dus net nie daarin slaag om die mielieboere te oortuig dat hulle hul beste probeer lewer het nie. Hulle het die gevoel gehad dat hulle hul teen 'n muur vasgeloop het, en dat die ore, wat die boodskap moes hoor, doof was. Diegene wat moes hoor, het net gehoor wat hulle wou hoor en basta met dit wat goed en reg is.

Dit is terselfdertyd so dat daar vanaf die eerste oomblik na SAMPI se stigting, die begeerte bestaan het dat die mielieboere weer byeen moes kom. Die metode wat gevolg moes word, het deurgaans die haakplekke veroorsaak. Nietemin, is die mening gehuldig dat die bedryf, vanweë die verdeeldheid, ernstige skade gely het; gevolglik moes eenheid op een of ander wyse bewerkstellig word. Alle eer aan Minister Uys, maar veral Minister Schoeman, wat die bykans onmoontlike in 1980 verwesenlik het. Sodoende het SAMPI se beginsels van "spesialisasie" en "outonomie" die norm by die organisatoriese samestelling van die mieliebedryf geword.

Hierdie oorname het SAMPI terselfdertyd in die posisie geplaas om met groter doeltreffendheid sy rol en betekenis ter bevordering van die ekonomiese voortbestaan en welvaartspeil van die mielieboere, aan te help. Dit was 'n taak wat hy vanaf die eerste oomblik opgeneem het, omdat hy nie tevrede was met die wyse waarop dié aspekte van die bedryf gehanteer is nie.

Sonder vrees vir teenspraak kan verklaar word dat SAMPI hier 'n deurslaggewende rol gespeel het, deur op 'n direkte en indirekte wyse, sy invloed te laat geld: direk in die sin om alles wat verkeerd was, onmiddellik uit te wys, asook die loodsing van die ambisieuse Oesdae – 'n projek wat die mielieboere miljoene Rand bespaar het; indirek in die sin dat die owerhede wat by die mieliebedryf betrokke was, genoodsaak was om hulle huis in orde te hou. Dit het verseker dat hulle geen keuse gehad het anders as om na die beste van hulle vermoë op te tree nie, want sou hulle nie, het SAMPI as die "gewete" van die bedryf sy stem laat hoor.

Dit is uit die voorafgaande duidelik dat die geskiedenis van SAMPI 'n verhaal van stryd is. Soos dit maar in ons land gaan, was dit 'n stryd wat by tye 'n felheid bereik het wat ongekend en onvergelykbaar in landboukringe was. Die stryd is teen gevestigde belange gevoer en teen persone wat vanaf die produksie van mielies tot die bemarking daarvan hul belange probeer dien, beskerm en uitbou het. Gewoonlik is eiebelang ten koste van die produsent gestel.

Ongelukkig het die stryd niemand ontsien nie. Dit was in die eerste plek 'n stryd wat die produsent teen die Georganiseerde Landbou en teen 'n Owerheid wat onsimpatiek was, gevoer het, maar die gevolg daarvan was dat ook die mielieboere teen mekaar stelling ingeneem het, en selfs broer teen broer geveg het. Trouens, geen mielieboer het deur die onderlinge stryd onaangetas gebly nie.

In wese het die stryd om selfbeskikkingsreg en die demokrasie gegaan. Die produsente wou seggenskap verkry in 'n bedryf wat oorheers is deur die mielieburokrasie en ondersteun is deur die owerheid van die dag. Daar is namens die mielieboere besluit wat in hulle belang is, en wat reg en verkeerd is.

Hierdie toestand kon nie gedoog word nie. Die produsente het hulleself in 'n verswakkende ekonomiese klimaat bevind. Só sleg het dit by tye gegaan, dat dit nie vergesog is nie om te sê dat die mielieboere van die mees dramatiese en moeilikste tye beleef het wat ooit in die landboubedryf aangetref is.

Dit is dan juis die strewe om die produsente in 'n posisie te plaas om hulle bedryf op 'n demokratiese wyse self te beheer, wat tot die stigting van SAMPI gelei het. Die mielieboere self moes die kernfigure wees, en die gebiede wat die meeste mielies produseer moes die grootste seggenskap in 'n eie organisasie, wat outonoom kon funksioneer, verkry. Dít het die boere mieliedemokrasie genoem.

SAMPI se rol moet gesien word as die wegbereider, die opvoeder van die produsente, die liggaam wat die oortuigingswerk moes doen. SAMPI was ook die liggaam wat die leiers na vore moes bring, wat hulle moes skool en moes toerus vir die baie moeilike stryd wat voorgelê het. Daar is foute gemaak, oorhaastig opgetree, te veel ter goeder trou gehandel. Deur die foute, die koppe stamp, die slyping en die ervaring het die loutering gekom. Natuurlike talente is ontdek, kennis is opgedoen, onderhandelingsvermoë is ontwikkel. Deur stryd, opoffering, harde werk en groot persoonlike uitgawes, het die toerusting gekom wat die leiers in staat gestel het om 'n verlore stryd in 'n oorwinning te omskep. Maar meer nog: SAMPI het die leiers opgelewer wat uiteindelik deur hulle versiendheid die mielieprodusente en die mieliebedryf op 'n besondere wyse kon dien. Hulle het die bedryf uit sy knelpunte ontworstel. SAMPI was hulle leerskool.

Die stryd binne die mieliebedryf was in die eerste plek van ekonomiese aard. Dit is trouens die beste voorbeeld in die Suid-Afrikaanse geskiedenis van 'n bedryfsektor wat deur die gevestigde belange te takel, en te verslaan, tot sy eie finansiële redding probeer kom het.

Suiwer ekonomies van aard was die stryd ongelukkig ook nie. Politieke belange het 'n deurslaggewende rol gespeel, want benewens persoonlike belange wat aangetas is, was mielies 'n stapelvoedsel wat goedkoop aan die verbruikers gelewer moes word. SAMPI het die gevestigde strukture en die prysbeleid bevraagteken. Dit het die Georganiseerde Landbou, en die Owerheid wat die finale seggenskap oor die produksieprys gehad het, in gedrang gebring. Dit was dus in hulle belang om SAMPI te vernietig. Sou die organisasie moes ontbind, sou die status quo gehandhaaf kon word.

SAMPI se geloof in sy saak het veroorsaak dat hy alle aanslae kon oorleef. Dit het egter die intensiteit van die stryd laat toeneem. Uiteindelik het dit so meedoënloos geword dat van regeringskant ingegryp moes word om die onverkwiklike rusie te beëindig.

In Oktober 1980 is dáarin geslaag om die breuk in die mieliebedryf te beëindig toe die strydbyle begrawe is en NAMPO uit die stryd gebore is. Die mielieprodusente kon weer hande vat en ou geskille is uit die weg geruim.

Dit was 'n emosionele dag, 23 Oktober 1980, toe vereniging bereik is. Vir SAMPI se leiers moes dit 'n dag van vreugde en triomf gewees het. Hulle stryd om 'n outonome spesialiteitsorganisasie, wat die mielieprodusente seggenskap

in hulle eie sake sou gee, was suksesvol gevoer. Tog was daar ook hartseer, want die stryd het sy ongevalle opgelewer en blywende letsels gelaat. Vereniging van die mieliebelange het nie vereniging van harte gebring nie.

Dit sou die taak van SAMPI se opvolger, NAMPO, wees om die wonde te heel, versoening te bewerkstellig en eenheid van doel en strewe teweeg te bring.

Maar dit is weer 'n ander storie ...



*Op 17 September 1988 het die oud-SAMPI-lede re-unie gehou. Die foto is by die geleentheid geneem. In die gewone orde verskyn Willem Coetzee, Hannes du Preez, Flip Grobbelaar, Org Dannhauser, Hennie de Jager, Hettie Ferreira, Hennie Delport, Crawford von Abo, Tielman de Jager, Giep Nel, Mick Carroll en Janneman Venter.*

# BRONNELYS


## 1. Primêre Bronne

## 1.1 Ongepubliseerde argivale bronne

### 1.1.1 Instituut vir Eietydse Geskiedenis, UOVS, Bloemfontein

PV 730: HPJ de Jager-versameling
PV 731: SES Ferreira-versameling
PV 774: M Haddad-versameling
PV 735: NAMPO-versameling
PV 732: G Nel-versameling
PV 727: SAMPI-versameling
PV 591: AC van Wyk-versameling
PV 752: Vrystaatse Landbou-unie-versameling
PV 729: CJ von Abo-versameling

### 1.1.2 Persoonlike dokumenteversamelings

AS Beyers, Lichtenburg
SJO Kriel, Lichtenburg
PJ Retief, Radium

## 1.2 Regeringspublikasies

### 1.2.1 Debatte van die Volksraad

Republiek van Suid-Afrika. *Debatte van die Volksraad*. Tweede Sessie. Derde Parlement, 20.1.67-15.6.67.

Republiek van Suid-Afrika. *Debatte van die Volksraad*. Vierde Sessie. Derde Parlement, 31.1.69-2.5.69.

Republiek van Suid-Afrika. *Debatte van die Volksraad*. Vierde Sessie. Sesde Parlement, 1.2.80-13.6.80.

### 1.2.2 Wette en wetsontwerpe

Unie van Suid-Afrika. *Wette van die Unie van Suid-Afrika*, 1935. Mielie-Reëlings Wysigingswet (No. 59 van 1935).
Unie van Suid-Afrika. *Wette van die Unie van Suid-Afrika*, 1937. Bemarkingswet (No. 26 van 1937).
Unie van Suid-Afrika. *Wette van die Unie van Suid-Afrika*, 1938. Bemarkingswet (No. 26 van 1938).
Republiek van Suid-Afrika. *Wette van die Republiek van Suid-Afrika*, 1968. Bemarkingswet (No. 59 van 1968).

### 1.2.3 Ander

*Amptelike Jaarboek van die RSA*, 1980/81. Johannesburg, 1981.
Republiek van Suid-Afrika. *Parlementêre Register*, 1910-1982, Kaapstad, 1982.
Staatskoerant van die Republiek van Suid-Afrika (No. 5661 van 1977).
Verslag van die Kommissie van Ondersoek na die Bemarkingswet (No. 59 van 1968), 1976.

## 1.3 Periodieke Publikasies

### 1.3.1 Koerante

*Die Afrikaner*, 16.4.76.
*Die Beeld*, 1.5.70, 10.5.70, 14.1.73, 1.10.80, 4.10.80.
*The Citizen*, 18.1.78, 15.5.78.
*Dagbreek en Sondagnuus*, 12.6.67.
*The Friend*, 15.6.64.
*Die Noordwestelike Stem*, 11.8.78.
*Rapport*, 19.10.75, 5.3.78.
*Die Sondagstem*, 2.6.67.
*Sunday Times*, 30.4.67.
*Die Transvaler*, 21.6.69, 10.1.73, 8.10.75, 4.5.78, 9.7.78, 2.9.80, 27.9.80, 8.10.80.
*Die Vaderland*, 3.5.78, 4.1.80.
*Die Volksblad*, 15.6.64, 25.6.64, 4.3.66, 19.3.66, 25.5.66, 24.6.66, 12.6.66, 14.6.66, 29.9.67, 6.10.67, 31.10.67, 25.4.68, 5.5.69, 20.2.70, 12.2.70, 16.2.78, 7.3.80, 4.10.80.

## 1.3.2 Tydskrifte

*Boerdery/Farming*, 1.9.78.
*Die Boer*, Februarie 1976.
*Georganiseerde Landbou*, 13.4.56, 25.5.56, 15.3.57, 12.4.57, Julie 1957, Oktober 1960, Oktober 1967, November 1967.
*Die Kouter*, 8.10.80, 19.11.80.
*Die Landbouweekblad*, 8.9.64, 15.9.64, 3.5.66, 25.5.66, 7.3.67, 13.6.67, 20.6.67, 27.6.67, 4.7.67, 11.7.67, 5.9.67, 26.9.67, 20.2.68, 5.3.68, 23.4.68, 6.8.68, 25.2.69, 13.1.70, 3.3.70, 17.3.70, 17.3.70, 31.3.70, 19.2.74, 23.2.74, 26.2.74, 23.4.74, 28.2.75, 24.10.75, 2.4.76, 2.12.76.
*Die Landman*, Junie 1969 - Oktober 1980.
*Mielienuus*, September 1964, Januarie 1967, November 1967, Januarie 1968, Mei 1969, November 1969, Julie 1971, Mei 1972, Julie 1972, April 1976, Mei 1977, Mei 1978, Mei 1979, Mei 1980, Maart 1981, Julie 1981.
*Die Primêre Produsent*, 30.9.55, 6.1.56, 13.4.56.
*SAMPI-Nuus*, 1968-1979.
*SAMPI-Nuusbrief*, 1966-1968.
*SAMSO*, April 1977 - September 1980.
*Wolnuus*, Augustus 1966.

## 1.3.3 Verslae

Verslag van die Algemene Raad vir voorlegging aan die Jaarkongres, 1953-1971.
Die Suid-Afrikaanse Landbou-unie Jaarverslag, 1972-1977.

## 1.4 Onderhoude en opnames

K 864/8/1-7: Aksiekomiteevergaderings, Bothaville, Klerksdorp en Pretoria, 1976-1977.
K 864/10: S Botha, O Broeksma, P Meyer en CJ van Wyk. Onderhoud JH Theron, Ottosdal-distrik, 24.8.85.
K 864/2: HPJ de Jager-toespraak, SAMPI-vergadering, Dundee, 1976.
K 864/4: HPJ de Jager-toespraak, SAMPI-vergadering, Viljoenskroon, 1976.
K 864/7: HPJ de Jager- en SES Ferreira-toespraak, SAMPI-vergadering, Kroonstad, 16.4.77.
K 864/15: HL Delport. Onderhoud JH Theron, Odendaalsrus-distrik, 12.7.85.

| | |
|---|---|
| K 864/16: | HL Delport-toespraak, "SAMPI"-vergadering, Lichtenburg, 1966. |
| K 864/6: | HP du Preez. Onderhoud JH Theron, Coligny-distrik, 6.9.85. |
| K 864/13: | SES Ferreira. Onderhoud JH Theron, Bothaville-distrik, 4.9.85. |
| K 864/9: | M Haddad, HG Stegmann en JD van Wyk. Onderhoud JH Theron, Bloemfontein, 13.6.85. |
| K 864/12/1-2: | MD Maree. Onderhoud JH Theron, Bothaville, 22.8.85. |
| K 864/17: | N Meyer. Onderhoud JH Theron, Bothaville, 22.8.85. |
| K 864/14: | G Nel. Onderhoud JH Theron, Bothaville-distrik, 20.8.85. |
| K 864//1: | HSJ Schoeman. Onderhoud AH Marais en JH Theron, Kaapstad, 26.3.85. |
| K 864/11: | SAMPI-stigtingsvergadering, 20.4.66. |
| K 794: | AC van Heerden. Onderhoud AH Marais en JH Theron, Bethlehem-distrik, 5.12.86. |
| K 864/5: | CL von Abo. Onderhoud JH Theron, Bothaville, 16.8.85. |
| K 792: | CL von Abo en HPJ de Jager. Onderhoud AH Marais en JH Theron, Bothaville, 4.12.84. |
| K 864//3: | CL von Abo en DCA Venter-gesprek, Bothaville, 1977. |


## 1.5 Korrespondensie


| | |
|---|---|
| IG 4/38: | D Corrie (Mielieraad) aan JH Theron, 25.3.86. |
| | WJJ de Bruyn (SALU) aan JH Theron, 9.7.86, 28.8.86. |
| | CL von Abo aan JH Theron, 17.1.86, 23.6.86. |


## 2. Sekondêre Bronne


Du Pisani, J.A., *Die politieke verdeeldheid in Afrikanergeledere 1966-1970 met besondere verwysing na die beleid en leierskap van B.J. Vorster.* M.A.-verhandeling, UOVS, Bloemfontein, 1984.

Gedruk deur/Printed by DREYER-Drukkers/Printers, ⊠ 286, Bloemfontein 9300. ☎ (051) 479001